University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

'n PRAKTYKMODEL VIR PRIVAATPRAKTYKBESTUUR IN MAATSKAPLIKE WERK

deur

CORNELIA HESTHER MARGARETHA BLOEM

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'n DEEL VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR PHILOSOPHIAE IN MAATSKAPLIKE WERK

in die

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF C.S.L. DELPORT

PRETORIA OKTOBER 2004

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Opgedra aan my man Francois

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

DANKBETUIGINGS

Alle dank aan:

- God, die Vader vir die vermoë wat U aan my gegee het

- Prof Rina Delport, my promotor en mentor in hierdie studie – dankie vir u bekwame en wonderlike stimulerende studieleiding

- Beide my ouers, Pa Boet en Ma Hannie wat te alle tye vir my 'n persoonlike inspirasie die afgelope 18 studiejare was en van wie ek geleer het dat verdere studie 'n reis is. Pappa vir die laaste myle. Dit was uiterse kosbare tyd vir my. Mammie, ek kan die voorreg nie in woorde uitdruk nie.

- My skoonouers, Pa At en Ma Marietjie vir daarwees en 'n tweede warm rustige tuiste ten tye van my besoeke aan Gauteng. Dankie vir jul geloof in my vermoëns en ondersteuning regdeur al my studiejare.

- My seun, Francois, vir jou begrip, geduld, fluisterwoorde van ondersteuning en sagte drukkies

- My dogtertjie, Joa, vir jou hope blommetjies, glase water en vermoë om ten spyte van jou eie behoeftes steeds geduldig te kon bly

- My man, Francois, my steunpilaar en emosionele rusplek. Dankie vir jou onbaatsugtige opoffering om aan my hierdie geleentheid te kon bied. Ek sou werklik nie hierdie produk kon voltooi sonder jou aan my sy nie. Jy maak alles *altyd* die moeite werd.

- Die privaatpraktisyns in die fokusgroepe wat kosbare inkomstetyd afgestaan het om die benuttingswaarde van die studie te evalueer

- Lambert Jacobs, vir jou kunidge hulp met taalkwessies

"Everything has been thought of before.

The importance is to think of it again"

Goethe

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

OPSOMMING

'n PRAKTYKMODEL VIR PRIVAATPRAKTYKBESTUUR
IN MAATSKAPLIKE WERK
deur
CORNELIA HESTHER MARGARETHA BLOEM

PROMOTOR: PROF. CSL DELPORT
DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

GRAAD: DOCTOR PHILOSOPHIAE IN MAATSKAPLIKE WERK

Hierdie studie is gerig op die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk. Vanuit die literatuur is dit duidelik dat geen praktykmodel vir privaatpraktykbestuur eie aan die aard en werkwyse van Maatskaplike werk bestaan nie. Die kennisbasis waarop privaatpraktyk in Maatskaplike werk rus word dikwels vanuit ander professies en dissiplines ontleen en geplooi om probleemareas in Maatskaplikewerk privaatpraktyk aan te spreek. Die ontbreking van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur impliseer dus dat min riglyne vir Maatskaplike werkers in die veld bestaan wat gevolg kan word.

Daar is egter ook 'n verdere knelpunt. Swak besoldiging en sosio-ekonomiese verandering in die werksomgewing van die Maatskaplike werker plaas tans finansieël en emosioneel druk op hom, wat veroorsaak dat hy die beroepsveld kan verlaat.

Na aanleiding hiervan het die navorser 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk so ontwikkel, dat die inhoud, aard en omvang van privaatpraktyk deur hierdie praktykmodel, bekend en benutbaar vir praktyk gemaak is. Ten einde hierdie doel te bereik is (i) 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk as grondslag daargestel; (ii) is die profiel vir bestaande privaatpraktykte in Suid-Afrika verken; (iii) is 'n praktykmodel vir

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

privaatpraktykbestuur aan die hand van die intervensienavorsingsmodel ontwikkel en is hierdie ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde deur middel van fokusgroepe bestaande uit Maatskaplikewerk privaatpraktisyns geevalueer. As teoretiese verwysingsraam, is alle toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente as komponente van 'n praktykmodel vanuit die Maatskaplike werk en ekonomiese en bestuurswese ondersoek. Vanuit die ekonomiese en bestuurswese is 'n onderskeid getref tussen aspekte toepaslik binne entrepreneurskap en bestuurswese. 'n Praktykmodel is aan die hand van 'n omvattende literatuurstudie saamgestel wat empiries aangevul is deur die sekondêre dataontleding van 'n nasionale databank waar inligting van geregistreerde Maatskaplikewerkers in privaatpraktyk gestoor word. Die benuttingswaarde van die ontwikkelde model is aan die hand van drie afsonderlike fokusgroepe, bestaande uit Maatskaplike werkers in privaatpraktyk, geevalueer. Die kwalitatiewe data wat vanuit hierdie proses ontleed is, is sorgvuldig bygewerk tot 'n finale praktykmodel.

Gevolgtrekkings en aanbevelings wat spruit uit die navorsingsproses en evaluering van die benuttingswaarde van die model, sluit die studie af.

SLEUTELTERME:-

- Praktykmodel
- Privaatpraktykbestuur
- Maatskaplike werk
- Teoretiese verwysingraamwerk
- Sisteemteorie
- Konsepte
- Beginsels
- Prosesse
- Elemente
- Intervensienavorsingsmodel

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

SUMMARY

A PRACTICE MODEL FOR PRIVATE PRACTICE MANAGEMENT
IN SOCIAL WORK
By
CORNELIA HESTHER MARGARETHA BLOEM

PROMOTOR: PROF C.S.L. DELPORT
DEPARTMENT OF SOCIAL WORK
UNIVERSITY OF PRETORIA

DEGREE: DOCTOR PHILOSOPHIAE IN SOCIAL WORK

The study is aimed at the development of a Practice Model for Private Practice Management in Social work. It is evident from the literature that no practice model for private practice management exists, peculiar to the nature and modus operandi of Social work. A further problem is that the knowledge base of Social work is often derived and adopted from other professions and disciplines to address problem areas in Social work private practice. The problem lies far deeper.

The lack of a practice model for private practice management also implies the lack of guidelines on how to employ social workers within the field of private practice. Poor remuneration and socio-economic change in the external environment put financial and emotional pressure on the social worker, which causes him to leave the social work profession.

With reference to the above mentioned the researcher developed a practise model for private practice management in Social work to an extend that the content nature and magnitude of private practice is being familiarised and utilised in practice through this practise model.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

In order to reach this goal, a theoretical frame of reference for private practice management in Social work is created, the profile of existing private practices in South Africa is explored, a practice model for private practice management is developed through the intervention research model and the developed practice model's value is evaluated through focus groups consisting of private practitioners. Interdependent herewith all relevant concepts, principles, processes and elements as components of a practice model is investigated in both the field of social work and economic and management sciences. From the economic and management science a distinction is made between aspects applicable within entrepreneurship and management to private practice management.

Based on a comprehensive literature study the practice model is developed and supported by a secondary data analysis from the national databank of the South African Social Workers in Private Practice. The utilisation value of the developed model is evaluated through three separate focus groups consisting of social workers in private practice. The qualitative data analysed through this process is carefully incorporated into a final practice model. Conclusions and recommendations as a result of the research process conclude the study.

KEYWORDS:-

- Practice model
- Private practice management
- Social work
- Theoretical framework
- Systems theory
- Concepts
- Principles
- Processes
- Elements
- Intervention research model

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËNTERING

1.1 Inleiding 01

1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp. 04

1.3 Probleemformulering 08

1.4 Doel en doelwitte 10

1.5 Navorsingsvraag vir die studie. 11

1.6 Navorsingsbenadering. 12

1.7 Soort navorsing 14

1.8 Navorsingsontwerp 15

1.9 Navorsingsprosedure en werkwyse 17

1.10 Voorondersoek. 18

1.10.1 Literatuurstudie 18
1.10.2 Konsultasie met kundiges 19
1.10.3 Deeglike studie van eenhede van analise 21

1.10.3.1 Maatskaplike werk in Suid-Afrika 21
1.10.3.2 Privaatpraktisyns 22
1.10.3.3 Ervaring binne Maatskaplike werk 22

1.11 Omskrywing van die universum, steekproef en steekproefprosedure 23

1.11.1 Universum 24
1.11.2 Die steekproef en steekproeftrekking 24

1.12 Etiese aspekte 26

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 1 (VERVOLG)

1.12.1 Ingeligde toestemming 26
1.12.2 Etiese implikasies vir sekondêre data-ontleding in Hoofstuk vyf . . 27

1.13 Definisies van hoofkonsepte 28

1.13.1 Maatskaplike werk 28
1.13.2 Privaatpraktyk 30
1.13.3 Maatskaplike werker en Privaatpraktisyn 31
1.13.4 Privaatpraktykbestuur 31
1.13.5 Praktykmodel 32

1.14 Leemtes en probleme wat tydens die studie ervaar is . . . 32

1.15 Indeling van die navorsingsverslag 34

1.16 Samevatting 36

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 2

'N TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK VIR 'N VOORGESTELDE MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

2.1 Inleiding 38

2.2 Konseptualisering van wat verstaan word onder 'n model . . 39

2.3 Die proses van modelontwikkeling 40

2.4 Teoretiese modelle in Maatskaplike werk 43

2.4.1 Die "Generalist" model 43
2.4.2 Praktykmodel geskoei op bemagtiging 45

2.5 'n Oop model-benadering binne die konteks van modelontwikkeling . 46

2.6 Die Sisteemteorie as toeretiese verwysingsraamwerk vir hierdie studie 50

2.6.1 Komponente van belang binne die Sisteemteorie 51

2.6.1.1 Grondbeginsels 51
2.6.1.2 Oorlewing binne die supra-sisteem 53
2.6.1.3 Oop sisteme is soms ook geslote 53
2.6.1.4 Grense binne sisteme 54
2.6.1.5 Oorbruggingskomponente binne die grense van die sisteem . . 57
2.6.1.6 Die eksterne omgewing 58

2.7 **Evaluering van die toepaslikheid van die Sisteemteorie binne Maatskaplike werk 61**

2.7.1 Bydraes deur verskillende perspektiewe en beroepsvelde . . 62
2.7.2 Ontwikkeling en verandering binne die Sisteemteorie . . . 62
2.7.3 Ekwilibrium in die sisteem 63
2.7.4 Terugvoer in die sisteem 63

2.8 Samevatting 64

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 3

TOEPASLIKE KONSEPTE VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

3.1 Inleiding 67

3.2 Konseptualisering van die terme waarde- en normsisteem, etiek en bemagtiging 68

3.3 Rasionaal vir die seleksie van toepaslike konsepte. . . . 69

3.4 Waardes as fundamentele konsep vir privaatpraktyk in Maatskaplike werk. 70

3.4.1 Aannames waarop 'n waardesisteem binne Maatskaplikewerk privaatpraktyk rus 71

3.4.1.1 Soorte waardes binne Maatskaplikewerk privaatpraktyk. . . . 73
3.4.1.2 Kernwaardes van Maatskaplike werk 74

3.4.2 'n Waardebasis binne die konteks van privaatpraktyk . 76

3.4.2.1 Die "middelklas" argument teen privaatpraktyk 77
3.4.2.2. Die "fooi" argument teen privaatpraktyk 79
3.4.2.3 Die "opleiding" argument teen privaatpraktyk 81
3.4.2.4 Die "beroepsgrense" argument in privaatpraktyk. . . . 81

3.5 Etiek as fundamentele konsep vir privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk 83

3.5.1 Die verband tussen waardes en etiek binne die konteks van Maatskaplike werk 83
3.5.2 Benaderings in Maatskaplikewerketiek 84

3.5.2.1 Die morele filosofie of teleologiese benadering 84
3.5.2.2 Die pligleer of deontologiese benadering 84

3.5.3 Die kliënt-sisteem en etiek in privaatpraktyk 85
3.5.4 Etiese besluitneming in Maatskaplikewerk privaatpraktyk . . . 86
3.5.5 Etiese grense binne Maatskaplikewerk privaatpraktyk . . . 88
3.5.6 'n Etiese kode voortspruitend uit die bestaande Maatskaplikewerketiek- en waardesisteem vir privaatpraktyk. 91
3.5.7 'n Etiese kode voortspruitend uit die bestaande besigheidsetiek vir privaatpraktyk in Maatskaplike werk 95
3.5.8 Verskillende benaderings in besigheidsetiek 97

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 3 (VERVOLG)

3.5.8.1 Die gouereël-benadering 97
3.5.8.2 Die utilitêre benadering 97
3.5.8.3 Die deontologiese benadering 98
3.5.8.4 Persoonlike vryheid 98
3.5.8.5 Die Regverdigheidsteorie 98

3.5.9 Komponente van besigheidsetiek 99

3.5.9.1 Etiese relatiwiteit as komponent van besigheidsetiek . . . 99
3.5.9.2 'n Besigheidsideologie as komponent van besigheidsetiek. . . 99
3.5.9.3 Wins as komponent van besigheidsetiek 104

3.6 Bemagtiging as fundamentele konsep vir privaatpraktyk in Maatskaplike werk. 108

3.6.1 Aannames waarop bemagtiging rus 110
3.6.2 Komponente van bemagtiging 111

3.6.2.1 Kennis as komponent van bemagtiging in die Maatskaplikewerk privaatpraktyk. 111
3.6.2.2 Die vasstelling van grense as komponent van bemagtiging. . . 112
3.6.2.3 Hulpbron- en strategie-ontwikkeling as komponent van bemagtiging. . 113

3.7 Samevatting 113

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 4

TOEPASLIKE BEGINSELS VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

4.1 Inleiding 115

4.2 Generiese beginsels in Maatskaplike werk. 116

4.3 Maatskaplikewerkbeginsels van toepassing binne die Suid-Afrikaanse konteks 119

4.4 Die ideologiese oorsprong van Maatskaplikewerkbeginsels. . . 122

4.5 Lewensbeginsels binne die konteks van Maatskaplikewerk privaatpraktyk. 123

4.5.1 Die toepassing van 'n holistiese lewensbeskouing binne die raamwerk van lewensbeginsels 124

4.5.1.1 Eksterne faktore binne die holistiese lewensbeskouing . . 125
4.5.1.2 Interne faktore binne die holistiese lewensbeskouing . . 135

4.6 Besigheidsbeginsels toepaslik in Maatskaplikewerk privaatpraktyk. . 135

4.6.1 Suksesvolle besigheidsmodelle vir privaatpraktyke vanuit ander hulpverleningsprofessies 136
4.6.2 Besigheidsbeginsels met 'n sosiale verantwoordelikheidskenmerk . . 137
4.6.3 Vlakke van sosiale verantwoordelikheid toepaslik binne Maatskaplikewerk Privaatpraktyk 139
4.6.4 Motiewe vir sosiale verantwoordelikheid 141
4.6.5 Toepaslike besigheidsbeginsels vir Maatskaplikewerk privaatpraktyk . 143

4.7 Samevatting 145

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 5

TOEPASLIKE PROSESSE VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

5.1 Inleiding 148

5.2 Rasionaal vir die insluiting van *prosesse* as veranderlike in Maatskaplikewerk privaatpraktyk . . . 149

5.3 Toepaslike prosesse vir Maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur. . 149

5.3.1 Maatskaplikewerkprosesse as 'n komponent van privaatpraktykbestuur . 149

5.3.1.1 Die Maatskaplikewerk hulpverleningsproses 150
5.3.1.2 Basiese aannames waarop die hulpverleningsproses rus . . . 151
5.3.1.3 Fases in die hulpverleningsproses van Maatskaplike werk. . 152
5.3.1.4 Bestudering van die profiel van Maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika (Fase twee van die intervensienavorsingsmodel) 155

5.3.2 Entrepreneuriese prosesse as komponent van Maatskaplikewerk privaatpraktyk 180

5.3.2.1 Konseptualisering van en rasionaal vir die insluiting van entrepreneuriese prosesse binne Maatskaplikewerk privaatpraktyk 181
5.3.2.2 Basiese aannames waarop die entrepreneuriese proses berus . . 183
5.3.2.3 Die fases van die entrepreneuriese proses 191
5.3.2.4 Die vereiste entrepreneuriese vaardighede vir Maatskaplikewerk privaatprakyk 193

5.3.3 Toepaslike bestuursprosesse in Maatskaplikewerk privaatpraktyk . . 199

5.3.3.1 Konseptualisering van die bestuursproses 200
5.3.3.2 Rasionaal vir insluiting van bestuursprosesse in Maatskaplikewerk privaatpraktyk 200
5.3.3.3 Basiese aannames waarop die bestuursproses in Maatskaplikewerk privaatpraktyk rus 202
5.3.3.4 Vereiste bestuursvaardighede vir Maatskaplikewerk privaatprakykbestuur .. 207
5.3.3.5 Die funksies van bestuur in Maatskaplikewerk privaatpraktyk . . 221

5.4 Samevatting 237

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 6

TOEPASLIKE ELEMENTE VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

6.1 Inleiding 240

6.2 Interne elemente 242

6.2.1 Karaktertrekke van die enptrepreneuriese persoonlikheid as interne element 246

6.2.1.1 Die Persoonlike Presteerder 247
6.2.1.2 Die Superbemarker/verkoopspersoon 248
6.2.1.3 Die Bestuurder-entrepreneur 251
6.2.1.4 Die Ideegenereerder-entrepreneur 253

6.2.2 Karaktertrekke van die maatskaplikewerkpersoonlikheid as interne element 255

6.2.2.1 Emosionele intelligensie as karaktertrek vir die Maatskaplike werker in privaatpraktyk 256

6.2.3 Karaktertrekke van die bestuurspersoonlikheid as interne element 264

6.2.3.1 "*Myers-Briggs Type Indicator*" vir die bepaling van bestuurspersoonlikheid 266

6.3 Eksterne elemente van belang vir die Maatskaplike werker in privaatpraktyk 268

6.3.1 Die veld *("the field")* as eksterne element 269

6.3.1.1 Omgewingsverandering as eksterne element 270

6.4 Samevatting 276

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 7

NAVORSINGSMETODOLOGIE

7.1 Inleiding 279

7.2 Intervensienavorsing 280

7.2.1 Die intervensienavorsingsmodel 281

7.2.1.1 Fase een: Probleemanalise en Projekbeplanning. 285
7.2.1.2 Fase twee: Inligting-insameling en sintese 291
7.2.1.3 Fase drie: Ontwerp 301
7.2.1.4 Fase vier: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek . . . 306
7.2.1.5 Fase vyf: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling 311
7.2.1.6 Fase ses: Verspreiding of disseminasie 314

7.3 Die toepaslikheid van intervensienavorsing 315

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 8

DIE BEPALING VAN DIE BENUTTINGSWAARDE VAN 'N MODEL VIR MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR.

8.1 Inleiding 317

8.2 Die plek van empiriese bevindinge binne die konteks van die studie 318

8.3 Insameling, ontleding en interpretering van kwalitatiewe data vir die studie. 320

8.3.1 Strategie vir data-insameling vir fokusgroepbyeenkomste. . . 320

8.3.2 Strategie vir ontleding van fokusgroepbyeenkomste . . . 323

8.4 Profiel van respondente 325

8.5 Empiriese resultate 328

8.5.1 Empiriese resultate: Fase vier - Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek . 330

8.5.1.1 Kategorie een: Die benuttingswaarde van die konsepte waardes, etiek en bemagtiging, soos opgeneem in die praktykmodel . . . 331

8.5.1.2 Kategorie twee: Die benuttingswaarde van besigheidsbeginsels, Maatskaplikewerkbeginsels en lewensbeginsels as relevante praktykbeginsels soos opgeneem in die praktykmodel 332

8.5.1.3 Kategorie drie: Die benuttingswaarde van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerkprosesse as relevante praktykprosesse soos opgeneem in die praktykmodel 334

8.5.1.4 Kategorie vier: Die benuttingswaarde van interne en eksterne elemente soos omgewingsverandering en emosionele intelligensie wat as relevante elemente opgeneem is in die praktykmodel 336

8.5.2 Empiriese resultate: Fase vyf - Evaluering en gevorderde ontwikkeling van 'n praktykmodel 339

8.6 Samevatting 341

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

9.1 Inleiding 342

9.2 Hoofstuk een Algemene inleiding tot die studie . . . 343

9.2.1 Samevatting 343
9.2.2 Algemene gevolgtrekking 344
9.2.3 Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bepaalde aspekte in Hoofstuk een 345

9.2.3.1 Wyse waarop die probleem aangespreek is 345
9.2.3.2 Die bereiking van die doel en doelwitte van die studie . . . 348
9.2.3.3 Navorsingsvraag 351
9.2.3.4 Fokusgroepe as data-insamelingsmetode 353

9.3 Hoofstuk twee: 'n Teoretiese verwysingsraamwerk vir die voorgestelde model in Maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur . . . 361

9.3.1 Samevatting 361
9.3.2 Gevolgtrekkings 361
9.3.3 Aanbevelings 362

9.4 Hoofstuk drie: Toepaslike konsepte vir 'n model in Maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur 362

9.4.1 Samevatting 362
9.4.2 Gevolgtrekkings 363
9.4.3 Aanbevelings 363

9.5 Hoofstuk vier: Toepaslike beginsels vir 'n model in Maatskaplikewerk Privaatpraktykbestuur 364

9.5.1 Samevatting 364
9.5.2 Gevolgtrekkings 364
9.5.3 Aanbevelings 365

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 9 (VERVOLG)

9.6 Hoofstuk vyf: Toepaslike prosesse vir 'n model in Maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur 366

9.6.1 Samevatting 366
9.6.2 Sekondêre data-ontleding as ondersteunend tot die literatuurstudie. . 368

9.6.2.1 Evaluering van die proses van sekondêre data-ontleding . . . 368

9.6.3 Gevolgtrekkings 371
9.6.4 Aanbevelings 372

9.7 Hoofstuk ses: Toepaslike elemente vir 'n model in Maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur 373

9.7.1 Samevatting 373
9.7.2 Gevolgtrekkings 373
9.7.3 Aanbevelings 375

9.8 Hoofstuk sewe: Die benutting van navorsingsmetodologie in die ontwikkeling van 'n model vir Maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur . . 375

9.8.1 Samevatting 375
9.8.2 Gevolgtrekkings 375
9.8.3 Aanbevelings 376

9.9 Hoofstuk agt: Die empiriese bevindinge van die studie . . 376

9.9.1 Samevatting 376
9.9.2 Gevolgtrekking 376
9.9.3 Aanbeveling 377
9.9.4 Aanbevelings vir verdere navorsing 377

9.10 Ten slotte 377

Bibliografie 379

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

LYS VAN BYLAES

Bylae 1.2	Ingeligte toestemming vir deelname aan navorsing .	403
Bylae 8.1	Fokusgroepledelys	406
Bylae 8.2	Hulpmiddellys vir fokusgroepe	407
Bylae 8.3a	Data-ontledingstabel volgens kategorieë . . .	408
Bylae 8.3b	Observasies en kategorieë vir gedrag van fokusgroeplede	409
Bylae 8.4	Vrae tydens fokusgroepsessies	412
Bylae 8.5	Voorbereidingstuk aan fokusgroeplede . . .	414

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1	Kenmerkende navorsingsontwerpe binne elke fase van die intervensienavorsingsmodel . .	16
Figuur 2.1	Die subsisteme vir die handhawing van homeostase in die groter sisteem	55
Figuur 2.2	Die interafhanklike invloed tussen sisteme .	59
Figuur 2.3	Die ontwikkelingsproses vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op die teoretiese verwysingsraamwerk	66
Figuur 3.1	Kernwaardes van Maatskaplike werk . .	76
Figuur 3.2	'n Aangepaste raamwerk vir etiese besluitneming uit Mattison	87
Figuur 3.3	Die versoening van 'n diensmotief met 'n winsmotief binne Maatskaplikewerk privaatpraktyk . .	107
Figuur 3.4	Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op toepaslike konsepte . .	114
Figuur 4.1	Die vier basiese menslike verhoudinge en kulturele ingesteldheid van elk	131
Figuur 4.2	Interpretasie van die werklikheid volgens 'n bepaalde gekose fokus	132
Figuur 4.3	Kultuurlae verteenwoordigend van die individu	134
Figuur 4.4	Vlakke van sosiale verantwoordelikheid . .	140
Figuur 4.5	Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkelingsproses vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op stap twee: toepaslike beginsels	147

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Figuur 5.1	Geografiese verspreiding van SAASWIPP geregistreerde lede in Suid-Afrika vir 2003	157
Figuur 5.2	SAASWIPP geregistreerde lede in verhouding met die totale aantal geregistreerde Maatskaplike werkers in Suid-Afrika vir 2003	159
Figuur 5.3	Verspreiding van die drie primêre metodes in Maatskaplike werk in elk van die nege provinsies soos deur privaatpraktisyns beoefen	163
Figuur 5.4	Verspreiding van privaatpraktyke in Maatskaplike werk wat spesialiseer in aanneming as spesialiteitsrigting . .	166
Figuur 5.5	Grafiese voorstelling van die persentasie wat opleiding as spesialiseringsterrein uitmaak in Maatskaplikewerk privaatpraktyke	170
Figuur 5.6	Verspreiding van Maatskaplikewerk privaatpraktyke wat in statutêre en forensiese werk in die nege provinsies spesialiseer	172
Figuur 5.7	Maatskaplikewerk privaatpraktyke wat statutêre en forensiese werk volgens provinsies, spesialiseer . . .	174
Figuur 5.8	Grafiese verspreiding van supervisie as spesialiteitsrigting binne Maatskaplikewerk privaatpraktyk op nasionale vlak .	176
Figuur 5.9	Die benutting van supervisie as spesialiteitsrigting binne Maatskaplikewerk privaatpraktyke . . .	178
Figuur 5.10	Verspreiding van tipe spesialiteitsrigtings binne Maatskaplike werk privaatpraktyke in Suid-Afrika . . .	179
Figuur 5.11	'n Netwerkproses vir 'n privaatpraktyk . . .	198
Figuur 5.12	Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met die fokus op stap twee: toepaslike prosesse . . .	239
Figuur 6.1	Elemente in privaatpraktykbestuur . . .	241
Figuur 6.2	Inter-afhanklikheid van die karaktertrekke van 'n persoon en die wêreld waarbinne hy hom bevind	243
Figuur 6.3	Die "Four Cornerstone" model deur Cooper & Sawaf .	259

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Figuur 6.4	'n Besluitnemingsriglyn vir die hantering van onseker situasies in privaatpraktyk	273
Figuur 6.5	Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkelingsproses van 'n model vir privaatpraktyk met klem op stap twee: toepaslike elemente	278
Figuur 7.1	Die ontwikkelingsproses van 'n praktykmodel vir Maatskaplikewerk privaatpraktyk met die navorsingsmetodologie ingesluit	316
Figuur 8.1	Die integrering van konvensionele empiriese resultate van die studie binne die Intervensienavorsingsmodel	319
Figuur 8.2	Die proses van data-insameling deur middel van fokusgroepe	321
Figuur 8.3	Grondplan vir 'n fokusgroepsessie met voorletters vir stem-identifikasie	324
Figuur 8.4	'n Grafiese vergelyking van die spesialiseringsterreine van respondente en Maatskaplike werkers in privaatpraktyk, werksaam in die Wes-Kaap . .	328
Figuur 9.1	Kontekstuele uiteensetting van die wyse waarop die navorsingsprobleem aangespreek is . . .	346

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1	Vergelyking tussen oop en geslote modelle .	48
Tabel 2.2	Evaluering van die toepaslikheid van die Sisteemteorie aan die hand van bepaalde kriteria	49
Tabel 3.1	Etiese beginsels wat voortvloei uit kernwaardes .	90
Tabel 3.2	Tradisionele kapitalistiese etiek teenoor 'n ontwikkelende kontemporêre etiek in besigheid .	102
Tabel 4.1	Vergelyking tussen die mees toepaslike beginsels vir 'n privaatpraktyk in Maatskaplike werk	144
Tabel 5.1	Geografiese verspreiding van geregistreerde SAASWIPP lede in Suid-Afrika vir 2003 . .	156
Tabel 5.2	Die beoefening van gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk in Maatskaplikewerk privaat-praktyke in Suid-Afrika	162
Tabel 5.3	Fooistrukture vir die primêre metodes wat in Maatskaplikewerk privaatpraktyk beoefen word .	165
Tabel 5.4	Verspreiding van privaatpraktykte in Maatskaplike werk wat in aanneming as spesialiteitsrigting spesialiseer	166
Tabel 5.5	Maatskaplike werkers in privaatpraktyk asook aantal praktyke wat in aanneming per provinsie spesialiseer	167
Tabel 5.6	Maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat in opleiding spesialiseer	168
Tabel 5.7	Persentasie wat opleiding as spesialiseringsterrein uitmaak in Maatskaplikewerk privaatpraktyk .	169
Tabel 5.8	Verspreiding van Maatskaplikewerk privaatpraktyke wat volgens provinsies in statutêre en forensiese werk spesialiseer	171

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 5.9	Maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat in statutêre en forensiese werk spesialiseer . . .	173
Tabel 5.10	Supervisie as spesialiteitsrigting binne Maatskaplikewerk privaatpraktyk op nasionale vlak . . .	175
Tabel 5.11	Die benutting van supervisie as spesialiteitsrigting binne privaatpraktyke	177
Tabel 5.12	Die verband tussen werkomgewing en interne lokus van beheer	184
Tabel 6.1	Karaktereienskappe van belang vir die Maatskaplike werker in privaatpraktyk . .	245
Tabel 6.2	Karaktertrekke van die persoonlike presteerder .	247
Tabel 6.3	Karaktertrekke van die superbemarker . .	248
Tabel 6.4	Karaktertrekke van die bestuurder-entrepreneur .	251
Tabel 6.5	Karaktertrekke van die idee-genereerder . .	253
Tabel 6.6	Karaktertrekke van 'n tipiese persoonlikheid A & B	268
Tabel 7.1	Fases in die Ontwerp en Ontwikkelingsvlak van die intervensienavorsingsmodel soos in hierdie studie toegepas	284
Tabel 7.2	Fase een: Probleemanalise en projekbeplanning	286
Tabel 7.3	Fase twee: Inligtinginsameling en -sintese .	291
Tabel 7.4	Die evaluering van primêre data vir sekondêre ontledingsdoeleindes	295
Tabel 7.5	Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van bestuursmodelle	299
Tabel 7.6	Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van Maatskaplikewerk-modelle . . .	299
Tabel 7.7	Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van entrepreneuriese modelle . . .	300
Tabel 7.8	Fase drie: Ontwerp	301

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 7.9	Fase vier: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek.	307
Tabel 7.10	Fase vyf: Evaluering en gevorderde ontwikkeling.	311
Tabel 8.1	Profielkenmerke van respondente wat deelgeneem het aan drie fokusgroepsessies . . .	326
Tabel 8.2	Spesialiseringsrigtings van respondente wat deelgeneem het aan drie fokusgroepsessies .	326
Tabel 8.3	'n Vergelyking van die spesialiseringsterreine van respondente geselekteer vir die fokusgroepe met Maatskaplike werkers in privaatpraktyk in die Wes-Kaap	327
Tabel 9.1	Evaluering van die doelwitbereiking in die studie .	349
Tabel 9.2	Die beantwoording van die navorsingsvrae vir die studie	352
Tabel 9.3	Die evaluering van die verloop van fokusgroepbeplanning in die studie	356
Tabel 9.4	Riglyne vir die toepassing van sekondêre data-ontleding op 'n oorspronklike datastel . . .	369

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Hoofstuk 1

INLEIDENDE ORIËNTERING

1.1 Inleiding

Die bestudering van privaatpraktyk in maatskaplike werk kan nie op 'n beter tydstip as juis nou vir die maatskaplikewerkberoep, geskied nie. Vir die eerste maal in die bestaan van sowel die Beroepsraad vir Maatskaplike werk as die oorkoepelende statutêre liggaam en die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, sal daar tydens die 2003 algemene verkiesing 'n kandidaat tot die Beroepsraad vir Maatskaplike werk verkies word, wat maatskaplike werkers in privaatpraktyk sal verteenwoordig.

Maatskaplike werkers word volgens wet verplig om onder die Wet op Maatskaplike Diensberoepe (RSA: Wet 110 van 1978) te registreer. Hulle betaal jaarliks 'n registrasiefooi aan hierdie Beroepsraad, onder meer om hul besonderhede op 'n nasionale register by te hou.

Volgens die vereistes van die wet op Maatskaplike Diensberoepe (RSA: Wet 110 van 1978) mag enige geregistreerde maatskaplike werker as privaatpraktisyn praktiseer. Geen bykomende registrasie word dus benodig nie en maatskaplike werkers in privaatpraktyk word primêr verantwoordelik gehou vir professionele en etiese optrede wat vanuit hierdie wet ook op hulle van toepassing is.

Maatskaplike werkers in privaatpraktyk het egter 'n liggaam in die lewe geroep ten einde hulle belange en identiteit te vestig. Hierdie belangegroep funksioneer as 'n lede-organisasie op nasionale vlak en staan bekend as die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Maatskaplike werkers in Privaatpraktyk, ook bekend in Engels as SAASWIPP (South African Association for Social workers in Private Practice). Die organisasie funksioneer onder die Engelse benaming en sal voortaan in

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

die studie gebruik word. Die belange-organisasie het geen statutêre funksie nie en lidmaatskap tot die organisasie is vrywillig. Daar bestaan tans 'n protokoldokument tussen die Beroepsraad vir Maatskaplike werk en SAASWIPP wat 'n beter samewerking tussen die onderskeie organisasies en 'n beter werkverhouding onderling bewerkstellig. Die aard en funksie van die onderskeie liggame word soos volg vanuit hierdie dokument vervat: "*SACSSP is the statutory professional body, responsible for protecting the interest of the consumer, regulating the social service professions, the registration and conduct of practice by a social worker, as well as the practice of a social worker conducting a private practice; whilst SAASWIPP is the professional association co-ordinating the activities of social workers in private practice*" (Protocol document: SACSSP and SAASWIPP: 2003).

Privaatpraktyk binne maatskaplike werk verwys dus na maatskaplikewerkhulpverlening waar die maatskaplike werker nie verbonde is aan 'n formele welsynsorganisasie nie en as individu as maatskaplike werker in die veld funksioneer. Sy funksionering beteken dat hy primêr verantwoordelikheid neem vir hulpverlening aan die kliëntsisteem teen vergoeding. Hierdie maatskaplike werker vestig sy eie voorwaardes vir toetrede tot die werker-kliënt-verhouding en neem volle verantwoordelikheid vir die aard en kwaliteit van dienslewering binne die reg, professionele standaarde en die Wet op Maatskaplike Diensberoepe (RSA: Wet 110 van 1978) waaronder hy wetlik verbind is.

Die bestuur van hierdie praktyk berus dus op die vaardigheid en vermoëns van die privaatpraktisyn en nie soos in tradisionele welsynsorganisasies op 'n organisatoriese struktuur nie, met staatsbeleid in plek, wat die hulpverleningsproses aan die kliëntsisteem bestuur en monitor.

Die uitdaging lê dus daarin dat die maatskaplike werker toegerus moet wees om 'n privaatpraktyk suksesvol te bedryf, ten einde sy primêre vaardighede as maatskaplike werker tot voordeel van sy gemeenskap te kan aanwend.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Internasionale organisasies soos die Nasionale Raad vir Praktiserende Kliniese maatskaplike werkers in die V.S.A. het sedert die vroeë tagtigerjare die belangrikheid van ondersteuning aan maatskaplike werkers in privaatpraktyk onderhandel. Hulle het veral klem gelê op riglyne vir privaatpraktykbestuur (National Association for Social workers - "NASW" :1996). Hierdie riglyne word beskou as 'n hulpbron ten einde maatskaplike werkers toe te rus om met groter sukses 'n privaatpraktyk te bedryf. Die status van privaatpraktyk in die V.S.A. word erken in etiese riglyne en word soos volg deur die NASW (1996) omskryf: "*Private practice ... creates a range of challenges … success can be measured by (the social worker's) ability to blend the knowledge, skills and values of the social work profession with sound business practices while earning a reasonable income*". Die navorser is van mening dat die verteenwoordiging van 'n privaatpraktisyn op die Beroepsraad vir Maatskaplike werk die status van privaatpraktyk in Suid-Afrika sal verhoog.

In Suid-Afrika bestaan daar min navorsing oor die sukses en toepaslikheid van privaatpraktyk-bestuur binne maatskaplike werk. Studies deur Botha (1984) wat in die vroeë tagtigerjare onderneem is, het 'n beeld gegee van waar privaatpraktyk tuishoort binne die konteks van maatskaplike werk en die potensiaal van privaatpraktyk binne die welsynsbestel. In 'n verdere studie deur Janse van Rensburg (1996) is 'n handleiding vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk ontwikkel sonder om werklik in diepte na 'n toepaslike model ook vanuit ander professies te gaan kyk.

Privaatpraktyk in maatskaplike werk bied 'n alternatiewe oplossing vir die beoefening van Maatskaplike werk. maatskaplike werkers wat weens verskeie redes - wat bespreek sal word - nie binne die tradisionele strukture die beroep kan beoefen nie, kan 'n tuiste binne privaatpraktyk vind.

Die toetrede van maatskaplike werkers tot privaatpraktyk het die afgelope dekade toegeneem en onder die kollig gekom, soos afgelei kan word uit die Beroepsraad vir Maatskaplike werk se toenemende betrokkenheid by privaatpraktyk. Tans bestaan daar geen betroubare statistieke om te bepaal hoeveel maatskaplike werkers wel binne privaatpraktyk funksioneer nie, maar vanuit die databank van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir maatskaplike werkers in Privaatpraktyk (SAASWIPP) blyk dit dat tot 10 % van geregistreerde maatskaplike werkers in privaatpraktyke

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

werk (SAASWIPP, CDROM 2003). Dit wil dus blyk dat privaatpraktyk as werkskepper 'n dinamiese alternatief in die maatskaplikewerkbedryf geword het.
Die feit dat hierdie veld nuut is en steeds groei, vestig die behoefte aan 'n werkbare praktykmodel ten einde 'n teoretiese uiteensetting te bied van alle komponente van belang in 'n privaatpraktyk.

Die metodiek om 'n voorgestelde praktykmodel te vestig, vra wetenskaplik gefundeerde navorsing. Hierdie praktykmodel sal dus toepaslik binne maatskaplike werk moet wees, die behoeftes van die tyd aanspreek, relevant met betrekking tot welsynsbeleid wees, riglyne binne sosiale navorsing noukeurig volg en ruimte vir die maatskaplike werker laat om sy uniekheid as individu binne sy privaatpraktyk uit te leef.

1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Delport (2002:49) bepleit 'n paradigmaverskuiwing waar van praktiese probleemoplossende navorsing na sosiaalwetenskaplik gefundeerde navorsing beweeg moet word, ten einde 'n bydrae te lewer in die uitbouing van die teoretiese kennisbasis binne maatskaplike werk.

Die ontwikkeling van privaatpraktyk as nuwe, dinamiese fokuspunt binne maatskaplike werk, het tot die strewe na nuwe kennis en die daarstelling van 'n wetenskaplik gefundeerde kennisbasis vir privaatpraktyk, aanleiding gegee. Volgens Delport (2002:49) geskied hierdie proses deur die sistematiese kodifisering en validering van veralgemenings vanuit die praktyk. Die proses lei tot wetenskaplike stellings wat binne die teorie opgeneem kan word. Die toets vir 'n ware professie lê dus daarin dat stellings eie aan die professie teenoor die praktyk getoets moet word alvorens dit binne die teoretiese kennisbasis opgeneem kan word. Hier noem Neuman in De Vos (2002:36) dat teorie vanuit 'n stadige en langsame proses ontwikkel - konsep vir konsep, stelling vir stelling en binne 'n spesifieke area. Slegs deur hierdie proses te verfyn, word verhoudings tussen konsepte en konstrukte herkenbaar en kan navorsers patrone met mekaar begin vergelyk.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Alhoewel privaatpraktyk 'n bekende konsep binne die hulpverleningsprofessies is, benodig dit steeds hierdie verfyningsproses ten einde die benutbare konsepte te herken en as 'n model vir die beroep te ontsluit. Hierdie studie wil dus poog om 'n sistematiese verfyningsproses te deurloop en 'n praktykmodel vir privaatpraktyk in maatskaplike werk te ontwikkel.

Die volgende probleemareas en kwelvrae rakende privaatpraktykbestuur het die navorser verder gemotiveer tot die keuse van hierdie studie:

- Die navorser het as deel van haar voorondersoek vir die studie verskeie bronne genader, waaronder ook reeds afgehandelde navorsing wat handel oor maatskaplike werkers in privaatpraktyk (Botha, 1984). Binne hierdie navorsing is bepaalde aanbevelings gemaak vir verdere navorsing, waaronder 'n werkbare model vir privaatpraktykbestuur, die ontwikkeling van 'n persoonlikheidsprofiel vir privaatpraktisyns as vertrekpunt vir 'n model en 'n hulpmiddel waardeur die voornemende praktisyn kan bepaal of hy oor die toerusting beskik om 'n privaatpraktyk suksesvol op te bou en werkstevredenheid te beleef (Botha, 1984:543). Die navorser sou graag hierop wou voortbou ten einde sinvolle kontinuïteit in maatskaplikewerk-navorsing te bewerkstellig. Die persoonlike ontwikkeling en groei van 'n maatskaplike werker vanaf 'n werknemer binne die tradisionele welsynskonteks tot 'n maatskaplike werker met die behoefte tot eie werkskepping sluit ook hierby aan.

- Een van die sentrale punte van belang binne die veld van privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk, is die afwesigheid van studie oor die versoenbaarheid tussen die ekonomiese bestuursbeginsels en die generiese maatskaplikewerkbeginsels. Dit kan alternatiewelik gestel word as " 'n onversoenbaarheid van 'n diensmotief met 'n winsmotief". Dit verwys dus na die inherente ingesteldheid by diensprofessies om suiwer "van diens te kan wees" teenoor 'n winsingesteldheid (ook vroeër bekend as 'n kapitalistiese ingesteldheid) waar vrye handelsbeginsels geld. 'n Middeweg tussen hierdie twee sienswyses, ten einde 'n professionele winsgewende diens aan die gemeenskap te kan lewer, behoort die missie binne 'n privaatpraktyk in maatskaplike werk te wees. Dit vra egter eers 'n fyn bestudering en evaluering van die komponente ten einde by so 'n missiestelling te kan uitkom.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- Die bestudering van die maatskaplikewerketiek sou ook binne die grense van hierdie studie tuishoort. Die gebrek aan formele riglyne waarbinne etiese besigheidsbeginsels binne die maatskaplike werk van toepassing gemaak kan word, is nodig. Die riglyne wat wel deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Privaatpraktisyns (SAASWIPP) neergelê word, dien slegs as riglyn en is nie werklik kragtig genoeg om 'n kode vir optrede binne privaatpraktyk neer te lê of af te dwing nie. Riglyne wat deur die Suid-Afrikaanse Raad op Maatskaplike Diensberoepe neergelê word, is gerig op die maatskaplike werker se professionele optrede, maar gee nie werklik leiding met betrekking tot besigheidsbeginsels nie (SACSSP: 2003). Hulp ten einde te voorkom dat kliënte uitgebuit word, die aard en duur van dienste en kostes word binne riglyne voorgestel, maar steeds aan die privaatpraktisyn se eie diskresie oorgelaat.

- Waardes in maatskaplike werk word ook moeilik binne privaatpraktyk gemeet. Binne die owerheidsektor lê die maatskaplike werker homself neer by vasgestelde beleid. Binne privaatpraktyk moet die maatskaplike werker self diensdoelwitte en die standaard vir gedrag bepaal. Botha (1984:49) noem dat die maatskaplike werker sy eie waardestelsel moet ken en die rol daarvan in hulpverlening verstaan. Hierdie aspek kan dus as 'n vooropgestelde probleem beskou word aangesien waardes direk aanleiding gee tot die uitlewing van beginsels. maatskaplikewerkbeginsels dien as gedragsriglyn vir maatskaplike werkers. Vrae wat gevra kan word, is dus: Hoe bepaal die maatskaplike werker beleid binne 'n privaatpraktyk? Watter riglyne word binne privaatpraktyk met betrekking tot etiek of protokol gevolg? Binne die vryemarkekonomie word die beginsels van "tyd is geld", finansiële sukses, produktiwiteit en "die kliënt is altyd reg" gevolg. Hoe word hierdie komponente met die beginsels van maatskaplike werk versoen? Hierdie aspek word deur Howe in Parton (1996:93) soos volg opgesom: "… *The market, based on the rational and selfinterested actions of individual men and women, is believed to produce the most efficient, effective and least restrictive social economic and political systems … free market principles swept into both the health and the personal social services*". Verhoudings tussen kliënt en maatskaplike werker verander dus vanaf interpersoonlik na ekonomies, van terapeuties na transaksie en van ondersteuning tot kontraktueel en diensgeoriënteerd. Dieselfde outeur praat van die terapeutiese verhouding wat verander: "… *it (the relationship) becomes a vehicle for*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

marketplace dealings" (Howe in Parton, 1996:93). Die laaste kwelvraag is dus hoe hierdie komponente binne die tradisionele werkterrein van maatskaplike werk geakkommodeer kan word.

- 'n Volgende belangrike aspek wat as motivering tot hierdie studie gedien het, is die hantering van die maatskaplikewerkverhouding. Die verhouding tussen werker en kliënt word as sentraal binne die maatskaplike werk beskou. Soos in die boonste paragraaf genoem verander hierdie verhouding dus inherent. Howe in Parton (1996:93) noem dat die verhouding tussen werker en kliënt die grondslag bied vir suksesvolle intervensie. Binne die aanpassing na 'n winsmotief mag dit blyk dat hierdie verhouding gestroop kan word van sy emosionele en interpersoonlike dimensies. Die kliënt word dus 'n verbruiker. Dieselfde outeur (1996:98) noem in hierdie verband: "*The well-being of individuals is more and more reliant on money and markets and not close social relationships. Social ties of support and mutuality are replaced by individualised dealings based on economic transactions*", aldus Howe in Parton (1996:98).

- 'n Verdere aspek ter motivering van die studie, is die verskillende benaderings ten opsigte van sakebestuur en besigheidsbeginsels binne 'n privaatpraktyk. Volgens Botha (1984:171) is die winsmotief kapitalisties van aard en is dit op vrye handelsbeginsels geskoei. Gevolglik ontwikkel kompetisie, individuele inisiatief en 'n houding van "die voortbestaan van die sterkstes". Die aanname word gemaak dat die patrone konflik mag veroorsaak ten opsigte van die waardes wat maatskaplike werk voorhou. Die reg dat mense in nood gratis toegang tot hulpverleningsdienste het, word onder meer ondersteun deur die Staat se beleid jeens maatskaplike ontwikkeling. Daar word onder meer in die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (RSA: Witskrif vir Maatskaplike welsyn - Staatskoerant, 1997:184) soos volg op hierdie saak kommentaar gelewer: "… *facilitate the provision of appropriate developmental social welfare services to all South Africans, specially those living in poverty, those who are vulnerable and those who have special needs*". Hierdie houding is in stryd met dit wat inherent binne privaatpraktyk gebeur. Aan die ander kant word regverdiging vir die beoefening van besigheidsbeginsels in privaatpraktyk hulpverlening aangevoer op grond daarvan dat:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- kliënte oënskynlik beter vaar in hulpverlening as hulle daarvoor betaal. Dit wil sê dat, indien die kliënt 'n finansiële sowel as emosionele belegging in terapie maak, hulle 'n groter aansporing en motivering het om saam te werk;
- privaatpraktyk 'n verbruikersdiens is waar die "mark" verken kan word en die verbruikers 'n keuse kan uitoefen. Hier noem Barker (1992:39) dat die aard van dienste wat aangebied word, die kwalifikasies en vaardighede van die praktisyn en die koste van die dienste vooraf deur die kliënt oorweeg kan word om tot 'n beslissing oor die benutting daarvan te kom. Die kliënt kan dus sy reg as verbruiker handhaaf, wat selde by welsynsorganisasies die geval is.

1.3 Probleemformulering

Die maatskaplike werker betree die welsynsbestel sonder kennis oor privaatpraktykbestuur. Opleiding is tradisioneel nie daarop ingestel om maatskaplike werkers toe te rus ten einde privaatpraktyk te betree nie.

- Die probleem wat aangespreek word binne hierdie studie is dus dat daar geen praktykmodel vir privaatpraktykbestuur eie aan die aard en werkwyse van maatskaplike werk bestaan nie.

- 'n Verdere probleem is dat daar verskeie aspekte binne die welsynsbeleid is wat aanleiding tot hierdie probleem gegee het. Hierdie aspekte is die feit dat die situasie vertroebel word deur 'n unieke sosiale, kulturele en historiese konteks binne Suid-Afrika, wat verstaan en ook binne konteks aangespreek moet word. Die geneigdheid om na ander Westerse lande vir hulpverleningstrategieë en ervaring te kyk, veroorsaak 'n vakuum vir eiesoortige hulpverleningstrategie vir hierdie unieke Suid-Afrikaanse situasie.

- Die kennisbasis van maatskaplike werk word dikwels aan ander professies en dissiplines ontleen en geplooi om aan te pas by die toepassing daarvan binne die maatskaplike werk professie. Die beeld van "shopping around" word deur verskeie skrywers (Payne, 1997; De Vos, 2002 en Barker, 1992) gebruik, wanneer verwys word na die eiesoortige metodiek van maatskaplike werk. So word bestuurswese, wat toepaslik binne die ekonomie sou wees,

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

gebruik binne maatskaplike werk, so ook finansiële en personeelbestuur en selfs beginsels vanuit die privaatpraktykbestuur van die mediese professies, psigiatrie en sielkunde word ontleen. Die beginsels mag op die oog af toepaslik wees, maar die inhoud daarvan laat nie ruimte vir maatskaplike werk se waarde en normsisteem, etiek en selfs die missie en doel eie aan die veld van die beroep nie.

- Indien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat hierdie komplekse omgewing komplekse metodes vir hulpverlening vra, redeneer Payne (1997:13) dat maatskaplike werk net verstaan en gefundeer kan word binne die sosiale en kulturele konteks van die deelnemers. Die teorie wat gebruik word, moet die produk van die konteks waarbinne dit manifesteer, reflekteer. So sal hierdie teorie ook die konteks beïnvloed, aangesien die konteks – wat die maatskaplike werker insluit – 'n wesenlike uitwerking het op dit wat die maatskaplike werker sê en doen binne sy werk. Hierdie proses het 'n spiraaleffek op die omgewing – dit beïnvloed die konteks wat die ingesteldheid, idees en waardes binne funksionering beïnvloed. 'n Model vir privaatpraktyk sal dus binne die konteks van maatskaplike werk ontwikkel moet word.

- In Suid-Afrika bevind maatskaplike werkers in praktyk hulle in 'n veranderende werks-omgewing. Welsynsbeleid, die inperking van begrotings en kwynende subsidies binne die owerheidsektor kortwiek werkgeleenthede in so 'n mate dat bestaande posomskrywings vir maatskaplike werkers afgeskaal word. Hierdie situasie mag selfs vererger word sodra die voorgestelde minimum vergoedingstrukture vir maatskaplike werkers, soos deur die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe aangekondig, in werking gestel word (S.A Council for Social Services Professions September Newsletter: 2002). Die alternatief kan dus teoreties heel eenvoudig wees. maatskaplike werkers moet binne die beroep - dit waarvoor hulle opleiding ontvang het en primêr 'n beroepskeuse uitgeoefen het, finansieel geakkommodeer word. Dit is egter so dat hierdie aanpassing nie noodwendig vanuit die owerheidsektor sal plaasvind nie, maar dat die werker self die verantwoordelikheid moet aanvaar ten einde sy finansiële situasie te verander. Hierdie proses om "sogenaamd onafhanklik" te raak, behels die aanleer van bepaalde besigheids- en ekonomiese vaardighede. Klem word gelê op vaardighede binne

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

entrepreneurskap aangesien dit 'n raamwerk bied waarbinne die individu algemene besigheidsbeginsels met persoonlike voorkeur, waardes en ingesteldheid jeens beroepsukses kan versoen, aldus Huuskonen in Klandt (1993:47).

- Die probleemformulering binne hierdie studie strek egter veel verder. Die ontbreking van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur impliseer ook dat daar riglyne ontbreek oor hoe maatskaplike werkers binne die veld aangewend word. Swak besoldiging en sosio-ekonomiese verandering binne Suid-Afrika plaas finansieel ook druk op die maatskaplike werker binne sy persoonlike funksionering. Volgens navorsing gedoen deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, is die intreevlak van maatskaplike werkers tot die beroep tans vasgestel op 'n Vlak 6 (owerheidsektor) met 'n gemiddelde vergoedings-pakket van R51 000 per jaar. Hierdie bedrag is binne gesubsidieerde welsynstrukture nagenoeg R41 000 per jaar. Na raming verdien 'n maatskaplike werker na belastingverpligtings 'n gemiddelde inkomste van R41 800 (owerheidsektor) en R33 611 in nie-staatsinstellings. 'n Gemiddelde salaris per maand is nagenoeg tussen R3 215 en R2 585 (RSA; Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 2003:36). Tans word die broodlyn deur demograwe op R1 800 per huishouding bepaal. Hierdie syfers verplig dikwels die maatskaplike werker om na alternatiewe werkgeleenthede buite maatskaplike werk te kyk. Dit kan dus gebeur dat professionele kundigheid en ervaring hierdeur vir maatskaplike werk as beroep verlore kan gaan.

- Die maatskaplike werker in privaatpraktyk beleef dikwels die frustrasie van beperkings wat 'n tradisionele opleidingsmodel op die beroep plaas. Binne privaatpraktyk bevind die Maatskap-like werker homself binne 'n ekonomies kompeterende omgewing met 'n tekort aan kennis, persoonlike vaardighede en emosionele kapasiteit rakende die bestuur van 'n privaatpraktyk. Verder ontwikkel verskeie praktiese probleme soos onder meer rondom etiek en waardes en die tradisionele beskouing van 'n diensmotief wat teenoor 'n winsmotief gestel word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vanuit bogenoemde probleemformulering is dit dus duidelik dat daar 'n behoefte aan 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk bestaan en dit is dan ook die fokus van hierdie studie.

1.4 Doel en doelwitte

Vanuit navorsingsliteratuur kan die onderskeid tussen doel en doelwit soos volg uiteengesit word. In Fouchè (2002:107) word verwys na die Webster's Third International Dictionary waar doel verwys na "*the end toward which effort or ambition is directed: aim, purposes*". Hieruit word die afleiding gemaak dat 'n einddoel nodig is. In Fouchè (2002:107) word die doel, doelstelling of oogmerk as die "droom" versinnebeeld terwyl die doelwit die stappe impliseer wat geneem moet word om hierdie droom te laat materialiseer. Ten einde by 'n resultaat uit te kom, moet 'n doel met doelwitte geformuleer word.

Die doel vir die studie kan soos volg geformuleer word:

Om 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika te ontwikkel en die benuttingswaarde daarvan te evalueer.

Die "droom" materialiseer in die volgende praktiese doelwitte:

(i) Om 'n teoretiese verwysingraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel;
(ii) om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken;
(iii) om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk, te ontwikkel; en
(iv) om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer.

1.5 Navorsingsvraag vir die studie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Binne die voorgenome studie het die navorser van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. Die kwalitatiewe komponent leen hom tot die formulering van 'n navorsingsvraag.

Binne kwalitatiewe navorsing fokus die navorsingsvraag op die fenomeen wat nagevors word. Dit is verder veronderstel om aan die leser 'n duidelike beeld te gee van wat die navorser spesifiek wil weet rondom die onderwerp van studie. Ten einde die doel van die studie te bereik, naamlik om 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk in Suid-Afrika te ontwikkel, is dit noodsaaklik om konsepte, beginsels, prosesse en elemente soos van toepassing op 'n praktykmodel vir privaat-praktykbestuur in maatskaplike werk te identifiseer, te beskryf en die benuttingswaarde daarvan te evalueer en nie noodwendig hierdie komponente te toets nie. Hierdie standpunt word deur Fouchè (2002b:119) soos volg ondersteun: "… *using qualitative methods usually does not have a precisely delimited problem statement or precis hypothesis. One purpose of qualitative methods is to discover important questions, processes and relationships and not to test them. In many qualitative proposals, the problem statements develop logically from the review of the literature*".

Binne hierdie studie is die volgende navorsingsvrae dus relevant:

- Wat is die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika?
- Wat is die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk?
- Wat is die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika?

1.6 Navorsingsbenadering

Die navorsingsbenadering toepaslik in die empiriese gedeelte vir hierdie studie is 'n kwalitatiewe benadering. Alhoewel die studie gekenmerk is deur 'n sterk benutting van die kwalitatiewe benadering, het komponente wat deur die loop van die literatuurstudie ontvou het, bevestiging binne die Suid-Afrikaanse konteks gevra. So is die toepaslike prosesse vir privaatpraktykbestuur in

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

maatskaplike werk (Hoofstuk vyf) vanuit die literatuur bestudeer. Die navorser kon egter nie die literatuur onbevestig binne die model aanbied nie en het die inhoud getrianguleer deur gebruik te maak van 'n kwantitatiewe benadering waarbinne 'n profiel van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika saamgestel kon word. Deur gebruik te maak van die intervensienavorsingsmodel, soos wat bepreek sal word onder punt 1.7 van hierdie hoofstuk, word slegs 'n kwalitatiewe benadering gevolg, soos De Vos (2002:364) dit stel: 'n eerste handse, holistiewe begrip van die fenomeen" te ontwikkel". Die kwantitatiewe ondersteuning wat wel in Hoofstuk vyf gevind word, word aangewend ten einde dit wat in die literatuur bestudeer is, te bevestig. Die intervensienavorsingsmodel bied aan die navorser die geleentheid om stap vir stap die navorsingsproses te deurloop en op 'n gestruktureerde en wetenskaplike wyse by 'n antwoord op 'n navorsingsvraag te kom. Hierdie wetenskaplike wyse laat ook die ruimte dat in die voltooiing van die proses, die benutting van kwalitatiewe navorsingsmetodiek benut kan word. Wat dus vir die navorser belangrik binne die voltooiing van die navorsingsproses was, was om op die mees volledige wyse, 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplikewerk te konstrueer. Die kwalitatiewe navorsingskomponente wat in hierdie studie gebruik is word deur Tesch (1992:55) beskryf as die proses wat navorsers gebruik om inligting in te samel wat nie op numeriese wyse uitgedruk kan word nie. So word kwalitatiewe navorsing ook deur Schurink (1998:240) beskryf as die benadering wat fokus op die kwaliteite van menslike gedrag soos onder meer *kenmerkende* aspekte teenoor die kwantifiseerbare *meetbare* aspekte van menslike gedrag. Ter motivering vir die gebruik van die kwalitatiewe benadering vir hierdie studie kan die volgende aangevoer word:

- Die studie word gekenmerk deur 'n sterk klem op die gebruik van literatuur, en die sistematiese ontleding van toepaslike literatuur vir 'n praktykmodel.
- Die studie besit 'n induktiewe beredeneringswyse. Die praktykmodel is ontwikkel ten einde 'n struktuur daar te stel wat deur maatskaplike werkers gevolg kan word om sin binne privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te vind.
- Die studie het ruimte gelaat vir die belewenis van die navorser en die waarde-oriëntasie waaruit die navorser werk.
- Die benuttingswaarde van die praktykmodel is deur middel van fokusgroepe geëvalueer. Hierdie data-insamelingswyse het die geleentheid aan die navorser gebied om die belewenis

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

van respondente uit die praktyk op eerstehandse wyse te bekom en deel te maak van die studie.

- Fokusgroeplede vir die fokusgroepe is selektief vanuit die databank van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Privaatpraktisyns geselekteer - daar is dus gefokus op spesifieke inligting ten einde te verseker dat die inligting bruikbaar is en binne die grense van die studie val.

Ten einde die kwantitatiewe komponent wat gebruik is in die die literatuurstudie (Hoofstuk vyf) te motiveer kan die volgende aspekte uitgelig word:

- Die literatuur wat as deel van die prosesse van maatskaplike werk bestudeer is, moet uiteengesit, bevestig en verklaar word ten einde die voorgestelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur so lewensgetrou aan die werklikheid, as moontlik te hou.
- Data is vanuit die databank van SAASWIPP onttrek en ontleed. Die insluiting van hierdie kwantifiseerbare komponent verhoog die toepaslikheid van die literatuur in hoofstuk vyf.

1.7 Soort navorsing

Die omskrywing van die tipe navorsing wat die doel van die studie, die navorsingsbenadering en navorsingsvraag die beste komplimenteer, word in De Vos (2002:394) intervensienavorsing genoem. Intervensienavorsing word deur De Vos (2002:396) soos volg gedefinieer:

"*Intervention research is defined as studies carried out for the purpose of conceiving, creating and testing innovative human services approaches to prevent or ameliorate problems, or to maintain quality of life*." Daar word verder deur Schilling in De Vos (2002:396) in hierdie verband spesifiek na maatskaplike werk verwys as hy soos volg konstateer: "*Social work interventions include strategies that draw on and seek to strengthen the social ties between the individual and the social environment*."

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vir die doeleindes van hierdie studie kan die toepaslikheid van hierdie strategie gevind word in die feit dat 'n intervensienavorsingsmodel bestaande teoretiese kennis met die praktyk kan verbind. Die intervensienavorsingmodel leen hom dus daartoe om praktiese probleme te hanteer, juis omdat dit in 'n praktykopset uitgevoer kan word. Vir hierdie studie kan dit geen doel dien om 'n bestaande program of praktykmodel vanuit 'n ander dissipline aan te pas om die behoefte tot 'n praktykmodel in maatskaplike werk te vervul nie. Die vertrekpunt van die model is gegrond op beginsels wat nie in harmonie is met die beginsels en uiteensetting van bestaande modelle van maatskaplikewerkpraktykbestuur nie. 'n Praktykmodel soos ontwikkel in hierdie studie is gebaseer op Rothman en Thomas (1994) se ontwerp en ontwikkelingsmodel, voortaan verwys as die O&O-model.

Die O&O-model bestaan uit die volgende **ses** fases:

(i) Probleemanalise en projekbeplanning.
(ii) Inligtinginsameling en -sintese.
(iii) Ontwerp.
(iv) Aanvanklike/vroeë ontwikkeling en loodsondersoek.
(v) Evaluasie en gevorderde ontwikkeling.
(vi) Verspreiding of disseminasie.

Elkeen van hierdie fases van die O&O-model het bepaalde aktiwiteite wat uitgevoer is ten einde die taak van daardie spesifieke fase te voltooi. Hierdie fases met aktiwiteite en toepassing daarvan in hierdie studie word deeglik in Hoofstuk sewe as deel van die navorsingsmetodologie bespreek.

Die verloop van die navorsingsproses sluit dus vanaf Hoofstuk twee die literatuurstudie in wat deel vorm van die inhoudelike aspek van die model. Anders as 'n tradisionele navorsingsverslag word die literatuurhoofstukke dus deel van die ontwikkelingsproses en vorm dit die basis van die ontwikkelde praktykmodel waardeur teoretiese kennis en praktyk met mekaar verbind word.

1.8 Navorsingsontwerp

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Binne die konteks van kwalitatiewe navorsing verwys Fouchè en Delport (2002:90) eerder na strategie as ontwerp. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat 'n strategie nie die beweeglikheid van die werkwyse inperk nie en dus ook toepaslik binne die fases van intervensie-navorsing sal wees.

Die oorwegende indruk wat intervensienavorsing laat, is dat dit nie ander navorsingsmetodes uitsluit nie, maar eerder daarop gegrond is. Tog maak intervensienavorsing op 'n besondere wyse voorsiening daarvoor dat 'n nuwe "intervensie" (praktykmodel) ontwikkel kan word ingevolge 'n proses waarvolgens die navorser gelei word om nie slegs data of kennis in te samel waarvolgens 'n nuwe intervensie ontwikkel kan word nie, maar juis ook om die nuwe "intervensie" of produk op so 'n wyse te ontwikkel dat dit 'n deeglik verantwoordbare navorsingsproduk is.

Hieruit kan dus gesien word dat daar van 'n kombinasie van navorsingsontwerpe gebruik gemaak kan word. Elke fase binne intervensienavorsing fokus op 'n eiesoortige ontwerp en kan soos volg in Figuur 1.1 uiteengesit word:

FASE EEN EN TWEE	**FASE DRIE EN VIER**	**FASE VYF**
Verkennende ontwerp	**Beskrywende ontwerp**	**Evaluerende ontwerp**
Fase een en twee fokus op probleem-analise, inligtinginsameling en sintese wat ooreenstemming toon met die verkennende ontwerp en wel daarin dat die ontwikkeling van 'n nuwe model ook die verkenning van 'n relatief onbeperkte terrein behels, aangesien dit die ontwikkeling van nuwe intervensies verteenwoordig.	Fase drie en vier fokus op die ontwerp en vroeë ontwikkeling van 'n intervensie. Intervensienavorsing hoort ook tuis onder die sambreelterm vir beskrywende navorsing - spesifiek dan binne fase drie en fase vier waar inligting ingesamel word en tot 'n sintese gekom word. Hierdie inligting vind gestalte binne die ontwerp van	Fase vyf fokus op die evaluasie van die ontwikkelende intervensie en in hierdie studie dus op die evalusie van die ontwikkelde praktykmodel. Evaluerende ontwerpe word deur Babbie in Fouchè (2002:111) soos volg omskryf: "… *can be utilised to assess, among other things, the design, implementation and*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die verkennende ontwerp word gekenmerk deur karaktertrekke met betrekking tot die ontwikkeling van insig in 'n situasie of probleem. In hierdie geval die beperkings van 'n ontbrekende praktykmodel. In Fouchè (2002:109) verwys Neuman na verkennende ontwerpe as die eerste fase "vir wat mag volg" daarna.	die praktykmodel wat dui op beskrywende kenmerke. By intervensienavorsing word hierdie aksie verder gevoer en word die proses, waarvolgens die inligting wat verkry is in die vorm van 'n praktykmodel, beskryf. Soos met die verkennende ontwerp fokus die beskrywende ontwerp op 'n duidelik geformuleerde doel maar fokus verder op die "hoe" en "hoekom", aldus Fouchè (2002:109). Verder lê die kenmerke van die beskrywende ontwerp binne die deeglike proses waarbinne 'n omvattende en duidelike beeld van alle elemente betrokke binne die navorsing gevorm word.	*applicability of social interventions*." Dit word verder deur dieselfde outeur beskryf as "*the process of determining whether a social intervention has produced the intended result*". Binne die voorgenome studie word die bruikbaarheid van 'n praktykmodel deur praktisyns geëvalueer. Intervensienavorsing sluit dus in besonder aan by evaluerende ontwerpe.

Figuur 1.1 Kenmerkende navorsingsontwerpe binne elke fase van die intervensie-navorsingsmodel

Hierdie studie word dus gekenmerk deur 'n kombinasie van verkennende, beskrywende en evaluerende ontwerpe, afhangende van die fase in die navorsingsproses.

1.9 Navorsingsprosedure en werkwyse

Hierdie navorsing is gedoen aan die hand van die fases van die intervensienavorsingsmodel soos reeds onder punt 1.8 bespreek. Die ontwikkeling en ontwerp van die praktykmodel is beïnvloed deur inligting wat tydens al die voorafgenoemde fases ingesamel is. Dit sluit inligting in wat verkry is deur middel van literatuurstudie, gerugsteun deur empiriese data wat sekondêre data-ontleding en fokusgroepe wat met die literatuur in verband gebring is, insluit. Die navolging van die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

genoemde fases het verseker dat die ontwerp van die model nie slegs 'n eensydige oefening was, wat net deur die navorser se insig en verwerking van gegewens bepaal is nie.

Belanghebbendes vanuit maatskaplikewerk privaatpraktyk, wat in fokusgroepe saamgegroepeer is, het deelgeneem aan die ontwikkelingsproses, wat deur die navorser gefasiliteer is. Die navorsingsprosedure en werkwyse, wat gereflekteer word in die empiriese gegewens word omvattend in Hoofstuk sewe bespreek.

Aangesien menslike gedrag voortdurend verander en so ook die omgewing waarin die mens hom bevind, lewer dit bepaalde probleme op wanneer 'n produk soos in dié geval 'n praktykmodel, ontwikkel word. Intervensienavorsing leen hom benewens wat die uitsonderlike riglyne vir die ontwikkelingsproses betref, ook uitstekend tot deurlopende evaluering van die proses en inhoud van die model.

1.10 Die voorondersoek

Binne fase vier wat die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek van die intervensiemodel behels, word die verloop van 'n voorondersoek uiteengesit. Alvorens fase vier tydens die intervensienavorsingproses aangepak kan word, is daar komponente wat die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek beïnvloed en bepaal.

Hierdie komponente sluit die literatuurstudie, konsultasie met kundiges en die deeglike studie van eenhede van analise in. Die voorbereiding van hierdie komponente vir fase vier sal nou bespreek word:

1.10.1 Literatuurstudie

Uitgebreide literatuurondersoeke oor 'n tydperk van drie jaar waarbinne die hele spektrum van bestuur, entrepreneurskap, kontemporêre maatskaplikewerkteorie, filosofie, metafisika, sielkunde, toegepaste maatskaplikewerkpraktyk en resente tydskrifartikels bestudeer is, het 'n basiese

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

onderbou aan die navorser verskaf waarbinne sowel die konteks van die studie bepaal is asook die lewensvatbaarheid van die studie vasgestel kon word.

Die bestudering van literatuur is dus die kern van die navorsing. Dit vorm ook die basis vir die navorsingsmetodes wat gevolg is en het 'n struktuur aan die ondersoek gebied.
Ten einde die studie wetenskaplik en teoreties gefundeerd te kon afhandel, was dit van wesenlike belang dat die navorser 'n volledige literatuurstudie rakende die onderwerp sou doen. In Berg (1998:148) word genoem dat "... *the basic intention of a literature review is to give a comprehensive review of previous works on the general and specific topics considered in the report*".

Afgesien van 'n deeglike kennis rakende die funksionering van 'n privaatpraktyk, het die volgende aspekte binne die literatuurstudie meer duidelik as determinante binne die suksesvolle funksionering van 'n privaatpraktyk as 'n sisteem binne 'n omgewing , na vore getree:

- Die bestudering van maatskaplikewerketiek, waardes en filosofie;
  waarop maatskaplike werk rus;
- algemene bestuursbeginsels en besigheidsetiek;
- die filosofie rakende wins;
- kerngedagtes rondom die entrepreneur;
- die "self" en persoonsontwikkeling binne maatskaplikewerk privaatpraktyk; en
- die hantering van verandering.

Hierdie komponente is binne die konteks van die doel en doelwitte van die studie geplaas. Ten einde die toepaslikheid van hierdie komponente te waarborg is 'n konsultasieproses waar kundiges genader is, gefasiliteer ten einde die navorser 'n objektiewe beeld oor die komponente wat bestudeer is, te bied.

1.10.2 Konsultasie met kundiges

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Na aanleiding van die komponente wat vanuit die literatuurondersoek as belangrik uitgestaan het, is kundiges doelgerig geselekteer. Hierdie kundiges het verseker dat die geselekteerde komponente vir die model verpraktiseer word en op maatskaplikewerk privaatpraktyk afgestem word.

Afsonderlike gesprekke oor 'n tydperk is onder meer oor die toepaslike komponente, gevoer met:

Kundige	Agtergrond	Toepaslike komponent
Dr. J.H Schoeman	Gemeenskapsontwikkelaar. Inleidende gesprekke is gevoer rondom 'n teoretiese verwysingsraamwerk wat eienskappe bevat om alle aspekte van 'n praktykmodel te kan akkommodeer. Daar is in die besonder gesprek gevoer oor die toepaslikheid van die Sisteemteorie en aanpassings van die geïntegreerde sisteemteorie in kontemporêre maatskaplike werk.	Die toepaslikheid van die sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie
Mev Iveda Smith	Verbonde aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe.	Die toepaslikheid van konsepte soos onder meer waardes, etiek, bemagtiging in maatskaplikewerk-Privaatpraktyk
Dr Coen Reynolds	Senior Lektor, Program	Die toepaslikheid van

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

	maatskaplike werk, Hugenote Kollege, Wellington	beginsels soos onder meer maatskaplikewerkbeginsels en besigheidsbeginsels binne die konteks van privaatpraktykbestuur.
Dr Magdie van Heerden	Dosent aan die Universiteit van Pretoria, Departement maatskaplike werk	Toepaslikheidheid van bestuursprosesse binne maatskaplikewerk Privaatpraktyk
Prof Attie van Wijk	Rektor Hugenote Kollege, Predikant en Kliniese sielkundige	Toepaslikheid van elemente soos onder meer die self, emosionele intelligensie, omgewingsimpak op 'n privaatpraktyk

Voortspruitend uit hierdie gesprekke met kundiges het die navorser tot die volgende gevolg-trekkings gekom:

- maatskaplike werk leun steeds swaar op die kennisbasis van ander dissiplines, veral in die geval van bestuur. 'n Eie kennisbasis wat die probleme en uitdagings van maatskaplike werk in die besonder sal aanspreek, is nodig.

- Die privaatpraktisyn, ongeag die dissipline waarbinne hy werksaam is, leun swaar op elemente waar individuele groei en selfaktualisering belangrik geag word. Hierby word komponente van emosionele intelligensie en aanpassing by omgewingsverandering ingesluit.

- 'n Teoretiese verwysingraamwerk met komponente van 'n metateorie is nodig om die parameters van hierdie studie te akkommodeer.

1.10.3 Deeglike studie van eenhede van analise

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Privaatpraktykbestuur binne maatskaplike werk is 'n wye veld vir navorsing. Ten einde die studieveld te kon afbaken, is daar ook in die voorondersoek grense vir die navorsing getrek wat alle parameters vir die studie insluit, maar steeds gefokus bly op die probleemformulering en die bereiking van die beoogde doel en doelwitte. Elke eenheid van analise se rasionaal vir insluiting is bepaal en begrens na aanleiding van die doelformulering.

1.10.3.1 maatskaplike werk in Suid-Afrika

Eenheid van analise: maatskaplike werk in Suid-Afrika.

Rasionaal vir insluiting: Die eenheid van analise is ingestem op maatskaplike werk as beroep. Die historisiteit van maatskaplike werk, hulpverleningstrukture, professionele samewerking en interdissiplinêre skakeling tussen beroepe en kliëntekorps is uniek en verdien besondere klem.

Begrensing: Daar is slegs na die toepaslikheid van 'n nuwe teoretiese kennis binne maatskaplike werk in die Suid-Afrikaanse samelewing gekyk. 'n Verskeidenheid literatuur vir maatskaplike werk en privaatpraktykbestuur is beskikbaar maar met min of geen toepassing binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die argument wat vir hierdie kriteria aangevoer kan word, is dat die unieke samestelling en diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing 'n eiesoortige model vir privaatpraktykbestuur vra wat deur middel van 'n teoretiese fundering ontwikkel moet word.

Ten spyte van die feit dat globalisering en tegnologie tans landsgrense vervaag, beperk ekonomie, demografie en kultuur 'n geïntegreerde internasionale benadering.

1.10.3.2 Privaatpraktisyns

Eenheid van analise: Privaatpraktisyns in maatskaplike werk.

Rasionaal vir insluiting: Die studie word beplan met die maatskaplikewerk privaatpraktisyn as implementeerder van die voorgestelde praktykmodel. Insluiting van maatskaplikewerkprivaatpraktisyns as eenheid van analise sal dus die verpraktisering van die praktykmodel illustreer. Die privaatpraktisyn word dus in der waarheid die instrument vir die uitvoering van die praktykmodel.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Begrensing van die eenheid van analise: maatskaplikewerk privaatpraktisyns moet voltyds in privaatpraktyk wees om ingesluit te kon word by die navorsing. Die feit dat ekonomiese lewensvatbaarheid as 'n sterk motiveerder vir toetrede tot privaatpraktyk dien, noodsaak hierdie begrensing. Die privaatpraktisyn moet dus volledig afhanklik wees van inkomste verdien uit privaatpraktyk.

1.10.3.3 Ervaring binne maatskaplike werk

Eenheid van analise: Die ervaringsveld binne maatskaplike werk praktyk.
Begrensing van die eenheid van analise: Hierdie kriterium bepaal dat die maatskaplikewerk-privaatpraktisyn vir die doel van hierdie studie ten minste twee jaar binne privaatpraktyk moet funksioneer.
Rasionaal vir insluiting: Hierdie aspek verseker dat die navorser vrae kan stel vanuit die praktyk waar die privaatpraktisyn reeds oor kennis en praktykervaring beskik.

Vanweë die kenmerkend kwalitatiewe aard, is die navorser se persoonlike vermoë vir die uitvoering van die studie ook geëvalueer. Die verloop van die studie is binne 'n tydsbestek van vyf jaar gedoen waar daar in die verloop van die proses ook op intellektuele vlak na definiëring, herdefiniëring, analisering en literatuurvergelyking tot 'n proses van modelontwikkeling gevorder kon word.

1.11 Omskrywing van universum, steekproef en steekproefprosedure

Die studie is in die reël onderneem met die oog daarop om die omvang van maatskaplikewerk-privaatpraktyk tot 'n werkbare model te reduseer. Hierdie proses moet egter geskoei wees op 'n wetenskaplik betroubare werkwyse. Die teoretiese komponent van die studie is soos reeds vroeër genoem deur middel van 'n omvattende literatuurondersoek en konsultasie met kundiges afgehandel. Die empiriese komponent van die studie word aangespreek in die navorsingsdoelwitte wat so geformuleer is dat die inligting wat in die model reflekteer, ook verband hou met die realiteit in praktyk. So is die tweede en vierde navorsingsdoelwit afgestem op hierdie empiriese

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

komponent, waar respondente betrek word in (a) 'n kwalitatiewe beoordeling van die benutbaarheid van die ontwikkelde model en (b) om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika te verken. Dit is egter belangrik om na die omskrywing van die universum, steekproef en steekproefprosedure te kyk ten einde 'n volledige beeld van dit wat binne die empiriese deel van die navorsing gedoen is, te vorm.

1.11.1 Universum

Met universum verwys Arkava en Lane in Strydom en Venter (2002:198) na "*all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested*". Hieruit kan afgelei word dat die universum die totale populasie van die verskynsel of gebeure wat bestudeer word, insluit. Die universum vir die ondersoek bestaan dus uit alle geregistreerde privaatpraktisyns in die Republiek van Suid-Afrika, soos vervat in die register van die Vereniging vir Privaatpraktisyns in maatskaplike werk in Suid-Afrika (SAASWIPP). Ten einde by die operasionalisering van doelwit twee, naamlik die verkenning van die profiel van bestaande Suid-Afrikaanse privaatpraktyke te kom, sal die totale universum betrek word aangesien die databankgrootte 'n werkbare eenheid van nagenoeg 1 200 proefpersone bevat. Daar bestaan ook geen rede hoekom 'n steekproef vir hierdie komponent van die studie getrek hoef te word nie, aangesien die omvang van die verskynsels nie so groot is dat die empiriese verwerking onmoontlik is nie.

Die evaluering van die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel, vra egter die gebruik van steekproeftrekking.

Die steekproef en wyse van steekproeftrekking vir hierdie komponent van die navorsing word vervolgens bespreek.

1.11.2 Die steekproef en steekproeftrekking

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Vir die omskrywing van wat 'n steekproef is, noem Seaberg in Strydom en Venter (2002:199) dat 'n steekproef 'n klein deel van die totale eenhede, gebeure of persone uitmaak wat as die populasie van die ondersoek bekend staan. Die belangrikste aspek wat binne steekproeftrekking vir hierdie studie geld, is die feit dat die steekproef wat getrek word vir die bereiking van doelwit vier, naamlik die evaluering van die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel, 'n proses van deurlopende vergelyking tussen die teorie en praktyk moet fasiliteer. Hier noem Strydom en Venter (2002:334) dat die vergelykingsproses wat plaasvind, mag geskied op grond van die feit dat die navorser alle aspekte van die navorsingsonderwerp goed verstaan en nou 'n vergelyking wil tref tussen komponente in die literatuur en komponente in die praktyk.

Hieruit kan dus afgelei word dat die metode van steekproeftrekking nie ten doel het om verteenwoordigend te wees nie en bekend staan as nie-waarskynlikheidseleksie steekproewe. Die rasionaal hieragter is dat elke geval wat geselekteer word, 'n goeie verteenwoordiging van dit wat nagevors wil word, sal verteenwoordig. Die wyses wat gebruik word binne nie-waarskynlikheid-seleksie steekproewe is onder meer volgens Strydom en Venter (2002:334):

(i) Doelgerigte steekproewe;
(ii) teoretiese steekproewe;
(iii) afwykende-geval steekproewe of sogenaamde "deviant case sampling";
(iv) opeenvolgende steekproewe;
(v) sneeubalsteekproewe; en
(vi) vrywillige steekproewe.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die doelgerigte steekproefwyse gebruik en soos volg gemotiveer. Hierdie steekproef berus op die oordeel van die navorser en volgens Singleton *et al* in Strydom (2002:207) val die klem op die feit dat die navorser 'n steekproef van persone saamstel wat volgens sy oordeel die mees kenmerkende eienskappe van die betrokke populasie openbaar en in die besonder inligting verskaf waarna die navorser op soek is. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is drie fokusgroepe met ses tot tien proefpersone elk geselekteer vir deelname aan die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

studie. 'n Totaal van ses en twintig respondente het aan die fokusgroepbesprekings deelgeneem. Kriteria vir seleksie van hierdie proefpersone was soos volg:

- Proefpersone moes in maatskaplikewerk privaatpraktyk as voltydse beroep werksaam wees;
- proefpersone moes langer as twee jaar in privaatpraktyk werksaam wees; en
- proefpersone moes maatskaplike werk as primêre metode binne privaatpraktyk beoefen.

Die rasionaal hieragter was om ryk kwalitatiewe inligting te versamel ten einde te oordeel of die komponente wat ingesluit is in die ontwikkelde model, volgens hierdie respondente benuttingswaarde vir praktyk sou hê. Die kriteria wat vir seleksie.gekies is, het verseker dat die navorser die ontwikkelde model met die mees geskikte respondente klankbord.

Die gebruik van proefpersone laat bepaalde etiese aspekte binne die navorsingsproses na vore tree. Hierdie etiese aspekte is soos volg binne die studie aangespreek.

1.12 Etiese aspekte

Dit is volgens Strydom (2002:63) noodsaaklik dat proefpersone wat gebruik word in sosiale navorsing, bewus moet wees van die aard en omvang van die navorsing waaraan hulle deelneem. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat daar altyd binne sosiale navorsing etiese regverdiging moet bestaan vir elke komponent van veral die empiriese aspekte van die studie.

Die navorser het vir die doeleindes van hierdie studie 'n aansoek om goedkeuring van navorsing waarby proefpersone betrokke is, by die Navorsingsvoorlegging- en Etiesekomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe, aan die Universiteit van Pretoria ingedien. Hierdie aansoek is formeel op 30 November 2002 goedgekeur.

Die volgende etiese aspekte het aandag in hierdie studie ontvang:

1.12.1 Ingeligte toestemming

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vir die doeleindes van hierdie studie is etiese aspekte binne die fokusgroepe deur middel van ingeligte toestemming hanteer. Die ingeligte toestemmingsvorm wat aan elke fokusgroeplid vooraf saam met sy voorbereidingswerk gestuur is, word in Bylae 1.1 vervat.

Deur ingeligte toestemming te verkry het die navorser gepoog om alle relevante en toepaslike inligting in die vorm van 'n ooreenkoms aan groeplede beskikbaar te stel. In hierdie dokument is alle moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die fokusgroeplid moontlik blootgestel kon word, uiteengesit. In hierdie verband noem Strydom (2002:65) dat die klem van so 'n dokument op die akkurate en volledige weergee van die aard en omvang van die navorsing val, ten einde seker te maak dat deelnemers ingelig en vrywillig deelneem aan die navorsing.

Die navorser is van mening dat hierdie ingeligte toestemming 'n bepaalde gesagskomponent en kredietwaardigheid aan die navorsingsproses verleen het. Die feit dat die ingeligte toestemming deel gevorm het van die voorbereidingswerk vir die fokusgroepe, is deur verskeie fokusgroeplede verwelkom en positief ervaar.

Die tweede komponent wat etiese implikasies binne hierdie studie gehad het, was die insameling en ontleding van sekondêre data.

1.12.2 Etiese implikasies vir sekondêre data-ontleding in Hoofstuk vyf

In Strydom en Delport (2002:331) word opgemerk dat bepaalde nadele met betrekking tot sekondêre data-ontleding bestaan, waaronder vertroulikheid en anonimiteit genoem word.

Alhoewel die databank van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir maatskaplike werkers in Privaatpraktyk (SAASWIPP) op kompakskyf (CD-Rom) beskikbaar is en aan alle geregistreerde lede - waarvan die navorser ook een is - vrylik beskikbaar gestel word, is dit tog nodig om op te merk dat inligting vanaf hierdie databank primêr vir gebruik van geregistreerde privaatpraktisyns is. Geen riglyne of beperking word egter deur SAASWIPP geplaas op die gebruik van die inligting nie. Daar is egter vanuit 'n etiese beredenering wel gronde hoekom hierdie inligting op die databank met groot omsigtigheid gebruik moet word. Hierdie gronde is onder meer die feit dat geregistreerde lede hulle besonderhede met 'n tweeledige doel aan SAASWIPP verskaf:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(a) Vir registrasiedoeleindes, en

(b) vir kollegiale bemarkingsdoeleindes en onderlinge netwerking tussen lede.

Die hergebruik van hierdie inligting mag die vertroulikheidsverhouding wat lede in SAASWIPP stel, beïnvloed. Die navorser het egter met die analise en interpretasie van die data wat opgeneem is in die profiel vir privaatpraktyk in Suid-Afrika, so te werk gegaan dat geen gevolgtrekking oor ras, geloof, kultuur, geslag of kwalifikasie gemaak is nie ten einde aanstoot of afkeur te vermy. Verder is geen besonderhede van enige lede binne die navorsingsverslag gereflekteer nie en geen afleiding is gemaak wat moontlik die vertroulikheidsbeginsel sou kon skaad nie.

'n Tweede etiese aspek met betrekking tot sekondêre data-ontleding wat deur Strydom en Delport (2002:331) genoem word, is die kwessie van kopieregskending. Die inligting op die Databank word egter nie deur enige kopiereg beskerm nie. Die feit dat die navorser 'n geregistreerde lid van SAASWIPP is, bied aan haar bepaalde voordele, waaronder die vrylike gebruik van die inligting soos voorsien op die kompakskyf (CD-Rom). Erkenning word ook deurgaans aan SAASWIPP verleen vir die gebruik van inligting vanuit die databank.

1.13 Definisies van hoofkonsepte

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik dat sekere sleutelbegrippe omskryf word. Dit mag egter wees dat hierdie konsepte binne die verloop van die studie herdefinieer sal word ten einde 'n inklusiewe beeld van maatskaplike werk daar te stel. Hierdie definisies word dus aangebied ter verduideliking van konsepte en begrippe wat primêr vir die leser as vertrekpunt vir hierdie studie kan dien.

1.13.1 maatskaplike werk

'n Definiëring van wat maatskaplike werk is, mag nooit verwyderd staan van die doel waarvoor dit geformuleer is nie. Elke definisie omskryf 'n bepaalde konsep en verduidelik 'n aspek wat vir daardie spesifieke doel gebruik kan word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vir die doel van hierdie studie word maatskaplike werk gesien as 'n wetenskap met 'n professionele identiteit. Dit is ook belangrik dat etiek, waardes en norme van maatskaplike werk binne hierdie omskrywing gevind sal word. Volgens die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:30) is maatskaplike werk 'n "professionele diens wat deur 'n maatskaplike werker gelewer word, wat gerig is op die bevordering van die maatskaplike funksionering van die mens".

Binne hierdie definisie word die doel en aksies van maatskaplike werk omskryf. Dit is gefokus op die mens en erken die noodsaaklikheid van die bevordering van lewenskwaliteit. Die *aktiwiteit* wat in sameloop met die proses gaan, word dus erken, en verander die definisie hierdeur eerder in 'n operasionele beskrywing, dit wil sê waar die aksie van die beroep eerder as die filosofie daarvan beskryf word.

Die internasionaal erkende definisie wat opleidingstandaarde vir maatskaplike werk in Suid-Afrika rig is opgeneem in die Staatskoerant, 7 Februarie 2003 en lui soos volg:

> *"The social work profession promotes social change, problem solving in human relationships and the empowerment and liberation of people to enhance wellbeing. Utilising theories of human behaviour and social systems, social work intervenes at the points where people interact with their environments. Principles of human rights and social justice are fundemental to social work."* (RSA, Government Cassette, 24362: 2003)

In hierdie definisie word die persoonsgesentreerde benadering ten opsigte van hulpverlening beklemtoon. 'n Fokus op die ontwikkelingsbehoeftes van gemeenskappe en die hulpverleningstrategieë ten opsigte van hierdie behoeftes is veral belangrik. Die beklemtoning van die aard en taak van maatskaplike werk spruit ook uit hierdie definisie. Die debat rondom die aard van maatskaplike werk word deur Hamilton in Payne (1991:23) soos volg omskryf: "*The first is that the human event consists in person and situation … which constantly interact, and the second that the characteristic method of social work incorporates within its processes both scientific knowledge and social values in order to achieve its ends."* Dit is dan veral vanuit hierdie definisie belangrik dat die balans tussen wetenskaplike kennis, die waardes van die beroep en die behoeftes vanuit die gemeenskap gevind moet word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

In die Merriam-Webster woordeboek (2003) word maatskaplike werk omskryf as "*any of various professional activities or methods concretely concerned with providing social services and especially with the investigation, treatment and material aid of the economically underpriviledged and socially maladjusted*".'n Verdere invalshoek waar die fokus ook na kwesbare en benadeelde groepe uitgebrei word, word gevind in die Britannica Concise Encyclopedia (2003) met die volgende beskrywing: "*Any of various professional activities or methods concerned with providing social services such as investigatory and treatment services or material aid to disadvantaged, distressed, or vulnerable persons or groups*." . Die taak van 'n maatskaplike werker om as 'n bemiddellaar, 'n waghond en segsman vir die mees armoedige en gemarginaliseerde lede van die samelewing op te tree word hier duidelik onderskei.

maatskaplike werk is dus primêr gefokus op dienslewering aan die individu, die groep of gemeenskap waar 'n behoefte tot materiële of emosionele nood bestaan. Die diens word op professionele beginsels geskoei wat deur 'n opgeleide maatskaplike werker aan die betrokke kliëntsisteem voorsien word. Die beoefening daarvan verskaf 'n graad van morele erkenning en altruïsme onder die wat dit beoefen en die beoefening daarvan voldoen aan sosiale verwagtings en verrig 'n sosiale funksie.

1.13.2 Privaatpraktyk

Aangesien privaatpraktyk die eenheid van ontleding binne hierdie studie is, sal dit gepas wees om die konsep te omskryf. Privaatpraktyk word deur die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:38) omskryf as die "beoefening van maatskaplike werk deur 'n privaatpraktisyn".

Geen melding word egter binne hierdie definisie gemaak van finansiële vergoeding vir die dienste gelewer deur die privaatpraktisyn nie. Bogenoemde definisie word verder deur die navorser as 'n operasionele definisie beskou en omskryf nie die teoretiese komponent waarbinne die grense, beperkings en aard van privaatpraktyk vervat word nie. Daar word dus slegs verwys na 'n aksie wat binne die grense van maatskaplike werk beoefen word. Die definisie van Barker (1992:14) gee in hierdie verband egter 'n duideliker omskrywing: "*In Social work, the process in which the values,*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

knowledge and skills of social work, which were acquired through sufficient education and experience, are used to deliver social services autonomously to clients in exchange for mutually agreed payment".

Hier word die proses, aard en verband van privaatpraktyk uiteengesit met 'n uitkoms wat die diens verskillend maak van ander primêre wyses van maatskaplikewerkbeoefening, naamlik wedersydse ooreenkoms oor betaling. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat privaatpraktyk verwys na die beoefening van maatskaplike werk deur 'n maatskaplikewerk privaatpraktisyn waar die aard van die werk gepaard gaan met dienslewering teen vergoeding, soos ooreengekom tussen die betrokke partye.

1.13.3 maatskaplike werker en privaatpraktisyn

In hierdie studie word die begrippe maatskaplike werker en privaatpraktisyn by herhaling gebruik en aangesien 'n privaatpraktisyn ook maatskaplike werker impliseer, sal beide omskryf word. Die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:30) omskryf die twee begrippe soos volg:

'n maatskaplike werker is "... 'n persoon wat volgens die Wet op Maatskaplike Diensberoepe, 1978 (RSA, Wet 110 van 1978) geregistreer en gemagtig is om maatskaplike werk te beoefen". 'n Privaatpraktisyn is 'n "maatskaplike werker wat sy professie alleen of in vennootskap met een of meer maatskaplike werkers, bedryf".

Vir die doeleindes van hierdie studie word die term maatskaplike werker in privaatpraktyk of privaatpraktisyn as sinonieme gebruik en word volstaan met die definisie soos opgeneem in die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995).

1.13.4 Privaatpraktykbestuur

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Volgens Bruwer en Cilliers (1996:1) kan bestuur beskryf word "as die proses waardeur hulpbronne aangewend word met die doel om geleenthede te gebruik om belangrike ekonomiese doelwitte (wins) te bereik".

Drucker omskryf bestuur in die Harvard Business Review (1995:64) soos volg: "… management requires precise analysis, rigorous allocation of recources, and timely decision making". 'n Verdere omskrywing deur dieselfde outeur noem: "… *to strive for the best possible economic results from the resources currently employed or available*."
Vir die doeleindes van hierdie studie sal privaatpraktykbestuur dus verwys na die bestuur van hulpbronne binne 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk ten einde die privaatpraktisyn in staat te stel om maatskaplikewerkdienste aan kliënte in ruil vir vergoeding te voorsien.

1.13.5 Praktykmodel

Met die verwysing na praktykmodel word klem geplaas op 'n praktykgerigte model wat nie na 'n metode verwys nie, maar eerder 'n privaatpraktisyn toerus om 'n verwysingsraamwerk van die werklikheid te hê.

In Sheafor, Horejsi en Horejsi (2000:51) verwys 'n praktykmodel na 'n stel konsepte en beginsels ten einde aktiwiteit te rig. Hierdie skrywers gaan voort deur te noem dat 'n praktykmodel nie nodig het om gedrag te verklaar nie, maar slegs 'n verteenwoordiging van die werklikheid op kleiner skaal bied.

Met verwysing na model verwys Kerlinger in De Vos (2002:43) na die komponente van 'n model wat voortspruit uit teorie. Verder noem De Vos (2002:43): "*first postulate a theory and then build a model or models from that theory*". Hieruit kan afgelei word dat 'n praktykmodel dus vir die doeleindes van hierdie studie verwys na 'n model wat geskoei is op 'n verwysingsraamwerk wat toepaslik en werkbaar binne maatskaplikewerk privaatpraktyk vir die privaatpraktisyn sal wees.

1.14 Leemtes en probleme wat tydens die studie ervaar is

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Hoofstuk twee: 'n Leemte na toepaslike literatuur geskoei op die Suid-Afrikaanse konteks is deur die navorser ondervind. Die teoretiese verwysingsraamwerk wat binne die Suid-Afrikaanse konteks toepaslik is, is steeds in wese geskoei op 'n model wat nie alle komponente van 'n diverse samelewing weerspieël nie. Die praktykmodelle wat geskoei is op bemagtiging is binne konteks meer toepaslik maar is nuut en vra meer toepaslike navorsing binne die werksterreine van maatskaplike werk.

Verskeie aangepaste modelle bestaan in die literatuur rondom die Algemene Sisteemteorie, (Von Bertalanffy, 1955 en Skyttner, 2001) waaronder die Chaosteorie (Peters, 1990) en die toepassing daarvan binne 'n veranderende omgewing (Hudson, 2000) ressorteer. Die feit dat die integrering van bogenoemde aspekte nie in hierdie hoofstuk gedoen is nie sou as 'n leemte beskou kon word alhoewel die navorser met die bestudering van die literatuur wel die toepaslikheid vir hierdie studie sou kon bevraagteken.

Hoofstuk drie: 'n Probleem wat ervaar is, is dat konsepte rondom waarde- en normsisteme en etiek binne bestuursprosesse dikwels nie beskryf word in die literatuur nie en dat die beskrywing hiervan dikwels geskoei is op literatuur oor universele lewensbeginsels. Die belewing teenoor die beskrywing van etiek in die besigheidswêreld verskil ook in die sin dat geen wesenlike etiese kode vir besigheid bestaan nie, nog minder is hierdie etiese beginsels afdwingbaar in praktyk. Om etiek in die besigheidswêreld te beskryf is wetenskaplike studie op sig self.

Hoofstuk vier: Ten einde 'n sinvolle beredenering van die mees toepaslike beginsels vir 'n model vir privaatpraktyk te doen, het die navorser die problematiek en dinamika van kultuur moes insluit. Die studie bied egter nie genoeg ruimte vir 'n meer volledige interpretasie hiervan nie, wat as 'n leemte beskou kan word.

Hoofstuk vyf: Die studieveld van entrepreneurskap en entrepreneuriese prosesse is problematies deur die navorser beleef aangesien empiries getoetsde literatuur beperk is en literatuur wat oor entrepreneurskap beskikbaar is dikwels op veralgemenings en onwetenskaplike aannames

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

gebaseer is. Literatuur is geredelik beskikbaar maar min van akademiese waarde. Die proses om die mees relevante en toepaslike literatuur vir die praktykmodel te selekteer was tydrowend en duur.

Hoofstuk ses: Baie suggesties oor die inherente karaktertrekke van die maatskaplike werker bestaan. Die wetenskaplike bestudering van hierdie karaktertrekke is beperk. Die voorstelle wat dus in die literatuur gedoen word oor hoe die inherente karaktertrekke van 'n maatskaplike werker veronderstel is om te lyk, is bloot op aannames gebaseer en moet in wetenskaplike navorsing bestudeer word.
Die indeling van die navorsingsverslag bied aan die leser 'n kompakte oriëntering van die inhoud wat in hierdie verslag verwag kan word en word soos volg uiteengesit.

1.15 Indeling van die navorsingverslag

Alhoewel die intervensienavorsingsmodel van Rothman en Thomas (1994) en meer spesifiek die ontwerp en -ontwikkelingsmodel gevolg is, is die navorsingsverslag ingedeel volgens die uiteensetting soos tradisioneel bekend is binne sosiale navorsing. Hierdie prosedure bied 'n eerste hoofstuk as inleidende oriëntering waarna 'n literatuurstudie en empiriese data volg en waar ten slotte afgesluit word met gevolgtrekkings en aanbevelings. Die rede hoekom hierdie tradisionele prosedure gevolg word, is ten einde die leser van die navorsingsverslag 'n duidelike beeld van die aard en omvang van die literatuurstudie as primêre komponent in hierdie studie van die navorsingsproses te gee. Indien die navorsingsverslag ingedeel is volgende die prosedures van die intervensienavorsingsmodel sou die belangrikheid van die literatuurstudie en die weerspieëling van die inhoud van die voorgestelde model nie so duidelik en omvangryk kon geskied nie.

Die volgende uiteensetting van elke hoofstuk bied 'n kompakte weergawe van die struktuur en verloop van die studie.

Die strukturering van die studie geskied in *Hoofstuk twee* met die sentrale fokus rondom die *teoretiese verwysingsraamwerk* waaruit die navorser gewerk het. Ten einde 'n model te ontwikkel

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

is 'n teoretiese verwysingsraamwerk daarvoor nodig. Hierdie hoofstuk bied ook die grondslag vir 'n universele multidissiplinêre benadering tot alle ander literatuurhoofstukke. Die teoretiese verwysingsraamwerk bied dus die konteks waaruit die navorser werk. Hierdie kontekstualisering geskied vanuit die Sisteemteoretiese benadering. Sleutelkonsepte vir Hoofstuk twee sluit onder meer in: die Sisteemteorie, inset-deurset-uitsette, die omgewing, verandering binne die sisteem. 'n Struktuur vir 'n praktykmodel vanuit 'n sistemiese perspektief met klem op konsepte, beginsels, elemente en prosesse binne die sisteem. Hierdie komponente word as teoretiese struktuur vir die verloop van die res van die studie voorgestel.

Hoofstuk drie spreek die eerste komponent binne die voorgestelde struktuur van die praktykmodel, naamlik konsepte, vanuit 'n sistemiese benadering aan. Die fokus van Hoofstuk drie is onder meer om ondersoek in te stel na die mees *toepaslike konsepte* vir 'n praktykmodel in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur en fokus op die volgende sleutelkonsepte: toepaslike waarde en normsisteme binne privaatpraktyk, etiek en etiese besluitneming binne privaatpraktyk en die bemagtigingsproses binne privaatpraktyk.

Nadat die toepaslike konsepte ondersoek en beskryf is, volg *Hoofstuk vier* met die tweede komponent van 'n privaatpraktykmodel, naamlik die mees *toepaslike beginsels* in privaatpraktyk waar sleutelterme onder meer maatskaplikewerkbeginsels, entrepreneuriese beginsels en bestuursbeginsels ingesluit is.

In *Hoofstuk vyf* volg die derde komponent van belang binne 'n privaatpraktykmodel, naamlik die mees *toepaslike prosesse* wat binne privaatpraktyk relevant is. Hier sluit die sleutelterme onder meer maatskaplikewerkprosesse, bestuursprosesse en entrepreneuriese prosesse in. In hierdie hoofstuk word 'n profiel van maatskaplikewerk privaatpraktyk gekonstrueer ten einde die praktyk in verband te bring met dit wat die literatuur vir maatskaplike werk voorstel. Prosesse in die literatuur sluit onder meer gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk in. Die gekonstrueerde profiel bied 'n blik op praktyk en of hierdie prosesse ook in maatskaplikewerk privaatpraktyk inslag vind.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Hoofstuk ses sluit met die vierde komponent van 'n praktykmodel, naamlik die mees *toepaslike elemente* af, waar sleutelterme onder meer die interne en eksterne elemente vanuit die omgewing insluit. Omgewingsverandering en die hantering van nie-liniêre terugvoer vanuit die omgewing word ook binne hierdie hoofstuk bespreek.

In *Hoofstuk sewe* word daar, nadat die literatuurondersoek afgehandel is, gefokus op die metodes en navorsingsprosesse wat gevolg is binne die studie ten einde by die doelwitte en beantwoording van die navorsingsvrae wat gestel is, te kon uitkom. Hierdie hoofstuk reflekteer dus die indiepte bespreking van die *navorsingsmetodologie* vir die studie.

Binne *Hoofstuk agt* word die *empiriese bevindings* van die studie weergegee binne die raamwerk van die intervensienavorsingsmodel. Hierdie onkonvensionele wyse vir die weergee van empiriese data bied 'n kreatiewe struktuur waarbinne die praktykmodel gestalte kon vind.
In *Hoofstuk nege* word tot 'n sintese gekom met die belangrikste *gevolgtrekkings* voortvloeiend uit hoofstuk agt. Vanuit hierdie gevolgtrekkings word spesifieke *aanbevelings* vir die aanwending van hierdie model gemaak. Hoofstuk nege bespreek ook aanbevelings en tekortkomings wat vanuit die navorsingsproses met verloop van die studie ontwikkel het, sodat 'n volgende navorsingsproses sinvol hieruit kan voortvloei.

Elke hoofstuk is gestruktureer aan die hand van 'n figuur wat die verloop van die literatuurstudie as deel van die navorsingsproses uitwys. Hierdie figuur reflekteer ook die proses van model-ontwikkeling en dui die fase van modelontwikkeling aan. Hoofstukke is met grafiese voorstelle, figure en tabelle ondersteun ten einde die inhoud te struktureer en makliker te interpreteer.

Eenvoudige statistiese prosedures in Hoofstuk vyf vergemaklik die interpretasie van die data en bied die leser die geleentheid om maklik tot gevolgtrekkings rondom die data te kom.

Die kwalitatiewe verwerking van data word volledig in Hoofstuk agt weergegee ten einde die wetenskaplikheid van die gevolgrekkings te verhoog. Die navorsingsverslag word afgesluit met 'n omvattende *bibliografie* wat die aard en omvang van die literatuurstudie weerspieël. *Bylaes* is as

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

ondersteunende materiaal ná die bibliografie in die verslag ingebind ten einde enige onduidelikheid ten opsigte van die totale omvang van die studie op te klaar.

1.16 Samevatting

Hierdie hoofstuk het 'n algemene oriëntering met verwysing na die uiteensetting van die verloop van die studie verskaf. Dit omsluit 'n professionele en persoonlike motivering wat navorsing oor die onderwerp regverdig. Dit bied verder 'n formele probleemformulering met die doel en doelwitte om hierdie geformuleerde probleem aan te spreek en die wyse waarop die doel bereik sal word.

Dit sluit verder die navorsingsvraag, die benadering wat gevolg gaan word, en die soort navorsing wat in die studie verwag kan word, in. Verder verduidelik hierdie hoofstuk hoe die strategie gaan lyk wat die navorser gaan gebruik om die navorsing aan te pak en bied die hoofstuk verder 'n verduideliking van die navorsingsprosedure en werkwyse wat die navorser gevolg het.

Die hoofstuk word afgesluit met die etiese aspekte wat binne die navorsing aangeraak word en wyses waarop dit hanteer is. Vanuit Hoofstuk een vloei daar dus 'n strukturering vir die studie na Hoofstuk twee wat die teoretiese vertrekpunt in die vorm van 'n teoretiese verwysingsraamwerk sal bied.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 2

'N TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK VIR 'N VOORGESTELDE MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

2.1 Inleiding

Ten einde die belangrikheid van 'n teoretiese verwysingsraamwerk binne die konteks van hierdie studie te plaas, is dit nodig om uit te klaar wat bedoel word met teoretiese verwysingsraamwerk en wat die doel van so 'n verwysingsraamwerk sal wees. Die daarstelling van 'n teoretiese verwysingsraamwerk het ten doel om as vertrekpunt binne modelontwikkeling te dien, wat dan ook die doel van hierdie studie is. Daar kan ook na die teoretiese verwysingsraamwerk as die beginfase of anker waarop die konsepte, beginsels, elemente en prosesse van 'n model geskoei is, verwys word.

Hierdie proses waarbinne die sogenaamde anker van die studie geïdentifiseer word, maak dus deel uit van die proses waarbinne konstrukte gedefinieer word. Delport (2002:192) verwys hierna as die proses waar gespesifiseer word wat met elke konsep bedoel word en waar dit in die geheel inpas. Delport en De Vos (2002:49) verwys verder na teorie - binne konteks van die teoretiese verwysingsraamwerk - as die rigtinggewer in alledaagse praktyk. Die rasionaal van die teoretiese verwysingsraamwerk vir hierdie studie kan dus gevind word in die feit dat die gekose verwysings-raamwerk die ruimte laat vir ontwikkeling van 'n nuwe praktykmodel binne die grense van maatskaplike werk, maar ook ontwikkeling buite die tradisionele grense sal toelaat ten einde nuwe konsepte, beginsels, elemente en prosesse te akkommodeer vir 'n voorgestelde praktykmodel wat ontwikkel sal word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die teoretiese verwysingsraamwerk vir hierdie studie is gebaseer op die Sisteemteorie met hierdie hoofstuk wat fokus op die teoretiese vertrekpunte van die Sisteemteorie en die toepassing daarvan op 'n praktykmodel. 'n Bespreking van wat 'n model is en hoe modelontwikkeling geskied, sal die grondslag bied vir die konsep praktykmodel wat binne die studie ten doel gestel is.

2.2 Konseptualisering van wat verstaan word onder 'n model

Die begrip "model" word binne die konteks van sosiale wetenskap deur De Vos (2002:38) verduidelik as die omraming van 'n sosiale fenomeen se mees kenmerkende eienskappe sonder om hierdie eienskappe te verklaar of te voorspel. Die doel van hierdie omraming kan dus beskou word as 'n representasie van die werklikheid op kleiner skaal. Die doel van die daarstelling van 'n model word deur dieselfde outeur verder verduidelik as 'n representasie van die werklikheid met 'n fokus op 'n kleiner deel wat vir die konteks van 'n spesifieke studie tersaaklik sal wees. Die uiteinde van 'n model kan dus beskou word as die ontleding van 'n "deel" van die werklikheid met ander "dele" van die werklikheid wat ontbreek, omdat die gebruik en toepaslikheid in die gegewe situasie nie relevant is nie.

Wat verder belangrik is, is dat hierdie model wat veronderstel is om verteenwoordigend van die geheel te wees, vanuit 'n teoretiese begronding gebore moet word. Verskeie argumente wat verskillend van mekaar is, is hieroor in die literatuur gevind (vergelyk Dubin in Mouton, 1996:195). Sommige bepleit die belangrikheid van 'n teoretiese begronding voor modelontwikkeling en ander fokus op 'n aanvanklike model met teorie wat weer daaruit gebore word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal 'n teoretiese begronding as vertrekpunt geneem word ten einde die navorser se fokus op die belangrikheid van die dinamiese interaksie tussen sisteme onderling te vestig. Aangesien die navorser dus aanspraak maak op bestaande teoretiese vertrekpunte en 'n model daaruit wil ontwikkel, moet die regte keuse vir 'n teoretiese verwysingsraamwerk gemaak word. Hierdie aspek word later in die hoofstuk met groter omsigtigheid aangespreek. Kerlinger in De Vos (2002:38) stel die belangrikheid van 'n teoretiese verwysingsraamwerk soos volg: "*The model springs from a theory*." Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat hierdie stelling die begronding bied vir 'n teoretiese verwysingsraamwerk en die verband tussen die teoretiese verwysingsraamwerk en 'n nuut ontwikkelde model uitspel.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

In aansluiting hierby noem Sheafor, Horejsi en Horejsi (2000:82) dat 'n teoretiese verwysingsraamwerk, alvorens dit in maatskaplike werk van toepassing gemaak kan word, oor bepaalde voorvereistes moet beskik, waaronder die volgende:

- Die verwysingsraamwerk moet 'n duidelike doel, waardesisteem en etiese riglyn vir implementering hê;
- die verwysingsraamwerk moet maklik gekommunikeer kan word met duidelik geformuleerde konsepte, beginsels, hipoteses en definisies;
- die verwysingsraamwerk moet betekenis hê en maklik verstaanbaar wees vir die leek;
- die verwysingsraamwerk moet die maatskaplike werker bystaan in die verklaring en begryp van komplekse en soms chaotiese omgewings of situasies; en
- die verwysingsraamwerk moet op 'n empiriese begronding gebaseer wees.

Alvorens die navorser dus 'n model kan ontwikkel, is daar binne die teoretiese verwysingsraamwerk 'n proses waarbinne tersaaklike funksies geïdentifiseer moet word. Die tersaaklike funksies van toepassing op hierdie studie sal onder meer wees: Wat is die doel van hierdie model? Hoekom wil die navorser 'n model gebruik om die navorsingsprobleem aan te spreek? Die antwoorde hierop kan onder meer gevind word in die feit dat die gebruik van 'n model sowel 'n heuristieke (ontdekkende) funksie as 'n verklarende funksie binne hierdie studie sal hê. In die werk van Mouton en Marais (1990:141) verwys die skrywers onder meer na die belangrike kenmerke van 'n model, veral die proses van "isolering" waar inhoud ontleed word en die mees tersaaklike dele onder 'n "vergrootglas" geplaas kan word en die minder tersaaklike dele subtiel geïgnoreer kan word. Binne die konteks van die studie is dit dus toepaslik om te verwys na sowel die ontdekkende as verklarende funksies relevant tot die probleemformulering, doel van die studie en die navorsingsvraag wat hierdeur beantwoord kan word.

2.3 Die proses van modelontwikkeling

Modelontwikkeling is 'n integrale deel van wetenskaplike navorsing. Volgens Mouton (1996:51) kan die belangrikheid soos volg omskryf word: "*Model building has been accentuated and accelerated by many forces in contemporary life. Models seem appropriate to the new world of computers … In*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

trying to bring some order out of the variety of models, one soon discovers that there is a great deal of overlap, and that widely different usages exist".

Wanneer daar na modelontwikkeling gekyk word, kan dit nie geskied sonder die erkenning van die interafhanklike verhouding tussen teorie en model nie. Vir die doeleindes van wetenskaplike navorsing word daar dikwels na die proses verwys waaraan navorsing herken kan word. Hierdie proses se doel is om die navorsingsvraag wetenskaplik te begrond en te beantwoord met nuut verworwe kennis. Die verskil tussen teorie en model - waar teorie "verklaar" en model "vereenvoudig en weerspieël" - sluit dus by mekaar aan in die sin dat beide 'n noodsaaklike taak verrig in die beantwoording van die navorsingsvraag.

Binne die proses van modelontwikkeling noem De Vos (2002:42) dat daar verwys word na die "*problem solving bridges*" waar hierdie ontwikkelingsproses saamloop met die beoefening van 'n professie. In die geval van hierdie studie is hierdie aspek ook relevant, aangesien die daarstelling van 'n praktykmodel deur middel van 'n proses van intervensienavorsing aanleiding gee tot die oplossing van 'n bestaande probleem binne maatskaplike werk, naamlik die afwesigheid van riglyne vir privaatpraktykbestuur.

Verskeie aspekte word deur Mouton (1996:55) as noodsaaklike agtergrondkennis binne die ontwikkeling van 'n model beskou:

- Die konsepte en konstrukte wat binne 'n model geplaas moet word, moet baie duidelik omskryf en geken word deur die navorser.
- Slegs die mees toepaslike dele van die fenomeen en die aspekte wat beheer uitoefen oor hierdie dele sal binne 'n model tuishoort.
- Waar ookal moontlik, moet verhouding, veranderlikes en koerse binne die model gemeet kan word en nie direk vanuit die literatuur onttrek word nie.
- Aangesien 'n model duidelik die fenomeen wil vereenvoudig, kan dit beskou word as 'n "asof"-raamwerk en hoef dit nie empiries getoets te word nie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Binne die ontwikkeling van 'n model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is die volgende aspekte verder van belang:

- 'n Nuut ontwikkelde model sal verskeie aspekte van menslike gedrag en interaksie moet beskryf en verklaar.
- 'n Nuut ontwikkelde model sal navorsing met observasie moet integreer.
- 'n Nuut ontwikkelde model sal komplekse konsepte, beginsels, prosesse en elemente binne werkbare eenhede moet kan vereenvoudig.
- 'n Nuut ontwikkelde model sal leiding en rigting vir observasie moet kan bied.

Binne die literatuur word vyf kategorieë waarbinne modelle geklassifiseer kan word, voorgestel. Hierdie klassifikasiesisteem is volgens Mouton (1996:53) soos volg en word vir die doeleindes van hierdie studie, met uitsondering van die teoretiese model, slegs genoem:

- Fisiese modelle soos modelstrukture;
- Teoretiese modelle;
- Wiskundige modelle;
- Meganiese modelle; en
- Simbolies-interaksionele modelle

'n Teoretiese model vir die doeleindes van hierdie studie, kan beskryf word as die representasie van die grondreëls van maatskaplikewerk privaatpraktyk waarbinne die waargenome feite en verskynsels wat vanuit die teorie toepaslik is, die volle werklikheid op kleiner maar wetenskaplik akkurate skaal verteenwoordig.

Na aanleiding van bogenoemde is die volgende argumente aangevoer vir die toepassing van 'n teoretiese model binne die studie.

'n Teoretiese model vir privaatpraktykbestuur sal waardevol wees in die sin dat dit teoreties gefundeerde kennis praktykgerig sal maak. Dit mag begrip en insig ten opsigte van teorie binne die wêreld van privaatpraktykbestuur bring. Dit word goed omskryf deur Van Rensburg (1998:58)

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

wanneer genoem word dat 'n model waardevol vir die praktyk sal wees wanneer dit begrip en "verstaan van" duidelik maak. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n model nie op die individu afgestem is nie, maar die betrokkene bemagtig om 'n bepaalde proses of situasie, wat in teorie voorgestel word, toe te pas - in hierdie geval die verpraktisering van teoretiese bestuursbeginsels in privaatpraktyk. Daar kan dus verder tot die gevolgtrekking gekom word dat deur 'n praktykmodel saam te stel, die inhoud nie noodwendig verduidelik word nie, maar 'n roetekaart vir die toepassing van 'n proses of situasie gereflekteer word.

Die tradisionele teoretiese raamwerk in maatskaplike werk, soos wat dit binne opleiding en praktyk geïmplimenteer word, fokus op die professionele hulpverleningsaksie binne praktyk wat nie noodwendig die uitdagings en dinamika van 'n privaatpraktyk akkommodeer nie. Daar moet dus na 'n gekombineerde teoretiese model gekyk word waarbinne werkeffektiwiteit met betrekking tot die hulpverleningstaak in maatskaplike werk asook oorlewing en sakebeginsels met betrekking tot die bestuurswetenskappe gekombineer kan word. Die ontwikkelde model moet dus professionele persoonlikheid en proses integreer en met professie en praktyk tred hou binne 'n tegnologies veranderende omgewing. Die struktuur en raamwerk van 'n teoretiese verwysingsraamwerk moet dus in hierdie geval meer as een benadering, naamlik maatskaplike werk en Bestuurswese kan akkommodeer.

2.4 Teoretiese modelle in maatskaplike werk

In die bogenoemde bespreking is 'n omvattende bespreking gegee oor die belangrikheid van 'n teoretiese verwysingsraamwerk en dat 'n nuwe teoretiese model sal voortspruit uit 'n bestaande teoretiese verwysingsraamwerk. Dit sal gepas wees om na die mees algemene teoretiese modelle in maatskaplike werk te kyk en te oordeel of hierdie teoretiese modelle wel die maatskaplikewerk-privaatpraktyk tot dusver kon akkommodeer.

2.4.1 Die "*Generalist*" model

Verskillende teoretiese modelle vorm die denkraamwerk vir maatskaplike werk in Suid-Afrika. Die mees bekende model word deur DiNitto en McNeece (1997:69) asook

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Compton en Galaway (1994:21) beskryf as die "*Generalist model*" waar 'n geïntegreerde benadering gevolg word ten einde al die rolle waaraan die maatskaplike werker moet voldoen in sy hulpverleningsaksie, te akkommodeer. Hierdie model is geanker aan die rolteorie. Die maatskaplike werker binne die "*Generalist model*" is die afgelope twee dekades deur verskeie outeurs beskryf, onder meer Kirst-Ashman en Hull (1993); Hoffman en Sallee (1994); Compton en Galaway (1994); O'Neil (1992); Johnson (1986); asook Shaefor, Horesji en Horesji (1991 en 2000). Wat hieruit voortgespruit het, was 'n verpraktisering van hierdie model met vier basiese kenmerke, naamlik:

- Die fundamentele kennisbasis, vaardighede en waardes binne maatskaplike werk wat onderling tussen verskeie kontekste, liggings en probleme gebruik kan word;
- Probleemoplossing vir die individu, die groep, die gemeenskap of organisasie met klem op die interafhanklike verhoudings van probleme, gemeenskappe en perspektiewe in gegewe situasies;
- Probleemanalise en optrede deur middel van multi-vlak perspektiewe; en
- Die implementering van doelgerigte, buigbare metodiek binne probleemoplossing.

Bogenoemde het dus 'n duidelike en tydsrelevante model vir die beoefening van maatskaplike werk gebied. Die beoefening van hierdie model het ten spyte van 'n sterk teoretiese fundering vanuit die Sisteemteorie stelselmatig posgevat en die toepassing op voorgraadse vlak word deur Hudson (2000:215) as "*generally superficial*" beskryf. Bogenoemde skrywer gaan voort deur te noem dat die toepassing van nuwe idees deur maatskaplike werk as traag en stadig beskou kan word, *"... to a growing insularity in social work and a reluctance to incorporate recent developments in allied fields".*

Hierdie model, geskoei op hulpverlening, bied 'n werkwyse ten einde die doelstelling en taak van die maatskaplike werker te bereik, naamlik hulpverlening, krisisingryping of probleemoplossing.

Wat egter binne hierdie benaderings ontbreek, is 'n komponent wat die dinamika van maatskaplike-werkprivaatpraktyk akkommodeer en waarbinne die privaatpraktisyn sy doelstelling kan bereik.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Gebreke in die hantering van verandering, die omgewing, persoonlikheid en markte moet ook binne 'n hulpverleningsmodel aangespreek word.

2.4.2 Praktykmodel geskoei op bemagtiging

'n Fokus op praktykgerigte modelle met klem op bemagtiging het gedurende die vroeë negentiger-jare ontwikkel. Hierdie modelle spreek tot 'n groot mate die omgewing, persoonlikheid en persoonlike bemagtiging aan - aspekte wat in vroeëre modelle ontbreek. Drie sodanige modelle deur Cox (1994); Gutiérrez (1990) en Lee (1994) skenk aandag aan hierdie ontbrekende komponente in vroeër modelle.

Alhoewel praktykmodelle gerig op bemagtiging ontwikkel is vanuit verskillende perspektiewe en teoretiese verwysingsraamwerke, is sommige beginsels binne hierdie modelle universeel van toepassing. In kort spreek hierdie modelle struikelblokke en versperrings binne maatskaplike werk op drie vlakke aan naamlik: a) **persoonlik** - wat gevoelens, houding, persepsies en geloof in die moontlikheid van die individue insluit; (b) **interpersoonlik** - wat ervaring met ander en die fasilitering van hierdie ervarings insluit; en (c) **sosio-politiese deelname** wat gedrag insluit teenoor die gemeenskap wat individuele en groepspogings tot hulpverlening kortwiek. Verder word die modelle gekenmerk deur die volgende vier belangrike aspekte soos genoem deur Allen-Mears en Garvin (2000:121):

- 'n Verbintenis om te fokus op aspekte binne praktyk waar die meer onderdrukte kliëntekorps hul bevind.
- Hierdie modelle koester die idee dat aspekte van persoonlike of groepsbelang binne die konteks van die persoonlike en politieke milieu waarbinne dit geskied, geakkommodeer moet word. Volgens Lee in Allen-Mears en Garvin (2000:121) beteken dit dat daar ook 'n kritiese ontleding sal plaasvind ten opsigte van houding en oortuiging van die betrokke individu. Dit mag ook volgens Gutiérrez (1990) nodig wees om die belewenis van die werklikheid te rekonstrueer en binne konteks van die situasie, tyd, ruimte en dimensie te plaas.
- Klem word verskuif na 'n multisistemiese benadering waar die individu, die familie, kleingroep, gemeenskap, organisasie en sosiaal/ekonomie/politieke vlak geïntegreer sal word binne alle-daagse aktiwiteite.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Die maatskaplikewerker-kliënt verhouding moet as 'n gelyke verhouding gesien word met 'n fokuspunt op die vennootskapskomponent tussen albei partye.

Die teoretiese fundering van bogenoemde modelle kan gevind word uit 'n veelheid van sosiaal/ sielkundige bydraes in die teorie. So verklaar Allen-Mears en Garvin (2000:115): "*Empowerment practice models have found support from a variety of economic, social, and psychological theories.*" Makroteorieë wat aanleiding gegee het tot hierdie modelle sluit weereens onder andere die Sisteemteorie in. Die Sisteemteorie het deur hierdie model maatskaplike werk laat fokus op die belangrikheid van die groter omgewing. Hier benadruk Payne (1997b:112) hierdie aspek en noem dat die Sisteemteorie die basis bied vir die praktykgerigte model om te fokus op die implementering van probleemassessering en intervensie.

Vanuit bogenoemde bespreking kan die afleiding dus gemaak word dat dit belangrik is om vanuit 'n maatskaplikewerkperspektief 'n teoretiese verwysingsraamwerk te gebruik wat aan die volgende maatstawwe gemeet moet kan word:

- Dit moet bekend wees binne die grense van maatskaplike werk.
- Dit moet 'n verklaring van alle aspekte van maatskaplike werk kan gee indien dit gevra word.
- Dit moet ruimte vir 'n nuwe model met nuwe konsepte, beginsels, prosesse en elemente kan bied wat tradisioneel nie binne die maatskaplikewerkhulpverleningsaksie tuishoort nie. So 'n model moet dus binne sistemiese denke oor oop grense beskik ten einde die ruimte te bied vir nuwe konsepte, beginsels, prosesse en elemente.

'n Oop model-benadering blyk dus essensieel te wees binne die konteks van modelontwikkeling.

2.5 'n Oop model-benadering binne die konteks van modelontwikkeling

Volgens Nadler (1982:6) is daar verskeie metodes waarvolgens modelle ontwikkel kan word. Hier word egter slegs gefokus op twee modelle, naamlik oop en geslote modelle. Hierdie konsepte moet egter nie verwar word met oop en geslote sisteme binne die Sisteemteorie nie, maar fokus op die metodiek binne modelontwikkeling.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die oop model word beskryf as ’n model wat faktore buite die eenheid van studie in verband bring met die studie. Daar word dus erkenning gegee aan buitefaktore wat bestaan en wat wel ’n invloed op die ontwikkelingsproses sal hê. Binne modelontwikkeling is dit dus noodsaaklik vir die navorser om erkenning te gee aan eksterne faktore en die invloed wat dit op die model mag hê. Die oop modelbenadering word deur Nadler (1982:6) as ’n "werkende hipotese" gesien. Dit voorsien die navorser van moontlike uitkomste, antisipeer ook hierdie uitkomste en verskaf ’n plan of bloudruk oor hoe te werk gegaan behoort te word om hierdie uitkomste te bereik. Die outeur beskryf verder die oop model-benadering as beskrywend aangesien dit poog om die proses te beskryf wat die model sal volg indien dit wel geïmplimenteer word.

Die fokus van ’n oop model-benadering is eerder op die proses as die uitkoms. Geen gewaarborgde uitkoms kan binne ’n oop model verseker word nie, maar die wetenskaplikheid van die proses kan wel gemonitor word. In teenstelling met die geslote model kan die oop model as ’n verbale model beskou word. Die geslote model is ’n analities-wiskundige model waar alle insette noukeurig geïdentifiseer kan word, en alle moontlike veranderlikes geïdentifiseer kan word. Hierdie insette en veranderlikes kan in geheel binne die model geakkommodeer word.

Wanneer die navorser besluit om wel van ’n geslote model gebruik te maak, sal die navorser verseker wees dat alle gevolgtrekkings en uitkomste binne die model reeds vooraf bepaal kan word. Hierdie model word deur Nadler (1982:7) as ’n linière model beskryf wat binne meganiese ingenieursprofessies ’n groot rol speel. Die afleiding word deur dieselfde skrywer gemaak dat oop modelle met groter sukses binne die bestudering van die mens as fenomeen gebruik kan word en daarom ook in hierdie studie meer toepaslik sal wees. Tabel 2.1 gee ’n kort opsomming van en vergelyking tussen die twee modelle.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 2.1: Vergelyking tussen oop en geslote modelle

OOP MODELLE	GESLOTE MODELLE
Buitefaktore bestaan wat nie in die ontwikkelingsproses van die model geantisipeer kan word nie.	Alle faktore kan geïdentifiseer en ingesluit word binne die model.
Kan as 'n werkende hipotese beskou word.	Uitkomste word vooraf bepaal met 'n duidelik geformuleerde "uiteinde".
Is beskrywend van aard.	Voorskrywend van aard met spesifieke stappe en vlakke van implementering.
Konsepte word verbaal oorgedra.	Kan metodies en wiskundig verduidelik word.

Bron: Nadler (1982:7)

Indien daar na 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk gekyk word, is dit duidelik dat daar binne hierdie studie verskillende tussenkomende veranderlikes (konsepte, beginsels, prosesse en elemente) is wat wel 'n invloed uitoefen op 'n model vir privaatpraktykbestuur. Die keuse van 'n oop model vanweë die genoemde aspekte sal dus voor die hand liggend wees.

Vanuit bogenoemde bespreking is die keuse van 'n model en die proses van modelontwikkeling dus nou duidelik. Wat egter verdere verklaring nodig het, is die basiese teoretiese verwysings-raamwerk vir hierdie studie. Daar is reeds vroeër genoem dat 'n teoretiese verwysingsraamwerk bepaalde kenmerke moet hê om wel toepaslik te wees. In DiNitto en McNeece (1997:50) word kriteria deur Reykman gestel waaraan 'n teoretiese verwysingsraamwerk ook gemeet kan word. Hierdie kriteria saam met die toepaslike kriteria vir hierdie studie, soos reeds genoem, word in Tabel 2.2 aan die Sisteemteorie gemeet. Hierdeur kan bepaal word of die Sisteemteorie aan die kriteria vir die gebruik as teoretiese verwysingsraamwerk in hierdie studie kan dien:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Tabel 2.2: Evaluering van die toepaslikheid van die Sisteemteorie aan die hand van bepaalde kriteria

KRITERIA	TOEPASLIKHEID VAN SISTEEMTEORIE
Bekendheid binne die grense van maatskaplike werk.	Die Sisteemteorie en die toepassing binne maatskaplike werk is reeds in 1956 deur Werner Lutz omskryf. In 1968 deur Hearns en in 1969 deur Greer beskryf.
Volledigheid: 'n Verklaring van alle aspekte van maatskaplike werk sal gegee moet kan word, indien dit gevra word.	Die Sisteemteorie kan rekenskap gee van 'n diversiteit van gebeure, aspekte en konsepte en kan verklarings aan die praktisyn bied wat as rigtinggewend beskou kan word (Skyttner, 2001).
• Ruimte vir 'n nuwe model met nuwe konsepte, beginsels, prosesse en elemente wat tradisioneel nie binne die maatskaplikewerkhulpverleningsaksie tuishoort nie. So 'n model moet dus oor 'n denkraamwerk beskik waar oop grense bestaan ten einde die ruimte te bied vir nuwe konsepte, beginsels, prosesse en elemente.	Die Sisteemteorie is nie alleen toepaslik binne Maatskaplike werk nie, maar word binne alle dissiplines en professies toegepas. Die Sisteemteorie dra die titel metateorie wat beteken dat die reikwydte en spanwydte verder strek as die parameters van een enkele dissipline. 'n Metateorie is verder ook 'n teorie oor 'n teorie (Skyttner, 2001).
• Volledigheidskriteria	Alhoewel die Sisteemteorie noukeurig in die opskryf van veranderlikes is, is daar nie ruimte vir betekenislose inligting en irrelevante verbande nie (Chetkow-Yanoov, 1992).
Noukeurigheid en toetsbaarheidskriteria	Ten einde noukeurig en toetsbaar te wees moet alle konsepte binne 'n teorie reeds gedefinieer wees. Binne die Sisteemteorie is konsepte duidelik, rasioneel en verbande kan bepaal word. Die sisteemteorie hanteer elke veranderlike konsekwent en bied logiese verklarings vir gebeure (Allen-Mears & Garvin, 2000).
• Ekonomies en effektiwiteitskriteria	Die Sisteemteorie gebruik kernbegrippe wat logies en verklarend is. Geen onnodige verklarings belemmer die effektiwiteit van die verduidelikings nie (Skyttner, 2001).
• Empiriese geldigheidskriteria	Die vasstelling van die geldigheid van teorie binne maatskaplike werk is altyd moeilik. Elke teorie is dus "in proses". Die geldigheid van die beginsels van die Sisteemteorie en die toepassing daarvan is reeds meer as een maal toegepas en as geldig bewys (DiNitto & McNeece, 1997).
• Ondersoekende waarde as kriteria	Die aanpassing en ontwikkeling van die Sisteemteorie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

	met vooruitgang in gedagte, kan hierdie kriteria bevestig. Voorbeelde is die toepassing van die beginsels van die Sisteemteorie binne nuwe vraagstukke in die gemeenskap (Gray, 1998).
• Toegepaste waarde as kriteria	Hierdie aspek hou verband met bogenoemde kriteria. Voorbeelde van die toepassingswaarde van die Sisteemteorie binne nuwe vraagstukke soos bekend binne die chaosteorie of "toegepaste Sisteemteorie" of die ekosistemiese benadering, soos geskoei op die beginsels van die Sisteemteorie, is voorbeelde hiervan (Gray, 1998).

2.6 Die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk vir hierdie studie

Soos reeds genoem is dit belangrik dat 'n voorgestelde model binne 'n teoretiese verwysingsraamwerk sal pas wat binne die grense van maatskaplike werk aanvaarbaar is. Vanuit bogenoemde bespreking sou die Sisteemteorie aan hierdie kriteria voldoen en sal aan sowel die vereistes van maatskaplike werk as konsepte, beginsels, prosesse en elemente wat nodig blyk te wees in 'n model vir privaatpraktykbestuur voldoen. Die toepaslikheid van die Sisteemteorie word gevind in die feit dat die toepassing van die teorie binne die parameters van die studie sal pas. Skyttner (2001:43) ondersteun hierdie stelling wanneer hy noem dat die Sisteemteorie 'n "… *skeleton of science (is) in the sense that it aims to provide a framework or structure of systems on which to hang the flesh and blood of particular disciplines and particular subject matters in an orderly and coherent corpus of knowledge*".

Wat verder deur Skyttner (2001:44) bygevoeg word, is die feit dat hierdie teorie 'n gemeenskaplike basis vir terminologie en konsepte bied wat binne alle areas in wetenskap van toepassing gemaak kan word. Dit blyk dus 'n ideale struktuur te wees waarbinne 'n privaatpraktykmodel vir maatskaplike werk ontwikkel kan word, aangesien kennis vanuit verskillende wetenskappe en dissiplines geïntegreer gaan word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

In die volgende paragrawe volg 'n uiteensetting van die belangrikste komponente binne die Sisteemteorie. Die toepaslikheid daarvan binne 'n model vir privaatpraktykbestuur sal deurgaans aangetoon word.

2.6.1 Komponente van belang binne die Sisteemteorie

Binne die algemene Sisteemteorie staan **orde en struktuur** as basiese beginsel uit. Die soeke na struktuur word deur Skyttner (2001:47) omskryf as een van die sentrale behoeftes van enige individu. Hy noem dit "… *an expression of man's general need for imaging his world as an ordered cosmos within an unordered chaos*".

'n Verdere fundamentele beginsel is dat **tasbare probleme binne die leefwêreld van die mens** binne die wetenskap aangespreek kan word. Ongelukkig gebeur dit dat tradisionele wetenskap dikwels nie oor hierdie vermoë beskik nie en dat daar 'n verwydering tussen teorie en praktyk ontstaan. Hierteenoor staan die Sisteemteorie met 'n konkrete basis gesetel binne tasbare wetenskap wat verpraktiseer kan word in tasbare konkrete strukture.

Reeds in 1955 het Ludwig von Bertalanffy die Sisteemteorie beskryf. Hierdie Sisteemteorie het kenmerkende grondbeginsels besit wat universeel, binne meer as een dissipline en professie van toepassing was en steeds binne 'n nuwe orde, met nuwe uitdagings toepaslik is.

2.6.1.1 Grondbeginsels

Die grondbeginsels waarop die Sisteemteorie gebaseer is, word slegs kortliks vir die doeleindes van hierdie studie genoem.

- Daar bestaan 'n **onderlinge verhouding en afhanklikheid** tussen dele in 'n sisteem. "*Unrelated and independent elements can never constitute a system*", beweer Skyttner (2001:49).
- 'n **Holistiese benadering** - wat impliseer dat die geheel (sisteem) meer is as die dele (omgewing), is van toepassing binne die Sisteemteorie. Dit wil sê die totale sisteem bestaan uit sowel die organisme as die omgewing (Skyttner, 2001:49) en "*a social system is a model of a*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

social organization that possesses a distinct total unity beyond its component parts" (Chetkow-Yanoov, 1992:5).

- Die bereiking van **homeostase** wat konstante interaksie met die omgewing impliseer, is belangrik binne die toepassing van die Sisteemteorie (Chetkow-Yanoov, 1992:38).
- 'n **Proses van transformasie** is teenwoordig. Transformasie impliseer ook verandering. Binne sistemiese terminologie sal verandering binne die sisteem deurset bewerkstellig. Indien 'n einddoel (uitset) bereik wil word moet die dele deur 'n proses van insette na uitsette beweeg. Hierdie proses is hoofsaaklik siklies van aard en terugvoer is noodsaaklik om homeostase te bewerkstellig. Indien terugvoer nie geskied nie kan die sisteem in 'n geslote sisteem verander wat in 'n staat van ekwilibrium verval.
- **Insette en uitsette** is binne 'n oop sisteem as 'n deurlopende proses waarneembaar. Insette word vanuit die omgewing binne die sisteem opgeneem.
- **Entropie** verwys na die hoeveelheid ongeordendheid of geordendheid wat binne enige sisteem teenwoordig is. "*All non-living systems tend towards disorder; left alone they will eventually lose all motion and degenerate into an inert mass*" (Skyttner, 2001:49).
- **Regulering binne 'n sisteem** is belangrik ten einde die doel te bereik. Hierdie regulering verwys ook na terugvoer waar gesonde oop sisteme die terugvoer gebruik om intern aanpassings te maak. "*Social workers depend on the sensitive use of feedback for successful diagnosis as well as intervention*" (Chetkow-Yanoov, 1992:27).
- Daar is sprake van 'n **hiërargiese verhouding** binne enige sisteem met duidelik gedefinieerde grense. Hier noem Chetkow-Yanoov (1992:20) dit soos volg: "*Creating boundaries is a way to define a system*".
- **Differensiasie**: Binne komplekse sisteme word die verdeling van take en rolle gedoen ten einde 'n gefokusde einddoel in sig te hê.
- 'n Belangrike element wat deur Smit en Cronje (1997:48) uitgelig word, is dat die toepassing van die Sisteemteorie binne organisasies (privaatpraktyk vir die doeleindes van hierdie studie) geskied binne 'n raamwerk van interafhanklike dele met een enkele sentrale doel. Dit kom dus daarop neer dat die aksie van een deel 'n invloed het op al die ander dele. Om hierdie rede kan die privaatpraktisyn nie een van die dele onafhanklik hanteer nie, maar moet die praktyk as geheel funksioneer.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

2.6.1.2 Oorlewing binne die supra-sisteem

Die beoefening van maatskaplike werk binne die grense van die Sisteemteorie verwys nie na gedragspatrone van individue nie, maar beskou die funksionering van die individu as "sisteem" en hoe hierdie sisteem die omgewing akkommodeer. Privaatpraktyk binne maatskaplike werk as oop sisteem is tot dusver gesien as 'n sisteem wat inligting, energie en kennis met sy omgewing uitruil. Wat egter van belang is, is dat hierdie deurlopende interaksie met die omgewing 'n staat van dinamiese homeostase moet handhaaf. Hierdie balans impliseer 'n deurlopende deurvloei van inligting met insette en deursette.

Hierdie kenmerk van 'n gesonde sisteem word deur Kast en Rosenzweig (1985:113) en Chetkow-Yanoov (1992:37) beskryf as 'n oorlewingsproses binne die supra-sisteem waar die supra-sisteem die totaliteit van die model impliseer. "*Open systems create new functions or internal structures as a part of their potential for self-transformation, self-healing, self-renewal, or internally stimulated evolution*" (Chetkow-Yanoov, 1992:38).

Verder noem Gibson, Ivancevich en Donnelly (1997:21) dat die oorlewing van die organisasie of sisteem dus afhang van sy vermoë om die eise van die omgewing te absorbeer en binne die operasionele subsisteem te verwerk en tot voordeel van die sisteem aan te wend.

2.6.1.3 Oop sisteme is soms ook geslote

Teoreties gesproke is alle sisteme oop en geslote, afhangende vanuit watter verwysingsraamwerk die navorser na die model sal kyk. Dit is ook belangrik om te noem dat alle sisteme met tye - ook ter wille van oorlewing - geslote moet wees. Hierdie aspek noem Kast en Rosenzweig (1985:113) die sisteemgrense wat impak reguleer. Privaatpraktyk kan dus ook ter wille van oorlewing selektiewe insette toelaat en selektiewe uitsette deurstuur.

Hierdie aspek word deur Chetkow-Yanoov (1992:24) as gedeeltelik-oop sisteme beskryf of deur Skyttner (2001) as relatief oop sisteme. Ter ondersteuning van hierdie aspek merk Kast en Rosenzweig (1985:129 en 132) die volgende op: "*Every organization is a subsystem of an*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

environment that provides resource inputs and utilizes the organization's outputs … The organization is an open system that exchanges information, energy, and materials with its environment." Die organisasie wat ook privaatpraktyk impliseer, is dus afhanklik vir oorlewing vanuit die omgewing.

2.6.1.4 Grense binne sisteme

Ten einde die grense te bepaal vir 'n model vir privaatpraktykbestuur moet duidelik onderskei word tussen oop en geslote sisteme en die grense van elk. Relatiewe geslote sisteme word deur Skyttner (2001) as rigied en ontoeganklik beskou terwyl die oop sisteem deurlaatbare grense tussen praktyk en omgewing het. Dit is egter vir die tyd en dimensie waarbinne die model toepaslik is belangrik om ook die minder opsigtelike grense soos psigo-sosiale grense in hierdie oop sisteem te omskryf. Hier word 'n oplossing deur Kast en Rosenzweig (1985:133) voorgestel as hulle sê dat grense gedefinieer kan word in terme van aktiwiteite of prosesse. Aktiwiteite binne praktyk dui dus grense aan. Die aktiwiteite wat dus binne 'n privaatpraktyk deur praktisyns neergelê word binne die grense van sy professie - maatskaplike werk - sal die grense van die privaatpraktyk stipuleer. Die openheid van 'n sisteem verdoesel dikwels volgens Allen-Mears en Garvin (2000:76) die grense van 'n sisteem. Dit is daarom belangrik om die doelwit van die aktiwiteite te stipuleer ten einde die grens wat moeilik bepaalbaar is, te identifiseer.

Die graad van deurlaatbaarheid word ook binne praktyk deur die omgewing se verhouding tot die sisteem bepaal. Hier kan verwys word na 'n filtersisteem wat die oorlewing van praktyk verseker. Dit word deur Kast en Rosenzweig (1985:133) soos volg omskryf: "… *boundaries screen the inputs and outputs. In this sense, the boundaries are barriers to the flow of energy, material, and information."* Hierdie kan as belangrike funksies van grense beskou word aangesien geen praktyk alle insette kan akkommodeer, sonder om skade te lei nie. Die grense het verder die taak om insette te homogeniseer. 'n Toepaslike voorbeeld sal wees waar die privaatpraktisyn besluit dat aanmeldings deur 'n ontvangsdame hanteer sal word, of dat aanmeldings wat telefonies gedoen word, opgevolg sal word deur 'n opgeleide persoon om tyd- en kostebesparend te wees.
Soos wat grense die insette filter, word uitsette ook deur grense gemonitor. Die privaatpraktisyn kan nie 'n onbepaalde hoeveelheid en verskeidenheid van deursette of dienste lewer nie weens

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

tyd, koste of mensekrag, en moet dus beperkings plaas op sy aktiwiteite binne die privaatpraktyk. Indien hy hierdie beperkings op sy insette plaas, mag dit beter balans of homeostase en deurlopendheid binne die sisteem verseker.

Daar is binne enige sisteem drie afsonderlike regulerende funksies wat verantwoordelik is vir homeostase tussen insette en uitsette. Hierdie regulerende funksies kan ook as subsisteme geklassifiseer word aangesien dit verwys na sisteme binne die groot sisteem. In hierdie verband noem Smit en Cronje (1997:63) dat subsisteme interafhanklik vir hul oorlewing is, maar ook outonoom binne die groter sisteem kan funksioneer. Hierdie funksies of subsisteme word binne die Sisteemteorie deur Kast en Rosenzweig (1985:134) soos volg uiteengesit en aan die hand van Figuur 2.1 verduidelik:

- Die operasionele subsisteem (C)
- Die strategiese subsisteem (A)
- Die koördinerende subsisteem (B)



Figuur 2.1: Die subsisteme vir die handhawing van homeostase in die groter sisteem

Die werking van bogenoemde drie primêre subsisteme kan kortliks soos volg uiteengesit word:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- **Operasionele subsisteem (C)**

Hierdie subsisteem binne die totale sisteem is verantwoordelik vir die besluitnemingsproses. Ander subsisteme voer die operasionele subsisteem met inligting waarna die operasionele subsisteem die keuse uitoefen om dit te implementeer of nie.

Binne praktyk sou dit die subsisteem wees waar onsekerhede opgeklaar word en besluite ten opsigte van ekonomiese bestuur, die tegnologiese bestuur en meting van effektiwiteit geneem word. Hierdie subsisteem sou ook die insette aktief verminder waarop die praktyk moet reageer en sodoende die homeostase binne die sisteem verseker.

- **Strategiese subsisteem (A)**

Die strategiese subsisteem kan beskryf word as die beplanningsarm van die sisteem. Hierdie komponent is volgens Smit en Cronje (1997:118) gefokus op die totale sisteem se funksionering, die rekonsiliasie van die sisteem se bronne en die evaluering van die geleenthede en bedreigings binne die eksterne omgewing. Hierdie subsisteem is die buffer binne praktyk wat alle onsekerhede absorbeer en ook insette na die omgewing moet reguleer. Hierdie insette is gewoonlik hoogs onkontroleerbaar en hang tot 'n groot mate van reaksie vanuit die omgewing af. Die strategiese subsisteem moet dus hoofsaaklik oop funksioneer en onsekerhede akkommodeer.

- **Koördineringsubsisteem (B)**

Sodra die subsisteme binne die sisteem geïdentifiseer is, word die koördineringsubsisteem ruimte gebied om die onderlinge subsisteme te "olie". Smit en Cronje (1997:253) verklaar die koördineringsubsisteem soos volg: "*It means the integration of objections and tasks at all levels and of all departments and functions to enable the organisation to work as a whole*."

Indien 'n sisteem in gebreke bly om aandag aan die koördineringsubsisteem te skenk, mag dit volgens Smit en Cronje (1997:253) aanleiding gee tot 'n verlies aan produktiewe tyd wat weer tot frustrasie aanleiding kan gee.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Hierdie subsisteem anker die strategiese subsisteem met die operasionele subsisteem. Verder skakel hierdie subsisteem die onsekere strategiese subsisteem om ten einde in 'n werkbare, ekonomies-tegnologiese eenheid te funksioneer.

Alhoewel bogenoemde subsisteme binne afgebakende grense funksioneer en tot 'n groot mate outonomiteit aan elke funksie verskaf, verseker dit onafhanklike funksionering van die sisteem as geheel. Hierdie aspek word ook deur Kast en Rosenzweig (1985:135) ondersteun waar hulle noem dat outonomiteit en onafhanklikheid slegs bewerkstellig kan word met die effektiewe regulering van grense.

Die instandhouding van grense impliseer ook die daarstelling van oorbruggingskomponente binne grense. Hierdie oorbruggingskomponente verwys na maatreëls wat in plek geplaas word om grense binne die sisteem met sukses oor te steek. Dit is noodsaaklik om binne praktyk die nodige kennis te besit oor hoe om effektief kontak te maak met die omgewing en sodoende grense suksesvol oor te steek.

2.6.1.5 Oorbruggingskomponente binne die grense van die sisteem

'n Sisteem bevind hom binne 'n dinamiese en heterogene omgewing waar funksionele optrede ontwikkel moet word ten einde uitsette suksesvol af te handel. Kast en Rosenzweig (1985:135) verduidelik verder dat hierdie sogenaamde funksionele optrede binne die sisteem beteken dat effektiewe en gedifferensieerde interne strukturering binne die sisteem nodig sou wees.

'n Oorbruggingskomponent sal dus 'n meganisme of optrede wees wat voorafgestelde grense vinnig en effektief kan oorsteek ten einde die sisteem se deursette te beveilig. 'n Voorbeeld sal onder meer wees waar 'n privaatpraktisyn binne sy praktyk sal reageer op 'n skielike toetrede van afgestudeerde maatskaplike werkers deur 'n nuwe diens vir byvoorbeeld assessering te bemark ten einde hierdie nuwe kompetisie aan te spreek. Hierdie optrede moet egter funksioneel en effektief wees.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Hierdie oorbruggingskomponente is dikwels baie senutergend en stresbelaai. Oorbruggingskomponente sal egter in 'n groot organisasie nie noodwendig soveel stres op die individuele werker plaas nie, aangesien besluitneming aan 'n bestuurskomponent of meer as een persoon toevertrou word. In 'n privaatpraktyk sal alle rolle en invloede vanuit die omgewing slegs deur een persoon vertolk of hanteer moet word, wat beteken dat die totale funksionering en besluitnemingsprosesse in die praktyk afhang van die een privaatpraktisyn.

Oorbruggingskomponente kan in privaatpraktyk terminologie verwys na strategiese beplanning met betrekking tot marksegmentasie, kompeterende intelligensie, effektiewe bemarking of 'n ontwikkeling van die kompeterende voordeel.

2.6.1.6 Die Eksterne Omgewing

Soos reeds vroeër genoem is die wisselwerking tussen die eksterne omgewing en die sisteem een van die basiese uitgangspunte van die Sisteemteorie. Dit is ook die invloed wat die eksterne omgewing op die sisteem het, wat die fokus vir verskeie sisteemteoretici is. (Vergelyk Smit & Cronje, 1997; Gibson, Ivancevich & Donnelly, 1997.) Binne die Sisteemteorie word die omgewing in die breë sin beskryf as enige eksterne veranderlike wat inwerk op die sisteem (praktyk) se grense. Dit is egter volgens verskeie skrywers belangrik dat daar 'n onderskeid getref moet word tussen die algemene omgewing of gemeenskap wat die praktyk binne 'n gegewe omgewing beïnvloed teenoor die taak of spesifieke omgewing wat die praktyk meer direk binne sy werksdoelwitte beïnvloed. (Vergelyk Adams in Dunnette & Hough, 1994:1178; Hall 1982:297.) Dit is nodig om omgewingsveranderlikes wat mag inwerk op die privaatpraktyk as sisteem te identifiseer. Hierdie identifikasieproses sal weer in praktyk help met die effektiewe funksionering van die subsisteme. Figuur 2.2 illustreer die onderlinge wisselwerking tussen die makro-omgewing, markomgewing en mikro-omgewing.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 2.2 Die interafhanklike invloed tussen sisteme

Die volgende verduideliking stel figuur 2.2 in konteks:

- **Die Mikro-omgewing**

Hierdie komponent word deur Smit en Cronje (1997:66) beskryf as die sisteem (privaatpraktyk) self waar die grootste hoeveelheid beheer bestaan. Veranderlikes sluit onder meer in die missie, visie en doelstellings van die praktyk. Die waardebasis van die sisteem is ook binne hierdie omgewing gesetel. Die mikro-omgewing word beïnvloed deur die markomgewing, maar beïnvloed weer op sigself die markomgewing.

- **Die markomgewing**

Die markomgewing bestaan uit die verbruiker van die diens wat deur die sisteem (privaatpraktyk) gelewer word, die kompetisie vanuit die eksterne omgewing, en die geleenthede en bedreigings vir

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

die sisteem. Smit en Cronje (1997:66) is dit eens dat die beheer vanuit die sisteem na hierdie omgewing moeilik is. Die primêre taak van die sisteem binne die markomgewing sal die identifisering van faktore wees wat 'n direkte invloed op die mikro-omgewing sal hê.

- **Die makro-omgewing**

Die makro-omgewing kan beskryf word as die eksterne omgewingsfaktore buite die sisteem. Hierdie faktore het 'n duidelike invloed op die sisteem (mikro en mark) en verseker die deurvloei binne die sisteem. Die makro-omgewing bestaan volgens Smit en Cronje (1997:66) uit ses subsisteme, naamlik die tegnologiese omgewing, die ekonomiese omgewing, die sosiale omgewing, die institusionele omgewing, die internasionale omgewing en die ekologiese omgewing. Hierdie aspekte omsluit alle veranderlikes waaroor die sisteem dikwels geen beheer kan uitoefen nie. Die wisselwerking tussen hierdie veranderlikes en die sisteem vorm een van die belangrikste uitgangspunte van die Sisteemteorie, naamlik die handhawing van homeostase. Elke sisteem het dus onderling 'n invloed op mekaar waarvan die makro-omgewing die minste deur die mikro-omgewing beïnvloed word en die mikro-omgewing die meeste deur die mark-omgewing beïnvloed word. Die mark-omgewing word deur beide die makro- en mikro-omgewing beïnvloed en verseker dus konstante deurvloei in die sisteem.

Daar is 'n aanduiding dat die totale omgewing meer dinamies en kompleks raak. Die veranderde kompleksiteit word deur Smit en Cronje (1997:87) ondersteun as hul noem: "*The extent of change refers to the degree of stability or instability of the environment, while the complexity of the environment depends on the number of variables in the environment*". Hierdie kompleksiteit het uiteraard 'n direkte invloed op die sisteem. Hudson (2000:215) verwys na die "*edge of chaos*". Vanuit hierdie raamwerk is 'n nuwe benadering binne algemene sisteemdenke ontwikkel, naamlik die sogenaamde "chaosteorie". Hierdie aspek word met groot omsigtigheid reeds in 1971 in Toffler se bekende werk "Future Shock" bespreek (1971:11) waar hy melding maak dat daar 'n toename in turbulensie in die omgewing plaasvind wat "chaos" impliseer. Hierdie turbulensie, soos die outeur dit noem, maak die omgewing onstabiel wat beplanning en strategie baie moeilik maak vir enige werksomgewing. Die implikasie sou wees dat praktyk 'n "adaptiewe-responsiewe" sisteem moet implimenteer wat insette met sukses binne die transformasieproses na uitsette kan

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

akkommodeer. Hudson (2000:215) ondersteun hierdie standpunt en noem dat die ontwikkeling van nie-liniêre terugvoer binne die sisteem die proses van homeostase feitlik onmoontlik maak.

- **Omgewingsobservasie**

'n Pro-aktiewe optrede vir omgewingsobservasie word van die praktisyn gevra. Hierdie aspek word deur Kast en Rosenzweig (1992:147) as "*environmental scanning*" aangegee. Die praktisyn sal die omgewing ondersoekend waarneem en enige veranderings met die nodige omsigtigheid beoordeel. 'n Voorbeeld hier sou die impak van tegnologie op die omgewing wees. In maatskaplike werk sal 'n sosiale ramp in die omgewing lank voor dit plaasvind reeds deur die wakker praktisyn geantisipeer word en sy praktyk daarvoor gerat gehou word. Hierdie waarnemingsproses word deur Toffler (1981) "*the third Wave*" genoem en soos volg bespreek: *"So profoundly revolutionary is this new civilization that it challenges all our old assumptions. Old ways of thinking, old formulas, dogmas and ideologies, no matter how cherished or how useful in the past, no longer fit the facts."*

Daar bestaan reeds 'n groeiende bewustheid in die besigheidsmilieu om sosiale neiging fyn dop te hou en besigheid dienooreenkomstig te skik. Die privaatpraktisyn sou binne praktyk dieselfde beginsel kon implimenteer ten einde die proses van omgewingsobservasie sinvol te gebruik. 'n Sinvolle wenk wat Kast en Rosenzweig (1992:149) aan die praktisyn oorlaat, is om op sosiale indikatore te reageer. Om op sosiale indikatore te reageer is byvoorbeeld om die werkloosheidsyfers en voorkoms van verkragting aan te spreek.

2.7 Evaluering van die toepaslikheid van die sisteemteorie binne maatskaplike werk

maatskaplike werkers is reeds die afgelope drie dekades aangetrek deur die gedagte van die "totale situasie" van hul kliënte. Hierdie "totale situasie" kan omskryf word as die "droom" waar alle interafhanklike komponente van die individu sinvol deur hulpverlening aangespreek kan word. Hierdie idee van totaliteit is reeds in 1937 deur Ada Sheffield (Von Bertalanffy, 1974:1098) geformuleer. Deur aan hierdie idee gestalte te gee, is die Sisteemteorie soos deur Ludwig von

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Bertalanffy uiteengesit, van toepassing gemaak binne maatskaplike werk. Von Bertalanffy (1974:1100) het die sisteem as "*a complex of components in mutual interaction*" omskryf.

Die volgende komponente van die sisteemteorie is in die besonder relevant en toepaslik binne die konteks van maatskaplike werk.

2.7.1 Bydraes deur verskillende perspektiewe en beroepsvelde

Die Sisteemteorie word gekenmerk deur 'n geïntegreerde perspektief waar verskillende velde, soos die sosiale teorieë vanuit die 19de eeu, die menslike ekologiese modelle, Inligtingsteorie en kibernetika soos deur Leighninger (1977) en Siporin (1980) saamgevoeg en omskryf word. Die populariteit van die Sisteemteorie in maatskaplike werk is verder deur bydraes uit gesinsosiologie, gemeenskapsontwikkeling en gesondheidsorg versterk.

2.7.2 Ontwikkeling en verandering binne die Sisteemteorie

Veranderings binne die Sisteemteorie, waar die klem val op die individu se vermoë om te onderhandel en veranderings aan die sosiale omgewing te maak, het in die tagtigerjare ontstaan (Germain & Siporin, 1987). Hierdie ontwikkeling en verandering binne die Sisteemteorie word egter deur Hudson (2000:215) vergelyk met "sosiale Darwinisme", waar hy noem dat, solank die bron van verandering as ekstern tot die individu gesien word, die beginsels van "*survival of the fittest*" geld.

Daar kan egter vanuit die literatuur tot die gevolgtrekking gekom word dat die Sisteemteorie ontwikkel en verander het sedert dit die eerste maal in maatskaplike werk geïmplimenteer is. Die voordeel hiervan word deur De Hoyos en Jensen (1995) uitgespel wanneer daar genoem word dat die Sisteemteorie die maatskaplikewerkprofessie 'n meta-teorie gegee het waarbinne alternatiewe tot die mediese wetenskapsmodel ontwikkel is. Die mediese model is uitgebrei na die kliënt se sosiale funksionering en sosiale omgewing. Die teorie het ook bygedra tot die denkskool waar herstel binne die disfunksionele individu of gemeenskap aangespreek word en nie veel klem gelê word op voortdurende verandering en groei binne die individu of gemeenskap nie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

2.7.3 Ekwilibrium in die sisteem

Een aspek sentraal tot die Sisteemteorie is die staat van ekwilibrium of homeostase wat belangrik is in elke sisteem. Hierdie staat van ekwilibrium of homeostase verwys na balans en word deur Hearn (1969:336) soos volg opgesom*: "After any disturbance, a system tends to re-establish a steady state, and a system can also establish another steady state if and when the disturbing external condition is prolonged".*

Vanuit hierdie oogpunt is die individu konstant in 'n proses waar daar na balans gestrewe word. Hierdie balans word egter voorgeskryf deur die omgewing en is nie deel van die inherente proses van die individu nie. 'n Voorbeeld is onder meer waar gesinsberading vir die weerbarstige kind juis wanbalans veroorsaak aangesien balans in die gesin nie noodwendig balans vir hierdie kind beteken nie.

2.7.4 Terugvoer in die sisteem

Terugvoer in die sisteem verwys na die proses waar funksionering binne die sisteem gemonitor word en die nodige aanpassings gemaak word ten einde die balans of homeostase in die sisteem te handhaaf. Die terugvoer word gekenmerk deur positiewe en negatiewe terugvoer. Positiewe terugvoer binne die Sisteemteorie impliseer nie noodwendig 'n regte of verkeerde gedragsmanifestasie nie maar impliseer *reaksie* op gedrag. Die voorbeeld van "ryker word ryker en armer word armer"-scenario kan in die geval as positiewe terugvoer beskou word. Sowel die "ryker word ryker"-voorbeeld en "armer word armer" voorbeeld is dus positiewe terugvoer – beide die "gedragsmanifestasies" het verandering tot gevolg – wat volgens die Sisteemteorie positiewe terugvoer impliseer. Binne negatiewe terugvoer in die Sisteemteorie word verwys na *stagnante* en *statiese* optrede, dit wil sê waar *geen* verandering plaasvind nie (Chetkow-Yanoov, 1992:37).

2.8 Samevatting

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Vanuit bogenoemde kan die afleiding dus gemaak word dat die Sisteemteorie as metateorie die teoretiese verwysingsraamwerk vir maatskaplikewerk privaatpraktyk kan bied wat nodig is. Veranderings en aanpassings binne die Sisteemteorie beïnvloed nie die teoretiese verwysingsraamwerk in so 'n mate dat konsepte, beginsels, prosesse en elemente binne 'n model vir privaatpraktykbestuur hierdeur beïnvloed sal word nie. Die omgewing se dinamiese onstabiliteit noodsaak verandering en aanpassing binne die konteks waarbinne maatskaplike werk na die privaatpraktyk kyk. Hierdie verandering sal 'n verandering moet wees waarbinne die dinamika van 'n tegnologiese eeu hanteer sal kan word. Hierdie verandering word soos volg deur Hudson (2000:215) omskryf: "... *(General systems theory) has brought the social work profession to the 'edge of chaos' in several important ways. Discouragement over discovering a truly integrative theoretical framework has perhaps precipitated many social workers to abandon theory in favour of the latest, most fashionable, and reimbursable techniques – a type of fragmentation and chaos we do not need*." Hierdie proses het egter ook tot gevolg dat teoretici nuwe ontluikende teorieë ondersoek - soos onder andere die chaosteorie – of "*complex systems theory*."

Binne 'n ontluikende werkveld waar die omgewing dinamies en die sisteem kompleks is, word na oplossings gesoek binne modelontwikkeling en wyses waarbinne metodologie binne navorsing gestalte kan kry. Die heel belangrikste aspek is dat die evolusie van 'n professie aanleiding gee tot vernuwing, kreatiwiteit en probleemoplossing.

Binne die bespreking van die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie kon daar tot die gevolgtrekking gekom word dat elke deel van 'n sisteem beïnvloed word deur elke ander deel en dat verskeie oorsake, maniere, oorwegings en redes 'n invloed mag uitoefen op die sukses al dan nie van 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk.

Belangrike aspekte wat die Sisteemteorie as verwysingsraamwerk vir die studie na vore bring, is onder meer dat die navorser die oorsaak-en-gevolg-verhouding binne sisteme as kompleks moet hanteer en dat veranderlikes se kompleksiteit nie voorspel kan word alvorens dit manifesteer nie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk laat ruimte dat veranderlikes vir elke privaat-praktisyn verskillende uitkomste mag impliseer en verskillende sisteme op verskillende wyses kan beïnvloed.

Die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk stipuleer ook dat grense binne sisteme troebel mag wees en nie voorspel kan word alvorens dit manifesteer nie.

Die bruikbaarheid van die Sisteemteorie sal binne die volgende hoofstukke aandag geniet wanneer alle aspekte van belang vir 'n nuut ontwikkelde model aan die kenmerke van die Sisteemteorie gemeet word.

Die ontwikkelingsproses vir 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur met klem op die plek van die sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk, asook die verdere verloop van die literatuurstudie met die aard en omvang van elke stap, kan soos volg in Figuur 2.3 uiteengesit word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 2.3: Die ontwikkelingsproses vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op die teoretiese verwysingsraamwerk

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 3

TOEPASLIKE KONSEPTE VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

Navorsingsvraag ter sprake vir hierdie hoofstuk: Wat is die mees toepaslike ***konsepte*** *vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur?*

3.1 Inleiding

In die navorsingsproses word bestaande kennis vanuit die literatuur in 'n teoretiese verwysingsraamwerk geplaas ten einde 'n duidelike beeld te vorm van die boustene waaruit die navorsing sal spruit. Hierdie teoretiese verwysingsraamwerk bied die basis waarop 'n model berus. In hierdie studie word die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk vir die ontwikkeling van 'n privaatpraktykmodel benut. Dit is in hoofstuk twee uiteengesit. Wat egter belangrik is in hierdie ontwikkelingsproses, is dat bestaande kennis vanuit die literatuur binne konteks geplaas sal word om dit toepaslik en relevant vir die navorsingskomponent van die studie te maak.

Konsepte wat belangrik is ten einde 'n struktuur vir die beplande privaatpraktykmodel te bied, sluit in:

- onderliggende waarde- en normsisteme;
- etiek; en
- bemagtiging.

Hierdie konsepte kan vir sowel maatskaplike werk as die ekonomie en bestuurswese, as primêre boustene binne die ontwikkeling van 'n model dien. Hierdeur word die studie binne 'n sogenaamde "teoreties gekombineerde model" geplaas wat kenmerkend van sowel maatskaplike werk as ekonomiese- en bestuurswese is en wat struktuur en rigting aan die studie bied. Ten einde verwarring te voorkom, sal beide aatskaplike werk en ekononomie en bestuurswese as

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

operasionele komponente binne die samestelling van 'n privaatpraktyk beskou word en sal daar telkemale slegs na die privaatpraktyk verwys word met die veronderstelling dat dit die komponente van maatskaplike werk en ekonomie en bestuurswese insluit.

Die toepaslikheid van 'n waarde- en normsisteem, etiek en die proses van bemagtiging in beide maatskaplike werk en ekonomie en bestuurswese, moet dus in hierdie studie beoordeel word en in verband gebring word met die beginsels van privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk.

3.2 Konseptualisering van die terme waarde- en normsisteem, etiek en bemagtiging

Alvorens die eerste primêre konsep, naamlik waarde- en normsisteem, in die onderskeie dissiplines toepaslik in hierdie studie ondersoek word, is dit nodig om hierdie term binne konteks te konseptualiseer.

'n ***Waardesisteem*** word deur die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:70) beskryf as 'n ***blywende*** oortuiging dat 'n bepaalde gedragswyse of bestaanseinddoel persoonlik of sosiaal verkieslik is. Hierop reageer Engelbrecht (1997:59) deur te noem dat waardes ook die ideale waarna gestreef word en waarin geglo word, omvat. Hierdie ideale behels voorkeure vir bepaalde optredes.

'n Verdere komponent van waardes word deur Payne (1991:4) benadruk deurdat hy daarop wys dat waardes beïnvloed word deur elemente vanuit die individu self en die omgewing of sisteem waarbinne hy funksioneer. So kan elemente van kultuur en geloof die waarde-oriëntasie van die individu beïnvloed. Die omskrywing van Compton en Galaway (1994:240) kan vir die doeleindes van hierdie studie as toepaslik beskou word. Hulle argumenteer dat waardes "onbewysde" voorveronderstellings of leerstellings is, wat 'n bepaalde professie of beroep begelei. Wat egter belangrik is, is dat waardes van die veronderstelling af uitgaan dat die individu binne die sisteem in staat is om keuses uit te oefen, deel te neem, self-gedetermineerd tot verandering is en individuele verskille in ander sisteme kan akkommodeer. Die normsisteem ontwikkel uit die veronderstelling dat 'n waarde-oriëntasie deur 'n totale sisteem aanvaar en geïmplementeer word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Aansluitend tot die konsep waarde- en normsisteem, staan die konsep ***etiek*** wat deur die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:40) omskryf word as beginsels, standaarde en verwagtings wat voortspruit uit aanvaarde waardes en norme en wat 'n maatskaplike werker se professionele handeling met of in die belang van 'n kliënt-sisteem bepaal. Hieruit kan afgelei word dat etiek die operasionalisering van professionele waardes impliseer. Engelbrecht (1997:59, 67) verwys simplisties na etiek as "waardes in aksie" wat gewoonlik deur middel van etiese kodes uiteengesit word. Net soos in die geval van waarde- en normsisteme, is daar ook veranderlikes wat die uitlewing van 'n stel etiese kodes beïnvloed. Hierdie veranderlikes word onder meer deur Wolfson (1999:269) beskryf as die teoretiese verwysingsraamwerk waaruit die individu werk en die praktykmodel wat hy volg. Verder het kultuur en geloof ook 'n invloed op die wyse waarop etiek deur die individu geïnterpreteer en uitgeleef word.

Die resultaat van 'n etiese kode vind gestalte in 'n proses van ***bemagtiging.*** Tydens bemagtiging ontvang 'n bepaalde sisteem persoonlike of kollektiewe mag om sodoende ekonomiese, sosiale of maatskaplike omstandighede te verbeter. Hepworth en Larsen in Potgieter (1998:216) brei op hierdie omskrywing uit deur te noem dat die "helper" die sisteem in staat stel om met die omgewing in interaksie te tree. Volgens hierdie beskrywing word die instaatstellingsproses verbind met aspekte van bevoegdheid, self-waarde, ondersteuningstelsels en geloof in die moontlikhede van individue en gemeenskapsisteme.

3.3 Rasionaal vir die seleksie van toepaslike konsepte

Die rasionaal vir die seleksie van hierdie drie toepaslike konsepte vir die studie is gevind met die bestudering van die teorie binne die beroepsrigtings genoem in die inleidende paragrawe. Hierdeur is bepaal waar die fokus binne hierdie twee beroepsrigtings gevind kan word. Die eerste fokusarea wat in beide beroepsrigtings as toepaslike konsep aandag geniet, is ***sosiale funksionering*** wat sy grondslag in ***waardes en etiek*** vind. (Vergelyk Potgieter, 1998; Hepworth, Rooney & Larsen, 1997; Smit & Cronje, 1997; Handy,1997.) Die tweede fokusarea wat ook in albei beroepsrigtings as toepaslike konsep aandag geniet, is die konsep van bemagtiging. In ekonomiese- en bestuurswese val die klem op ekonomiese bemagtiging terwyl die klem in maatskaplike werk op maatskaplike of

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

sosiale bemagtiging rus. Die feit bly staan, in beide beroepsrigtings word die ***proses van bemagtiging*** aangespeek, wat die insluiting as tersaaklike konsep regverdig.

Vervolgens sal elk van hierdie konsepte binne konteks van privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk bespreek word.

3.4 Waardes as fundamentele konsep vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk

Ten einde die totale omvang van waardes in privaatpraktykbestuur te ondersoek, word waardes as fundametele konsep in beide maatskaplike werk en ekonomie en bestuurswese geïntegreerd in hierdie afdeling aangebied. Aangesien die vertrekpunt vir die ontwikkeling van 'n praktykmodel binne die werksterrein van maatskaplike werk val, word kenmerke van 'n waardesisteem in maatskaplike werk as die grondslag vir 'n privaatpraktyk voorgehou. Bydraend hierby volg kenmerke van 'n waardesisteem vanuit die ekonomiese- en bestuurswese wat nie in die bestaande waardesisteem van maatskaplike werk gevind kan word nie. Die rasionaal daaragter is dat die inherente ingesteldheid by die diensprofessies om "van diens te wees" teenoor 'n ingesteldheid in die handelsprofessies van "vrye handelsbeginsels", dit nodig maak om 'n raamwerk te ontwikkel waarmee die navorser gemaklik is en wat op die waardes van die maatskaplikewerkberoep gebaseer is. Vanuit die literatuur is dit duidelik dat die ekonomiese- en bestuurswese gebruik maak van 'n inherente waarde-oriëntasie wat geskoei is op die kernwaardes van 'n sisteem waarbinne hy funksioneer. Dit wil dus voorkom asof die persoon binne die proses hom laat lei deur die samelewing se waarde-oriëntasie.

Hierdie ingesteldheid is egter nie toepaslik in maatskaplike werk nie aangesien Payne (1997:24) na maatskaplike werk as die normatiewe waghond van die samelewing verwys. Die maatskaplike werker word gesien as 'n *instrument* van die samelewing wat voorskrifte uitoefen ten einde die orde en die maatskaplike welsyn van die gemeenskap in stand te hou. Dit is egter belangrik om te oordeel wat die maatskaplike werker se kenmerkende waardesisteem is en hoe kulturele en geografiese grense wat stremmend op die waardesisteem inwerk, geakkommodeer kan word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

3.4.1 Aannames waarop 'n waardesisteem binne maatskaplikewerk privaatpraktyk rus

- Aanname 1 - maatskaplike werk word vanuit 'n mens- en lewensbeskouing beoefen waar dit te make het met die basiese uitgangspunte, norme en waardes van 'n samelewing. Hierdie rangorde van waardevoorkeure geskied en manifesteer verskillend by elke kultuur, en selfs by verskillende subkulture binne dieselfde samelewing.

- Aanname 2 - Die oorsprong van 'n maatskaplikewerkwaardesisteem spruit uit die waardesisteem van die samelewing. Uiteraard verskil elke samelewing in terme van geloof, politiek, kultuur en demografie. Spesifieke faktore wat in verskillende samelewingstrukture 'n invloed op die waardesisteem het, word deur Potgieter (1998:38) soos volg uiteengesit.
  - Die Judees-Christen kultuur en erfenis plaas 'n hoë premie op aspekte soos onder meer die individualiteit van die individu, uniekheid en die Goddelike doel van elke persoon op aarde. Die klem op spesiale voortreflikhede of deugde soos onder meer *liefde, omgee, respek* en "*belangstelling in ander*" word deur hierdie oriëntasie voorgehou. Hierdie aspek word later in die hoofstuk in konteks vir privaatpraktyk geplaas.
  - Die Humanistiese denkraamwerk fokus op die "ideale" siening dat die inherente menslike natuur op vertroue en gelykheid gebaseer is. Loewenberg en Dolgoff in Potgieter (1998:38) omskryf dit soos volg: "*Doing good is a purpose in itself and contributes towards a secular good society where the person himself or herself becomes the ultimate good.*"
  - Die Kapitalistiese etiek fokus op elke persoon se vermoë tot sekuriteit om vir homself te voorsien en verantwoordelikheid te aanvaar vir dié wat nie vir hulself kan voorsien nie deur van sy goedere te deel.
  - Die Kliniese pragmatis glo dat daar nie goed of kwaad is nie maar slegs optrede. "*There ain't no sins and there ain't no virtue, there is just stuff people do*" (Potgieter, 1998:38). Bogenoemde uitgangspunt is reeds deur Siporin (1980:66) uitgelig waar duidelik uitgespel word dat waardes en veral 'n waarde-oriëntasie soos hierbo genoem, verwys na eienskappe binne 'n individu. Waardes verwys na houdings en ingesteldhede vir die nastrewing van doelwitte ten einde basiese menslike behoeftes te vervul. Die basiese waarde-oriëntasie van die individu het steeds nie verander nie en word meer as vyftig jaar later steeds gevind in die behoefte tot bevrediging van basiese behoeftes.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- Aanname 3 - In meer resente werk noem Hepworth, *et al.* (1997:7) dat waardes in maatskaplike werk ook verwys na die reg van die individu tot die vervulling van sy basiese behoeftes. Hierdie standpunt word ook ondersteun deur Ife (2001:88) en Corey, Corey en Callanan (1998:7).

- Aanname 4 - Verskeie outeurs waaronder Ife (2001:104) en Abbott (2001:455) is van mening dat maatskaplike werk 'n kenmerkende waardesisteem ondersteun wat kulturele en geografiese grense oorskry. Abbott (2001:455) skryf onder meer: "*Values are often proclaimed as a major distinguishing characteristic of the social work profession, perhaps more important than its knowledge base or methodologies ... In moving towards a global understanding of the profession (social work), new values and/or new understandings of values can assist*" (Abbott, 2001:394).

- Aanname 5 - Vanuit die bestuurswese noem Smit en Cronje (1997:360) dat indien waardes bevraagteken word, dit wel deur die individu verander of aangepas word.

Vanuit bogenoemde aannames is dit duidelik dat die belangrikheid vir die bestudering van 'n waardesisteem in maatskaplike werk voor die hand liggend is. maatskaplike werk bemoei hom met die grondbeginsels van hulpverlening aan die mens in nood. Hierdie hulpverleningsproses is geskoei op 'n verhouding tussen werker en kliënt-sisteem. 'n Verhouding wat dus gerig moet wees op beter en gesonde maatskaplike funksionering. Hierdie stelling word deur Ife (2001:103) ondersteun waar hy verwys daarna dat naas etiek, 'n waardesisteem een van die enkele belangrikste boustene in maatskaplike werk is. Dieselfde outeur noem verder dat hierdie siening in wese nie verskil van enige ander professie nie, maar die feit dat maatskaplike werkers klem plaas op die fyn balans tussen waardes en etiek, en dat hierdie balans noodwendig 'n verskil in toepassing mag impliseer.

In navorsing wat deur Abbott (2001:456) onderneem is, bevestig sy dat daar 'n gemene deler in 'n waardesisteem in maatskaplike werk bestaan. Sy bied haar navorsingsresultate soos volg aan: "*This belief is consistent with the ease with which social workers interact at international*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

professional meetings and their willingness and commitment to undertake shared international projects. Although it can be construed that successful interaction and collaboration result from a common value base, to date that common base has not been substantiated."

Bond (1993) noem reeds vroeër, ondersteunend tot hierdie stelling, dat die beginsels van hulpverlening primêr en intensioneel gerig is op 'n hulpverleningsproses wat gebou word op 'n waardesisteem en praktykstandaarde wat gemeet kan word.

Ten einde te oordeel watter en hoe waardes toepaslik in privaatpraktyk sal wees, is dit nodig om na die soort waardes in maatskaplike werk te gaan kyk.

3.4.1.1 Soorte waardes binne maatskaplikewerk privaatpraktyk

Vanuit die definisie van waardes kan gesien word dat waardes rigtinggewend vir gedrag is en dat waardes ontwikkel vanuit persoonlike ervaring wat aangepas kan word ten einde nuwe uitdagings en geleenthede in 'n sisteem te skep.

Ten einde by hierdie nuwe uitdaging en geleenthede uit te kom, noem Johnson in Potgieter (1998:38) dat drie soorte waardes onderskei kan word, naamlik:

(i) Abstrakte waardes, wat maklik deur 'n sisteem aanvaar word. Dit sluit onder meer vryheid, waardigheid, verdienstelikheid en geregtigheid in.

(ii) Gedrewe waardes, wat doelgerig en aksiegerig is. Dit sluit onder meer waardes in soos die voor- of afkeur van aborsie op aanvraag, genadedood of lyfstraf.

(iii) Instrumentele waardes, wat fokus op 'n einddoel en die roetekaart voorstel vir gedrewe of abstrakte waardes. Dit is ook dikwels gerig op die innerlike oortuiging en krag van die individu.

Die rede hoekom daar 'n onderskeid getref word tussen verskillende soorte waardes, is die feit dat elke situasie of geleentheid in die sisteem vir 'n eiesoortige waarde-oordeel of waardesisteem vra. Hieroor sê Potgieter (1998:39): "*Value conflicts or dilemmas develop when we are exposed to different value systems which might seem contrary or in opposition to each other.*" Binne

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

maatskaplike werk word die vraag dikwels afgevra of 'n jong kind alleen oor haar seksualiteit kan oordeel, of 'n tienerma geleer moet word om na haar eie baba om te sien, en 'n geleentheid tot verdere studie of potensiaalontwikkeling dan ontbeer, of moet sy aangemoedig word om die keuse van aanneming te oorweeg. Etiese dilemmas soos dié vestig die aandag op die kernwaardes van maatskaplike werk en die uitlewing daarvan.

3.4.1.2 Kernwaardes van maatskaplike werk

Die vraag ontstaan by Payne (1997:112) hoe waardes en norme in 'n samelewing gekonstrueer word en tot watter mate dit dan binne die samelewing afdwingbaar is. Waardes word as 'n relatiewe veranderlike beskou. Die toepassing daarvan word beïnvloed deur die persepsie wat in die samelewing op daardie gegewe oomblik heers. Waardes is dus subjektief en veranderlik. Waardes is ook onlosmaaklik deel van die maatskaplike werker se eie persoonlike identiteit. Dit is dus krities dat daar 'n beter begrip ontwikkel vir die "verstaan van" hierdie waardes en die implikasies daarvan in maatskaplike werk. Hieroor skryf Asamoah, *et al.* (1997:394) die volgende: "*Values are often proclaimed as a major distinguishing characteristic of the social work profession*."

Die belangrikheid vir die konseptualisering van hierdie standpunt is daarin gesetel dat die maatskaplike werker homself moet kan identifiseer met 'n bepaalde stel waardes. Die vraag word dus gevra waar hierdie stel waardes vandaan kom en waaraan dit gemeet kan word. In teenstelling hiermee bestaan die mening dat wetenskaplik verantwoordbare maatskaplike werk ***waarde***vry behoort te wees. Hierdie stelling word deur Loewenberg en Dolgoff (1996:32) in perspektief geplaas wanneer dit duidelik gestel word dat maatskaplike werk klem behoort te plaas op die hulpverleningsproses wat waardevry toegepas moet word, maar dat dit binne die konteks van die waardestelsel van die betrokke kliëntsisteem moet geskied. Daar kan dus die afleiding gemaak word dat dit 'n besondere ingesteldheid en vaardigheid van die maatskaplike werker sal verg om hierdie sensitiewe en fyn skeidslyn gestand te doen. Die maatskaplike werker word dus die instrument om die wanbalans in die kliëntsisteem te herstel sonder om sy eie waardebasis as verwysingsraamwerk te gebruik.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die relatiwiteit van 'n waardestelsel word deur Barker (1991:221) beklemtoon wanneer hy noem dat waardes relatiewe betekenis in 'n gemeenskap besit. Sommige gemeenskappe sal vanuit die agtergrond van geskiedenis byvoorbeeld 'n ekonomiese betekenis aan waardes gee waar ander gemeenskappe weer vanuit die agtergrond van geskiedenis 'n kulturele betekenis aan waardes heg. Daar is reeds met die konseptualisering van waardes gesien dat 'n veelheid perspektiewe bestaan. So kan vanuit 'n geloofsperspektief (Westminster Dictionary for Christian Ethics, 1986:645) waardes soos volg omskryf word: "*'Value' is a modern term used to indicate what traditionally has gone by the name of 'good' or 'the good'*", terwyl die konseptualisering onder punt 3.2 die fokus op die blywende oortuiging wat persoonlik of sosiaal verkieslik is, plaas.

Die standpunt word soos volg ondersteun deur Hepworth en Larsen (1997:8) as hulle noem dat nie alle maatskaplike werkers alle waardes van die professie ondersteun nie – een van die waardes in maatskaplike werk is juis dat elke individu die vryheid van keuse sal hê om 'n eie stel waardes na te streef.

Die belangrikste enkele aspek waaroor nie gedebatteer word nie, handel oor die objektiwiteits-beginsel teenoor die subjektiwiteitsbeginsel van waardes, waar subjektiwiteit die ***gevoel*** en ***emosie*** wat die betrokke objek van waarde by die individu aanwakker, beklemtoon teenoor die objektiewe siening van ***belangrikheid*** wat 'n persoon aan 'n objek van waarde heg. Wat wel vir hierdie studie ter sake sal wees, is watter gevoelswaarde die privaatpraktisyn aan sy hulpverlening-saksie heg en óf daar in sy waardestelsel 'n dringendheid bestaan oor sy hulpverlenings-aksie. Dit sal dus belangrik wees om te bepaal of daar 'n objektiewe waarde-oordeel oor hulpverlening, of 'n subjektiewe waarde-oordeel, beleef word.

Dit is dus duidelik dat kernwaardes nodig is ten einde die waarde-oordeel in maatskaplike werk in perspektief te plaas. Hierdie kernwaardes sal vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk rigtinggewend wees ten einde sy eie optrede binne 'n objektiwiteits- of subjektiwiteitsbeginsel te plaas. 'n Toepaslike struktuur is deur Levy in Potgieter (1998:39) opgestel, wat hierdie kernwaardes in perspektief plaas.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Primêre waardes	Sekondêre/Instru-mentele waardes	Uiterste waardes
Waardes as 'n manier om na die mens te kyk. Hierdie waardes vind gestalte in: • Dienslewering, en • Integriteit as kernwaardes.	**Waardes as 'n manier om die mens te hanteer.** Hierdie waardes vind gestalte in: • Respek en eiewaarde van die individu; • Belangrikheid van menslike verhoudings, en • Bevoegdheid as kernwaardes.	**Waardes as die droom of ideaal vir die mens.** Hierdie waardes vind gestalte in: • Maatskaplike geregtigheid as kernwaarde.

Figuur 3.1: Kernwaardes van maatskaplike werk

Hierdie kernwaardes vind gestalte in beginsels wat in Hoofstuk vier bespreek sal word. Soos reeds genoem, bevind die maatskaplike werker in privaatpraktyk aan die een kant hom in 'n waarde-basis gesetel in maatskaplike werk en aan die ander kant bevind hy hom in 'n besigheidsoriëntasie. In die volgende paragraaf word beide oriëntasies ten opsigte van waardes binne die konteks van privaatpraktyk beredeneer ten einde tot 'n slotsom te kan kom van wat in maatskaplike-werkprivaatpraktyk van toepassing sal wees.

3.4.2 'n Waardebasis binne die konteks van privaatpraktyk

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Indien vanuit 'n waardebasis as vertrekpunt geargumenteer word, word die vraag gevra of maatskaplikewerk privaatpraktyk na aanleiding van die bogenoemde argumente wel beskou kan word as die suiwer beoefening van maatskaplike werk. Verskeie debatte met betrekking tot hierdie argument is reeds gevoer (Gambrill & Pruger, 1999; Wakefield in Gambrill & Pruger, 1999; en Wolfson, 1999).

Die volgende twee argumente word as belangrik genoeg geag ten einde bespreking in hierdie studie te vra.

- Bestaan die moontlikheid dat privaatpraktyk die kliëntsisteemprofiel in ’n gemeenskap kan verander en dus die klem vanaf die tradisionele werksveld in maatskaplike werk, na ’n nuwe veld verskuif waar die behoefte, dienslewering en hulpverleningstrategie verskil van dit wat tradisioneel in die grense van die maatskaplikewerkberoep gesien word? Hier word die "middelklas-argument" en die "fooi-argument" bespreek.

- Bestaan die moontlikheid dat vaardighede in maatskaplikewerk privaatpraktyk verskil van vaardighede wat benodig word in die tradisionele model van maatskaplikewerkhulpverlening? Hier word "opleiding" en "beroepsgrense" as argument geopper.

Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:223) noem dat beide argumente gewig dra. Hy beklemtoon die feit dat die missie en waarde van maatskaplike werk as kern in enige argument moet staan en dat daar twyfel bestaan oor die versoenbaarheid tussen waardes in maatskaplike werk en besigheidswaardes in privaatpraktyk. Hierdie skrywer beskou die kernwaardes van besigheid dus in teenstelling met die kernwaardes van maatskaplike werk.

Vervolgens sal daar na die eerste argument of "middelklas"-argument in privaatpraktyk gekyk word.

3.4.2.1 Die "middelklas" argument teen privaatpraktyk

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:224) argumenteer dat die kliëntsisteem wat by 'n privaatpraktyk vir hulp aanmeld, dikwels binne die sosio-ekonomiese "middelklas" gegroepeer word. Hierdie kliëntsisteem beskik dus oor genoegsame fondse om vir sy eie dienste te betaal, hetsy deur middel van 'n ondersteuningsfonds of uit eie finansiële bronne. Die etiese argument raak dus die kwessie aan waar die groot groep kliëntsisteem wat wel hulp nodig het, maar in die laer inkomstegroep ressorteer, en dus nie vir hierdie dienste kan betaal nie, uitgesluit word van hulpverlening. Hierdie standpunt word verder gekompliseer wanneer geargumenteer word dat dit dus ook beteken dat die kurrikulum vir opleiding in maatskaplike werk tekort skiet en die primêre doel of missie in maatskaplike werk, naamlik om aan alle lede in 'n gemeenskap 'n vangnet vir maatskaplike hulpverlening daar te stel, verlore raak, aldus Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:224).

Die primêre missie van maatskaplike werk word soos volg deur Hepworth en Larsen (1997:4) omskryf as "*… to enhance human wellbeing and help meet basic human needs, with particular attention to the needs of vulnerable, oppressed, and poor people".* Die missie in maatskaplike werk kan ook geïnterpreteer word as die daarstelling van gelyke geleenthede aan elke individu om ten minste 'n deel van die hulpbronne, voorsien deur die gemeenskap, vir goeie maatskaplike funksionering te kan ontvang. Hierdie standpunt word soos volg deur Wakefield in Gambrill en Purger (1999:226) beskryf: "

> *… (They) imply that it is unfair for any person to be deprived of a minimally decent level of basic resources, which in the case of economic resources is known as the 'poverty line'. Given that social work's task is to alleviate distributive injustice, and given the additional and common assumption that economic resources are the only kind of resources that are unjustly distributed, it would follow that social workers should treat only economically deprived clients."*

Die teenargument wat aangevoer word deur Richey in Gambrill en Pruger (1999:230) impliseer dat geen substantiewe bewyse bestaan dat hulpverlening en maatskaplike probleme slegs by laer sosio-ekonomiese groepe voorkom nie, maar dat maatskaplike hulpverlening ook by die middelklas en hoër ekonomiese groepe nodig is. Privaatpraktyk verminder dus die druk van staatstrukture en

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

nie-winsgewende sisteme deur ’n vangnet te bied vir ekonomiese groepe wat wel in staat is om te betaal vir hulpverleningsdienste.

In Suid-Afrika waar daar ’n noemenswaardige tekort bestaan aan formele welsynstrukture met maatskaplike werkers wat binne formele strukture nie alle individue van hulp kán bedien nie, bied die privaatpraktyk-alternatief 'n verligting aan werkdruk en gevallelading.

3.4.2.2 Die "fooi"argument teen privaatpraktyk

Hierdie argument word gebaseer op die voorveronderstelling dat maatskaplike werk dienste lewer as deel van elke landsburger se basiese regte waarop hy aanspraak het. Hierdie regte impliseer dat die dienste gratis deur die staat voorsien sal word. Hierdie standpunt ondersteun die aard van maatskaplike werk en is dus in lyn met dit waarmee maatskaplike werk hom bemoei. Wakefield in Gambill en Pruger (1999:189) ondersteun hierdie stelling deur te noem dat elke landsburger toegang tot maatskaplike dienste moet hê, ondanks die onvermoë om te betaal. In kommentaar gelewer deur Wolfson (1999:269) word verwys na die konflikterende waardes waarbinne die maatskaplike werk as hulpverleningsaksie hom bevind sodra die fooi-argument geopper word.

Die teenargument wat aangevoer kan word, is dat ten spyte van die feit dat hierdie dienste wel beskikbaar is en as ’n basiese reg van elke landsburger beskou behoort te word, mag individue wel versoek word om te betaal vir dienste indien "hulle dit kan bekostig". Hier kan die voorbeeld van mediese dienste gebruik word waar gratis mediese hulp aan persone sonder ’n inkomste gebied kan word, maar tariewe gehef word by dieselfde mediese instelling aan persone wat finansieël in staat is om te betaal.

Dieselfde reëling geld in die regsisteem waar regsadvies gratis aan die kliënt-sisteem van die staat gebied word, maar fooie gehef word by dié wat wel kan betaal. Hierdie komponent vorm deel van die funksionering van ’n gesonde staatstruktuur waar die individu verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie versorging en funksionering. Dit vorm ook deel van ’n vryemarkbeginsel in ’n vryemarkekonomie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die Suid-Afrikaanse konteks as teenargument

Werkloosheid word tans tussen 35% en 40% onder die Suid-Afrikaanse bevolking geraam (Statistiek Suid-Afrika: 2003). 'n Klimaat van werkskepping in alle beroepsvelde word bepleit ten einde die afwaartse spiraal waarbinne die ekonomie tans verkeer, teë te werk. Daar word geraam dat 50% van die Suid-Afrikaanse bevolking onder die sogenaamde "broodlyn" lewe, dit wil sê, huishoudings verdien minder as R1 800 per maand. (Statistiek Suid-Afrika, 2003; CIA-World Factbook, 2000). Suid-Afrika se werksmag bestaan 45% uit diensvelde - dit wil sê 'n werksmag wat binne owerheidsektor werksaam is. As die argument gestand gedoen word dat maatskaplike werkers opgelei word om diens te lewer aan 'n emosioneel en finansieel belemmerde gemeenskap - maar daar bestaan nie werkgeleenthede binne owerheidsektor wat maatskaplike werkers bo die broodlyn sal laat voortbestaan nie, verskuif die etiese vraagstuk weg van hierdie argument van fooi en koste-strukture na die instandhouding van die maatskaplikewerkberoep en oorlewing van 'n maatskaplike werker op finansiële gebied.

Die volgende aanhaling deur Logan in Lakin (1988:19) som die geleentheid tot finansiële oorlewing in maatskaplike werk soos volg op:

> "*The issue of money is quite complicated. There are many cases where the people need the help and they obviously can't afford it. At least they can't afford the kind of help they need. I think about my own financial situation and ask myself, "Should I really see this person for almost nothing?" I need to think when I first started out in this business that my real commitment should be to help people whether they could afford it or not. It sure complicates things for me about what to change when I know for sure the person just doesn't have the money to spare. Of course I get mad if I give more than I feel I should, and that surely is no good for the treatment situation. But I really feel it's not just my own 'neurotic problem'. For me, at least, it is a real ethical dilemma."*

Dikwels beleef die maatskaplike werker die konflikterende gedagte dat die oogmerk van hulpverlening dienslewering is, en die motief van hulpverlening wins is, wat dikwels soos Logan hierbo dit stel 'n persoonlike etiese dilemma veroorsaak.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Samevattend kan dus gesê word dat die diensmotief 'n basiese ingesteldheid is terwyl die winsmotief 'n gekose optrede deur die maatskaplike werker is.

3.4.2.3 Die "opleiding" argument teen privaatpraktyk

Opleidingsinstansies vir maatskaplike werk bemoei hulle met die basiese tegnieke, vaardighede en etiek van maatskaplike werk as professie. Praktykgerigte opleiding omsluit die aanleer van vaardighede wat die maatskaplike werker sal toerus om sy professie met uitnemendheid te beoefen. Hierdie argument word internasionaal aangevoer en word ondersteun deur Richey in Gambrill en Pruger (1999:231) as sy noem dat staatsondersteunde instellings - veral universiteite – 'n duidelike mandaat besit om maatskaplike werkers voor te berei vir die beoefening van maatskaplike werk as beroep in die owerheidsektor.

Teenargument: Dit is egter so dat die aanvraag na dienste binne die veld van maatskaplike werk verder uitkring as net die owerheidsektor, onder meer na privaatinstellings, onderwysinstellings, interdissiplinêre spanbenaderings en bestuurswese. Die toepassing van maatskaplike etiek, waardes en norme is dikwels aanvaarbaar en versoenbaar binne algemene beginsels van hierdie beroepe waar bestuur deur uitnemendheid en sosiale verantwoordelikheid in die bedryf as prioriteit gesien word en maatskaplike werk hieraan voldoen. Etiese besluitneming word as vertrekpunt in algemene bestuur beskou en word deur Kroon (1996:97) soos volg omskryf: "Etiese besluitneming moet die kernbeginsels vir die evaluering van eties en sosiaal verantwoor-delike besluitneming inkorporeer." Die afleiding word dus gemaak dat billikheid en regverdigheid, die regte van werkers, korrekte feite en gelyke geleenthede deel uitmaak van basiese waardes en dus ook tot die kern van maatskaplikewerkwaardes behoort. maatskaplike werkers word dus effektief opgelei om in hierdie beroepsvelde suksesvol te funksioneer.

3.4.2.4 Die "beroepsgrense"argument in privaatpraktyk

maatskaplike werkers in privaatpraktyk bied dikwels 'n algemene diens binne "geestesgesondheid" wat oor die maatskaplikewerk beroepsgrense heen beweeg. Hulpverlening in terapie, psigo-terapie en selfs hipnoterapie word dikwels as argument geopper wanneer aangevoer word dat die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

interpretasie van die grense in die maatskaplikewerkprofessie duideliker omlyn moet word. Deur weg te beweeg van die basiese hulpverlening aan die gemeenskap vervaag die primêre doel waar maatskaplike werk as verlengstuk vir hulpverlening aan die samelewing deur die staat beskou behoort te word. Hierdie argument word deur Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:228) soos volg ondersteun: "*In this case, the objectors are correct that private practitioners who serve a general mental health population are not doing social work as it is traditionally conceived*". Die argument bevraagteken nie die vermoë van die maatskaplike werker om wel hierdie taak uit te voer nie, maar wel wáár hierdie maatskaplike werker tuishoort binne professionele beroepsgrense. maatskaplikewerkopleiding gee dus aan die privaatpraktisyn die status en professionele affiliasie by 'n beroepsraad, maar die aard van die werk wat verrig word, verskuif die essensie van die hulpverlening na 'n soortgelyke hulpverleningsprofessie soos onder meer sielkunde.

Teenargument: Hulpverlening soos die missie van maatskaplike werk omskryf, omsluit die individu en sy sistemiese rol in sy gemeenskap. Die interpretasie van dit wat die belang van die gemeenskap dien en wat die taak en rol van die maatskaplike werker in die gemeenskap is, verander gereeld en verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Richey, soos aangehaal in Gambrill en Pruger (1999:231), noem in hierdie verband dat die maatskaplike werker ook buite die tradisionele model opgelei behoort te word om sodoende 'n aanvaarbare rol in die inter-dissiplinêre span te kan volstaan, en die gemeenskap in al sy fasette met betrekking tot hulpverlening te dien.

Ten slotte kan die afleiding gemaak word dat 'n suiwer diensmotief vanuit die waardesisteem en etiese uitlewing van die professie maatskaplike werk wel bestaan. Hierdie diensmotief staan sentraal as tema in elke hulpverleningsaksie en word deur die professie uitgedra as beginsel in dienslewering.

Ten einde die funksionering van privaatpraktyk en die beginsels van privaatpraktyk te verstaan, is dit nodig om ook die etiese aspekte van maatskaplikewerk privaatpraktyk te bespreek. Hierdie aspekte omsluit verskillende komponente van maatskaplikewerketiek en besigheidsetiek.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

3.5 Etiek as fundamentele konsep vir privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk

Alvorens daar na etiek in privaatpraktyk gekyk kan word, is dit nodig om die verband tussen waardes en etiek in oënskou te neem. Die verband tussen waardes en etiek in maatskaplike werk kan duidelik uit die kernwaardes soos voorheen in figuur 3.1 uiteengesit is, geïdentifiseer word met die onderlinge verband wat vanuit die kernwaardes na 'n stel beginsels vloei wat weer gestalte vind in etiese optrede.

3.5.1 Die verband tussen waardes en etiek binne die konteks van maatskaplike werk

Die toepassing van 'n stel waardes in 'n gemeenskap is nie net die maatskaplike werker se verantwoordelikheid nie, maar ook die gedeelde verantwoordelikheid van die gemeenskap. Hier noem Hepworth en Larsen (1997:10) die volgende ter ondersteuning: "*Society should foster conditions and provide opportunities for citizens to participate in the policy (values) determining processes of society*." Hierdie gedeelde waardes word tot uitvoer gebring in 'n etiese raamwerk wat 'n riglyn aan die maatskaplike werker bied waarbinne waardes binne die konteks van maatskaplike werk toegepas kan word.

Indien die konsep "etiek" binne die konteks van maatskaplike werk omskryf word, sal Barker (1991:77) se definisie as vertrekpunt gebruik word: "*Ethics ... a system of moral principles and perceptions about right versus wrong and the resulting philosophy of conduct that is practiced by an individual, group, profession, or culture*."

Binne die maatskaplikewerkkonteks in Suid-Afrika word maatskaplikewerketiek in die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:40) soos volg omskryf: "maatskaplikewerketiek … beginsels, standaarde en verwagtings wat voortspruit uit aanvaarde WAARDES en NORME en wat 'n maatskaplike werker se professionele handelinge met of in belang van 'n Kliënt-sisteem bepaal". Die fokus verskuif dus nou vanaf 'n waardesisteem tot die operasionalisering van die waardes. Verskeie benaderings bestaan oor hoe die prosesse van operasionalisering moet verloop en dit sal vervolgens bespreek word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

3.5.2 Benaderings in maatskaplikewerketiek

In meer resente werk noem Clark (2000) en Ife (2001) onder meer dat die aard van maatskaplike werk die akkommodering van etiek insluit. Die omvang bestaan dus uit etiese dilemmas, die hantering van etiese vraagstukke, konflikterende waardestelsels en morele besluite en oorwegings. Lewis soos aangehaal deur Mattison (2000:202) omskryf dit soos volg: "*Ethics refers to those rules of conduct that direct us to act in a manner consistent with the values we profess*". Vanuit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat verskeie standpunte of benaderings hieroor bestaan. Dit word soos volg deur Bond (1993:112) uiteengesit:

3.5.2.1 Die morele filosofie of teleologiese benadering

Hier word die vraag gevra: Wat is die maatskaplike werker veronderstel om te doen? Watter voordeel trek die maatskaplike werker vanuit sy betrokkenheid by die kliëntsisteem? Tot watter mate kan emosionele skade by beide partye beperk word en tot watter mate sal die kliëntsisteem se reg op eie keuse beskerm word? Die toepassing van hierdie etiese vrae binne die konteks van maatskaplikewerk privaatpraktyk is van kardinale belang. Hierdie benadering word deur Mattison (2000:204) uitgelig wanneer sy sê dat resultate van besluite direk in verband gebring kan word met die besluitnemingsproses. "*Decisions for action are made in relation to the consequences that may result*" (Mattison: 2000:204). Hier sluit Loewenberg en Dolgoff (1996:76) by haar aan en noem dat hierdie benadering voorkeur verleen aan 'n eindproduk. Dit wil sê, alvorens 'n besluit geneem word, moet die resultaat van die besluit geantisipeer kan word om sodoende die aanvanklike besluit te beïnvloed.

3.5.2.2 Die pligleer of deontologiese benadering

In die uitoefening van die maatskaplike werker se taak ontstaan die vraag wat hy kragtens die reg gemagtig is om te doen. Beide kliëntsisteem en maatskaplike werker word kragtens die reg tot gehoorsaamheid aan regstelsels onderwerp. Hierdie aspek beteken dat die maatskaplike werker sy dienste binne die grense van die reg moet lewer en dat elke moontlike stap geneem moet word ten einde te verseker dat die kliëntsisteem ook binne hierdie reg sal optree. Dit is verder belangrik

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

dat etiese besluite teen die agtergrond van die regsfilosofie geneem moet word, dit wil sê, 'n etiese besluit wat aan die "redelike man"-beginsel van die reg gemeet kan word. So 'n argument sou dus as 'n deontologiese benadering of binne die pligleer gekategoriseer kan word, aldus Mattison (2000:204). In die werk van Baier (1994) is die verband tussen etiek en die basiese regte van die mens of individu die sentrale tema. Dit sluit aan by die pligleerbenadering wat argumenteer dat daar 'n vasgestelde stel morele waardes bestaan wat die "reg" of "verkeerd" van 'n aksie dikteer. Hier noem Reamer (1998:101) dat die pligsleer, ongeag die gevolge van die aksie, gebruik word om te besluit wat reg of verkeerd is, of wat goed of sleg sal wees.

Hierdie beredeneringswyse word deur Ife (2001:104) ondersteun as hy noem dat die "reg van die individu/mens" wat aangespreek word deur regsfilosofie, as deel van die etiese beginsels in die beoefening van maatskaplike werk opgeneem behoort te word. Mattison (2000:204) gaan in die verband voort deur te argumenteer dat maatskaplike werk, weens toenemende klagtes van onetiese optrede, genoodsaak word om die regsfilosofie en pligleer binne maatskaplikewerketiek, en die etiese besluitnemingsprosesesse te akkommodeer. Bullis (1995:71) noem in die verband: "*Social workers become legally and ethically vulnerable when they are unaware of the legislated responsibilities to which they will be held responsible*." Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die toepassing van etiek in maatskaplike werk ook vanuit 'n pligleerbenadering gehanteer kan word, sodat 'n gestruktureerde proses in etiese besluitneming gestel kan word, en beskerming aan die maatskaplike werker ten opsigte van etiese besluitneming gebied kan word.

3.5.3 Die kliënt-sisteem en etiek in privaatpraktyk

Volgens Reamer (1998) mag etiese besluitneming op 'n dag-tot-dag basis die maatskaplike werker in praktyk by tye kortwiek. Hierdie proses kom nie neer op 'n aksie sonder gevolge nie, maar kan beskou word as 'n diskrete proses wat logies en tegnies die kliënt se beste voordeel dien. Verskeie outeurs ondersteun hierdie stelling waaronder Lewis (1984), Abramson (1985) en Mattison (2000). Elkeen van hierdie skrywers stel 'n spesifieke proses voor waardeur etiese dilemmas sistematies ontleed kan word. Hierdie hulpmiddels poog om etiese besluitneming 'n rasionele proses te maak waar intuïsie en vooroordeel uitgeskakel sal word. Mattison (2000:206) se proses sal later in die hoofstuk voorgestel en bespreek word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Prognose is in hulpverlening baie belangrik, aangesien dit 'n direkte verband met resultate en doelwitbereiking het. In die daarstelling van 'n etiese kode moet die maatskaplike werker ook kan oordeel wat in die uitvoering van sy taak, koste en tyd produktief sal wees en wat die gevolg sal wees indien daar nie tyd aan 'n spesifieke probleem afgestaan word nie. Hierdie aspek is van besondere belang in privaatpraktyk aangesien die maatskaplike werker in privaatpraktyk koste en tyd teenoor diens moet opweeg ten einde finansieel lewensvatbaar te wees.

3.5.4 Etiese besluitneming in maatskaplikewerk privaatpraktyk

'n Verdere belangrike aspek binne die konseptualisering van etiek, is die besluitnemingsproses wat geskied sodra die maatskaplike werker gekonfronteer word met 'n etiese probleem. maatskaplikewerketiek, moet nie verwar word met bevoegdheid of vaardigheid in die toepassing van beginsels in die hulpverleningsaksie nie, maar moet beskou word as die bloudruk vir optrede en grense waarbinne die professie homself bevind. Hierdie standpunt word deur Begelman in Wolfson (1999:265) gehuldig wanneer hy sê: "*There is no necessary relationship between ethics and effectiveness in any treatment procedure. Effectiveness cannot be the sole criterion of whether the procedure is ethical. Neither do I believe that unethical procedures must inevitably be ineffective in alleviating behavioral problems*". Dit word verder ondersteun deur Wolfson (1999:269) as sy sê dat 'n etiese prosedure nie noodwendig altyd effektief ten opsigte van hulpverlening is nie, maar steeds getrou aan etiek moet wees. Dit is egter ook belangrik dat etiek nie binne maatskaplike werk as sekondêr ná tegniese vaardigheid beskou behoort te word nie, maar inverweefd met elke aspek van hulpverlening geag behoort te word. In die historiese werk van Alfred Kadushin (1959:76) is hierdie standpunt ondersteun deur te noem dat: "*Ethics is a concurrent, not a secondary consideration in social work practice. It is another consideration, guided by other criteria and principles*". Etiese optrede kan dus nie in verband gebring word met effektiewe dienslewering nie, maar word volgens Mattison (2000:203) steeds geskoei op 'n diskressionêre persoonlike oordeel van die maatskaplike werker wat vervleg is in die maatskaplike werker se optrede tydens dienslewering.

Riglyne vir etiese besluitneming word, soos vroeër genoem, deur verskeie outeurs voorgestel. Die raamwerk, soos uiteengesit deur Mattison (2000:206), stel 'n ontledingsproses voor wat 'n

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

maatskaplike werker kan volg wanneer 'n etiese besluit geneem moet word. Hierdie ontledingsproses word deur Mattison 'n etiese assessering genoem. Vir die doeleindes van hierdie studie is die proses aangepas om ook die komponent van privaatpraktyk te akkommodeer en dit word soos volg in Figuur 3.2 uiteengesit:



Figuur 3.2 'n Aangepaste raamwerk vir etiese besluitneming uit Mattison (2000:206).

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die totale assesseringsproses word oorskadu deur aspekte vanuit die omgewing tesame met die besluitnemer (maatskaplike werker) wat ook vanuit 'n persoonlike waarde-oriëntasie na etiese besluitneming kyk. Dit is dus belangrik om etiese grense aan die maatskaplike werker te stel wat hierdie besluitnemingsproses sal vergemaklik.

3.5.5 Etiese grense binne maatskaplikewerk privaatpraktyk

Wanneer daar na maatskaplike werk as sulks gekyk word is dit belangrik om die vraag te vra of professionele optrede in maatskaplike werk vanselfsprekend is. Die debat rondom die sanksionering van optrede deur 'n maatskaplike werker word dus geopper.

In die verband noem Payne (1997:112) dat mag en outoriteit wat verleen word aan die Maatskaplike werker gesien moet word as deel van die aard van die maatskaplikewerkprofessie en nie as deel van die aksie van maatskaplike werk nie.

Die professionele beroepspersoon maak aanspraak op die feit dat 'n spesifieke beroep komponente bevat wat dit outentiek, individueel en onvermydelik in die gemeenskap maak. Dit is egter belangrik dat 'n gemeenskap morele erkenning aan 'n professie moet gee. Professionele optrede impliseer meer as net die aanspraak op vaardigheid en kennis. Dit impliseer ook 'n element van altruïsme, empatie en opregtheid. Hierdie kenmerke word deur Davies in Payne (1997:169) soos volg omskryf: "*The true professional is not someone who is cool, detached, careerminded and disinterested, but is the worker who can display friendliness … understanding and warmth of a manner which convinces the client of her active interest in and concern for the client's plights*". Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die verband tussen die aard van maatskaplike werk en die aksie in maatskaplike werk twee verskillende aspekte is en die nodige onderskeiding in die konseptualisering moet geniet.

Uit bogenoemde kan ook die afleiding gemaak word dat die basiese vertrekpunt in die Maatskaplikewerkprofessie die *mens* is. Hiernaas hou maatskaplike werk in gedagte dat die mens bepaalde behoeftes het wat in die sisteem bevredig word of nie. Die klem is dus nie op die probleem nie, maar die *mens met* die probleem.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Dit sluit nou aan by die waardestelsel in maatskaplike werk, waar die maatskaplike werker in privaatpraktyk dus sy eie waarde-oordeel moet ontleed en homself kan distansieer van optrede of gedrag wat sy waarde-oordeel verwerp. Riglyne vir etiese aanvaarbare optrede kan volgens Mattison (2000:205) nie gesien word as 'n logiese of wetenskaplike proses wat gevolg kan word nie, maar wat gesetel is in individuele optrede wat spruit uit 'n bepaalde individuele waarde-sisteem.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat:

- maatskaplike werk as hulpverleningsaksie 'n waardestelsel uniek aan elke gemeenskap en individu ondersteun en in die proses erkenning en respek vanuit ander professies sal vra;
- maatskaplike werk deel is van 'n groter beweging in die gemeenskap ten einde orde, balans en struktuur te bewerkstellig;
- maatskaplike werk onlosmakend deel van die gewete en waardes van die samelewing is; en
- 'n diensmotief as deel van die aard van maatskaplike werk gesien behoort te word.

Hierdie gevolgtrekking beteken dat die maatskaplikewerk hulpverleningsaksie binne 'n stel etiese kodes die welstand van die mens in nood verbeter en in die proses die behoeftes van die gemeenskap op maatskaplike vlak sal aanspreek. Hierdie aspek word deur Abbott (2001:459) omskryf as 'n historiese en kenmerkende eienskap van maatskaplike werk met die hulpverlenings-aksie se fokus op sowel individuele welstand binne die sosiale konteks as die welstand van die samelewing en gemeenskap. Fundamenteel hiertoe is die aandag aan die omgewing, bydraes tot die aanspreek van samelewingskwessies en probleme wat maatskaplike funksionering beïnvloed. Uiteraard spreek hierdie stelling tot die ontwikkeling van 'n werkbare missie of waardesisteem wat dan gestalte sal kry in 'n etiese beginsel.

Dit is belangrik dat die norme en die etiese beginsels wat uit waardes vloei, binne konteks van die mens se ervaringsveld gesien moet word. Hierdie uitgangspunt wat reeds aangespreek is in Figuur 3.1, kan soos volg in Tabel 3.1 uiteengesit word:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 3.1: Etiese beginsels wat voortvloei uit kernwaardes

Kernwaarde	**Etiese beginsel**
Dienslewering	*Die maatskaplike werker se primêre doel is om die persoon in nood te help en om sy sosiale probleem aan te spreek.*
maatskaplike geregtigheid	*maatskaplike werker spoor geregtigheid aan.*
Respek en eiewaarde van die individu	*maatskaplike werk respekteer die inherente waarde van die individu.*
Konstateer die belangrikheid van menslike verhoudings.	*maatskaplike werk erken die sentrale belangrikheid van menslike verhoudings.*
Integriteit	*maatskaplike werk tree te alle tye met integriteit op.*
Bevoegdheid	*maatskaplikewerkpraktyk tree binne die grense van bevoegdheid op, ontwikkel en bou vaardighede te alle tye uit.*

Uit bogenoemde tabel kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die basiese waardes soos dit bekend is in maatskaplike werk, 'n vertrekpunt bied vir die daarstelling van 'n etiese kode. Wat egter belangrik is om te onthou in die opstel van 'n etiese kode vir maatskaplike werk is dat hierdie basiese waardes die ware refleksie van die beroep weerspieël en ruimte laat vir omgewingsverandering. Hierdie komponente moet egter binne konteks van maatskaplikewerk privaatpraktyk geplaas word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

3.5.6 'n Etiese kode voortspruitend uit die bestaande *maatskaplikewerketiek-* en waardesisteem vir privaatpraktyk

Alvorens die belangrikheid van 'n etiese kode in privaatpraktyk bespreek sal word, is dit nodig om na die bestaande etiese kode soos tans deur die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, aan geregistreerde maatskaplike werkers voorgeskryf word, te kyk. Elke geregistreerde maatskaplike werker word deur die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe van hierdie etiese kode as deel van die registrasieproses, voorsien. Met amptelike registrasie neem elke maatskaplike werker die verantwoordelikheid tot instandhouding van die etiese kode aan en stel hom aan vervolging bloot indien hy nie die reëls en regulasies soos in die etiese kode uiteengesit is, nakom nie. Die Etiese kodes soos deur die Raad op Maatskaplike Diensberoepe (South African Council for Social Services Professions: 2003) voorgeskryf in die algemene kennisgewing 292 van 1986 soos vervat in die Staatskoerant no 10205 op 25 April 1986 is soos volg:

Ethical code for Social Workers

Issued as General Notice 292 of 1986 in the Government Gazette No 10205 of 25 April 1986.

General Approach

The general approach in this code of ethics (course of conduct) is based on the ethics that every human being has a unique value and potential, irrespective of origin, ethnicity, sex, age, beliefs, socio-economic and legal status. Each individual has the right to the fulfillment of his/her innate and acquired skills;

- the social service practitioner has a responsibility to devote his/her professional knowledge and skills scientifically for the benefit of each individual, group, community and mankind;

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- the social service practitioner has a primary obligation to render service professionally;

- the social worker shall recognise and take into account his/her personal and professional limitations.

Conduct that concerns the profession

Conduct that concerns the social service professions shall mean, inter alia, for a practitioner to:

- scientifically evaluate and support the profession in order to enhance and raise the dignity and integrity of the profession;
- challenge unacceptable practices and uphold those that are acceptable;
- protect the profession from unfounded criticism which could bring it into disrepute;
- remain actively involved with the formulation, development, determination and implementation of professional policy.

Conduct that concerns a client

Conduct that concerns a client shall mean, inter alia, for a social service practitioner to:

- recognise the uniqueness of each client;
- maintain a professional relationship with the client;
- acknowledge the right to self-determination of the client;
- take into account the client's rights, preferences and objectives when structuring service-rendering, even in the absence of the client; strive towards the client's optimal use of his/her abilities;
- respect the client's right to decide whether or not to co-operate with the social service practitioner and maintain the client's right to confidentiality;
- not refuse service-rendering to a client irrespective of whether or not the client is in a position to pay the fees for such services; inform the client of and prepare him/her of any decision regarding the termination of service-rendering.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Conduct that concerns a colleague or another professional person

Conduct that concerns a colleague or another professional person shall mean, inter alia, for a social service practitioner to:

- respect and honor the training and service-rendering of colleagues and other professional persons;
- respect the trust that exists between colleagues;
- resolve criticism of and differences between colleagues in terms of the authority structure of the employer(s);
- protect and defend colleagues against unfair criticism;
- promote opportunities for the exchange of knowledge and experience between colleagues and other professional persons.

Conduct that concerns an employer

Conduct that concerns an employer shall mean, inter alia, for a social service practitioner to:

- acknowledge and honour his/her employer's authority as far as it is compatible with this course of conduct.

Conduct that concerns a social service institution

Conduct that concerns a social service institution shall mean, inter alia, for a social service practitioner to co-operate with those social work institutions whose policies, procedures and operations are directed towards adequate service-rendering and encouragement of professional practices consistent with this course of conduct.

Conduct that concerns the community

Conduct that concerns the community shall mean, inter alia, for a social service practitioner to enhance and promote service-rendering to the community under all circumstances by utilising and developing resources in the community; have the responsibility to be aware of, initiate, develop and change social policy consistent with professional practices.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vanuit hierdie etiese kode kan gesien word dat maatskaplike werk in ’n diverse gemeenskap funksioneer, waarbinne die konteks van begrippe dikwels uit agtergrond, geskiedenis en historisiteit spruit. Dit kan dan aanvaar word dat dit baie moeilik is om na aanleiding van hierdie agtergrond, geskiedenis en historisiteit wat in ’n bepaalde gemeenskap bestaan, ’n stel etiese kodes vas te lê waarbinne maatskaplike werk homself kan rig. Die vraag kan ook gevra word of die bestaande waardesisteem vir maatskaplike werk in Suid-Afrika nie óók spruit uit agtergrond, geskiedenis en historisiteit nie.

Dit het ook duidelik uit vorige paragrawe geblyk dat ’n waarde- en normsisteem en etiese kode met mekaar verband hou. Die problematiek hiervan volgens Walz en Ritchie (2000:213) is dat maatskaplike werk ’n komponent bevat waar veranderlikes soos agtergrond, geskiedenis en historisiteit ’n besliste inslag in die bestaande etiese kode vind. Ten spyte van historisiteit beweer hierdie skrywers dat bestaande etiese kodes ’n beperking plaas op die insluiting van tegnologiese en wetenskaplike verandering in die omgewing en dat hersiening van etiese kodes moet geskied soos die omgewing deur verandering geraak word. Daar word verder ook nie in bestaande etiese kodes ruimte gelaat vir kulturele diversiteit nie en min begrip bestaan vir die integrering van maatskaplike welsyn en maatskaplike aksie.

Die implementering van ’n etiese kode in maatskaplike werk geskied ook binne ’n verwysings-raamwerk waarbinne die maatskaplike werker homself moet kan tuisvind. So word daar byvoorbeeld ’n onderskeid getref tussen wat aanvaarbaar is in 'n Westerse siening rondom etiek en byvoorbeeld ’n Oosterse siening van etiek waar geloof in beide ’n beslissende rol in die daarstelling van etiese kodes speel. Hierdie stelling word ondersteun deur Waltz en Ritchie (2000:214) wanneer hulle noem dat geloof en kultuur dikwels as raamwerk gebruik word binne die grondbeginsels van maatskaplike werk in ’n bepaalde samelewing en ook in die proses die etiese kode dikteer.

Die bestaande etiese kode wat onder meer vir maatskaplike werkers in organisasieverband en maatskaplike werkers in privaatpraktyk as riglyn voorgehou word, is voortspruitend vanuit ’n Judees-Christelike perspektief wat weer voortspruit uit die beginsel dat aanvaarbare optrede in die gemeenskap gemeet word aan die reëls wat deur die spesifieke gemeenskap neergelê word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Hierdie stelling word ondersteun deur Waltz en Richie (2000:215) wanneer hulle verwys na maatskaplikewerketiek wat voortspruit uit morele imperatiewe soos onbevooroordeeldheid, aanvaarding, vertroulikheid, individualiteit, respek vir kollegas en lojaliteit teenoor die sisteem.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat ’n etiese kode met inbegrip van die gemeenskap waarbinne die maatskaplike werker funksioneer, neergelê moet word. Hierdie etiese kode moet die kulturele diversiteit, parameters sowel as denkraamwerk vir maatskaplikewerk privaatpraktyk kan aanspreek. Die etiese kode wat dus van toepassing sal wees vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk sal binne die denkraamwerk van privaatpraktyk geïmplimenteer word, terwyl die etiese kode van toepassing op die maatskaplike werker in 'n welsynsorganisasie-verband die besondere behoeftes van die bepaalde sisteem sal omskryf. Dit sou ’n wesenlike fout wees om ’n etiese kode voor te skryf en van die veronderstelling uit te gaan dat hierdie kode toepaslik is, en van toepassing sal wees op alle vlakke van maatskaplike werk. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat ’n goue draad vanaf etiek na professie na beroepskategorie moet loop ten einde getrou te bly aan die primêre doelstelling van maatskaplike werk.

Alvorens ’n etiese kode vir maatskaplikewerk privaatpraktyk voorgestel kan word, sou komponente van besigheidsetiek ook binne die konteks van etiek aangespreek moet word.

3.5.7 ’n Etiese kode voortspruitend uit bestaande *besigheidsetiek* vir privaatpraktyk in maatskaplike werk

Die uitgangspunt binne die implementering van etiek in die sakewêreld kan gevind word uit vrae soos wat reg, regverdig, verkeerd of onbillik is in die uitvoering van vryemarkbeginsels. Hierdie stel etiese kodes of waardes gee aan die sakewêreld ’n riglyn vir besluitneming. Die vaardigheid van die persoon wat dit toepas, staan sentraal. Hierdie stelling word deur Kroon (1996:92) ondersteun wanneer hy noem dat etiek die toepassing van suiwer teorie, beginsels en begrippe van formele etiek in die wêreld van doelwitte en prestasie behels. Daar kan egter nie meer ’n duidelike onderskeid getref word nie tussen die meer algemene bestuursetiek wat van toepassing is in die bestuur van ekonomie teenoor besigheidsetiek waar die kompleksiteit van unieke rolverdelings en betrokkenheid van individue van groot belang is.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

In die Westminster Dictionary of Christian Ethics ondersteun Gunnemann (1986:68) hierdie stelling soos volg: "*The critical role of management in the large institutions of modern society, private or public, capitalist or socialist, has blurred the line between a strictly business ethics and a more general management ethics*."

Binne die kontekstualisering van besigheidsetiek word daar in die werke van Weber (1930) die volgende kritiese raakpunte aangaande besigheidsetiek en geloof gemaak. In "*The Protestant Ethic and the Spirit of Capitalism"* – 1930 en in "*Religion and the Rise of Capitalism*" (Tawney:1926) word geargumenteer dat die Protestantse leerstellinge nie ruimte laat vir 'n winsbejag nie. Daar word in die besonder na Johannes Calvyn se werk verwys waar vraagstukke hanteer word soos onder meer om jou roeping ten opsigte van dienslewering na te streef en winsbejag en finansiële vertoon - wat dui op morele verval - te verwerp.

In die Westminster Dictionary for Christian Ethics (1986:68) word hierdie aspek ook aangeraak in 'n bespreking oor besigheidsetiek waar die skrywers soos volg daarop reageer: "*Weber called (this tention) this worldly 'asceticism' and that yielded, unintentionally, a propensity to save - thus to accumulate capital as well as to prize rational calculation in business*." Die heel belangrikste aspek wat aangeraak word is dat daar 'n verband tussen hierdie konsep van wins en diens bestaan en reeds so vroeg as 1926 in sosiologiese werke omskryf is (Tawney:1926).

Kapitalisme in 'n nuwe era sal steeds verander en steeds dinamies bly, met 'n besliste verskil van die streng fundamentele beginsels van hoe hierdie konsep in sy vroeë ontwikkeling gelyk het. Hierdie fundamentele beginsels van kapitalisme word in vroeëre werke deur Nordskog (1960:220) omskryf as 'n teorie wat rus op individuele verantwoordelikheid en individuele inisiatief waar eienaarskap 'n basiese voorvereiste was. Wat egter vir hierdie studie van belang is, is die opmerking deur Carlton in Nordskog (1960:220) dat die winsmotief in kapitalisme fundamenteel mag wees, maar dat daar 'n integrale behoefte bestaan na mag, prestige en "*wish of worth*" - ook 'n behoefte aan erkenning en die soeke na 'n "*humane activity*" waar demokrasie in 'n gemeenskap sal beteken dat welvaart aan die wat bereid is om hard te werk, beskikbaar sal wees. Die strewe bestaan na 'n beter en meer suksesvolle lewe as 'n vorige generasie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Soos in die geval van maatskaplike werk, is dit nodig om vas te stel vanuit watter benadering besigheidsetiek aangespreek kan word.

3.5.8 Verskillende benaderings in besigheidsetiek

Daar kan 'n onderskeid getref word tussen besigheidsetiek en algemene etiese beginsels in 'n ekonomie. Die rede hiervoor kan gevind word in die omvattende rolle en verantwoordelikhede wat in "besigheid" gevind word. Hier noem Parrinder in die Westminster Dictionary of Christian Ethics (1986:68) dat daar 'n wesenlike verskil is tussen ekonomie en besigheid en dit gevind kan word in die feit dat besigheid komponente van aandeelhouding, bestuur, entrepreneurskap, werknemers en werk het. Hierdie komponente kan elk in sy eie reg as morele agent in die ekonomie gesien word.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie komponente 'n "menslike" komponent inbring, waarmee rekening gehou moet word in die ekonomie. Uiteraard het verskillende benaderings ontwikkel waarbinne hierdie ontwikkelende besigheidsetiek verklaar kan word. Voortspruitend uit Tabel 3.1 omskryf Kroon (1996:93) vyf verskillende benaderings in besigheidsetiek wat gevolg kan word ten einde die "menslike" komponent in die ekonomie tuis te bring.

3.5.8.1 Die gouereël-benadering

In die **gouereël-benadering** sal optrede toegelaat word solank die individu se optrede in lyn is met hoe hy graag hanteer wil word. Hierdie benadering vra egter individuele aanpassings en is feitlik "doelgemaak" vir elke individu. Interpretasie van hierdie reël verskil van persoon tot persoon en bied geen werkbare implimentering vir alternatiewe in die besluitnemingsproses nie.

3.5.8.2 Die Utilitêre benadering

Die **utilitêre benadering** fokus op die beginsel dat die besluit of benadering demokraties sal geskied met 'n keuse van optrede na gelang van die hoeveelheid mense wat bevoordeel kan word

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

binne die organisasie of besluit. Uiteraard sal persoonlike gedrag dus die gevolge van ’n besluit bepaal.

3.5.8.3 Die deontologiese benadering

Die **deontologiese benadering** word deur De George soos aangehaal deur De Klerk in Kroon (1998:94) omskryf as die basis vir ’n moreel geregverdigde besluit wat in die bedoelings van die persoon wat die besluit neem, gesoek moet word. Konsekwente optrede is hier van belang wat beteken dat dieselfde besluit in soortgelyke omstandighede geneem sal word.

3.5.8.4 Persoonlike vryheid

In die benadering van **persoonlike vryheid** staan aspekte soos respek en die beskerming van die basiese regte van die individu sentraal. Besluite wat geneem moet word, word gebaseer op die respek vir en beskerming van die basiese regte van die individu. De Klerk in Kroon (1998:94) noem dat basiese regte vryheid van spraak, gewete en assosiasie behels.

3.5.8.5 Die regverdigheidsteorie

In die **regverdigheidsteorie** word morele standaarde aan die enkele norm naamlik geregtigheid, gemeet. Instellings of wette wat die persoonlike vryheid van die individu aantas word deur hierdie teorie verwerp. Hierdie teorie ondersteun ook volgens Kroon (1998:94) die eweredige verspreiding van welvaart naamlik "almal moet meewerk om ’n beter verspreiding van welvaart te verseker".

Uit bogenoemde kan tot die volgende gevolgtrekking gekom word:

- Dat winsmaksimering en kosteminimering in verband gebring word met voordeel en getal;
- Dat individuele regte, sosiale verantwoordelikheid en geregtigheid ook in die besigheids-wêreld aangespreek moet word en ’n benadering vra wat dit kan akkommodeer; en
- Dat die utilitêre benadering deur die meeste sakepersone toegepas word, aangesien dit fokus op die winsmotief.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Dit wil vanuit die bogenoemde literatuur voorkom asof geen van hierdie benaderings tot etiek wat in beide maatskaplike werk en ekonomiese- en bestuurswese gevind word, mekaar weerspreek nie. Alvorens daar egter tot 'n geïntegreerde etiese kode gevorder kan word sou dit wenslik wees om die komponente van besigheidsetiek deeglik te bestudeer.

3.5.9 Komponente van besigheidsetiek

3.5.9.1 Etiese relatiwiteit as komponent van besigheidsetiek

Soos vroeër genoem help etiek in die sakewêreld die besluitnemingsproses. Dit is ook belangrik om aan etiese relatiwiteit in hierdie verduideliking van etiek ruimte te bied. In die sakewêreld bestaan daar nie algemeen aanvaarbare reëls nie. Kroon (1996:93) noem dat die korrekte besluit in sekere gevalle afhanklik is van wie die besluitnemer is en wie deur die besluit geraak word. Wat aanvaarbaar in een situasie is, sal totaal onaanvaarbaar wees in 'n volgende. Hierdie verskille in sienswyse kan vergelyk word met die diversiteit van 'n gemeenskap en verskil na aanleiding van die reëls en norme wat op 'n gegewe tyd in die gemeenskap geld.

3.5.9.2 'n Besigheidsideologie as komponent van besigheidsetiek

Dit is vir die doeleindes van hierdie studie onmoontlik om een enkele dominante besigheids-ideologie te omskryf. Die bedryf word deur Kast en Rosenzweig (1992:37) as 'n samelewing gesien, gekenmerk deur etiese pluralisme, wat onder meer beteken dat elke samelewing sy eie unieke stel etiese riglyne in stand hou en dat etiese optrede graadverskille impliseer. Vir sommige aspekte in 'n sisteem sal een stel waardes met 'n etiese kode vir optrede geld, terwyl 'n ander aspek, 'n ander stel waardes met 'n ander etiese kode vir optrede geld. So het die kapitalistiese etiek reeds van die vroegste tye af die winsmotief binne ekonomiese aktiwiteite goedgekeur met verskillende etiese kodes vir verskillende ekonomiese aktiwiteite. So kan een persoon wins verdien uit geweldsport soos boks terwyl dit oneties is om seks te verkoop vir wins. Die heersende waarde en normesisteem bepaal dus ook die etiese riglyne in die besigheidswêreld.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat individue dikwels vasgevang word in die konflikterende waardesisteme en veranderende norme in 'n samelewing.

Die eerste besigheidsideologie word vanuit 'n kapitalistiese invalshoek bestudeer.

- **Kapitalistiese filosofie as besigheidsideologie**

'n Belangrike uitgangspunt in die bestudering van kapitalisme word deur Handy (1997:59) geopper wanneer hy sê dat kapitalisme 'n filosifie is wat ontwikkel het om die middel tot 'n doel te word, maar nie noodwendig die middelpunt van lewe behoort te wees nie. Hy herdefinieer dus kapitalisme in die opsig dat "geld" as die middel tot 'n veel groter doel beskou moet word en nie die einddoel moet wees nie. Dit word reeds in 1930 soos volg deur Keynes in Handy (1997:88) voorspel: "*We are being afflicted with a new disease of which some readers may not yet have heard the name" … "it is a liberating not a defining creed, money as the means but not the end".* Hierdie stelling impliseer dus dat kapitalisme slegs die meganisme is - 'n meganisme wat nie noodwendig 'n oplossing bied nie, maar 'n suggestie vir optrede aan die individu laat.

Binne die konteks van kapitalisme kan die klassieke werk van Adam Smith, vir die eerste maal gepubliseer in 1776 met die titel "An Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations", (Smith:1957) beskou word as die geboorte van die kapitalistiese etiek. Smith redeneer dat die individu op ekonomiese terrein sy talente en hulpbronne só kan inspan dat hierdie individu van die grootste moontlike voordeel uit die ooreenkoms verseker sal wees. Hieruit kan afgelei word dat Smith die beginsels van 'n laissez-faire ekonomie uiteengesit het en een van sy bekendste uitsprake was: *"that government governs best which governs least",* aldus De Klerk (1994:109). 'n Verdere belangrike beginsel wat uit sy werk beslag gekry het, is dat daar 'n sogenaamde ekonomiese paradoks kan ontwikkel waar niemand vir 'n totaal onbruikbare kommoditeit sal betaal nie. Nuttigheid is 'n voorwaarde vir ruil. Die graad van nuttigheid bepaal egter nie die prys nie, maar die produksiekoste onder die druk van mededinging.

In die werke van Baumol (2003) word verder gegaan as hierdie winsmotief in kapitalisme ook gekoppel word aan produktiewe en onproduktiewe optrede in vryemark-omgewing waar

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

ekonomiese aktiwiteite winsbydraes verdeel of wins verminder. Adaman en Devine (2002:329) noem egter dat daar verder gegaan kan word as die definiëring wat Baumol (2003) aan etiek binne kapitalisme gee. Die skywers verwys na die maatskaplike implikasies van die vryemark-ekonomie en noem dit "*a value system that emphasises the importance for the quality of life of sustainability, viable local communities, social stability and considerations of equity …*"

Hierdie argument verwys na die twee sienswyses wat tussen die Calvinistiese of Protestantse etiek en die Judees-Christelike etiek bestaan en die implikasies van beide op die ideologie wat in 'n vryemark gevolg word. 'n Verduideliking van hierdie twee rigtings word kortliks soos volg deur Kast en Rosenzweig (1992:38) gegee.

Die Calvinistiese uitgangspunt was tussen 1620 en 1930 die dominante etiese stel waardes wat in besigheid en bestuur bestaan het. Sedert 1930 het die Judees-Christelike etiek , wat veel ouer en meer omvattend as Calvinisme is, posgevat. Die Calvinistiese etiek ondersteun die siening dat 'n laissez-faire en maksimum-wins-ideologie die basis van elke besigheid sal vorm. Klem word geplaas op effektiewe produktiwiteit en die rol van die besigheid of organisasie as voorsiener en verskaffer van dienste en goedere. Daarteenoor staan die Judees-Christelike etiek, waar 'n breër sosiale verantwoordelikheid beslag vind in die besigheidsetiek, waar die sosiale verantwoordelikheid nie net van toepassing is op die individu nie maar ook in die kultuur van die besigheid of organisasie beslag kry. Farmer soos aangehaal deur Kast en Rosenzweig (1992:38) verwys na hierdie teenstelling as 'n dilemma in die ontwikkeling van besigheidsetiek. Hy omskryf dit soos volg: "*The dilemma is that both groups are essentially correct. The Calvinist ethic is correct in economic terms, and this can be demonstrated historically. The Judeo-Christian ethic is correct in personal terms, and it requires little imagination to project the ethic to the national scene. But there is little economic content in this ethic".*

Hierdie siening word deur Kast en Rosenzweig (1992:39) beskryf as primêr die doel van 'n besigheid waar wins sentraal staan ten einde oorlewing en langtermyn belang te verseker.

Binne die konseptualisering van hierdie aspekte is dit ook noodsaaklik om die grense in die probleemstelling van hierdie studie te plaas. 'n Winsmotief as enigste oogmerk in 'n gegewe

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

besigheid negeer die omgewingskultuur. Die verhouding tussen omgewingsbestuur en wins staan sentraal tot oorlewing.

'n Onlosmakende verhouding tussen sosiale sowel as ekonomiese aspekte word deur die gemeenskap neergelê en uiteraard moet die privaatpraktyk hierop ag slaan. Daar kan dus 'n afleiding gemaak word dat 'n meer kontemporêre etiek toepaslik sal wees. Tabel 3.2 verduidelik die tradisionele kapitalistiese etiek teenoor 'n ontwikkelende kontemporêre etiek.

Tabel 3.2: Tradisionele kapitalistiese etiek teenoor 'n ontwikkelende kontemporêre etiek in besigheid

Tradisionele kapitalistiese etiek	Kontemporêre etiek
Protestantse etiek waar individualisme, eienaarsbelang en selfdeterminasie sentraal staan.	Die groei van sosiale etiek wat fokus op gemeenskapsbelang, groepsbelang en verantwoordelikheid. Sosio-kulturele invloede word uitgeoefen binne die welsyn van die individu.
Die uitbouing en groei van individuele selfbelang lei tot hoër vlakke van maatskaplike welvaart.	Noodsaaklikheid vir koöperatiewe sosiale gedrag.
Toenemende effektiwiteit deur middel van werkverdeling en spesialisering.	Erkenning van beperkings ten opsigte van spesialisering in terme van menspotensiaal.
Die besigheid as 'n ekonomiese eenheid.	Die besigheidsorganisasie word as sosio-ekonomiese instelling gesien.
Winsmaksimering as 'n enkele objek.	Wins as doel, met die voorbehoud van erkenning van sosiale doelstellings.
Totale klem op effektiewe en doeltreffende ekonomiese prestasie.	Klem op effektiwiteit, doeltreffendheid en deelnemersbevrediging.
Die besigheid gesien as 'n geslote sisteem.	Die besigheidsorganisasies as 'n oop sisteem binne 'n interaktiewe verhouding tot die omgewing.
Reaksie en optrede slegs op die mark en kompetisie gerig.	Reaksie en betrokkenheid by belange en sosiale groepe.
Laissez-faire houding teenoor statutêre optrede.	Erkenning van die rol van die staat in die bereiking van sosiale doelstellings.
Die mens beheer sy omgewing.	Interafhanklike verhouding met die omgewing.
Sterk lojaliteit teenoor ekonomiese groei al sou dit die eksploitering van bronne behels.	Erkenning van die beperkings van groei en beweging ten opsigte van bewaring van hulpbronne.
Ongekontroleerde gebruik van wetenskap en tegnologie.	Erkenning van beperkings ten opsigte van wetenskap en

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

	tegnologie, met die daarstelling van die teenwoordigheid van 'n "menslikheidsfaktor".
Die gemeenskap se verwagtings ten opsigte van besigheid beperk tot die produksie van goedere en dienste.	Die gemeenskap se verwagtings ten opsigte van lewenskwaliteit word geakkommodeer.
Besigheidsresultate word gemeet aan wins.	Besigheidsresultate word gemeet aan wins en maatskaplike indikatore.
Primêr gemoeid met nasionale markte en tendense met fokus op binnelandse kompetisie.	'n Toenemende internasionale perspektief met toetrede tot wêreldmarkte.

Uit bogenoemde tabel kan ons dus die veranderende denkpatroon vir die toetrede tot 'n oop en meer deurlaatbare sisteembenadering sien asook ruimte vir die ontwikkeling van 'n stel besigheidswaardes waarbinne sowel die individue as die gemeenskap kan deel. Wat egter steeds sentraal staan, is die belangrikheid van 'n klemverskuiwing in privaatpraktyk waar maatskaplike-werketiek en besigheidsetiek as twee verskillende komponente in een sisteem naamlik die privaatpraktyk geakkommodeer kan word.

Wanneer hierdie standpunte in verband met die diensmotief in maatskaplike werk gebring word, sou 'n vertrekpunt vir hierdie argument gevind kan word in die standpunt van Handy (1997:88) as hy noem dat elke individu 'n behoefte het aan erkenning - of 'n self waarop jy trots kan wees. Die outeur omskryf dit in populêre taal as "your hungry spirit."

Hierdie behoefte na selfbelang, selfvertroue of selfverantwoording kan nie net in monetêre terme gemeet word nie - selfs nie in die mees materialistiese uitgangspunte in die samelewing nie. Volgens Handy (1997:89) kan dit soos volg omskryf word: "… *has it that life is not about the satisfaction of needs, although that is inevitably part of it, but the chance to test oneself against all the challenges and so to prove oneself. Money will form a part of this type of self-interest, but only a part*." Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n nuwe omwenteling in kapitalisme plaasvind. 'n Balans tussen 'n winsmotief en diensmotief het ontwikkel en die vervulling van 'n emosionele behoefte om van meer waarde as slegs 'n monetêre stelsel te wees, bestaan.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

3.5.9.3 Wins as komponent van besigheidsetiek

Vanuit 'n ekonomiese perspektief stel De Klerk (1994:179) dit weer dat 'n onderneming sonder 'n diensmotief se kontinuïteit in gedrang kom en dat wins tot ondergang gedoem is.

Die diensmotief in die konteks van privaatpraktyk word beskou vanuit 'n ekonomiese perspektief en verwys na dienslewering in privaatpraktyk. Dus kan daar verwys word na 'n aanvaarbare diens ter bevrediging van behoeftes van die kliënt. Slaag die privaatpraktyk daarin om sodanige aanvaarbare diens of produk ter bevrediging van menslike behoeftes te kan lewer, is die privaatpraktyk op 'n vergoeding vir die gelewerde diens geregtig. Hierdie vergoeding is wins.

Daar bestaan volgens De Klerk (1994:179) egter 'n element van uitbuiting wat met die gebruik van die woord wins gepaard gaan en die woord "ondernemersloon" sou 'n meer aanvaarbare woordkeuse wees. Dit is egter belangrik om hierdie wins, hetsy per item of in totaal, verband te laat hou met die aard en graad van diens wat gelewer word, anders sou dit as uitbuiting beskou kan word.

De Klerk (1994:182) noem verder dat die persepsie van wins ook vanuit 'n rekeningkundige perspektief benader kan word. Sodoende word wins beter beskryf in die sogenaamde konsep van inkomste-optimum, of meting van doeltreffendheid.

Wins vanuit bogenoemde denkraamwerk beskik oor die volgende kenmerke en die volgende aannames, wat ook van toepassing in maatskaplikewerk privaatpraktyk is, word deur Roberts en Kynaston (2001:4555) gemaak:

- 'n Entiteit kan slegs 'n wins openbaar indien sodanige entiteit in die afsienbare toekoms 'n bedryfsbestaan kan bly voer.

- Inkomste en uitgawes word geag toe te val en teen mekaar opgeweeg te word. Dit vind plaas in soverre hulle onderlinge verwantskap in 'n spesifieke rekenpligtige tydperk redelikerwys bepaal kan word (die sogenaamde paringsbegrip).

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- Daar moet konsekwentheid in die rekenkundige behandeling van inkomsteberekening en erkenning in elke rekenkundige tydperk en van tydperk tot tydperk wees (konsekwentheidsbegrip).

- Inkomste word nie vooruit in berekening gebring nie, maar word slegs deur insluiting in die inkomstestaat erken wanneer dit in kontant gerealiseer is, of in 'n bate wat in 'n redelike kort tydperk met redelike sekerheid gerealiseer sal word. Daarby moet voorsiening gemaak word vir alle bekende aanspreeklikhede, ongeag of die bedrag met redelike sekerheid bepaal kan word al dan nie (die omsigtigheidsbegrip).

Die bedryfsrekenkundige perspektief rakende wins noem dat 'n sake-onderneming se wins 'n aanduiding is van die mate van sukses wat in die ekonomiese "behoeftebevredigingsproses" behaal is. Winsbepaling is volgens De Klerk (1994:183) enersyds die meting van die intensiteit van die behoeftebevrediging wat bereik is, en andersyds die meting van die offer wat gebring moes word om die bepaalde behoeftes te bevredig. Die meting of winsbepaling geskied in terme van geld wat gebruik word as gemeenskaplike rekeneenheid wat as waardemaatstaf moet dien. Die winsbegrip is dus aan die waardebegrip gekoppel deurdat wins gesien word as 'n waarde-oorskot.

Wins word beskou as 'n vermoënstoeneming, alhoewel nie elke vermoënstoeneming wins is nie. Die vermoënstoeneming is eers wins indien dit vir vertering of uitkering vatbaar is. Dit beteken dat die kapitaal wat in 'n onderneming belê is in reële terme ongeskonde gehou moet word.

Vanuit 'n maatskaplikewerkperspektief kan dus samevattend gesê word dat wins omskryf word as die resultaat van die wisselwerking van dienslewering tussen die maatskaplike werker wat sy dienste aanbied en die bevrediging van die behoeftes van die kliënt. Nominaal word dit bereken as die netto inkomste wat aan die eienaars toedeelbaar is en is die verskil tussen die waarde gegenereer en die waarde opgeoffer. Die gemete waarde opgeoffer sluit slegs daardie koste in wat ekonomies onvermybaar en tegnies noodsaaklik is.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die toepaslikheid van bogenoemde aspekte in privaatpraktyk word gevind in die feit dat privaatpraktyk die tradisionele grense van maatskaplike werk oorsteek en die grense binne die tradisionele ekonomiese en bestuurswese betree. Hierdie aannames kan die konsep, winsmotief vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk in perspektief plaas. Waar maatskaplike werk tradisioneel nie 'n kapitalistiese motief openbaar het nie, doen maatskaplikewerk privaatpraktyk dit wel, waar maatskaplikewerketiek geskoei is op die waardes in maatskaplike werk alleen, betree maatskaplikewerk privaatpraktyk ook die terrein van besigheidsetiek en die filosofiese debatte van kapitalisme. maatskaplikewerk-privaatpraktyk begewe hom dus in twee verskillende verwysingsraamwerke en moet in die proses 'n middeweg vind wat werkbaar sal wees in die praktyk. Hierdie proses kan skematies soos volg voorgestel word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com



Figuur 3.3: Die versoening van 'n diensmotief met 'n winsmotief binne maatskaplikewerk privaatpraktyk.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vanuit Figuur 3.3 is dit duidelik dat 'n kombinasie tussen wins en diens, waar wins kapitalisme impliseer, wel in hierdie konteks versoenbaar kan wees. Dit suggereer dus dat die maatskaplike werker steeds sy roeping kan uitleef ten spyte van die feit dat hy ook 'n winsmotief vir sy privaatpraktyk het.

Die dinamika van die struktuur kom egter in gevaar as 'n proses van bemagtiging nie vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk 'n rol speel nie. Die derde konsep eie aan 'n praktykmodel sal dus die proses van bemagtiging wees. 'n Kort teoretiese beskrywing van die proses van bemagtiging vir die konteks van hierdie studie sal hier bespreek word met 'n uitgebreide deel in hoofstuk ses waar die elemente van "die self" bespreek sal word.

3.6 Bemagtiging as fundamentele konsep vir privaatpraktyk in maatskaplike werk

Die rasionaal vir die insluiting van bemagtiging as fundamentele konsep in 'n model vir privaatpraktyk is reeds vroeër in die hoofstuk beskryf (punt 3.3). Ten einde die konsep te verhelder word die definisie van bemagtiging deur Potgieter (1998:216) weergegee: "Empowerment is a process of increasing personal, interpersonal and collective power which allows individuals, families, groups and communities to maximise their quality of life." Blanchard, Carlos en Randolph (1999) is dit eens dat 'n proses van bemagtiging die potensiaal van die individu ontsluit. In hierdie studie fokus die proses van bemagtiging dus op die maatskaplike werker in privaatpraktyk en word die proses van bemagtiging aangespreek binne die konteks van ***persoonlike*** bemagtiging van die ***maatskaplike werker*** in ***privaatpraktyk.***

Vanuit bogenoemde kan die navorser tot die gevolgtrekking kom dat bemagtiging 'n proses van *in staat-stelling* veronderstel. Die individu word in staat gestel om sy volle potensiaal te bereik, hetsy op persoonlike of professionele vlak. Bemagtiging as konsep word verder ook deur Potgieter (1998:120) omskryf as die *geloof in die moontlikheid van die individu waar opsies en alternatiewe vir hierdie individu beskikbaar gestel word.* Hy beskryf dit soos volg: "They can be assisted in getting access to resources and control over their own lives". Indien die proses van bemagting binne die konteks van die besigheidsidioom geplaas word, kan die beskrywing van Blanchard, *et*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

al. (1999:5) as toepaslik beskou word: "(Empowerment is) 'Cutting-edge technology' that provides both the strategic advantage, companies (privaatpraktyke-CHMB) are seeking and the opportunity people (maatskaplike werkers in privaatpraktyk-CHMB) are seeking". Hieruit is dit duidelik dat waar die operasionele prosesse van 'n privaatpraktyk bemagtig word, hierdie praktyke 'n strategiese voordeel het bo ander praktyke, terwyl die maatskaplike werker in privaatpraktyk wat bemagtig is, geleenthede het wat ander maatskaplike werkers in privaatpraktyk nie noodwendig sal hê nie. Die skrywers gaan verder en noem dat die werklike waarde van bemagtiging gevind kan word in die proses om kennis, ervaring en motivering wat reeds in die individu skuil, te ontlont. Hierdie ervaring, kennis en krag is dikwels onderbenut in elke individu en moet omgeskakel word in vaardighede sodat die individu sy volle potensiaal kan bereik.

Indien die proses van bemagtiging van toepassing gemaak word in maatskaplikewerk-privaatpraktyk, kan aangeneem word , soos reeds vroeër beskryf is, dat die fokus vir hierdie studie nie sal val op maatskaplike werk se handeling, bedrywigheid of metode nie, maar die bevordering van maatskaplike bestendigheid by die maatskaplike werker as privaatpraktisyn.

In die omskrywing van die konsep "bemagtiging" kan die volgende in die definiëring deur Betof en Harwood (1992:32) gevind word: "To feel empowered is to feel a sense of control, a sense that you have the power to affect the work you are doing. Rather than feeling helpless, as on the dependent end of a parent/child relationship, (social workers) who are empowered have a sense that they can exert control." Hieruit kan die afleiding dus gemaak word alhoewel die taak en werksveld van die maatskaplike werker die bemagtiging van die kliënt vra, is dit ook nodig dat die maatskaplike werker as persoon bemagtig moet word.

Volgens Betof en Harwood (1992) bemagtig organisasies dikwels hul werknemers. Wat egter vir die navorser duidelik hieruit blyk, is dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk nie hierdie proses van bemagtiging in organisasieverband kan beleef nie en dat bemagtiging dus vanuit 'n ander oord aan die maatskaplike werker in privaatpraktyk gebied moet word. Aangesien die maatskaplike werker in privaatpraktyk primêr vir homself verantwoordelik is, sou die navorser dus die afleiding kon maak dat die maatskaplike werker vir sy eie bemagtingsproses verantwoordelik is.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Alvorens na die proses van bemagting, en hoe dit toepaslik is in maatskaplikewerk privaatpraktyk, gekyk kan word, is dit nodig om na die basiese voorveronderstellings te gaan kyk waarop die bemagtigingsproses rus.

3.6.1 Aannames waarop bemagtiging rus

Die volgende voorveronderstellings volg uit die werk van Du Bois en Miley soos opgeneem in Potgieter (1998:216):

- Bemagtiging verg 'n klimaat wat fokus op die krag en emosionele bates van die individu;
- die kliënt-sisteem (privaatpraktisyn) is bevoeg genoeg en het genoeg innerlike kapasiteit om binne sy eie belang op te tree;
- hierdie bevoegdheid berus op aangeleerde lewensvaardighede wat die vermoë tot besluitneming en probleemoplossing omvat;
- veronderstel 'n verhouding waar gelyke vennote saam kan werk;
- bemagtiging vra bronne en die vermoë om hierdie bronne suksesvol te kan aanwend;
- bemagtiging is dinamies, beskik oor sinergie en kan as 'n evolusionêre proses gesien word;
- bemagtiging dra 'n komponent persoonlike beheer, invloedrykheid en 'n positiewe gemoedstoestand oor;
- bemagting vermy 'n magstryd, dit wil sê deur een sisteem te bemagtig impliseer dit nie die vermindering van mag by 'n ander nie; en
- bemagtiging benut die bemagtiger as 'n belangrike bron van kennis en ondersteuning.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat hierdie voorveronderstellings die basis lê waarop 'n proses van bemagtiging vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk onwikkel kan word. Daar is egter een verdere aspek wat volgens Sturgeon in Gray (1998:33) in gedagte gehou moet word alvorens die bemagtingingsproses gefasiliteer kan word, en dit is dat die doel van bemagtiging as fokusarea in die bemagtigingsproses moet uitstaan naamlik dat bemagtiging 'n proses is om onafhanklikheid te bewerkstellig. Hierdie doel kan volgens die outeur slegs realiseer indien die persoon bewus is van sy regte, oor 'n selfbewussyn beskik en oor geleenthede vir opleiding beskik. Hierdie aspekte

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

word deur Lee (1994:13) as komponente van bemagting beskou, en sal nou in diepte bespreek word.

3.6.2 Komponente van bemagtiging

Daar is volgens Lee (1994:13) drie interafhanklike komponente in die bemagtigingsproses wat teenwoordig moet wees indien 'n bemagtigingstrategie beplan word. Hierdie drie komponente is:

- Die ontwikkeling van kennis;
- die daarstelling van persoonlike grense ten opsigte van dit wat in en uit die sisteem beweeg; en
- die ontwikkeling van hulpbronne en strategieë ten einde gestelde doelwitte te bereik.

3.6.2.1 Kennis as komponent van bemagtiging in die maatskaplikewerk privaatpraktyk

Die komponent kennis impliseer om begrip te ontwikkel of bekend te wees met aspekte in maatskaplikewerk privaatpraktyk. In die bemagtigingsproses sou die ontwikkeling van begrip of die ontwikkeling van "bekendheid met" aspekte van privaatpraktyk voordelig wees aangesien dit die maatskaplike werker in privaatpraktyk in staat stel om die twee ander komponente naamlik die vasstelling van grense en die identifisering van hulpbronne optimaal te benut.

Kennis as komponent van bemagtiging impliseer veel meer as kundigheidsontwikkeling. Aspekte van belang binne die kennisbasis van die maatskaplike werker in privaatpraktyk omsluit onder meer kennis oor al die veranderlikes wat belangrik is in 'n model vir privaatpraktykbestuur en sluit onder meer in:

- Kennis van 'n verwysingsraamwerk waaruit hy na sy sisteem kyk, soos uiteengesit in Hoofstuk twee.
- Kennis rakende die maatskaplikewerkprofessie met fokus op die funksies, voordele, verantwoordelikhede en status daaraan verbonde. Hier is kennis ten opsigte van 'n waarde- en normsisteem, en etiek is baie belangrik. Vanuit hierdie kennisbasis moet die maatskaplike werker in privaatpraktyk sy eie strukture rondom hierdie aspekte in plek kry, wat sonder 'n

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

kennisbasis oor die fundamentele aspekte daaraan verbonde onmoontlik sou wees (soos uiteengesit in die eerste afdeling, punt 3.4 en 3.5 van hierdie hoofstuk).

- Kennis rakende die beginsels van maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur wat onder meer maatskaplikewerkbeginsels, besigheidsbeginsels en lewensbeginsels insluit (soos bespreek sal word in Hoofstuk vier).
- Kennis rakende die maatskaplikewerk privaatpraktyk prosesse wat fokus op die fundamentele strukture, hulpverleningsaksies en interafhanklike verhouding van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerk hulpverleningsprosesse, (soos bespreek sal word in Hoofstuk vyf);
- Kennis rondom die eksterne en interne elemente ter sake in maatskaplikewerk-privaatpraktykbestuur. Hierdie eksterne en interne elemente sluit onder meer selfkennis, emosionele intelligensie en kennis van die omgewing met al sy fasette in. Kennis oor die omgewing sluit verder ook agtergrondskennis oor die kliëntekorps in wat fokus op problematiek en persoonsdinamika (soos bespreek sal word in Hoofstuk ses).

Vanuit bogenoemde kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat kennis as komponent van bemagtiging nie net professionele kundigheid impliseer nie, maar 'n deeglike onderbou vra van alle aspekte wat belangrik geag word in die funksionering van 'n privaatpraktyk.

3.6.2.2 Die vasstelling van grense as komponent van bemagtiging

Sistemies gesproke is daar reeds in Hoofstuk twee na die belangrikheid van grense verwys. Vir die doeleindes van bemagtiging, sou dit vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk nodig wees om vas te stel waar grense in hierdie sisteem gestel moet word. Grense impliseer in privaatpraktyk dus sowel persoonlike as professionele grense. As die beskrywing van bemagtiging van toepassing gemaak word op persoonlike en professionele grense, sou aspekte soos die beheer en kontrole van hierdie grense nodig wees. Dit is dikwels noodsaaklik vir 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk om bemagtig te word ten opsigte van hoe hy sy rolvertolking beleef en wat van hom verwag word in hierdie rolle wat hy identifiseer. Kennis oor wie hy is en wat sy doel binne sy beroepslewe is, is dus deel van die vasstelling van persoonlike grense en professionele grense.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Insig in hoe en waar om grense te stel word in 'n bemagtigingsproses verpraktiseer deur die aanleer van lewensvaardighede, aldus Potgieter (1998:219).

3.6.2.3 Hulpbron- en strategie-ontwikkeling as komponent van bemagtiging

In Lee (1994:13) word die ontwikkeling van hulpbronne en strategieë ter doelwitbereiking as een van die vernaamste komponente in 'n bemagtingsproses beskou. Hier verwys die navorser na die vernaamste aspeke waaruit 'n model vir privaatpraktyk bestaan naamlik die toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente en gebruik dit as vertrekpunt ten einde hulpbronne en strategieë vir elk van die aspekte te identifiseer.

So moet maatskaplike werkers in privaatpraktyk bemagtig word om byvoorbeeld beginsels as komponent van 'n praktykmodel nie alleen te identifiseer nie, maar hulpbronne te ontwikkel wat die uitvoering en verpraktisering van beginsels sal vergemaklik. Verder behels die proses van bemagtiging die ontwikkeling van 'n strategie om die mees toepaslike prosesse vir byvoorbeeld 'n aannemingspraktyk te identifiseer. Hierdie bemagtigingsproses stel dus die maatskaplike werker in staat om letterlik beheer oor elke aspek van sy privaatpraktyk te neem en sodoende sy doelwit wat hy vir sy praktyk gestel het, te bereik.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die verloop van 'n bemagtigingsproses as konsep in 'n model vir privaatpraktyk in maatskaplike werk interverweef sal wees met elke ander komponent van die model.

3.7 Samevatting

Die konsepte wat in hierdie hoofstuk aangebied is, beklemtoon die holistiese en sistemiese aard van die studie. Die konsepte waarde- en normsisteem, etiek, en bemagtiging se toepaslikheid in 'n model vir privaatpraktyk kon deur die bespreking van toepaslike literatuur gemotiveer word. In hierdie hoofstuk het dit ook duidelik na vore gekom dat die konsepte wat bespreek is, as primêre boustene van maatskaplikewerk privaatpraktyk beskou kan word. In die volgende hoofstuk sal dus

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

nou op beginsels as belangrike komponent van 'n privaatpraktykmodel gefokus word. Ten einde die verloop van die literatuurstudie te illustreer word figuur 3.4 vervolgens gegee.



Figuur 3.4: Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op toepaslike konsepte

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 4

TOEPASLIKE BEGINSELS VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

*Navorsingsvraag ter sprake vir hierdie Hoofstuk: Wat is die mees toepaslike **beginsels** vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur?*

4.1 Inleiding

In Hoofstuk drie is die toepaslike konsepte, relevant vir privaatpraktykbestuur, in sowel maatskaplike werk as ekonomiese wetenskappe bespreek. Steeds deel van stap twee in modelontwikkeling kan 'n verdere veranderlike naamlik **beginsels** vir die daarstelling van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur bestudeer word.

Aangesien die teoretiese verwysingsraamwerk van die navorser 'n sistemiese beredenering vra, moet sowel die interne as eksterne omgewing in berekening gebring word wanneer die toepaslike beginsels geïdentifiseer word.

Interne beginsels sal dus verwys na die maatskaplike werker as persoon en die beginsels wat geld binne sy daaglikse funksionering. Hierdie stel beginsels word vir die doeleindes van die studie lewensbeginsels genoem.

Eksterne beginsels sal verwys na die beginsels wat die maatskaplike werker as professionele persoon aan die een kant en as besigheidspersoon aan die ander kant sal handhaaf. Die stel professionele beginsels sal binne die raamwerk van maatskaplikewerkbeginsels aangebied word en die ander stel beginsels as besigheidsbeginsels.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Gebaseer op die raamwerk vir basiese waardes en etiek, soos bespreek in Hoofstuk drie, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat maatskaplike werk hieruit 'n stel beginsels kan voorhou wat die toepassing van die basiese waardes en etiese optrede sal verteenwoordig.

In die werk van Friedlander (1958 en 1977) beskryf hy 'n stel basiese generiese beginsels vir maatskaplike werk wat steeds tersaaklik is, en die etiese optrede en waardebasis van maatskaplike werkers verteenwoordig. Hierdie uitgangspunt word in meer relevante werke van Compton en Galaway (1994) en Hepworth en Larsen (1993) inverweef as persoonlikheids- en karaktertrekke waaroor 'n maatskaplike werker moet beskik. In die Suid-Afrikaanse literatuur (Van Rooyen & Combrink, 1990; Lombard *et al.,* 1991; Engelbrecht, 1997; en Gray, 1998) word die klem ook op beginsels as 'n uitvloeisel van die waardestelsel van maatskaplike werk geplaas. Hierdie beginsels word dikwels afsonderlik gelys en maak nie deel uit van die waardes en etiese kodes van maatskaplike werk nie, maar as basiese beginsels wat 'n maatskaplike werker in stand moet hou in die uitvoering van sy taak.

Dit is vir hierdie studie van belang om te gaan kyk hoe lyk hierdie generiese beginsels en of dit wel verteenwoordigend van die geheel sal wees, indien die navorser dit wil insluit in 'n model vir privaatpraktykbestuur.

4.2 Generiese beginsels in maatskaplike werk

'n Beskrywing van wat generiese beginsels in maatskaplike werk beteken, word gevind in 'n definisie waar Eksteen in Lombard, *et al.* (1991:76) dit beskryf as "'n 'grondslag' , 'n 'oortuiging', 'n 'uitgangspunt' en 'n 'fundamentele waarheid' as basis vir beredenering". Dit blyk dus dat 'n beginsel 'n fundamentele basis en 'n filosofiese uitgangspunt vir die implementering van maatskaplike werk is. Hier argumenteer Ferrinho in Lombard, *et al.* (1991:76) dat hierdie filosofiese uitgangspunt die waarde wat maatskaplike werk verteenwoordig, kenmerk. Die kern van Friedlander (1958:2) se argument kan gevind word in die feit dat hy meen hierdie beginsels die vertrekpunt vir hulpverleningsprosesse aandui - dit wil sê 'n grondslag vir hulpverlening.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

'n Samevatting van die generiese beginsels in maatskaplike werk soos deur Friedlander (1958), Lombard, *et al.* (1991) en DiNitto en McNeece (1997) weergegee, word vervolgens gegee.

I. DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE OPTREDE EN HANDELSWYSE
• Korrekte optrede: Die maatskaplike werker se optrede spreek van hoë standaard en is in lyn met sy kapasiteit en identiteit as maatskaplike werker.
• Bevoegdheid en persoonlike ontwikkeling: Die maatskaplike werker is toegerus en op hoogte van praktykgerigte verandering deur persoonlike ontwikkeling as prioriteit te stel.
• Integriteit: Die maatskaplike werker tree op met die hoogste standaard van persoonlike integriteit.
• Navorsing: 'n Navorsingsgerigtheid bestaan by die maatskaplike werker ten einde die soeke na nuwe kennis en vaardighede te bevredig.
• Dienslewering: Dienslewering staan sentraal vir die maatskaplike werker in die uitvoering van sy taak.

II. DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ETIESE VERANTWOORDELIKHEID TEENOOR DIE KLIËNTEKORPS
• Respek vir die kliënt se belang: Die maatskaplike werker se primêre belang wentel om sy kliënt.
• Die reg tot selfbeskikking: Die maatskaplike werker sal toesien dat die reg tot selfbeskikking van elke kliënt voorrang geniet.
• Die vertroulikheidsbeginsel: Die maatskaplike werker respekteer die kliënt se reg op vertroulikheid en hanteer alle inligting vertroulik met die nodige professionalisme.
• Fooistrukture: Indien fooie vasgestel word, sal die maatskaplike werker seker maak dat hierdie fooie regverdig, billik, redelik en in lyn is met die diens wat gelewer word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

III. DIE ETIESE VERANTWOORDELIKHEID VAN MAATSKAPLIKE WERKER TEENOOR KOLLEGAS
• Respek, regverdigheid en hoflikheid: Die maatskaplike werker sal kollegas met die nodige respek, hoflikheid, regverdigheid en in goeie trou, behandel.
• Kollegas se kliëntekorps: Die maatskaplike werker het die verantwoordelikheid om die kliëntekorps van kollegas met sensitiewe oordeel te hanteer.

IV. DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ETIESE VERANTWOORDELIKHEID TEENOOR WERKGEWERS EN WERKGEWERORGANISASIES
• Die maatskaplike werker word verbind tot etiese optrede teenoor werkgewers en werkgewer-organisasies waar hy in diens is.

V. DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ETIESE VERANTWOORDELIKHEID TEENOOR DIE MAATSKAPLIKEWERKPROFESSIE
• Handhawing van die integriteit van die professie: Die maatskaplike werker sal die waardes, etiek, kennisbasis en missie van maatskaplike werk respekteer.
• Gemeenskapsdiens: Die maatskaplike werker sal behulpsaam wees in die taak om Maatskaplike hulpverleningsdienste beskikbaar te stel aan persone wat dit nodig mag hê.
• Die ontwikkeling van kennis: Die maatskaplike werker sal verantwoordelikheid neem vir die ontwikkeling en benutting van die kennisbasis van maatskaplike werk.

VI. DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ETIESE VERANTWOORDELIKHEID TEENOOR DIE GEMEENSKAP
• Bevordering van die algemene welsyn van die gemeenskap: Die maatskaplike werker sal die algemene welsyn van die breë gemeenskap deur middel van dienslewering bevorder.

Vanuit bogenoemde kan die afleiding dus gemaak word dat die beginsels wat in maatskaplike werk geld, verweef is met die etiese kodes soos voorgehou deur beroepsrade en statutêre liggame vir

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

maatskaplike werk regdeur die wêreld. Hierdie beginsels word deur Pike (1996) opgesom in vyf basiese beginsels naamlik:

- Inherente menswaardigheid aan elke individu;
- die gemeenskap se verantwoordelikheid teenoor die individu;
- wedersydse belang tussen individu en gemeenskap en tussen regte en verantwoordelikheid;
- selfbeskikkingsreg, en
- die geloof in menspotensiaal.

In Suid-Afrika het die toepassing van maatskaplikewerkbeginsels 'n groter gerigtheid na ontwikkelingswerk begin toon (RSA: Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997). Hierdie beginsels is voortvloeiend vanuit die generiese beginsels maar het 'n klemverskuiwing ten opsigte van die veranderende welsynstruktuur- en beleid en verdien spesiale vermelding.

4.3 maatskaplikewerkbeginsels van toepassing binne die Suid-Afrikaanse konteks

Vanuit vroeëre perspektiewe (Van Rooyen & Combrink, 1985:101-107) word die afleiding gemaak dat die beginsels van toepassing in maatskaplike werk geskoei is op die internasionale perspektief en tot 'n groot mate die dogma vir maatskaplikewerkopleiding in Westerse lande was. Volledigheidshalwe word hierdie tien beginsels slegs genoem:

- Agting vir menswaardigheid.
- Aanvaarding.
- Nie-veroordeling.
- Individualisering.
- Selfbeskikking en selfhulp.
- Geloof in die moontlikheid van mense.
- Ontmoeting van die individu op eie vlak.
- Vennootskap as beginsel.
- Vertroulikheid as beginsel.
- Beheersde emosionele betrokkenheid.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die beginsel van kennis wat bestaan uit selfkennis en vakkennis word ook deur dieselfde outeurs uitgelig as 'n belangrike konsep. Die navorser is van mening dat die ontwikkelingsperspektief wat tans binne die welsynstrukture van Suid-Afrika geld (RSA: Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997), 'n klemverskuiwing meegebring het met betrekking tot die generiese beginsels in maatskaplike werk. Die klem word na die bemagtigingsproses en ontwikkelingsgerigte werk in maatskaplike werk verskuif.

Die volgende ontwikkelingsgerigte beginsels, soos weergegee in RSA: Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) word volledigheidshalwe hier genoem. Hierdie beleidsbeginsels sal dus deurgevoer word na die individuele praktykbeginsels en maatskaplikewerkbeginsels soos dit binne die beroep geïmplementeer word.

- Maak voorsiening vir die daarstelling van basiese reg tot maatskaplike hulpverlening;
- Gelykheid van alle rasse in maatskaplike werk.
- Geen diskriminerende praktyke nie.
- 'n Demokrasie in maatskaplike werk.
- Die verbetering van kwaliteit van lewe.
- Mensgeoriënteerde beleidsformulering.
- Beleggings in menskapitaal.
- Volhoubaarheid.
- Vennootskappe.
- Samewerking.
- Desentralisasie van dienste.
- Kwaliteit dienslewering.
- Deursigtigheid en toerekeningsvatbaarheid.
- Toeganklikheid.
- Toepaslikheid.
- Die uitlewing van die ubuntu-beginsel.

Belangrike aspekte uit bogenoemde word deur Engelbrecht (1997:21) soos volg uitgelig: " … outeurs formuleer doelstellings wat ook beginsels impliseer vanuit 'n bepaalde perspektief …. Die perspektief wat tans geld in Suid-Afrika is gerig op ontwikkeling. Beginsels is dienooreenkomstig

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

geformuleer en moet so binne praktyk geïmplementeer word." Gray (1998:28) ondersteun hierdie stelling met die volgende: "*The White Paper for Social Welfare has advocated a range of development programmes aimed at addressing poverty. These include adequate social protection for vulnerable groups, food aid, competency-building, skills development and job-creation programmes.*" Uiteraard beïnvloed hierdie perspektief ook die implementering van beginsels binne die Suid-Afrikaanse konteks en het Engelbrecht (1997:22) die volgende beginsels komplimenterend en as uitbreiding tot die generiese beginsels bygevoeg:

- Die beginsel van bemagtiging waardeur individue, groepe of gemeenskappe, persoonlike of kollektiewe mag verkry om sodoende in staat gestel te word om hul lewensomstandighede deur daadwerklike optrede te verbeter;

- die beginsels van billikheid waardeur regverdigheid aangedui word binne die konteks van verkryging, besitting of verdeling van hulpbronne waar die vorige perspektiewe ongelyke toegang hiertoe geïmpliseer het; en

- die beginsels van gelykheid waarvolgens persone gelyke toegang tot maatskaplike werkdienste, hulpbronne en geleenthede sal hê deur daadwerklike regstellingsaksies, waar vroeëre perspektiewe ongelyke toegang impliseer het.

Hieruit kan die navorser die afleiding maak dat maatskaplikewerkbeginsels nie staties behoort te wees nie, maar moet kan aanpas by 'n veranderende omgewing en die behoeftes van die gemeenskap. Aspekte soos sosiale kwessies, wetgewing en ekonomie verander voortdurend en het dus uiteraard 'n invloed op die persoon in sy omgewing, en dus ook op beroepsbeginsels.

Die toepaslikheid van die beginsels van maatskaplike werk in maatskaplikewerk privaatpraktyk word gevind in die aard van die hulpverlening binne privaatpraktyk. Die aard van hulpverlening wyk nie as sulks in wese van hulpverlening in maatskaplike werk af nie en daar kan dus met redelike sekerheid gesê word dat die beginsels in maatskaplike werk ook in maatskaplikewerk privaatpraktyk, kan geld.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Dit wil vir die navorser voorkom asof die aangepaste beginsels tog voortvloeiend uit die generiese beginsels is en dat die idioom en ideologie waarbinne die aangepaste beginsels geformuleer is moontlik binne die konteks van tyd en ideologie verander het. Midgley (1981) het reeds meer as twee dekades gelede die geldigheid van universele beginsels bevraagteken en geargumenteer dat die agtergrond waarbinne maatskaplike werk in elke gemeenskap ontwikkel, as vertrekpunt vir die spesifieke gemeenskap se beginsels moet dien.

Hierdie argument word deur Yan (1992) ondersteun wanneer hy noem dat die sogenaamde Westerse sienswyse van individualisme, histories en kultureel gebonde is en byvoorbeeld nie van toepassing binne Oosterse kulture, waar sosialisme as politieke bestel geld, van toepassing is nie. Die oorsprong van die tans geldige beginsels vir maatskaplike werk in Suid-Afrika verdien dus bespreking.

4.4 Die ideologiese oorsprong van maatskaplikewerkbeginsels

Indien die argument van Yan (1992) soos in die vorige paragraaf genoem, as vertrekpunt gebruik word, kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat 'n sienswyse van individualisme, wat beginsels soos selfbeskikking, persoonlike bemagtiging, individualisme en selfhelp onderskryf, die argument of diskoers vir gesonde maatskaplike funksionering sou impliseer.

Die oorsprong van individualisme as basis vir die spesifieke beginsels in maatskaplike werk, word deur Lightman (1990:34) aan 'n Westerse kapitalisme gekoppel as hy die volgende noem: " *The achievements of the autonomous individual are understood in terms of self-realization, the gratification of one's needs and desires, the full "utilization" of one's distinct human capacities and are rooted in the structure of capitalist market relations".* Hierdie argument veronderstel dus dat die beginsels van 'n vryemarkstelsel baie dieper verweef is binne die kern van wat maatskaplike werk is. Die prosesse wat maatskaplike werk dus gebruik sal aan die prosesse van 'n vryemark getoets moet word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Voortvloeiend uit die beginsels vir maatskaplike werk, is daar ook 'n stel lewensbeginsels van krag binne elke gemeenskap en wat vir die doeleindes van hierdie studie bespreek sal word vir insluiting in 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk.

4.5 Lewensbeginsels binne die konteks van maatskaplikewerk privaatpraktyk

Lewensbeginsels is nie noodwendig geskoei op die waardes en etiek van 'n spesifieke beroep of professie nie, maar verteenwoordig die individu as deel van die sisteem soos omskryf in Hoofstuk twee.

Lewensbeginsels word beïnvloed deur aspekte soos politiek, geloof, kultuur en demografie en hou dus direk verband met 'n bepaalde ideologie as 'n basiese waardestelsel óf kode vir etiese optrede, alhoewel laasgenoemde wel lewensbeginsels positief of negatief mag beïnvloed.

Die diskoers rakende lewensbeginsels en ideologie in maatskaplike werk word deur Tsang en Yan (2002:436) beskryf as 'n humanistiese filosofie wat menslike gedrag en menslike omstandighede eerder akkommodeer as wat dit fokus op waardes en etiese optrede.

Vanuit bogenoemde konteks definieer Souflee (1993:318) 'n ideologie as "*an action-orientated, value-integrating and value-legitimizing force that solidifies the community and defines its meaning and, by extension, its purpose*". Vanweë die feit dat lewensbeginsels gefokus is op persoonlike belewenis van veranderlikes, sou dit relevant wees om 'n filosofiese raamwerk te kies wat sal pas binne die teoretiese verwysingsraam van die studie - naamlik die Sisteemteorie .

Die mees relevante filosofiese raamwerk vir die bestudering van lewensbeginsels sou dus hieruit voortvloeiend en binne 'n holistiese benadering moet geskied.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

4.5.1 Die toepassing van 'n holistiese lewensbeskouing binne die raamwerk van lewensbeginsels

Die filosofiese uitgangspunt van 'n holistiese lewensbeskouing berus op die beginsel dat die geheel meer as die som van die dele is. Hierdie benadering is deur Smuts (1926) ontwikkel wat konstateer dat die totale geintegreerde eenheid van die mens alle aspekte soos emosie, liggaam en denke insluit.

Die toepaslikheid van hierdie benadering in hierdie studie kan gevind word in die universele "verstaan van" of verklaring van menslike optrede. In aansluiting hierby, beklemtoon Crompton (1992:2) dat die maatskaplike werker na die kliënt as geheel moet kyk en dat die nodigheid vir hulpverlening of intervensie sistemies aangespreek moet word. Vanuit bogenoemde sal die beginsels van hierdie benadering dus berus op die "persoon-in-omgewing" benadering of "ekologies-sistemiese benadering".

Hier konstateer Engelbrecht (1997:102) dat die beginsels van die ekologies-sistemiese benadering gevind kan word in die perspektief wat die omgewingsverband waarin mense funksioneer, die transaksies of verhoudinge wat mense aangaan, en die aanpassingsvermoë en toereikende passing van mense, ondersoek.

Die basiese beginsels van die holistiese benadering word deur Allport in Meyer, *et al.* (1988:328) saamgevat as:

- Die mens is 'n oop sisteem en funksioneer in konstante interaksie met sy fisiese en sosiale omgewing.
- Menslike gedrag word nie uitsluitlik bepaal deur omgewingstimuli- en behoeftes nie, maar reageer asof deel van die omgewing.
- Menslike gedrag word net so ook nie uitsluitlik bepaal deur 'n persoon se drifte óf sy verlede nie.
- Die individu se gedrag word volgens die holistiese benadering beïnvloed deur sy toekomstige planne, doelwitte en verwagting.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Elke persoon is uniek, en om die individu en sy gedrag te kan bepaal, moet hy as 'n geheel bestudeer word.

Hierdie beginsels word as 'n gepaste uitgangspunt gesien vir die lewensbeskouing van die maatskaplike werker aangesien dit sy individualiteit en gemeenskaplikheid met sowel ander as sy verhouding tot materie en die natuur aanspreek.

Die holistiese lewensbeginsels vind 'n uitvloeisel in die Gestalt-filosofie en sal binne die konteks van die veldteorie in Hoofstuk ses saam met die elemente van die self bespreek word.

Vanuit die basiese lewensbeginsels is die navorser van mening dat bepaalde faktore wat die maatskaplike werker se implementering van hierdie lewensbeginsels sal beïnvloed, voortvloei. Hierdie faktore word verdeel tussen *eksterne faktore* wat onder andere verwys na maatskaplike, sosio, ekonomiese, opvoedkundige en kulturele faktore en *interne faktore* wat verwys na kognitiewe en emosionele aspekte, selfbeskouing en die individu se realiteit van verwagtinge. Hierdie faktore het nie slegs 'n invloed op die vaardigheid van die maatskaplike werker in privaatpraktyk nie, maar ook op die persoonlike funksionering van die maatskaplike werker as individu.

4.5.1.1 Eksterne faktore binne die holistiese lewensbeskouing

Die wyse waarop die individu sy interaksie met ander individue hanteer en homself handhaaf, word beïnvloed deur die verwagtings wat die gemeenskap (soos verteenwoordig deur sy gesin, sy beroep, sosiale status, godsdiens, wetgewing en opvoeding) aan hom stel. Dit is dus nodig om 'n onderskeid te tref tussen die individu se aksies en gedrag. Volgens Northedge in Van Rensburg (1998:30) kan die individu se aksies gerig wees deur hoofsaaklik individuele of kollektiewe verwysingsraamwerke, terwyl met gedrag bedoel word die fisiese waarneembare aspekte van enige menslike optrede, aangesien dit die eksterne eienskappe van sosiale aktiwiteite is. Aksies daarteenoor, is 'n wyer konsep, aangesien dit nie slegs verwys na die uiterlik waarneembare of gedragskomponent van die lewe nie, maar ook na die belangrike subjektiewe, opsetlike, bepalende komponente daarvan (Van Rensburg, 1998:31).

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Ten einde die lewensbeginsels te verpraktiseer sal deeglike rekenskap gegee moet word van die redes waarom individue op 'n bepaalde wyse optree en betekenis aan verskillende aksies gee.

- **Opvoedkundige aspekte van belang vir die implementering van lewensbeginsels**

Die vraag word dikwels gevra wat maatskaplike werkers motiveer om maatskaplike werk as 'n beroepskeuse uit te oefen en betrokke te raak in maatskaplike werk *per se.* Die geskiedenis van maatskaplike werk vind beslag in die ontwikkeling van welsynsorganisasies wat volgens Gray (1998:7) as 'n "filantropiese" hulpverleningsproses ontstaan het, waar vrywilligers gepoog het om maatskaplike sorg en armoedeverligting aan gemeenskappe te gee. Uiteraard is hierdie sogenaamde vrywilligers gekenmerk deur bepaalde karakter- en persoonlikheidstrekke.

Wat egter binne die konteks van hierdie studie tersaaklik is, is dat saam met die totstandkoming van welsynstrukture, 'n opleidingsbeen ontwikkel het waarbinne maatskaplike werkers toegerus is om hierdie hulpverleningsaksies volgens bepaalde kurrikulum, wetenskap en navorsing toe te pas.

Perry (2003) verwys na navorsing wat by die Florida State University onderneem is waar bepaal is wat die determinante vir beroepskeuse vir nagraadse studente in maatskaplike werk oor 'n tydperk van agt jaar was. Sesduisend vierhonderd en dertien studente is betrek in die navorsing en die volgende determinante is geïdentifiseer:

- " A desire to increase my potential as person".
- " A desire to enhance my potential for serving economically disadvantaged populations".
- " Social work offers the greatest opportunity for self-expression and personal growth".
- " A desire to prepare myself for private practice".
- "Through social work I will be able to make an important contribution to individuals and society".

Die implikasies vir privaatpraktykbestuur is steeds in die hedendaagse kurrikulum te vind waar maatskaplikewerkopleiding steeds primêr fokus op die implementering van die diensmotief soos

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

omskryf in die definiëring van maatskaplike werk. Tradisioneel vind daar dus geen opleiding in sakebeginsels plaas nie en word die winsmotief selfs binne die etiese kode en toepassing van die beginsels in maatskaplike werk met groot omsigtigheid hanteer (sien 4.2: II). Stoesz (2002:20) noem dat jong maatskaplike werkers dikwels privaatpraktyk betree met verrykende gevolge en verkeerde motiewe as sy sê: "*The tradegy is that altruistic young peole are vilified for electing private practice, sacrificed on the cross of industrial era social programs and professional education".* Hiermee wil sy dus te kenne gee dat maatskaplike werkers soms aangemoedig word om privaatpraktyk te betree sonder dat hulle opleiding hulle toerus om dit suksesvol te kan doen. Die navorser is van mening dat opleiding dikwels aan die student 'n geleentheid bied om lewensbeginsels aan te leer, maar dat dit steeds nie genoeg is om toe te tree tot privaatpraktyk nie.

- **Maatskaplike aspekte van belang in die implementering van lewensbeginsels**

Hierdie eksterne faktor wat vanuit 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk perspektief ondersoek word, dui op die maatskaplike funksionering van die privaatpraktisyn se kliëntekorps en fokus op die vermoë van die maatskaplike werker om basiese lewensbeginsels toe te pas wanneer hy met sy kliëntekorps werk.

'n Voorbeeld uit die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika kan gevind word in die ontwrigtende welsynsbeleid wat na 1960 geïmplementeer is (Departementele kennisgewing No. 29 van 1966). Hiermee het die toepassing van die primêre beginsels van maatskaplike werk nuwe betekenis gekry deurdat Maatskaplike hulpverlening geadministreer en toegepas is deur maatskaplike werkers in eie etniese groepe. Gray (1998:10) noem dat verskillende welsynsdepartemente welsynsaksies tot uitvoering gebring het met hierdie beleid, en dat verskeie privaat welsynsorganisasies op grond van ras 'n onderskeid in hulpverlening begin tref het.

Die beoefening van maatskaplike werk soos dit ook algemeen in Suid-Afrika van toepassing is, word deur Stoesz (2002:19) beskou as 'n produk van 'n Westerse kultuur. Volgens hierdie skrywer is die missie van maatskaplike werk dikwels konflikterend met die markekonomie waar armoede en ongelykheid juis kan ontwikkel weens 'n vryemarkstelsel.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

maatskaplike werk funksioneer egter in 'n maatskaplike omgewing wat 'n verlengstuk van dieselfde staatsbestel is wat hierdie markekonomie dikteer.

So beïnvloed die maatskaplike omgewing dus die funksionering van privaatpraktyk en is dit van kardinale belang dat die privaatpraktisyn maatskaplike aspekte in verband bring met die uitlewing van sy eie lewensbeginsels. In ander dissiplines het die markomgewing juis onder dieselfde omstandighede hierdie dissiplines laat voordeel trek. Die mees logiese uitvloeisel hieruit is dus dat die maatskaplike werker dikwels weens kontrasterende ideologie, 'n noodwendige verandering uit die beroep sal maak en 'n omgewing kies waar sy persoonlike lewensfilosofie, wat hom aanvanklik aangespoor het tot toetrede tot maatskaplike werk, tot beter uitlewing sal kom.

- **Sosio-ekonomiese aspekte van belang binne die implementering van lewensbeginsels**

Die onvoldoende en beperkte finansiële vermoëns van maatskaplike werkers word as een van die primêre oorsake vir toetrede tot maatskaplikewerk privaatpraktyk beskou (Barker, 1992). Hierdie aspek word ook deur Specht en Courtney (1994:101) ondersteun in hulle kritiek teen maatskaplike werk as hulle meen die beroep versorg nie sy beoefenaars in terme van sosio-ekonomiese behoeftes nie. Hulle noem in hierdie verband: "*Social work has suffered from being poorly financed and unloved, and public support has been at a low ebb."* Hierdie skrywers gee erkenning aan die opregtheid van die armoedeverligtingskomponent van die missie van maatskaplike werk, maar noem dat dit skadelik is om maatskaplike werkers self bloot te stel aan swak besoldiging of ondergemiddelde vergoedingspakette en hierdie individu se persoonlike lewensfilosofie wat 'n diensmotief en onvoorwaardelike dienslewering omsluit, soms tot die uiterste uit te buit.

Hierdie argument word deur Chaiklin in Stoesz (2002:20) soos volg benadruk: "*Yet, anyone remotely familiar with the travesties of public service would do exactly what legions of younger social workers have done: jump ship."* Dit blyk uit hierdie navorsing dat daar moontlik 'n verband mag bestaan tussen die professieverlaters of sogenaamde "Unfaithful Angels" soos Specht en Courtney (1994) na hulle verwys en swak sosio-ekonomiese vooruitsigte vir maatskaplike werkers. Hierdie duidelike waarskuwing word tans ook aan welsynstrukture gestel deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe sonder enige noemenswaardige aanpassings vanuit die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

geledere van nie-regeringsorganisasies die afgelope twee jaar (Proposed guidelines for Remuneration in Social work, SACSSP, 2001).

'n Verdere komponent in die uitlewing van lewensbeginsels in 'n sosio-ekonomiese klimaat kan gevind word in die werk van Funicello (1992:252). Hy argumenteer dat die kliëntekorps deur die bestaande welsynstrukture nie die reg tot eie besluitneming of keuse gegun word nie, deurdat dienslewering voorskriftelik en beperkend aangebied word. Die uitvloeisel hiervan is dat geen kompetisie vir 'n welsynsorganisasie ten opsigte van dienslewering bestaan nie en dus vind geen markregulering ten opsigte van toerekeningsvatbaarheid plaas nie - soos die outeur dit stel - "*Non demanded, non supplied*". Hieruit kan die afleiding gemaak word dat dienste wat gelewer word ontoereikend is en nie die probleme aanspreek wat van die beroep verwag word om te doen nie.
Die toestand manifesteer dikwels in 'n situasie waar die meer ambisieuse maatskaplike werker volgens Stoesz (2002:21) die beroep verlaat en dikwels privaatpraktyk in verskeie vorme betree terwyl die minder ambisieuse maatskaplike werker in die openbare sektor "ronddwaal" en soms tot 'n mate sy persoonlike lewensbeginsels in terme van sy beroepsbevrediging prysgee.

In Dunbar (1987:3) word genoem dat tradisionele maatskaplikewerk-organisasies dikwels verval tot "employment of last resort". Die laaste vyftien jaar het hierdie situasie ten spyte van 'n nuwe bedeling rondom welsynsbeleid nie in Suid-Afrika verander nie. 'n Vervreemding van die primêre missie van maatskaplike werk gaan steeds voort. Opleiding in maatskaplike werk fokus in sommige gevalle op aspekte wat tradisioneel nie binne die kader van maatskaplike werk tuishoort nie. As voorbeelde noem Gray (1998:210): "*Welfare is no longer solely a matter of meeting special needs and providing for human disabilities, but is also concerned with political matters such as redistribution of resources and services."*

Wat egter toepaslik in privaatpraktyk sal wees, is die feit dat die maatskaplike werker 'n bewustheid vir sy eie lewensbeginsels in die sosio-ekonomiese omgewing sal kweek en die meganisme sal vind om hierdie lewensbeginsels ten uitvoer te bring. Sou sy keuse 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk wees, behoort daar vir hom ruimte te wees om dit te kan doen.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- **Kulturele faktore van belang vir die implementering van lewensbeginsels**

Alhoewel kultuur as 'n eksterne faktor beskou kan word, aangesien dit vanuit 'n eksterne bron aangeleer word, het dit ook 'n invloed op die maatskaplike werker se eie selfbeskouing, realiteite, emosionaliteit en verwagting.

Dit is belangrik dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk so kultuurbillik as moontlik sal optree en die kulturele diversiteit van sy kliëntekorps sal verstaan. Engelbrecht (1997:71) noem dat die sensitiwiteit van kultuur deur Plionis en Lewis soos volg weerspieël kan word: "*the premium on correctness gives rise to a paradoxical impact: no language. Being charged with an "ism" is so damning, that many believe that risk of trying to bridge a cultural gap is too high".*

In 'n voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur sou dit dus onafwendbaar wees om te kyk na die invloed van kultuur - veral in die uitlewing van lewensbeginsels. Vanuit 'n primêr individualistiese Westerse verwysingsraamwerk is aspekte soos byvoorbeeld selfbeeld en liniêre probleemoplossende denke aanvaarde gegewe in die hantering van die self en ander. Volgens Van Rensburg (1998:35) word die primêr kollektiewe Afrika-verwysingsraamwerk beïnvloed deur die individu se selfbeskouing en probleemoplossende denke op 'n wyse wat verskil van die Westerse perspektief waar 'n individualistiese uitgangspunt geld en kollektiewe optrede nie so 'n groot rol speel in kultuur as in die Afrika-verwysingsraamwerk nie.

Ten einde die implementering van lewensbeginsels te verstaan, is dit nodig dat kultuur-verskeidenheid vanuit verskeie perspektiewe verantwoord word. Die verklaring van Van der Walt in Van Rensburg (1998:36) bied aan die navorser die mees toepaslike verklaring vir kultuurverskeidenheid.

Volgens hom aksentueer 'n gegewe kultuur eerstens een bepaalde verhouding van die vier basiese menslike verhoudinge waarin die individu hom bevind. Figuur 4.1 verduidelik hierdie stelling soos volg:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 4.1 Die vier basiese menslike verhoudinge en kulturele ingesteldheid van elk

Die spesifieke kultuur van die maatskaplike werker sal dus die ander drie verhoudings in die lig van die een wat aanvanklik geaksentueer is, interpreteer. Hierdie interpretasieproses word in Figuur 4.2 aan die hand van twee verwysingrsraamwerke geïllustreer:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 4.2 Interpretasie van die werklikheid volgens 'n bepaalde gekose fokus

Vanuit Figuur 4.2 kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die kulturele ingesteldheid binne 'n Afrikakultuur fokus op die gemeenskap, waar die individu 'n refleksie is van die gemeenskap, geloof in 'n gemeenskaplike verhouding tot God en die bonatuurlike staan en dat die natuur die ingesteldheid van die gemeenskap reflekteer. Binne 'n kulturele ingesteldheid

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

kenmerkend aan die Westerse kultuur is die fokus op die individu met die gemeenskap wat uitdrukking bied aan die wil van die individu. 'n Individuele persoonlike verhouding met die bonatuurlike is ook kenmerkend in Westerse geloofsbeoefening met self 'n ingesteldheid van privaatheid en persoonlike belewenisse. In die Westerse kultuur word die natuur aangewend vir persoonlike doeleindes en reflekteer die mens-natuur verhouding die mens as dominante heerser.

Die kompleksiteit van kultuur word deur Van Rensburg (1998:38) verduidelik aan die hand van die beeld van 'n ui wat uit verskillende lae (oppervlakkige of diepere lae) bestaan om die verskillende "kultuurlae" aan te dui. Die "buitekantste" lae is makliker waarneembaar, beskryfbaar en verander ook makliker. Die "diepere" lae is moeiliker waarneembaar, beskryfbaar en verander nie so maklik of gou nie. Sy beklemtoon egter dat alhoewel 'n individu nie maklik die kultuur wat hy aangeleer het, verander nie, geen kultuur staties, homogeen of absoluut uniek is nie.

Figuur 4.3 (p 134) vergelyk die verskillende "kultuurlae" deur die volgende kultuuraspekte wat verteenwoordig word: *(1) gewoontes,*

(2) gedrag,

(3) gebruike,

(4) materiële en geestelike skeppings soos geboue, werktuie, die kunste en taal,

(5) instellings soos die huwelik, gesin en die staat met sy wette,

(6) norme en waardes,

(7) 'n lewensvisie, en

(8) die religieuse oortuigings van 'n groep mense.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 4.3 Kultuurlae verteenwoordigend by die individu

Indien die maatskaplike werker in privaatpraktyk dus sy eie lewensbeginsels wil toepas sal sowel die kulturele aspekte van sy kliëntekorps as sy belewenis van sy eie kultuur 'n invloed hê op hoe suksesvol hierdie praktyk geïmplementeer word.

Vanuit bogenoemde bespreking wil dit voorkom asof kulturele aspekte 'n haas onversoenbare aspek in privaatpraktyk in maatskaplike werk kan word. Die sukses van die implementering van lewensbeginsels is dus daarin gesetel dat die maatskaplike werker oor 'n bewustheid - soos met alle ander aspekte - moet beskik om wel suksesvol te wees.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

4.5.1.2 Interne faktore binne die holistiese lewensbeskouing

Interne faktore wat die persoonlike optrede van die maatskaplike werker in privaatpraktyk beïnvloed kan byvoorbeeld sy kognitiewe en emosionele eienskappe, sy beskouing van homself en die realiteite van sy verwagtings insluit.

Die intensiewe ondersoek na hierdie interne faktore sal beredeneer word in Hoofstuk ses wat handel oor die elemente van die self waaroor die maatskaplike werker in privaatpraktyk behoort te beskik ten einde suksesvol te wees. Wat egter van belang is, is die feit dat interne faktore direk verband hou met die uitlewing van lewensbeginsels. Daar bestaan dus 'n wisselwerking tussen die interne persoonlike faktore van die individu en hoe hy homself aanbied aan sy omgewing. Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk die nodige aandag aan interne faktore sal skenk en homself binne 'n holistiese perspektief plaas van "ek is meer as net die somtotaal van my liggaam en siel".

Om toe te tree tot maatskaplikewerk privaatpraktyk moet die maatskaplike werker nie net oor maatskaplikewerkbeginsels en lewensbeginsels beskik nie maar ook kennis in verband met besigheidsbeginsels hê. In die volgende paragrawe sal die mees toepaslike besigheidsbeginsels vir privaatpraktyk in maatskaplike werk ondersoek word.

4.6 Besigheidsbeginsels toepaslik in maatskaplikewerk privaatpraktyk

Daar bestaan dikwels in die literatuur 'n verwarring tussen bestuursbeginsels en besigheidsbeginsels. Besigheidsbeginsels is 'n uitvloeisel vanuit die aksie om handel te dryf - hetsy vanuit 'n suiwer vryemarkstelsel of 'n gekombineerde stelsel waar 'n sterker humanitêre fokus lê, terwyl bestuursbeginsels fokus op die beginsels wat die bestuurder in 'n besigheid moet handhaaf ten einde sy vaardighede as bestuurder uit te leef.

Die hoeveelheid besigheidsbeginsels wat bestaan is so legio soos elke besigheidspersoon in bedryf. Hierdie aspek kan as die eerste primêre verskil tussen die beginsels toepaslik in maatskaplike werk en die sakewêreld met 'n winsmotief gesien word. maatskaplike werk, soos

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

reeds vroeër genoem, beskik oor 'n stel beginsels wat soms universeel toegepas word terwyl besigheidsbeginsels dikwels geskoei word op 'n strategie vir beter uitkomste en die meeste van die tyd is hierdie uitkomste aan 'n winsmotief gekoppel.

Om besigheidsbeginsels wat van toepassing sal wees in maatskaplike werk te isoleer moet daar gekyk word na die beginsels wat die missie van maatskaplike werk komplimenteer. In die literatuur is suksesvolle ondernemings met 'n beleid van sosiale verantwoordelikheid bestudeer waarna hul beginsels geïsoleer is wat kan aansluit by aard en omvang van maatskaplikewerk privaatpraktyk. Verder is daar ook na literatuur gekyk waar ander diens- en hulp- verleningsprofessies soos mediese praktyke, bewys kon lewer van suksesvolle beginsels wat toegepas is in privaatpraktyke.

4.6.1 Suksesvolle besigheidsmodelle vir privaatpraktyke vanuit ander hulp-verleningsprofessies

Die suksesvolle GPM-model of "Group Practice Management model for Physicians" soos beskryf deur Hoerl (1999), gaan van die standpunt uit dat verskeie beginsels vir besigheidsukses aangeneem moet word. Hierdie beginsels sluit onder meer in:

- Praktykkultuur met klem op 'n verbintenis tot 'n positiewe werkkultuur.
- Die beginsel van 'n waardesisteem wat fokus op (1) pasiëntesorg
  (2) praktykbelang en
  (3) praktisynbelang
  in hierdie volgorde van belangrikheid.
- Goeie bestuursbeginsels met operasionele en strategiese beplanning as prioriteit.
- Die definiëring en stipulering van praktykrolle binne die praktyk.
- Die beginsel dat elke lid in die praktyk geleentheid kry om sy verwagtings ten opsigte van sy rol te kommunikeer.
- Besluite binne die praktyk word deur middel van die beginsel van konsensus geneem, dit wil sê daar moet eenstemmigheid oor 'n bepaalde aangeleentheid bereik word alvorens die besluit geïmplimenteer kan word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Vergaderings met basiese reëls word neergelê ten einde kommunikasievloei binne die praktyk te bevorder. Terugvoer na afloop van vergaderings is belangrik en deeglike notules word tydens die vergaderings geneem.
- Die beginsel van spanwerk met 'n spanleier waar op 'n maandelikse basis vergader word en werksdoeltreffendheid as prioriteit bespreek word.
- Die beginsel van dienslewering geld met genoegsame terugvoer ten einde hierdie dienslewering aan pasiënte so goed as moontlik te hou (nasorgdiens).
- Die beginsel van konflikresolusie as prosedure word in plek gehou.
- 'n Beleid waarbinne winsverdeling uitgespel word.
- Die beginsel van "uitkoop van werksure" waar die meer senior vennote aflosdokters (*locum*) vir naweek "op-roep" tye kan inkoop.
- Inligtingstelsel en tegnologiese vooruitgang. Die praktyk aanvaar in beginsel die belangrikheid van goeie inligting- en tegnologiese stelsels.
- Die beginsel van vaartbelynde administratiewe stelsels word in beginsel geïmplementeer.

Vanuit bogenoemde kan 'n goue lyn vanaf besigheidsbeginsels na bestuursbeginsels gesien word. Dit is egter belangrik om na die besigheidsbeginsels vanuit 'n bepaalde perspektief te kyk. Soos vroeër genoem is die versoenbaarheid tussen 'n diensmotief en 'n winsmotief die een komponent wat van belang vir hierdie studie is. In Miles (1993:219) word 'n stel kriteria wat histories vir die evaluering van etiek gebruik is, toegepas in die evaluering van besigheidsbeginsels. Dit is belangrik dat besigheidsbeginsels wat van toepassing vir maatskaplikewerk privaatpraktyk gemaak sal word, ook aan dieselfde etiese riglyne as dié in maatskaplike werk voldoen. Die besigheidsbeginsels met 'n sterk korporatiewe sosiale verantwoordelikheid is dus die beginsels wat in hierdie studie van toepassing is en bestudeer word.

4.6.2 Besigheidbeginsels met 'n sosiale verantwoordelikheidskenmerk

Sosiale verantwoordelikheid word deur Hellriegel en Slocum (1996:17) beskryf as die graad waartoe 'n besigheid erkenning verleen aan die waarde van goeie burgerskap en dan dienooreenkomstig optree. Smit en Cronje (1997:501) gaan verder deur die volgende definisie te gee van wat met sosiale verantwoordelikheid bedoel word:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

> *"social responsibility implies that a manager, in the process of serving his own business interest, is obliged to take actions that also protect and enhance society's interests. The overall effect is to improve the quality of life in the broadest possible way, regardless of how quality of life is defined by society."*

Sosiale verantwoordelikheid word ook deur Hillary, *et al*. (2000:138) soos volg omskryf: "the obligation to pursue those policies, to make those decisions, or to follow those lines of action which are desirable in terms of the objectives and values of the society." Hierdie verduideliking vra dus dat die privaatpraktisyn ook die gevolg wat sy besigheidsbesluite op alle groepe in die gemeenskap mag hê, in gedagte moet hou.

Hierdie standpunt word deur Rachman en Mescon (1989:178) soos volg ondersteun: "The role that business should play in resolving some of the social issues, is a debated issue but has now reached some maturity hastened by the rise of consumerism and concern about environmental issues."

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die besigheidspersoon bewus raak van die sosiale en ekonomiese uitsette van sy onderneming en wat hierdie uitsette se invloed op die totale omgewing mag wees.

Die verband tussen besigheidsetiek en sosiale verantwoordelikheid kan gevind word in die feit dat besigheidsetiek dikwels gefokus is op die individuele bestuurder of besigheidspersoon se *interpretasie* van etiese aspekte in die besigheidswêreld terwyl die sosiale verantwoordelikheidsbeginsels van 'n organisasie of besigheid dikwels die riglyn is waaraan moeilike etiese besluite in komplekse situasies in organisasies *gemeet* kan word.

In Hoofstuk twee is die Sisteemteorie beskryf met klem op die funksionering van 'n privaatpraktyk as oop sisteem. Besighede funksioneer óók as oop sisteme en daarom kan maatskaplike werkers in privaatpraktyk en besigheidspersone nie slegs keuses maak en besluite neem wat gebaseer is op ekonomiese oorwegings nie, maar moet die omgewing ook in aanmerking geneem word. Hierdie aspek word ondersteun deur Smit en Cronje (1997:500) as hulle noem dat die organisasie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- wat besigheid of privaatpraktyk kan impliseer - verweef is met die sosiale sisteem as geheel. Hierdie interafhanklikheid verseker dat die besigheidspersoon sosiaal verantwoordelike besluite moet neem, aangesien sy voortbestaan daarvan afhanklik is.

4.6.3 Vlakke van sosiale verantwoordelikheid toepaslik binne maatskaplikewerk privaatpraktyk

Soos reeds in Hoofstuk drie genoem is die vryemarkstelsel gebaseer op die idee van Adam Smith (1957) wat geglo het dat die openbare belang die beste gedien kan word deur individue en organisasies wat na hul eie belang omsien met die minimum intervensie deur die staat. Verder het Milton Friedman (1978) ook soos bespreek in Hoofstuk drie, verder uitgebrei op hierdie idee en genoem dat indien 'n organisasie wel winste toon, hierdie organisasie of besigheid se optrede as sosiaal verantwoordelik beskou kan word aangesien hy 'n direkte bydrae tot welvaart- en werkskepping maak. Die teenpool van hierdie argumente is dat sosiale verantwoordelikheid opgeneem behoort te word in die missiestelling van 'n besigheid of organisasie (Smit & Cronje, 1997:501) en dus feitlik deel van die beleid van die organisasie of besigheid moet vorm.

Die goeie balans van sosiale verantwoordelikheid word na die mening van die navorser tussen hierdie twee sienings gevind. In Figuur 4.4 illustreer Smit en Cronje (1997:502) die vlakke van sosiale verantwoordelikheid en kan 'n duidelike balans tussen hierdie vlakke waargeneem word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 4.4 Vlakke van sosiale verantwoordelikheid

Die vlakke van sosiale verantwoordelikheid soos weergegee in Figuur 4.4 kan kortliks soos volg verduidelik word:

- **Maatskaplike verpligting**: Hier word die standpunt gehuldig dat die gemeenskap wel tot 'n mate seggenskap binne alle besighede of organisasies het en dat die organisasie of besigheid,

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

slegs tot die mate waartoe wetgewing of ekonomiese eise hul daartoe verbind, betrokke hoef te wees by sosiale verantwoordelikheidsprogramme of beleid.

- **Maatskaplike reaksie**: Hier word die standpunt gehuldig dat aangesien die organisasie of besigheid deel uitmaak van die omgewing as geheel, moet die organisasie of besigheid verantwoordelikheid neem vir aspekte van die ekonomie, omgewing en sosiale dienste. Betrokkenheid geskied egter op 'n vrywillige basis. Die ideaal sou ook wees dat organisasies of besighede betrokke raak by die hantering van die gemeenskap se maatskaplike problematiek, deur middel van hulpverlening.
- **Maatskaplike sensitiwiteit** vir sosiale verantwoordelikheid beteken meer as net 'n betrokkenheid by maatskaplike kwessies. Dit beteken aktiewe betrokkenheid van organisasies of besighede deur middel van bemiddeling en onderhandeling met die staat en ander belanghebbers tot so 'n mate dat hierdie organisasie of besigheid totale verantwoordelikheid neem vir die voltooiing van 'n maatskaplike kwessie. Die organisasie of besigheid word dus 'n agent vir maatskaplike verandering.

4.6.4 Motiewe vir sosiale verantwoordelikheid

Net soos die owerheid 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap (sy burgers) het, besit die private onderneming ook 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap. Hierdie verantwoordelikheid sny egter na twee kante naamlik die sosiale verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap vir die instandhouding van gemeenskapstrukture, maar ook die verantwoordelikheid wat ontstaan ten einde die voortbestaan van die onderneming te waarborg.

In maatskaplikewerk privaatpraktyk beteken die versoening van beide hierdie rolle 'n simbiose tussen praktyk en omgewing. Sosiale verantwoordelikheid impliseer dus persoonlike instandhouding sowel as altruïsme. Die mening dat die onderneming deel is van die totale gemeenskap en dat hy verplig is om belangrike sosiale probleme te help oplos, is in die grootste organisasies in Suid-Afrika deel van organisasiebeleid. Hier kan verwys word na maatskappye soos byvoorbeeld Pepcor (kleinhandel), Edcon (kleinhandel), Anglo American (Mynwese), Sanlam (versekering) en ABSA (bankwese) wat toenemend betrokke raak deur middel van sosiale

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

verantwoordelikheidsprogramme in gemeenskappe. Hierdie instellings het dus op die betrokkenheidskontinuum en maatskaplike sensitiwiteit as oorweging gekies.

In privaatpraktykbestuur het die maatskaplike werker dus nie net die verantwoordelikheid om dienslewering wat 'n "diensmotief" onderskryf, in stand te hou nie, maar ook om as deel van die bedryf betrokke te wees in die sosiale verantwoordelikheid in 'n ruimer sin. Daar kan dan van die veronderstelling uitgegaan word dat die betreding van die besigheidswêreld 'n sosiale verantwoordelikheid - meer as die tradisionele maatskaplike werk verantwoordelikheid - op die privaatpraktisyn sal plaas.

Deelname in privaatpraktyk aan sosiale verantwoordelikheidsaksies sal onder meer insluit, die opheffing van lewensomstandighede van werknemers binne die praktyk, bydraes met betrekking tot sosiale vraagstukke soos onder andere misdaadvoorkoming en betrokkenheid by 'n burgerlike bewussyn.

Vanuit die literatuur (Hillary, 2000; Rachman & Mescon, 1989; Kast & Rosenzweig, 1992) word aangevoer dat dit in die onderneming se eie belang is om self aan 'n oplossing vir sosiale probleme in die gemeenskap deel te neem. Hierdie standpunt word ook as die kenmerke van 'n burgerlike bewussyn (civil society) beskou.

Dit is belangrik dat die privaatpraktisyn deeglik oor die sosiale verantwoordelikhede in sy omgewing sal besin. Die aard en omvang van deelname moet binne 'n besluitnemingsproses deur die privaatpraktisyn as deel van sy doelwitte vir suksesvolle praktykbestuur ingebou word. Hierdie besluitnemingsproses kan volgens Hicks en Gullett (1981:213) moeilik wees. Die volgende riglyne is deur bogenoemde outeurs in die tagtigerjare ontwikkel en word steeds as rigtinggewend in die verband beskou:

- Besluit watter groepe van die gemeenskap deur die aksie geraak sal word.
- Besluit hoe groot die invloed op elke groep sal wees en watter een die minste voordeel daaruit sal trek.
- Besluit wat die langtermyn gevolge van die aksie sal wees.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Besluit wat die invloed van die aksie op die maatskaplikewerk privaatpraktisyn sal hê en tot watter mate werkverrigting daardeur beïnvloed sal word.

Daar is egter ander besigheidsbeginsels wat aansluit by die beginsel van sosiale verantwoordelikheid wat deur Handy (1997:264) soos volg genoem word:

> *"…. and the certainty that we are most fully ourselves when we lose ourselves in our concern for others, or in a cause that is greater than we are. We were wrong to have put our faith in an undiluted ideology of selfinterest when we should have trusted our humanity more than the system .. we should trust ourselves to be both great and good".*

Hieruit kan afgelei word dat die waarde aan menskapitaal binne besigheidsbeginsels net so belangrik as monitêre wins geag behoort te word.

4.6.5 Toepaslike besigheidsbeginsels vir maatskaplikewerk privaatpraktyk

Rapoport (1994:155) noem dat Handy as een van die mees gerespekteerde sakemanne ter wêreld, 'n bloudruk met drie kritieke besigheidsbeginsels aan die besigheidswêreld gegee het. Hierdie drie besigheidsbeginsels staan bekend as (1) "shamrock", (2) die "doughnut "-beginsel en (3) die "portfolio"- beroep. Die eerste beginsel fokus daarop dat besighede primêre aktiwiteite moet identifiseer en alle ander take uitkontrakteer. Die tweede beginsel is die onderskeid wat die individu moet tref tussen sy belangstellingsveld en sy beroepsloopbaan en die derde beginsel moedig individue aan om hul bestaande beroepe nie as 'n loopbaan te sien nie, maar slegs as 'n deel van 'n lewenslange portefeulje waar salarisse, kontrakte, vrywillige werk en voortgesette studie opgeteken word. Die idee van die individu se beroep as 'n lewenslange reis word dus voorgestel.

Voortspruitend uit hierdie beginsels kan die volgende belangrike besigheidsbeginsels ook genoem word. Dit word in Tabel 4.1 in tabelvorm vir die doel van vergelyking gedoen en is 'n samevatting uit die volgende bronne: Pascarella (1998); Palankai (1990); Miles (1993); Brunham (2002) en Johnson en Busbin (2000).

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 4.1 Vergelyking tussen die mees toepaslike beginsels vir 'n privaatpraktyk in maatskaplike werk

Besigheidsbeginsel	*Toepaslik op maatskaplikewerk beginsel*	*Toepaslik op lewensbeginsels*
Kompetisie is gesond en moet aangemoedig word	Nee	Ja
Besighede is altyd in 'n proses van verandering en die verbetering van jou produk is nimmereindigend	Ja	Ja
Verstaan die beginsel van aanvraag en aanbod	Nee	Nee
Onderhou die beginsel van persoonlike betrokkenheid by finansies in jou besigheid	Nee	Ja
Onderhou die beginsel van voortgesette leer	Ja	Ja
Vra om hulp	Ja	Ja
Fokus op wins per persoon en nie verkope per persoon nie	Nee	Nee
Ken die verskil tussen boekhouding en finansies	Nee	Ja
Persepsies is fundamenteel en baie belangrik om te onthou	Ja	Ja
Koördinering is belangriker as delegering	Ja	Ja
Ondersteun die beginsel van 'n besigheidsplan	Ja	Ja
Ondersteun die beginsel dat 'n besigheid in 'n lewensiklus loop	Nee	Nee
Wees proaktief en nie reaktief met betrekking tot besigheid nie	Ja	Ja
Wees versigtig vir vriendskapsverhoudings met ondergeskiktes	Ja	Ja

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Leer om komponente met komponente te vergelyk of elemente met elemente; bly weg van vergelykings met ander besighede se verkoopsyfers of winsgrens.	Ja	Ja
Neem berekende risiko's	Nee	Ja
Ondersteun die beginsel van tegnologiese vooruitgang	Ja	Ja
Weet dat die beginsel van "business never sleeps" geld	Nee	Ja
Neem die beginsel van strategiese en taktiese beplanning vir die besigheid aan	Ja	Ja
Omring jou met persone wat jou beter en goed oor jouself laat voel. Omring jou met wenners	Nee	Ja
Ondersteun die beginsels van vertroulikheid	Ja	Ja
Indien jy sien jy kan nie vorder binne die besigheidswêreld nie, maak 'n beroepskuif.	Nee	Ja

4.7 Samevatting

Die mees toepaslike beginsels vir privaatpraktyk is in hierdie Hoofstuk geïdentifiseer as deel van stap twee van modelontwikkeling. Toepaslike beginsels is vanuit (i) maatskaplike werk, (ii) 'n basiese lewensfilosofie, en (iii) besigheid en bestuur aangespreek.

Daar is in hierdie Hoofstuk tot die gevolgtrekking gekom dat beginsels eie aan 'n privaatpraktyk vir maatskaplike werk 'n primêre deel uitmaak van 'n voorgestelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur. Vanuit hierdie beginsels blyk dit dat bepaalde prosesse vir die uitvoering van hierdie beginsels ter sprake is. Ten einde die beginsels dus te operasionaliseer is dit noodsaaklik om na bepaalde prosesse in maatskaplike werk, in besigheid - wat ook die prosesse van entrepreneurskap insluit en bestuur te beskryf. Hierna kan die model vir privaatpraktykbestuur

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

in maatskaplike werk meer volledig uiteengesit word. In Figuur 4.5 kan die ontwikkelingsproses van die praktykmodel gevolg word. Die literatuurstudie wat hierdie ontwikkelingsproses ondersteun fokus dus nou op stap twee van modelontwikkeling en het beginsels as die tweede komponent van 'n praktykmodel beskryf. In Hoofstuk vyf sal stap twee van modelontwikkeling verder geneem word wanneer 'n derde komponent, naamlik die mees toepaslike *prosesse* vir privaatpraktykbestuur ondersoek en beskryf word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 4.5 Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkelingsproses van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op stap twee: toepaslike beginsels

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 5

TOEPASLIKE PROSESSE VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

*Navorsingsvraag ter sprake vir hierdie hoofstuk: Wat is die mees toepaslike **prosesse** vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur?*

5.1 Inleiding

In hoofstuk vier is gefokus op die mees toepaslike beginsels wat van toepassing is binne 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk. In hierdie hoofstuk word die mees toepaslike prosesse bespreek, ten einde hierdie model so volledig moontlik vir toepassing in die praktyk te ontwikkel.

Prosesse word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (2000:863) beskryf as "ontwikkelingsgang" of "verloop". Ten einde die dinamika van hierdie ontwikkelingsgang of verloop te verstaan, sou dit dus nodig wees om hierdie komponent binne die konteks van die studie te bespreek. Binne maatskaplikewerkhulpverlening beteken "proses" die opeenvolgende maatskaplikewerkfunksies en -take wat in 'n bepaalde volgorde uitgevoer word ten einde 'n doel te bereik, terwyl "proses" binne die besigheidswêreld die entrepreneuriese- of bestuursprosesse van 'n privaatpraktyk beteken.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

5.2 Rasionaal vir die insluiting van prosesse as veranderlike in maatskaplikewerk privaatpraktyk

Vanuit bogenoemde definiëring kan die afleiding gemaak word dat proses 'n "*aksie"* of "*optrede"* veronderstel wat aanleiding gee tot 'n toepaslike *uitkoms.* Vir 'n praktykmodel in maatskaplikewerk privaatpraktyk sal daar dus na die prosesse gekyk word wat die maatskaplikewerk privaatpraktyk kan begelei tot sukses. In 'n prosesbenadering, soos beskryf deur Hellriegel en Slocum (1996:412) word vrae soos "hoe" en "hoekom" gevra ten einde 'n model te ontwikkel. Dus sal die beantwoording van hierdie twee vrae van kardinale belang wees. Die vrae *hoe en hoekom* bied antwoorde vir aspekte van privaatpraktyk wat op geen ander wyse ingesluit sou word in 'n praktykmodel nie. Prosesse bied dus 'n geleentheid aan die navorser om *hoekom* en *hoe* vrae te vra en antwoord te verwag wat ingesluit kan word binne die praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk.

5.3 Toepaslike prosesse vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

Die ontwikkelingsgang of verloop van 'n privaatpraktyk omsluit meer as net maatskaplike werk hulpverlening en prosesse uniek aan hierdie hulpverleningsaksie. Soos reeds in die omskrywing van 'n privaatpraktyk (Hoofstuk een en twee) gesien is, omsluit maatskaplikewerk privaatpraktyk ook 'n besigheidskomponent wat uit entrepreneuriese prosesse en bestuursprosesse bestaan. Die verloop van al drie hierdie aspekte naamlik maatskaplikewerkprosesse, entrepreneuriese prosesse en bestuursprosesse sal dus binne hierdie hoofstuk omskryf word.

5.3.1 maatskaplikewerkprosesse as 'n komponent van privaatpraktykbestuur

Alvorens maatskaplikewerkprosesse omskryf kan word sou dit sinvol wees om eers maatskaplikewerkprosesse te konseptualiseer. Soos met die algemene omskrywing van die begrip proses, verwys maatskaplikewerkproses ook na 'n stel sistematiese stappe wat die maatskaplike werker oor verloop van tyd volg ten einde 'n beoogde doel te bereik. Potgieter (1998:31) noem dat die doelstellings van maatskaplike werk bereik word deur middel van 'n maatskaplikewerkproses wat opeenvolgende stappe *siklies* volg. So byvoorbeeld staan een van die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

maatskaplikewerkprosesse waarna in literatuur verwys word, ook bekend as die probleemoplossende benadering. (Vergelyk Cronje in Grobbelaar en Schoeman, 1980:52 en Potgieter, 1998:32)

Volgens die navorser is die probleemoplossende benadering slegs een van vele prosesse in maatskaplikewerkhulpverlening waardeur die kliëntsisteem tot beter funksionering gelei kan word. Ander benaderings tot hulpverlening verskil van outeur tot outeur, van denkskool tot denkskool en van dekade tot dekade. Vergelyk, Potgieter (1998); Gray (1998); Grobbelaar en Schoeman (1980); Sheafor, *et al.*. (2000) en Lee (1994) in die verband.

Die rasionaal waarom daar op die hulpverleningsproses in hierdie studie gefokus is, kan gevind word in die feit dat die primêre aard en taak van maatskaplike werk gesetel is binne 'n hulpverleningsproses. Ander prosesse binne die konteks van maatskaplike werk vloei volgens die navorser vanuit hierdie primêre proses, naamlik hulpverlening.

5.3.1.1 Die maatskaplikewerk hulpverleningsproses

Wat egter vir hierdie studie toepaslik is, is die ***proses*** wat binne hulpverlening gevolg word. Engelbrecht (1997:129) is van mening dat daar tydens hulpverlening gebruik gemaak kan word van verskillende teorieë, benaderings en gevolglike tegnieke. Elke kliëntsisteem verskil, elke hulpsisteem verskil en die tyd en verloop van elke situasie verskil. In wese bly die doel van hulpverlening egter altyd dieselfde en word dit soos volg deur Hepworth, *et al.* (1997:32) uiteengesit:

- Om hulpverlening aan die kliëntsisteem te verleen, ten einde gesonde Maatskaplike funksionering te bewerkstelling, of anders gestel - die strewe na ekwilibrium binne die kliëntsisteem;
- die daarstelling van 'n ondersteuningsnetwerk aan die kliëntsisteem ten einde optimale menskapasiteit te ontgin of anders gestel - die ontwikkeling van 'n bemagtigingsproses binne die kliëntsisteem; en

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- die implementering van strukture ten einde hulpbronne te ontgin, te mobiliseer en toepaslik te maak of anders gestel - die mobilisering van die eksterne omgewing ten einde die interne omgewing by te staan.

Ten spyte van die verskillende hulpverleningbenaderings wat gevolg kan word, wil dit vir die navorser voorkom of die proses binne die benadering in wese dieselfde deur verskeie outeurs voorgestel word. (Compton & Galaway 1994; Hepworth, *et al*. 1997; Potgieter 1998; Sheafor, *et al.* 2000). Alvorens hierdie proses bespreek word, is dit nodig om eers na die basiese aannames te kyk wat geld, alvorens 'n hulpverleningsproses in werking gestel kan word.

5.3.1.2 Basiese aannames waarop die hulpverleningsproses rus

Die volgende basiese aannames vir die hulpverleningsproses is deur Engelbrecht (1997:130) uiteengesit:-

- Aktiwiteite of stappe in die onderskeie fases vloei van een na 'n ander. 'n Duidelike onderskeid tussen stappe is moeilik in praktyk te bespeur alhoewel dit teoreties meer chronologies volg.
- Alhoewel die verskillende fases en die sikliese aard van die hulpverleningsproses in die teorie beklemtoon word, beteken dit nie dat die proses nie gelyktydig in een of meer fases kan verloop nie.
- 'n Voorwaartse beweging wat deur die fases in die proses gedryf word, impliseer 'n sikliese proses. Daar kan egter binne praktyk na 'n vorige fase terugbeweeg word as aktiwiteite dit vereis.
- Die implementering van die hulpverleningsproses vra 'n vaardigheidskomponent van die implementeerder, dit wil sê, die maatskaplike werker moet in staat wees om die proses saam met die kliëntsisteem uit te voer.
- Die kliëntsisteem moet te alle tye by die hulpverleningsproses aktief betrokke wees.
- Daar moet by sowel die maatskaplike werker as die kliëntsisteem konsensus bestaan oor die bereiking van doelwitte.
- Die implementering van die hulpverleningsproses word deur die omgewing en dinamika van die kliëntsisteem se persoonlikheidstrekke beïnvloed.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Evaluering word as aparte fase in die hulpverleningsproses onderskei maar word ook tydens elke fase in die proses toegepas. Evaluering is dus 'n deurlopende aktiwiteit. Engelbrecht (1997:132) is van mening dat die tendens van 'n proses binne 'n proses dus ontwikkel.
- Die onwillige kliëntsisteem maak dikwels die grootste persentasie uit van individue wat wel aanmeld vir hulpverlening. Hierdie individue meld nie hul probleem aan met die oog op hulpverlening nie, maar weens druk van eksterne sisteme om te verander. Met hierdie kliëntsisteem in gedagte, moet daar ook aandag geskenk word aan die drukgroep in die sisteem wat die proses vir verandering dryf. Hierdie eksplorering van die drukgroep word die sosialiseringsfase genoem en staan buite die hulpverleningsproses.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat daar nie noodwendig 'n "resep" vir hulpverlening gebied kan word nie, en dat die veranderlikes tydens die implementering van hulpverlening altyd in gedagte gehou moet word. Vir die doeleindes van volledigheid word die hulpverleningsproses soos deur Hepworth, *et al.* (1997:33) uiteengesit. Die voorbeeld word binne die studie se teoretiese verwysingsraamwerk, naamlik die sisteemteorie aangebied aangesien die betrokke outeurs in hul werk eksplisiet verklaar dat die hulpverleningsproses wat voorgestel word binne ''n sisteemteoretiese perspektief aangebied word. Hierdie beskouing stem dus ooreen met dit wat in Hoofstuk twee as 'n teoretiese verwysingsraamwerk voorgehou word.

5.3.1.3 Fases in die hulpverleningsproses van maatskaplike werk

Daar word drie fases binne die hulpverleningsproses onderskei naamlik:

(i) Fase een: Eksplorering, assessering en beplanning.

(ii) Fase twee: Implementering en doelwitbereiking.

(iii) Fase drie: Terminering en evaluering.

Die drie fases word vervolgens kortliks bespreek.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- **Fase een: Eksplorering, assessering en beplanning**

Binne hierdie fase van die hulpverleningsproses word kontak tussen die maatskaplike werker en die kliëntsisteem bewerkstelling waarna wedersydse kontraktering geskied. Die volgende aspekte in hierdie fase is volgens Hepworth, *en al*. (1997:33) van kardinale belang:

- Vestiging van rapport;
- eksplorering van die kliëntsisteem se omgewing;
- formulering van 'n assesseringsriglyn wat multi-dimensioneel na alle aspekte sal let;
- motivering van die kliëntsisteem;
- implementering van toepaslike hulpbronne en die afstemming van kliëntsisteem op die hulpbronsisteem;
- die formulering van doelstellings; en
- die formulering van 'n hulpverleningskontrak.

Nadat hierdie stappe binne die fase gevolg is, en die kliëntsisteem byvoorbeeld na 'n ander hulpverleningsisteem verwys is, word die maatskaplike werker nie vrygestel om terug te tree vanuit die hulpverleningsproses nie. Die ondersteunings- en opvolgingsaksie is steeds die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker.

- **Fase twee: Implementering en doelwitbereiking**

Binne hierdie fase geskied die beoogde implementering van die hulpverlening. Die probleemoplossende proses bereik binne hierdie fase sy hoogtepunt wanneer gestelde doelwitte volgens prioriteit aangepak en bereik word. Die implementering behels ook fokus op spesifieke take en strategieë. Die volgende aspekte word deur Hepworth*, et al*. (1997: 39) as die mees belangrike komponente van die fase gesien:

- Die verbetering van die kliëntsisteem se eiewaarde;
- die identifisering van obstruksies in die doelwitbereikingsproses;
- die monitering van die hulpverleningsproses waartydens vordering deurentyd geëvalueer word;

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- die monitering van emosionele reaksies binne die werker-kliënt verhouding;
- die verbetering van die kliëntsisteem se selfbewussyn; en
- die identifisering van die rolle wat die maatskaplike werker as persoon in die hulpverleningsproses speel en die aanwending van "die self" binne die hulpverleningsproses deur die maatskaplike werker.

- **Fase drie: Terminering en evaluering**

Uit die staanspoor is dit maklik om die hulpverleningsproses te termineer indien daar konsensus is dat die doelwit wat vir hulpverlening gestel is, bereik is. Volgens Engelbrecht (1997:139) gebeur dit egter gereeld dat terminering 'n moeilike proses is om te voltooi. Indien daar nie ’n tydsaspek soos soms in die geval met direktiewe hulpverlening gestel word nie, is dit moeilik vir die maatskaplike werker om vas te stel wanneer die kliënt ’n versadigingspunt bereik het. Die volgende aspekte word deur Hepworth, *et al*. (1997:42) genoem as belangrik om terminering suksesvol af te sluit.

- Evalueer die verhouding tussen werker en kliëntsisteem en hanteer gevoelens wat vanweë terminering mag ontstaan;
- beplan ’n volhoubaarheidstrategie na terminering; en
- evalueer die resultate ten einde te bepaal of die doelwitte vir hulpverlening bereik is.

Vanuit bogenoemde bespreking is dit vir die navorser duidelik dat die prosesse eie aan hulpverlening bepaalde vaardighede van die maatskaplike werker verg. Saam met hierdie vaardighede wat vereis word, word die graad van verantwoordelikheid wat die maatskaplike werker in die totale proses dra, dikwels onderskat. Die verantwoordelikheidsin van die maatskaplike werker ontwikkel dikwels vanuit elemente van die self (wat in Hoofstuk ses bespreek sal word) wat met die spesifieke maatskaplike werker se bepaalde waarde-oriëntasie (wat bespreek is in Hoofstuk drie) en uitlewing van professionele beginsels (wat in Hoofstuk vier bespreek is) in verband staan.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

'n Verdere komponent wat belangrik is, is die aard van hulpverlening in maatskaplike werk en hoe hierdie hulpverlening verpraktiseer word in privaatpraktyk. In die databank van SAASWIPP (SAASWIPP CD-ROM, 2003) word die metodes van hulpverlening ingedeel in kategorieë naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk met spesialiseringskategorieë naamlik supervisie, aanneming, statutêre en forensiese werk, en opleiding. Elk van hierdie metodes het 'n unieke karakter en eiesoortige aanslag binne die hulpverleningsproses (Compton & Galaway, 1994:461). Die belangrikheid hiervan lê gesetel in die feit dat dit vir hierdie studie nodig is om te bepaal hoe die metodes van hulpverlening vir privaatpraktyk lyk en of daar enige verbande getrek kan word ten einde die praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met betekenisvolle inligting in die verband toe te rus. Volgens Engelbrecht (1997:160) kan onderskei word tussen primêre of direkte metodes in maatskaplike werk naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk en sekondêre of indirekte metodes, soos navorsing en bestuur. Vanuit die primêre metodes ontwikkel spesialiseringsvelde, soos aanneming, statutêre werk en forensiese werk.. Die spesialiseringswerk wat uitvloei uit die sekondêre metodes sal onder meer opleiding en supervisie omsluit. Weens die aard en omvang van hierdie primêre en sekondêre metodes wat binne die hulpverleningsproses gevolg word sal daar vir die doeleindes van hierdie studie 'n profiel saamgestel word ten einde te bepaal hoe hierdie metodes binne privaatpraktyk geïmplementeer word. Deur 'n profiel van bestaande privaatpraktykte in Suid-Afrika binne maatskaplike werk saam te stel, word die tweede doelwit van hierdie studie dus ook bereik.

5.3.1.4 Bestudering van die profiel van maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika (Fase 2 van die Intervensienavorsingsmodel)

- **Toepaslike doelwit**

Doelwit (ii) punt 1.4 bl 11van navorsingsverslag**: "Om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken."**

- **Toepaslike navorsingsvraag**

Navorsingsvraag punt 1.5 bl 12 van die navorsingsverslag **: "Wat is die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika"**

Die daarstelling van 'n profiel ten einde te bepaal hoe maatskaplikewerk privaatpraktyke tans in Suid-Afrika uitsien, is 'n besondere nuttige bron om te bepaal wat maatskaplike werkers in

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

privaatpraktyk doen en hoe die demografiese verspreiding van praktyke voorkom. Hierdeur kan afleidings gemaak word wat veral binne die komponente eie aan 'n praktykmodel, soos bespreek in die literatuur, nuttige inligting kan verskaf.

Die volgende paragrawe bied 'n uiteensetting van inligting wat deur middel van sekondêre data-ontleding verkry is, deur die databank van SAASWIPP wat sowel biografiese- as geografiese inligting oor bestaande praktyke bevat, te gebruik. Vir die doeleindes van hierdie studie is op die geografiese inligting gefokus, aangesien die biografiese data geen noemenswaardige bydrae tot 'n profiel vir maatskaplike werkers in privaatpraktyk sou lewer nie.

Ten einde 'n sinvolle profiel van maatskaplike werkers in privaatpraktyk op te stel, sou die mees logiese stap wees om te bepaal hoeveel maatskaplike werkers in privaatpraktyk in elke provinsie van die land werksaam is. Hierdie inligting sal as vertrekpunt gebruik word om spesialiseringsterreine in maatskaplike werk te bepaal en waar moontlik, sinvolle gevolgtrekkings daaruit te maak sodat 'n geheelbeeld gevorm kan word van die funksionering van privaatpraktisyns en waar hul hulself bevind.

- **Geografiese profiel van maatskaplike werkers in privaatpraktyk in Suid-Afrika**

Daar is tans 1 127 geregistreerde SAASWIPP lede in Suid-Afrika met 'n geografiese verspreiding soos weergegee in Tabel 5.1

Tabel 5.1 Geografiese verspreiding van geregistreerde SAASWIPP lede in Suid-Afrika vir 2003

Provinsie	n	%
Oos-Kaap	48	04
Vrystaat	44	04
Gauteng	504	45
Kwa-Zulu Natal	142	13
Limpopo provinsie	67	06
Mpumalanga	35	03
Noord-Kaap	11	01
Noord-Wes Provinsie	27	02
Wes-Kaap	249	22
Totaal	**1 127**	**100**

n = Frekwensie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die gemiddelde syfers soos aangedui in Tabel 5.1word in Figuur 5.2 benut om 'n visuele voorstelling van die data vir geregistreerde SAASWIPP lede in Suid-Afrika te gee.



Figuur 5.1 Geografiese verspreiding van SAASWIPP geregistreerde lede in Suid-Afrika vir 2003

Vanuit hierdie inligting kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die grootste aantal geregistreerde maatskaplike werkers in privaatpraktyk (45%) in die Gautengprovinsie woonagtig is. Die persentasiegetal verwys na 'n totaal van 504 geregistreerde lede uit 'n moontlike 1 127 geregistreerde lede. Die tweede grootste aantal geregistreerde lede is woonagtig in die Wes-Kaap (22%) met die laagste persentasie geregistreerde lede in die Noord-Kaap (1%). Dit is egter belangrik om te onthou dat hierdie persentasie slegs betekenis sal hê indien die persentasie geregistreerde SAASWIPP lede in Gauteng met die geregistreerde lede van die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe woonagtig in Gauteng vergelyk kon word. Dit is egter uitgesluit buite die grense van die studie en sal 'n interessante navorsingstudie op sig self wees.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Aangesien SAASWIPP slegs 'n lede-organisasie is en lidmaatskap nie verpligtend is nie, mag die persentasie wat ten opsigte van Gauteng reflekteer, moontlik toegeskryf word aan 'n goeie werwings en bemarkingsaksie of goeie lede-administrasie op streeksvlak. Indien daar in verhouding meer geregistreerde SAASWIPP lede tot gewone geregistreerde maatskaplike werkers in Gauteng was, sou hierdie data meer beduidend wees. Soos wat die data hier uiteengesit word, dui dit dus slegs op die bestaande profiel van geregistreerde maatskaplike werkers in privaatpraktyk en is die verhouding met die Suid-Afrikaanse bevolkingsverspreiding in elke provinsie heel waarskynlik proporsioneel verteenwoordigend.

Tans is daar 9 932 geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika (S.A. Raad vir Maatskaplike Diensberoepe: Databank, September 2003). Vanuit die totale populasie van maatskaplike werkers in Suid-Afrika is 'n negende geregistreerde lede van SAASWIPP, en dus betrokke in privaatpraktyk. Aangesien nie alle maatskaplike werkers in privaatpraktyk geregistreer is by SAASWIPP nie, kan daar nie 'n akkurate beoordeling gemaak word nie. Wat wel belangrik is, is die feit dat privaatpraktyke 'n wesenlike deel van maatskaplike werkers se keuse vir die beoefening van hulle beroep, uitmaak.

Figuur 5.2 bied 'n grafiese voorstelling van die verhouding SAASWIPP geregistreerde privaatpraktisyns tot die verhouding maatskaplike werkers wat by die Beroepsraad vir maatskaplike werk op 29 September 2003, geregistreer was. (S.A Raad vir Maatskaplike Diensberoepe: Databank, September 2003).

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com



Figuur 5.2 SAASWIPP geregistreerde lede in verhouding met die totale aantal geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika vir 2003

Vanuit Figuur 5.2 is dit duidelik dat die hoeveelheid geregistreerde maatskaplike werkers in privaatpraktyk steeds substansieel minder is (11.3%) as die persentasie geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat 'n geregistreerde SAASWIPP lid ook steeds 'n geregistreerde maatskaplike werker is nie en dat die aktiwiteite van maatskaplike werkers in privaatpraktyk steeds bydrae tot die maatskaplike werk beroepsveld. Die blote ontleding van hierdie data is wel insiggewend om die huidge stand van privaatpraktyk te illustreer en geen noemenswaardige afleidings behoort vanuit hierdie data gemaak te word nie. Wat egter die bostaande profiel meer substansie sal bied is om die spesialiseringsterrein van maatskaplike werkers in privaatpraktyk te ontleed. Ten einde te bepaal watter metodes of spesialiseringsterreine die maatskaplike werkers in privaatpraktyk beoefen, is die volgende inligting dus onttrek en verwerk.

- **Beoefening van die drie primêre metodes van maatskaplike werk deur maatskaplike werkers in privaatpraktyk**

Tradisioneel word maatskaplike werkers steeds opgelei in drie primêre maatskaplikewerk metodes van hulpverlening, naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk. (UNISA: Undergraduate subjects & Syllabuses part 3: 2004) Klemverskuiwings in die aard en fokus van die drie metodes het die afgelope drie dekades wel plaasgevind. Wat egter belangrik is, is dat daar in die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

literatuurhoofstukke (Hoofstuk twee: teoretiese verwysingsraamwerk, hoofstuk drie: die mees toepaslike konsepte en Hoofstuk vier: Die mees toepaslike beginsels) dikwels verwys word na die konteks waarbinne maatskaplike werk plaasvind naamlik binne die omgewing met die individu, die groep of die gemeenskap. Die inligting wat in hierdie empiriese data weerspieël word sluit aan by dit wat in die literatuurhoofstukke met betrekking tot hulpverlening in maatskaplikewerk praktyk, geillusteer word.

Ten einde die aard en omvang van hierdie drie primêre metodes te gee, is dit nodig om 'n kort beskrywing van wat onder elk van die metodes bedoel word, uiteen te sit.

- **Gevallewerk as primêre hulpverleningsmetode in maatskaplike werk**

Gevallewerk behels die aktiwiteite van 'n maatskaplike werker, wat binne hierdie konteks as gevallewerker bekend staan, waar die individu en die gesin of familie deur middel van 'n gekose benadering in maatskaplike werk tot beter maatskaplike funksionering begelei word. Hepworth en Larsen (1997:21) verwys na gevallewerk as 'n tipiese voorbeeld van direkte hulpverlening. "Direct practitioners thus focus their efforts primarily on work with individuals, couples, families, and groups. 'n Ander beskrywing vir direkte hulpverlening staan bekend as die kliniese benadering of "clinical practice" (Hepworth en Larsen, 1997:22). Daar word dikwels binne privaatpraktyk na direkte hulpverlening as die kliniese benadering verwys.. Die rolvertolking van kliniese hulpverlening word volgens Hepworth en Larsen (1997:22) dikwels binne die grense van psigoterapie beskou alhoewel hierdie komponent nie tradisioneel deel uitmaak van die hulpverleningsproses binne maatskaplike werk nie. Die konsep kliniese maatskaplike werk vind ook byval in Suid-Afrika. Dit word tans nie as outonome modus van intervensie aangebied nie maar eerder om 'n eksklusiwiteit in individuele hulpverlening aan te dui. Voortspruitend uit die gevallewerkmetode word die groepwerkmetode as tweede primêre hulpverleningsmetode beskryf.

- **Groepwerk as primêre hulpverleningsmetode in maatskaplike werk**

Soos met die geval van gevallewerk as primêre hulpverleningsmetode, is groepwerk ook 'n tipiese voorbeeld van direkte hulpverlening met die klem op groepsfunksionering binne die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

hulpverleningsproses. Die maatskaplike werker, binne hierdie konteks bekend as die groepwerker, gebruik dus die dinamika van meer as een individu binne groepverband om die hulpverleningsproses te fasiliteer. Alhoewel die individu dus binne 'n groep funksioneer, is die primêre doel steeds die hulpverlening aan die individu. Gewoonlik bestaan die groep uit individue wat op dieselfde vlakke van Maatskaplike funksionering hulpverlening benodig. Die benaderings binne groepwerk verskil van gevallewerk in die sin dat die dinamika, groepsvorming, doelwitte, groepsgrootte en prosesse binne groepwerk uniek is.

- **Gemeenskapswerk as primêre metode in maatskaplike werk**

Die konsep gemeenskapswerk omsluit die gemeenskap as primêre sosiale sisteem. Die maatskaplike werker wat werksaam is binne hierdie sosiale sisteem staan dus bekend as 'n gemeenskapswerker. Gemeenskapswerk as een van die drie primêre metodes in maatskaplike werk word deur Lombard in Weyers (1999:19) beskryf as 'n aksie wat gerig is om die bereiking van doelstellings in die gemeenskap te bevorder. In hierdie proses is die volgende noodsaaklik:-

(a) Die daarstelling en instandhouding van balans tussen die aanbod en aanvraag van hulpbronne binne die gemeenskap;
(b) Die daarstelling van geleenthede waarbinne die gemeenskap self sy kapasitieit tot kennis en vaardighede kan ontgin; en
(c) Die daarstelling van maatskaplike verandering binne 'n gemeenskap waar besluitnemingsprosesse van die gemeenskap geaktiveer sal word.

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (RSA - Witskrif vir Maatskaplike Welsyn: 1997:9) stel die visie vir Gemeenskapswerk in Suid-Afrika soos volg: " It would be the main purpose of community work services to develop self-reliant communities, to attain this intended result, human and environmental potential must be unlocked." Dit is by hierdie visie waar die maatskaplike werker in privaatpraktyk 'n rol te speel het deur betrokke te wees binne gemeenskappe waar die potensiaal van elke individu optimaal deur middel van opleiding uitgebou kan word.

In Tabel 5.2 en Figuur 5.3 word aangetoon hoe die drie primêre metodes deur maatskaplike werkers in privaatpraktyk in elke provinsie, beoefen word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 5.2 Die beoefening van Gevallewerk, Groepwerk en Gemeenskapswerk in maatskaplike werk deur privaatpraktisyns in Suid-Afrika

Provinsie	Gevallewerk		Groepwerk		Gemeenskapswerk	
	n	% vir elke provinsie bereken op aantal privaatpraktisyns per provinsie	n	% vir elke provinsie bereken op aantal privaatpraktisyns per provinsie	n	% vir elke provinsie bereken op aantal privaatpraktisyns per provinsie
Oos-Kaap	46	96	12	25	3	06
Vrystaat	40	91	12	27	2	01
Gauteng	452	90	113	22	22	04
Kwa/ Natal	126	89	29	20	6	04
Limpopo	63	94	11	16	4	06
Mpumalanga	32	91	8	23	1	03
Noord-Kaap	11	100	1	9	0	00
Noord-Wes	24	89	5	19	2	07
Wes-Kaap	220	88	60	24	12	05
Totaal	**1014**	**-**	**251**	**-**	**52**	**-**

n = Frekwensie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com



Figuur 5.3 Verspreiding van die drie primêre metodes in maatskaplike werk in elk van die nege provinsies soos deur privaatpraktisyns beoefen

Vanuit hierdie data kan die volgende afleidings van toepassing op die praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur gemaak word.

- Op provinsiale vlak blyk dit dat gevallewerk as metode steeds die oorgrote persentasie steun in privaatpraktyk kry, met groepwerk in elke provinsie as die tweede geselekteerde metode en gemeenskapswerk as die metode wat die minste in al nege provinsies binne privaatpraktyk

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

beoefen word. 'n Afleiding wat die navorser hieruit maak, is dat gevallewerk steeds die aard van privaatpraktyk die beste ondersteun in die sin dat dit die metode is waar die maatskaplike werker in privaatpraktyk die maklikste 'n verdienste kan put. Deur gevallewerk te beoefen is die maatskaplike werker in privaatpraktyk aangewese op hulpverlening aan die individu wat in die meeste gevalle individuele aanspreeklikheid vir sy maatskaplike welstand neem.

- 'n Verdere aspek wat ook ondersoek moet word, is die moontlikheid dat die behoefte aan gemeenskapswerk in privaatpraktyk wel deur opgeleide maatskaplike werkers bevredig word maar dat hierdie gemeenskapswerkers nie noodwendig as maatskaplike werkers of maatskaplike werkers in privaatpraktyk geregistreer is nie aangesien die aard en omvang van gemeenskapswerk dikwels buite die grense van verpligte registrasie val.

- Indien die inligting wat vervat is in Figuur 5.3 op nasionale vlak geinterpreteer kan word, verkies maatskaplike werkers in privaatpraktyk om gevallewerk as primêre metode te beoefen. Dit blyk dat 92% van maatskaplike werkers in privaatpraktyk verkies om gevallewerk te doen teenoor 21% wat groepwerk doen en slegs 4% wat gemeenskapswerk doen. Soos reeds bo vermeld, is die navorser van mening dat die voordele wat gevallewerk as metode vir privaatpraktyk inhou, onder meer die vermoë om die probleemoplossingsvermoë en hanteringstrategieë van die individu te bevorder, in te sluit, sisteme wat dienste, hulpmiddele en geleenthede aan individue voorsien daar te stel en effektiewe en humanistiese optrede binne sisteme, te bevorder. Indien hierdie inligting vergelyk word met die entrepreneuriese prosesse soos bespreek in Hoofstuk vyf, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk individuele dienslewering meer winsgewend en voordelig vir privaatpraktyk mag vind as die ander twee oorblywende primêre metodes.

- Indien daar na die finansiële aspek van individuele gevallewerk binne privaatpraktyk gekyk word, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk wel groter finansiële baat vind by individuele sessies van berading as met groep- of gemeenskapswerk. Tabel 5.3 gee 'n uiteensetting van die fooistrukture van privaatpraktisyns soos voorgeskryf deur SAASWIPP (S.A Social Workers in Private Practice - fee structure: 2003).

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 5.3 Fooistrukture vir drie primêre metodes wat in maatskaplikewerk privaatpraktyk beoefen word

Diens gelewer	Tarief geregtig om te hef volgens voordeleskaal .
• Individuele terapie	R 124 per uur
• Groepsterapie	R 18 per groeplid per uur
• Gemeenskapsgerigte werk	Geen aanduiding.

Hieruit kan die afleiding wat gemaak is, dat maatskaplike werkers in privaatpraktyk hul eerder sal toespits op individuele hulpverlening as groep- of gemeenskapsgerigte werk, bevestig word vanweë die feit dat die vergoedingstrukture 'n beter opbrengs vir professionele tyd sal lewer. Hierdie is egter slegs 'n afleiding wat nie empiries getoets is nie, en wat as 'n aanbeveling vir latere empiriese navorsing in privaatpraktyk kan dien. 'n Verdere aspek wat bestudeer sal word vanuit privaatpraktyk, is die voorkeur vir spesialiseringsrigtings in privaatpraktyk. Vanuit hierdie inligting kan sowel waardevolle afleidings ten opsigte van hulpverleningstrukture in privaatpraktyk gemaak word, as fokus-areas wat die afgelope tyd in maatskaplikewerk privaatpraktyk ontwikkel het, geïdentifiseer word.

➢ **Spesialiseringsterreine in maatskaplikewerk privaatpraktyk**

Soos reeds gemeld het elke maatskaplikewerk metode en daaruit voortvloeiend spesialiseringsterrein, 'n unieke fokus binne die hulpverleningsproses. Die volgende spesialiseringsterreine in maatskaplikewerk privaatpraktyk word onderskei:

- **Aanneming as spesialiseringsterrein in maatskaplikewerk privaatpraktyk**

Aanneming as spesialiseringsterrein in maatskaplikewerk privaatpraktyk word tans deur 'n subkomitee van die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe gereguleer. maatskaplike werkers wat in aanneming spesialiseer moet aan 'n stel voorvereistes voldoen waaronder praktykervaring, opleiding in die spesialiseringsgebied en monitering deur statutêre strukture (RSA, Wet 110 van 1978).

Aannemingspraktyke word onder streng voorwaardes deur die wet op Maatskaplike Diensberoepe gereguleer, en maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat wel spesialiseer in aanneming, is

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

onderwerp aan 'n protokol vir optrede wat 'n internasionaal aanvaarde etiese kode insluit en verskans is in Wet 110 van 1978. Tans blyk dit uit die datastel van SAASWIPP dat aannemingspraktyke, soos in Tabel 5.4 en Tabel 5.4 weergegee, in die nege provinsies van Suid-Afrika daar uitsien:

Tabel 5.4 Verspreiding van privaatpraktyke in maatskaplike werk wat in aanneming as spesialiteitsrigting spesialiseer

Provinsie	n	%
Oos-Kaap	4	06
Vrystaat	2	03
Gauteng	30	48
Wes-Kaap	13	21
Kwa-Zulu Natal	10	16
Limpopo	1	02
Noord-Kaap	1	02
Noord-Wes Provinsie	1	02
Mpumalanga	0	00
Totaal	**62**	**100**

n = frekwensie

Figuur 5.4 Verspreiding van privaatpraktyke in Maatskaplike werk wat spesialiseer in aanneming as spesialiteits



Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 5.4 en Figuur 5.4 toon dat 48% van maatskaplikewerk privaatpraktyke in Gauteng wel aanneming doen, terwyl geen (0%) privaatpraktyke in Mpumalanga aannemings doen nie. Wat insiggewend is, is wanneer hierdie data in verband met die aantal privaatpraktisyns per provinsie vergelyk word, gesien word dat spesifieke provinsies statisties 'n groter persentasie aannemingingspraktyke het as die ander provinsies. In Tabel 5.5 kan hierdie resultate duideliker uiteengesit word.

Tabel 5.5 maatskaplike werkers in privaatpraktyk asook aantal praktyke wat in aanneming per provinsie spesialiseer

Provinsie	maatskaplike werkers in privaatpraktyk		Hoeveel aannemings-praktyke per provinsie	% wat aannemings uitmaak per privaat praktyk per provinsie
	n	%	n	
Oos-Kaap	48	04	4	08
Vrystaat	44	04	2	05
Gauteng	504	45	30	06
Wes-Kaap	249	22	13	05
Kwa-Zulu Natal	142	13	10	07
Limpopo	67	06	1	01
Noord-Kaap	11	01	1	09
Noord-Wes Provinsie	27	02	1	04
Mpumalanga	35	03	0	00
Totaal	**1127**	**100**	**62**	**-**

n = Frekwensie

Alhoewel die frekwensies van bogenoemde tabel baie laag is en die statistiese beduidendheid betwisbaar is, kan die afleiding tog gemaak word dat die provinsie met die grootste hoeveelheid aannemingspesialisasie in verhouding tot privaatpraktyke in die Oos-Kaap (8%) en Noord-Kaap (9%) voorkom. Anders gestel kan dit ook daarop dui dat daar vir die aantal privaatpraktisyns in hierdie twee provinsies die beste verteenwoordiging vir aanneming as spesialiteitsrigting bestaan. In terme van die prosesse as veranderlike binne 'n privaatpraktykmodel, sal die entrepreneuriese

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

prosesse die meeste by hierdie inligting baat aangesien die bemarkingspotensiaal en markaandeel van die spesialiteitsrigting deur hierdie data die beste gereflekteer word.

- **Opleiding as spesialiseringsterrein vir maatskaplikewerk privaatpraktyk**

Met opleiding word veronderstel dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk die opleidingsarena betree en sy kennis van maatskaplike werk en ander spesialiteitsareas voortspruitend uit maatskaplike werk in die vorm van opleiding aan die publiek verkoop. Die publiek sluit die totale spektrum van belangstellendes in. Die fokus is op die diens wat gelewer word en nie die sisteem wat daarby baatvind nie. Voorbeelde van opleiding deur maatskaplike werkers in privaatpraktyk sluit die volgende in: opleidingskursusse aan ouers in ouerbegeleiding, werkwinkels aan voornemende egpare in huweliksvoorbereiding; werkwinkels oor emosionele intelligensie aan korporatiewe organisasies; slypskole aan kollegas oor statutêre en forensiese prosesse; en gesinsverrykingsseminare.

In Tabel 5.6 word die data verskaf, soos verkry vanuit die databank van SAASWIPP. Die totale aantal maatskaplike werkers in al nege provinsies wat spesialiseer in opleiding was 462.

Tabel 5.6 maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat in opleiding spesialiseer

Provinsie	n	%
Oos-Kaap	22	05
Vrystaat	16	04
Gauteng	193	44
Kwa—Zulu Natal	70	16
Limpopo provinsie	36	08
Mpumalanga	10	02
Noord-Kaap	5	01
Noord-Wes provinsie	10	02
Wes-Kaap	100	23
Totaal	**462**	**100**

n = Frekwensie

Die data kan weer eens in verhouding gebring word met die aantal privaatpraktyke binne elke provinsie om die provinsie met die grootste aantal privaatpraktyke wat spesialiseer in opleiding, te

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

bepaal. Weens huidige regulasie wat deur die Beroepsraad vir maatskaplike werk en SAASWIPP uiteengesit word, is dit onmoontlik vir meer as een maatskaplike werker om in een praktyk onder een geregistreerde privaatpraktyknommer te praktiseer. Een privaatpraktyk verteenwoordig dus een maatskaplike werker. Van die bestaande privaatpraktyke wat aangedui het dat hul in opleiding spesialiseer (462) het 193 in die Gautengprovinsie aangedui dat opleiding 'n spesialiseringsveld in die privaatpraktyk is. Hierdie hoeveelheid verteenwoordig dus 44% van die totale persentasie privaatpraktyke wat op nasionale vlak in opleiding spesialiseer. Die laagste frekwensie is in die Noord-Kaap waar slegs vyf (5) van die totale vier honderd twee en sestig (462) praktyke op nasionale gebied vanuit die Noord-Kaap in opleiding spesialiseer. Hierdie frekwensie verteenwoordig 'n persentasie van 1%.

Die bogenoemde data kan egter slegs in perspektief geplaas word indien die persentasie wat opleiding uitmaak binne elke privaatpraktyk afsonderlik vergelyk word. In Tabel 5.7 word die maatskaplike werkers in privaaptraktyk per provinsie aangedui met die onderskeid dat die persentasie aangedui word wat opleiding in elke privaatpraktyk in die nege provinsies uitmaak.

Tabel 5.7 Persentasie wat opleiding as spesialiseringsterrein uitmaak in maatskaplikewerk privaatpraktyke

Provinsie	maatskaplike werkers in privaatpraktyk per provinsie		Hoeveelheid opleidings-praktyke per provinsie	% wat opleiding uitmaak per privaat praktyke per provinsie
	n	%	n	
Oos-Kaap	48	04	22	46
Vrystaat	44	04	16	36
Gauteng	504	45	193	38
Kwa-Zulu Natal	142	13	70	49
Limpopo	67	06	36	54
Mpumalanga	35	03	10	29
Noord-Kaap	11	01	5	45
Noord-Wes	27	02	10	37
Wes-Kaap	249	22	100	40
Totaal op nasionale vlak	**1127**	**100**	**462**	**-**

n = Frekwensie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die gemiddelde syfers, soos aangedui in Tabel 5.7 word benut om 'n grafiek te trek vir die visuele voorstelling van die data wat opleiding verteenwoordig in maatskaplikewerk privaatpraktyk in die nege provinsies. Daar kan die afleiding gemaak word dat maatskaplikewerk privaatpraktyke wat opleiding as spesialiseringsveld benut dus ook opleiding as inkomstebron sal benut.



Figuur 5.5 Grafiese voorstelling van die persentasie wat opleiding as spesialiseringsterrein uitmaak in maatskaplikewerk privaatpraktyke

Vanuit bogenoemde data kan die gevolgtrekking gemaak word dat 54% van privaatpraktyke in die Limpopo provinsie 'n opleidingskomponent besit. 'n Aanbeveling vir verdere navorsing sou wees om te bepaal watter soort opleiding hierdie praktyke doen en wat die rede hiervoor sou wees. Dit is interessant om te sien dat die provinsies wat tradisioneel die opleidingsinstellings huisves, naamlik; Gauteng, Vrystaat, Wes-Kaap en Noord-Wes, nie sterk figureer met betrekking tot opleiding nie. Kwa-Zulu Natal wat egter ook oor 'n opleidingsinstelling beskik, toon 'n hoër persentasie praktyke wat opleiding aanbied. Binne die veranderlikes van 'n voorgestelde praktykmodel sou die elemente asook prosesse eie aan 'n praktykmodel baat vind by hierdie inligting aangesien aspekte soos die aanbieding van die professionele self, entrepreneuriese prosesse, die eksterne omgewing en besigheidsbeginsels geskoei word op aspekte van opleiding.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

'n Verdere veranderlike vanuit die databank van SAASWIPP was die verspreiding van praktyke wat fokus op statutêre en forensiese werk in maatskaplike werk.

- **Statutêre en forensiese werk as spesialiseringsterrein in maatskaplikewerk privaatpraktyk**

Statutêre en forensiese werk kan omskryf word as alle maatskaplikewerk prosesse, prosedures en ondersoeke deur 'n geregistreerde maatskaplike werker waar die wetlike bevoegdheid van hierdie maatskaplike werker se optrede deur geregshowe bepaal en gereguleer word. Die maatskaplikewerker in privaatpraktyk wat dus binne die spesialiseringsterrein van statutêre en forensiese werk as privaatpraktisyn werk, is betrokke binne alle hulpverleningsaksies waar die reg verskans is.

Vanweë die aard en omvang van statutêre en forensiese werk, word hierdie twee areas tradisioneel aan optrede deur maatskaplike werkers gekoppel. Geen ander professionele beroep, ingesluit sielkundiges, mediese dokters, opvoedkundiges of teoloë beskik oor die statutêre bevoegdheid om op statutêre terrein op te tree nie. Forensiese werk mag wel beoefen word deur ander dissiplines wat opleiding het om byvoorbeeld binne die regsaspekte van gevalle in te tree. Hier word onder meer deskundige getuienislewering of hofvoorbereiding ingesluit.
Tabel 5.8 reflekteer die data van maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat in statutêre en forensiese werk spesialiseer.

Tabel 5.8 Verspreiding van maatskaplikewerk privaatpraktyke wat volgens provinsies in statutêre en forensiese werk spesialiseer

Provinsie	n	%
Oos-Kaap	12	05
Vrystaat	5	02
Gauteng	105	44
Kwa-Zulu Natal	34	14
Limpopo	16	07
Mpumalanga	6	03
Noord-Kaap	3	01
Noord-Wes Provinsie	7	03
Wes-Kaap	49	21
Totaal	**237**	**100**

n = frekwensie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Bogenoemde data kan grafies soos volg in Figuur 5.6 voorgestel word



Figuur 5.6 Verspreiding van Maatskaplikwerk privaatpraktyke wat in statutêre en forensiese werk in die nege provinsies spesialiseer

Vanuit bogenoemde data, is dit duidelik dat die grootste verspreiding maatskaplikewerk privaatpraktyke wat in statutêre en forensiese werk spesialiseer in Gauteng te vind is. Hierdie verspreiding bied egter net 'n grafiese blik op die huidige stand van spesialisering in statutêre en forensiese werk. Indien hierdie data verder ontleed word en die verhouding privaatpraktyke wat spesialiseer in statutêre en forensiese werk tot die hoeveelheid privaatpraktyke in elke provinsie vergelyk word, kan die inligting soos volg in Tabel 5.9 weergegee word:

Tabel 5.9 maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat in statutêre en forensiese werk spesialiseer

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Provinsie	% maatskaplike werkers in privaatpraktyk per provinsie		Hoeveelheid forensiese en statutêre praktyke per provinsie	% wat forensiese en statutêre werk uitmaak per praktyk per provinsie
	n	%	n	
Oos-Kaap	48	04	12	25
Vrystaat	44	04	5	11
Gauteng	504	45	105	21
Kwa-Zulu Natal	142	13	34	24
Limpopo provinsie	67	06	16	24
Mpumalanga	35	03	6	17
Noord-Kaap	11	01	3	27
Noord-Wes Provinsie	27	02	7	26
Wes-Kaap	249	22	49	20
Totaal	**1127**	**100**	**237**	**-**

n = Frekwensie

Statutêre en forensiese werk as spesialiteitsterrein in privaatpraktyke in die nege provinsies kan ook soos volg grafies (Figuur 5.7) voorgestel word. Vanuit Tabel 5.9 en Figuur 5.7 is dit duidelik dat sewe van die nege provinsies oor maatskaplikewerk privaatpraktyke beskik wat gemiddeld 20% en hoër, forensiese en statutêre werk doen, met die uitsondering van die Vrystaat waar slegs 11% van maatskaplike werkers in privaatpraktyk forensiese en statutêre werk doen en Mpumalanga waar 17% forensiese en statutêre werk doen.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 5.7 maatskaplikewerk privaatpraktyke wat in statutêre en forensiese werk volgens provinsies spesialiseer

Uit die verspreiding van forensiese en statutêre werk in die nege provinsies is die navorser van mening dat die verspreiding van forensiese en statutuêre werk op nasionale vlak goed verdeel is. Dit sou interessant wees om te bepaal waarom maatskaplike werkers in privaatpraktyk in die Vrystaat verkies om nie forensiese en statutêre werk te doen nie.

- **Supervisie as spesialiseringsterrein in maatskaplikewerk privaatpraktyk**

Die aard en omvang van supervisie as spesialiseringsterrein binne privaatpraktyk verskil van dit wat tradisioneel binne maatskaplike werk as supervisie bekend staan. Binne privaatpraktyk word die supervisie-rol van die maatskaplike werker aangepas na dié van konsultant aangesien die maatskaplike werker sy vaardighede as supervisor "te koop " vir kollegas of organisasies wat dienste van 'n supervisor benodig, aanbied. Daar word egter binne hierdie studie steeds verwys na supervisor in plaas van konsultant aangesien die databank waaruit die navorser gegewens verkry het steeds verwys na supervisie en supervisor eerder as konsultasie of konsultant.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die voordeel van supervisie as spesialiteitsrigting binne maatskaplikewerk privaatpraktyk word daarin gevind dat die aard en omvang van hulpverlening afgewissel word deur 'n andersoortige hulpverleningsproses met 'n andersoortige kliëntsisiteem.

Uit gesprekke met die kundiges soos vroeër genoem, blyk dit dat privaatpraktisyns supervisie aanwend om uitbranding vanweë werksdruk of emosionele spanning, tee te werk. Tariewe wat gehef word vir konsultasie/supervisie sessies aan kollegas vervang dus konsultasiefooie wat gehef sou word in berading of terapie.

Supervisie verg egter spesialiteitsopleiding. Sowel nagraadse opleiding in supervisie as praktykervaring as supervisor stel 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk in staat om as supervisor op te tree. Die verspreiding van supervisie as spesialiteitsrigting binne privaatpraktyke in die nege provinsies kan soos volg in Tabel 5.10 en Figuur 5.8 uiteengesit word.

Tabel 5.10 Supervisie as spesialiteitsrigting binne maatskaplikewerk privaatpraktyk op nasionale vlak

Provinsie	n	%
Oos-Kaap	5	03
Vrystaat	2	01
Gauteng	85	56
Kwa-Zulu Natal	18	13
Limpopo	6	04
Mpumalanga	5	03
Noord-Kaap	0	00
Noord-Wes Provinsie	0	00
Wes-Kaap	31	20
Totaal	**152**	**100**

n = Frekwensie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 5.8 Grafiese verspreiding van supervisie as spesialiteitsrigting binne maatskaplikewerk privaatpraktyk op nasionale vlak.

Indien die inligting, soos hierbo uiteengesit, in verband gebring word met die persentasie supervisie op nasionale vlak, kan 'n duidelike beeld gevorm word hoe die verspreiding deur die land met betrekking tot supervisie in maatskaplikewerk privaatpraktyk daar uit sien. Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die grootste hoeveelheid maatskaplikewerk privaatpraktisyns wat in supervisie as spesialiteitsrigting werksaam is, in die Gauteng-provinsie te vind is. Hierdie data verteenwoordig egter slegs 'n grafiese voorstelling van hoe maatskaplikewerk privaatpraktyke supervisie as spesialiteitsrigting deurgans benut. Die fokus is dus nie watter provinsie die hoogste persentasie spesialisering in supervisie toon nie, maar hoe dit in verhouding tot ander provinsies staan. In die geval van supervisie as spesialiseringsrigting val dit op dat die Noord-Kaap en Noord-Wes Provinsie oor geen maatskaplikewerkers in privaatpraktyk beskik wat spesialiseer in supervisie as spesialiteitsrigting nie. Vanuit hierdie data kan die navorser dus aflei dat belange-organisasies en opleidingsinstellings binne hierdie spesialiteitsrigting 'n bydrae tot die uitbouing daarvan kan lewer. Ten einde wel te kan vasstel of 'n behoefte wel bestaan in die uitbouing van supervisie as spesialiteitsrigting is dit nodig om data te bestudeer wat 'n beeld gee van hoe die benutting van supervisie in elke maatskaplikewerk privaatpraktyk daar uit sien.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 5.11 Die benutting van supervisie as spesialiteitsrigting binne maatskaplikewerk privaatpraktyke

Provinsie	maatskaplike werkers in privaatpraktyk per provinsie		Hoeveelheid praktyke met supervisie as spesia-lisering per provinsie	% praktyke met supervisie as spesia-lisering per provinsie
	n	%	n	
Oos-Kaap	48	04	5	10
Vrystaat	44	04	2	05
Gauteng	504	45	85	17
Kwa-Zulu Natal	142	13	18	13
Limpopo	67	06	6	09
Mpumalanga	35	03	5	14
Noord-Kaap	11	01	0	00
Noord-Wes Provinsie	27	02	0	00
Wes-Kaap	249	22	31	12
Totaal	**1127**	**100**	**152**	**-**

n = frekwensie

Die gemiddelde syfers soos aangedui in Tabel 5.11 word benut om 'n grafiek te trek vir die visuele voorstelling ten einde die benutting van supervisie as spesialiteitsrigting binne maatskaplikewerk privaatpraktyke uit te beeld. Hierdie data bied dus 'n verklaring oor hoe maatskaplikewerk privaatpraktyke hul tyd aan supervisie as spesialiteitsterrein binne die beoefening van maatskaplike werk, aanwend. Hierdie tyd aan supervisie spandeer, is tyd as 'n supervisor of konsultant met die oog op inkomstegenerering en nie tyd spandeer aan die benutting van 'n supervisor of konsultant nie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 5.9 Die benutting van supervisie as spesialiteitsrigting binne maatskaplikewerk privaatpraktyke

Alhoewel die datastel statisties te klein is om werklik wetenskaplike afleidings te kan maak, is dit tog uit bogenoemde duidelik dat die maatskaplikewerk privaatpraktyke in Gauteng nagenoeg 17% van hul praktyktyd aan supervisie as spesialiteitsrigting afstaan. maatskaplikewerk privaatpraktyke in Mpumalanga staan nagenoeg 14% van hul praktyktyd aan supervisie af. Dit word weer eens beklemtoon dat hierdie data daarop dui dat die tyd aan supervisie afgestaan op die privaatpraktisyn se tyd dui wat hy as supervisor verkoop en nie noodwendig self supervisie ontvang nie. Data vir tyd in privaatpraktyk gespandeer om self supervisie te ontvang, is nie beskikbaar nie.

Ten einde 'n visuele voorstelling van alle spesialiseringsterreine in privaatpraktyk te maak, is al die vooraf gegewe data in Figuur 5.10 saamgevat. Hierdeur kan daar visueel 'n beter idee gevorm word oor watter spesialiseringsterrein in privaatpraktyk tans die meeste deur maatskaplike werkers in privaatpraktyk toegepas word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 5.10 Verspreiding van tipe spesialiteitsrigtings binne maatskaplikewerk privaatpraktyk in Suid-Afrika

Die data ,soos weergegee in die vorige afdeling word in Figuur 5.10 opgesom. Hierdie opsommende inligting in Figuur 5.10 bied benewens 'n profiel van die werksaamhede van maatskaplikewerkprivaatpraktisyns in die veld ook waardevolle inligting ten einde groeiareas en leemtes vir verdere navorsing te identifiseer.

Met die bestudering en verkenning van die profiel van maatskaplikewerkers in privaatpraktyk, is Fase twee, naamlik inligtinginsameling van die intervensienavorsingsmodel suksesvol voltooi. Die data-insamelingsmetode wat gevolg is ten einde hierdie doelwit te bereik, was sekondêre data-ontleding.

Hulpverlening deur middel van die primêre en sekondere metodes in maatskaplike werk, is egter nie die enigste proses wat aangetref word binne 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk nie. In 1992 het die Raad vir maatskaplikewerk Opleiding in die VSA, beleid uitgevaardig dat alle departemente en skole in maatskaplikewerkopleiding voorgraadse studente in entrepreneurskap moet oplei (Bent-Goodley, 2002). Die implementering van hierdie beleid is deur Bent-Goodley (2002:291) deur middel van navorsing by verskeie akademiese instellings getoets, ten einde te bepaal of

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

maatskaplikewerkstudente in staat sal wees om suksesvol in privaatpraktyk te funksioneer. Daar sal dus in die volgende paragrawe aandag geskenk word aan die entrepreneuriese prosesse as deel van 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk.

5.3.2 Entrepreneuriese prosesse as komponent van maatskaplikewerk privaatpraktyk

In Suid-Afrika word verskeie programme in entrepreneuriese bestuur binne generiese opleiding aan maatskaplikewerkstudente aangebied. So beskik die Universiteit van Suid-Afrika byvoorbeeld oor 'n generiese program in entrepreneuriese bestuur. Hierdie program word steeds op vrywillige basis deur studente voltooi, kos die student ekstra klasgeld en reflekteer slegs vir nie-graaddoeleindes op die student vanuit ander studierigtings as ekonomiese en bestuurswese, se akademiese rekord (Unisa Jaarboek: 2003).

Dit is reeds deur Tropman in Bent-Goodley (2002:290) in navorsing bewys dat die meeste maatskaplike werkers nie opgelei word om 'n besigheid (binne konteks van maatskaplike werk) te begin, op te bou en volhoubaar te bestuur nie. Hierdie stelling word soos volg deur Bent-Goodley (2002:291) beaam: "This is not an effective way to train social workers within the profession, and private practices and other social service organizations often fail due to a lack of business skills."

Verskeie outeurs en akademici (Jarma-Rohde, McFall, Kolar & Strom, 1997; Tropman, 1989 en Jones,1991) bepleit egter dat 'n entrepreneuriese model, wat relevant en noodsaaklik binne opleiding aan maatskaplike werkers is, aan studente op voorgraadse vlak voorsien sal word. Dit word dus geoordeel dat hierdie studente toegerus sal word om die elementêre entrepreneuriese- en bestuursprosesse van die sakewêreld suksesvol te integreer in maatskaplike werk as beroepskeuse, hetsy die maatskaplike werker in privaatpraktyk of binne organisasieverband funksioneer.

Tradisioneel en in volksmond word 'n maatskaplike werker steeds beskou as 'n "hulpverlener", "berader", "terapeut" soms 'n "lammervanger", "sieketrooster" "die welsyn", dikwels ook 'n "advokaat" "aktivis vir menseregte" en "bemiddelaar". Die feit bly staan, maatskaplike werk word as 'n diensberoep beskou. Verskeie skrywers ondersteun hierdie standpunt en verwys na

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

maatskaplike werkers in die konteks van: “advocate for poor, disadvantaged, disenfranchised, and oppressed peoples” (Barber in Hepworth, *et al*.. 1997:2).

Gedurende die laaste twee dekades het die rol van die maatskaplike werker meer verskuif vanaf armsorg en noodleniging (Friedlander, 1977:7) tot 'n benadering van “solution-based interventions” soos omskryf deur Knight (2001). Die problematiek van ’n nuwe era en die hulpverleningsproses van die diensberoepe word soos volg deur Knight (2001:311) opgesom: “…that the existence of a problem of knowledge depends on the future being different from the past, while the possibility of the solution of the problem depends on the future being like the past.”

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat die evolusionêre proses van groei binne maatskaplike werk reg bestuur moet word. Siklusse van sosiale probleme herhaal met groter chaos, meer intensiteit en groter omvang en opleiding aan maatskaplike werkers moet hierdie verandering kan voorspel en akkommodeer. Die rol van die maatskaplike werker in privaatpraktyk vereis na aanleiding van hierdie verandering, veral ook binne die prosesse van hulpverlening, ondersteuning vanuit entrepreneuriese prosesse en bestuursprosesse.

5.3.2.1 Konseptualisering van en rasionaal vir die insluiting van entrepreneuriese prosesse binne maatskaplikewerk privaatpraktyk

Alvorens beoordeel kan word tot watter mate entrepreneuriese prosesse tuishoort binne ’n model vir privaatpraktykbestuur sou dit sinvol wees om ’n konseptualisering van toepaslike veranderlikes, naamlik entrepreneurskap en die entrepreneur, te doen.

- *Definiëring van entrepreneur(skap)*

’n Veelheid definisies bestaan in die literatuur wat entrepreneurskap en die entrepreneur binne die proses beskryf. Vir die doeleindes van hierdie studie sal met die volgende definisies volstaan word, aangesien dit ruimte laat om ook die maatskaplikewerk-hulpverleningsproses in die omskrywing te akkommodeer.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Praag (1996:3) bied die volgende beskrywing van wat verstaan word onder die konsep entrepreneur: “an entrepreneur is someone who indicates either that (s)he has started a business venture alone or with a group or that (s)he has acquired a (family) business, alone or with a group. ’n Verdere beskrywing deur dieselfde outeur stel dit anders: *“an entrepreneur is someone who indicates himself or herself to be self-employed in an (un)incorporated business.”*

Die volgende definisie, soos uiteengesit deur Bygrave (1997:2) ondersteun bogenoemde soos volg: *“an entrepreneur is someone who perceives an opportunity and creates an organization to pursue it.”* Daarteen word die entrepreneuriese proses gestel as: “*(the process) that involves all the functions, activities and actions associated with perceiving opportunities and creating organizations to pursue them.”*

‘n Verdere belangrike aspek is die kenmerk dat entrepreneurskap meer omsluit as net vaardighede wat lei tot nuwe geleenthede en werkskepping. Miner (1997:1) beskryf entrepreneurskap soos volg: *“Entrepreneurship is something that I firmly believe in, it is more than just about starting a business, entrepreneurship lends itself to developing disciplined workers and capable leaders; qualities that are vital for our country’s development*.”

In ’n ander artikel stipuleer Roberts en Kynaston (2001:4555) *“It’s not just about starting your own business. It’s about the courage to take calculated risks and make quick but intelligent decisions.”*

Vanuit bogenoemde omskrywings kan die afleiding dus gemaak word dat ‘n entrepreneur ‘n persoon is wat oor bepaalde besigheidsvaardighede beskik om sy eie inkomste suksesvol te genereer. Sy persoonlikheid is ook bydraend tot hierdie proses en hy beskik oor ‘n bepaalde werksetiek wat onder meer selfwerksaamheid omvat.

Die rasionaal vir insluiting in die model vir privaatpraktyk in maatskaplike werk kan dus gevind word in die feit dat die maatskaplike werker se sukses in ’n privaatpraktyk gemeet sal word aan die eienskappe kenmerkend aan entrepreneurskap en bestuur, soos in die definiëring daarvan uiteengesit. Die belangrikheid lê egter daarin gesetel dat die huidige omskrywing van ’n maatskaplike werker in privaatpraktyk nie ruimte laat vir bykomende vaardighede in

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

entrepreneurskap en bestuur om met sukses 'n eie privaatpraktyk te kan betree nie. Hierdie bykomende vaardighede sal gevind kan word binne entrepreneuriese- en bestuursprosesse en sal vanuit daardie konteks bespreek word.

5.3.2.2 Basiese aannames waarop die entrepreneuriese proses berus

Ten einde die determinante van sukses in privaatpraktykbestuur te bepaal, is dit noodsaaklik om na die entrepreneuriese proses te kyk. Hierdie proses omskryf faktore wat saam met die determinante van sukses aanleiding kan gee tot eie suksesvolle werkskepping. Die faktore sluit onder meer persoonlike, sosiologiese en omgewingsfaktore in. Alvorens die entrepreneuriese proses bespreek kan word, is dit nodig om die basiese aannames rakende entrepreneurskap te ondersoek en te beskryf.

- ***Aanname 1 - Interne lokus van beheer is 'n voorvereiste vir sukses in die entrepreneuriese proses***

Interne lokus van beheer word omskryf as die persoonlike oortuiging van 'n persoon dat hy *persoonlik* verantwoordelik is vir uitkomste en gebeurtenisse in sy lewe, soos onder andere sukses, sy vermoëns, sy inspanning, ywer en vaardigheid, (Kaufmann, Welsh & Bushmarin, 1995:44). Terwyl eksterne lokus van beheer deur dieselfde outeurs beskryf word as die oortuiging dat eksterne faktore, die uitkomste en gebeure in die individue se lewe beïnvloed.

Verskeie outeurs waaronder Shapero (1975) en Shaver en Scott (1991) is van mening dat indien die individu oor interne lokus van beheer beskik, dit bydra tot 'n groter geneigdheid om in entrepreneuriese aktiwiteite betrokke te raak. Dit wil dus vanuit die teorie voorkom asof die entrepreneur oor 'n hoër interne lokus van beheer beskik as persone wat nie entrepreneuries is nie. Hierdie stelling impliseer dus dat die entrepreneur tot 'n groot mate 'n behoefte tot persoonlike beheer oor sy lewenssituasie het.

In navorsing gedoen deur Carver (1997:580) is daar verder bevind dat persone wat beskik oor 'n interne lokus van beheer (sensitiwiteit vir persoonlike beheer) geneig is om meer aanpasbaar in

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

hulle omgewing te wees as persone wat met 'n eksterne lokus van beheer funksioneer. Die toepaslikheid van hierdie stelling binne maatskaplikewerk privaatpraktyk kan gevind word binne die werksmilieu waarin die maatskaplike werker homself bevind. Dit word soos volg in Tabel 5.12 uiteengesit:-

Tabel 5.12 Die verband tussen werksomgewing en interne lokus van beheer

OMGEWING	maatskaplike werker in organisasieverband	maatskaplike werker in privaatpraktyk	lokus van beheer	
			Werker in organisasie	Privaat-Praktisyn
Omgewing	Staties met formele struktuur vir sekuriteit soos supervisors, kantoorhoofde en burokrasie.	Dinamies, persoonlike sekuriteit deur middel van versekering, duur konsultasie vir supervisie.	Eksterne lokus van beheer.	Interne lokus van beheer.
Finansiële bestuur	Staties met 'n vasgelegde vergoedingstruktuur.	Dinamies met "No work – no pay" beleid.	Eksterne lokus van beheer.	Interne lokus van beheer.
Kantoor Administrasie	Burokratiese bedeling met ondersteuning vanuit 'n formele administratiewe funksionaris.	Persoonlike insette met beheer en bestuur direk toegesê aan maatskaplike werker in privaatpraktyk.	Eksterne lokus van beheer.	Interne lokus van beheer.
Verantwoorde-likheid	Gedeelde verantwoordelikheid – dikwels gedelegeer na meer as een maatskaplike werker wat binne spanverband 'n probleemsituasie benader.	Alleen-verantwoordelikheid met outonome en besluitnemingsprosesse gesetel by die maatskaplike werker in privaatpraktyk alleen.	Eksterne lokus van beheer.	Interne lokus van beheer.
Werkdruk	Kan afgewentel word deur van pos te verander of met verlof te gaan. Kan binne organisasie versprei of gedelegeer word.	Persoonlike keuse met beheer oor werkdruk vanuit funksionele optrede soos verwysingsvermoë of suksesvolle afhandeling, afwesigheid van die werk impliseer geen inkomste nie.	Eksterne en interne lokus van beheer.	Interne lokus van beheer.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

In studies wat deur Carver (1996) gedoen is, verwys lokus van beheer ook na 'n persoon se geloof in sy vermoë om beheer oor gebeure in sy lewe uit te oefen. Die term lokus van beheer word dus ook afgewissel met die term self-effektiwiteit alhoewel dit nie noodwendig binne dieselfde konteks gebruik kan word nie.

Die maatskaplike werker met interne lokus van beheer glo, volgens Spector en O'Connell (1994) dat uitkomste en gebeure direk na aanleiding van sy eie optrede geskied. Die persoon met eksterne lokus van beheer glo dat die gebeure buite sy beheer of betrokkenheid geskied en dat sy aandeel in die gebeure beperk, of van geen waarde is nie. Dieselfde outeur stel dit verder dat die persoon met interne lokus van beheer meer in staat is om veranderinge in gedrag of selfs optrede te bewerkstellig, as die individu met eksterne lokus van beheer.

Daar is verder in navorsing, deur sowel Duvdevany en Rimmerman (1996) as Spector en O'Connell (1994) bewys dat 'n verband bestaan tussen uitbranding, werkstress en spanning by persone waar 'n eksterne lokus van beheer teenwoordig is. Die toepassing van hierdie inligting binne maatskaplike werk sou relevant wees indien die drie prosesse binne die individu se werksomgewing naamlik; werkspersoonlikheid, werksvermoë en werksdoelwit sinvol met betrekking tot interne lokus van beheer toegepas word.

Binne die huidige paradigma in maatskaplike werk mag die moontlikheid bestaan dat twee van hierdie drie velde deur eksterne lokus van beheer, beheer word. Die veronderstelling kan dus gemaak word dat uitbranding, werksdruk en stress by die maatskaplike werker verander kan word indien lokus van beheer aandag sou geniet en aandag geskenk word aan faktore, soos interne lokus van beheer as toepaslike proses vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is reeds verskeie stukke geskryf rakende "'n gemeenskap in transisie" (Jick, 1993). Dit is algemeen bekend dat die veranderinge vanaf 1994 in Suid-Afrika, geweldige impak binne sosiale konteks veroorsaak het. Hierdie transformasie word deur Jick (1993) omskryf as 'n omgewing waarbinne verandering en transformasie 'n totale vervreemding van tradisionele gedrag, verwagting en nuwe alternatiewe of vernuwing teweeggebring het. Fokus op entrepreneuriese aktiwiteite binne 'n beleid van ekonomiese herstrukturering beteken dat die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

entrepreneur verstaan, bemoedig en opgelei moet word. Hierdie stelling word deur Kaufmann, *et al*. (1995:43) soos volg omskryf: "*The success of the country's economic restructuring efforts depends heavily on the success and nurturing of budding entrepreneurs*."

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat interne lokus van beheer by die maatskaplike werker binne privaatpraktyk aandag moet geniet ten einde 'n suksesvolle entrepreneuriese model binne 'n nuwe paradigma te vestig.

- ***Aanname 2 - Omgewingsfaktore het 'n invloed op die entrepreneuriese proses***

Die belangrikheid van eksterne omgewingsfaktore, soos rolmodelle waarmee die maatskaplike werker kan identifiseer binne die entrepreneuriese proses, moet nie oor die hoof gesien word nie. In Bygrave (1997:5) word genoem dat daar 'n verband bestaan tussen suksesvolle entrepreneurskap en positiewe rolidentifikasie. Die voorbeeld van "Silicon Valley" in die VSA waar talle suksesvolle entrepreneurs woon en werk, word genoem. Hierdie streek lewer meer entrepreneurs op as enige ander streek in die wêreld, en die tendens word toegeskryf aan die positiewe versterking wat die entrepreneurs deur suksesvolle rolmodelle ontvang. Die skrywers stipuleer soos volg: *"Role models are very important because knowing successful entrepreneurs makes the act of becoming one yourself seem much more credible" (Bygrave 1997:15).*

Binne konteks vir hierdie studie sal dit dus aanneemlik wees om te oordeel dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk oor 'n suksesvolle rolmodel *in* privaatpraktyk moet beskik ten einde effektifiwteit te verhoog.

- ***Aanname 3 - Hindernisse bestaan wat die entrepreneuriese proses vir maatskaplikewerk privaatpraktyk bemoeilik***

Verskeie hindernisse bestaan binne die kombinasie van tradisionele entrepreneuriese prosesse en 'n tradisionele benadering in maatskaplike werk. maatskaplike werkers word tradisioneel nie toegerus om in 'n besigheidstruktuur te funksioneer nie. Opleiding in bestuur is toepaslik vir die implementering binne nie-winsgewende welsynsorganisasieverband.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Sommige maatskaplike werkers sal volgens Bent-Goodley (2002:292) glo dat die maatskaplike werkprofessie in teenstryd is met entrepreneuriese beginsels. Die volgende aspekte ondersteun hierdie stelling en kan as hindernisse in hierdie proses gesien word:-

- **Altruïsme versus self-belang as hindernis**

maatskaplike werkers glo dikwels dat ideale en drome oor finansiële voorspoed nie tuishoort by 'n beroep waar die kliënt dikwels finansiële nood beleef nie. Hierdie standpunt word deur Gold (1994:24) ondersteun wanneer hy sê dat opleiding aan maatskaplike werkers 'n basiese ingesteldheid van altruïsme en dienslewering vereis.

Hy gaan voort deur te noem dat hierdie veronderstelling 'n persepsie by maatskaplike werkers laat ontstaan het, dat finansiële sukses geskoei is op ander (die kliënt) se leed en teenspoed. Hierdie siening kan 'n struikelblok by die vestiging van 'n suksesvolle privaatpraktyk veroorsaak en sou reeds in opleiding aangespreek moet word.

Gold (1994:24) stipuleer dat maatskaplike werkers binne die ontwikkeling van entrepreneuriese denke ondersteun moet word. Die vestiging van entrepreneuriese denke by die maatskaplike werker kan selfs tot gevolg hê dat nuut ontwikkelde entrepreneuriese vaardighede positiewe gevolge binne tradisionele dienslewering mag hê. In Perlmutter en Adams (1994:439) word dit duidelik gestel dat die integriteit en visie van die maatskaplike werker nie verlore gaan met die aanleer van nuwe entrepreneuriese vaardighede nie, maar dat die klem verskuif na entrepreneuriese denke wat selfwerksaamheid en werkskepping stimuleer.

Entrepeneuriese denke binne maatskaplike werk word deur Bent-Goodley (2002:31) soos volg opgesom: "entrepreneurship reinforces the notion that one can provide an important community service and be worthy of compensation as a professional."

- **Persepsies rondom besigheid en ekonomie as hindernis**

'n Verdere hindernis in die enptrepreneuriese proses is die persepsies wat bestaan rondom die ekonomie en besigheid. Binne die nuwe welsynsbeleid (RSA, Witskrif vir Maatskaplike Welsyn:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

1997) word dit duidelik gestel dat dienste uitkomsgebaseer gelewer moet word. Koste-effektiewe dienslewering is binne die meeste organisasies prioriteit. Uiteraard is hierdie komponent dus ook deel van die maatskaplike werker in privaatpraktyk se daaglikse beplanning. Die persepsie dus, dat maatskaplike werkers nie sukses aan geld hoef te meet nie, het volgens Perlmutter en Adams (1994:446) ontstaan vanweë dienslewering wat nie markverwant "verkoop" word nie. Die besigheidsslagspreuk “tyd is geld” wat in die besigheidswêreld geld, word dikwels binne maatskaplike werk vervang met “tyd is kosbaar”. Die beginsel bly dieselfde maar die eersgenoemde standpunt is nie implementeerbaar indien geld nie ter sprake is nie.

’n Fokus op “tyd is geld” mag volgens bogenoemde skrywers bydrae tot ’n groter sukses met betrekking tot die implementering van uitkomsgebaseerde dienslewering en program-evaluering. So byvoorbeeld het ’n bekende Welsynsorganisasie naamlik die Suid Afrikaanse Vroue Federasie (SAVF) in Limpopo-provinsie die afgelope twee jaar vanaf program-evaluering na die implementering van besigheids- en sakeplanne vir koste-effektiewe hulpverlening beweeg (Bekker, 2002).

Alhoewel hierdie nuwe fokus ’n klemverskuiwing in denke by die maatskaplike werker tot gevolg het, en die klem op besigheidsgedrewe dienslewering geplaas word, beteken dit egter nie dat daar ’n verlies aan professionele etiek sal ontstaan indien die maatskaplike werker sy praktyk binne besigheidsbeginsels bedryf nie. Dit beteken eerder dat dit ’n geleentheid skep vir die maatskaplike werker om in voeling te kom met die werklike behoeftes van die gemeenskap en kliëntekorps.

maatskaplike werkers kan beide entrepreneuries wees en eties optree, aldus Herbert (1999:340) en in die proses ’n groter persoonlike vaardigheid vir besigheidsbeginsels oor die algemeen aanleer.

- **’n Versadigde opleidingskurrikulum in maatskaplike werk**

’n Verdere probleem binne die implementering van entrepreneuriese prosesse in maatskaplikewerk privaatpraktyk is gesetel in die feit dat die opleidingskurrikulum vir maatskaplike werk optimum benut word met noukeurig geselekteerde onderwerpe wat die behoeftes van die student, die beroep, kliënt en gemeenskap aanspreek. Hierdie delikate proses waarbinne akademici prioriteite

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

vir opleiding bepaal beteken noodwendig dat geen tyd afgestaan kan word aan nuwe kurrikuluminhoud nie. Daar word dus nie genoegsaam tyd afgestaan aan opleiding in entrepeneruskap nie.

Na gesprek met akademici (Reynolds, 2002; Van Heerden, 2002 en van Wijk, 2002) aan twee opleidingsinstellings vir maatskaplike werk in Suid-Afrika, het dit duidelik geword dat die bepalings van die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe duidelike voorskrifte neerlê van dit wat ingesluit en uitgelaat mag word binne 'n opleidingskurrikulum. Hierdie bepalings word verder gereguleer deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Outoriteit (SAQA) wat 'n standaardgenererende liggaam, die sogenaamde "SGB" bemagtig om minimum tersiêre opleidingstandaarde vir maatskaplike werk neer te lê. Alhoewel SAQA in die prioritisering van areas vir opleiding dit duidelik stel dat entrepreneurskap deel moet uitmaak van elke opleidingskurrikulum in Suid-Afrika bevraagteken die navorser die huidige implementering van so 'n prioriteit.

Spesialisering in entrepreneurskap as bykomende module op nagraadse vlak sou eerder 'n oplossing bied. Ongelukkig kwalifiseer nie alle maatskaplike werkers hul met nagraadse opleiding nie en is daar steeds maatskaplike werkers wat uitgesluit sal wees van hierdie opleiding. Ondersteuning vir hierdie standpunt word deur Bent-Goodley (2002:292) soos volg omskryf: "Without exploring the merits of entrepreneurship in social work, educators miss an opportunity to teach students about the creative role they can play in economic and community development and about a proven method to solidify their economic future." Dieselfde outeur is verder van mening dat dit onvoldoende is om 'n maatskaplike werker op te lei om slegs vir ander te kan werk.

- **Verbeurde geleenthede binne die maatskaplikewerkberoep**

Vanuit die vorige paragrawe kan die afleiding gemaak word dat daar 'n gebrek bestaan aan opleiding in entrepreneurskap vir maatskaplike werkers. Alhoewel die grootste deel van alle afgestudeerde maatskaplike werkers steeds van oordeel is dat hulle binne die owerheidsektor en formele welsynstrukture geholpe sal raak met 'n pos, is dit steeds van kardinale belang om voorsiening te maak vir die maatskaplike werker wat nie noodwendig binne die formele welsynstrukture geholpe sal raak nie, en eie werkgeleenthede sal moet skep. Met 'n nasionale werkloosheidsyfer van 47% (Suid-Afrikaanse Statistiekdiens: 2003) kan met redelike sekerheid

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

gesê word dat vaardighede in entrepreneuriese prosesse slegs tot voordeel van elke maatskaplike werker sal wees.

Staatsbeleid, swak ekonomie en 'n veranderende welsynsprofiel noodsaak opleidingsinstansies om alternatiewe binne uittreevlakke vir studente te ondersoek. Bent-Goodley (2002:293) meld dat maatskaplike werkers reeds entrepreneuriese geleenthede misgeloop het weens onvoldoende opleiding in entrepeneurskap. Ander en soortgelyke professies, soos bestuurswese, medies, regslui en ingenieurswese wend daadwerklike pogings aan om 'n multidimensionele opleidingsgeleentheid aan studente daar te stel deur vakke in entrepreneurskapsvaardighede, praktykbestuur en finansiële beplanning aan te bied. Voorbeelde hiervan is onder meer regstudente wat opleiding in regspraktyk ontvang (Unisa Reglement, deel 2: 2003).

Dit gebeur ook dikwels, soos beskryf deur Schorr (1998:52), dat ander professies die geleenthede binne die diensveld van maatskaplike werk raaksien, hierdie geleentheid gebruik en dan maatskaplike werkers in diens stel om die taak te verrig. Uiteraard verbeur die maatskaplike werker die geleentheid tot eie werkskepping en die voordele van finansiële onafhanklikheid. Voorbeelde hiervan is privaatklinieke waar beradings- en terapeutiese dienste aangebied word, bestuur word deur die mediese professie en beman word deur maatskaplike werkers. Privaat opleidingsinstellings wat lewensvaardigheidsopleiding aan die gemeenskap bied, word deur leke bestuur en deur maatskaplike werkers beman. So ook word trauma-sentrums deur besigheidspersone bestuur en deur maatskaplike werkers beman. Die volgende mening deur Schorr (1998:53) is onrusbarend as hy sê: "*While social workers provide these important frontline services, other professionals create the structure of the organization, set the tone for professional ethics and benefit from creating the service.*"

In persoonlike gesprekke met beroepslui (Prinsloo: 2001) is die stelling gemaak dat die integriteit, aard en opleiding van maatskaplike werkers, hulle uitstekende aanstellings maak in bemarkingsposte, kommunikasieposte en skakelposte. Die persepsie bestaan dus dat maatskaplike werkers intelligent, hardwerkend, idee-genererend en goed opgelei is.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die implikasie vir privaatpraktyk lê daarin gesetel dat die maatskaplike werker dikwels oor die vaardigheid beskik om die kliënt van hulp te wees, 'n goeie organiseerder is, 'n uitstekende administrateur, maar die besigheidsvaardighede ontbreek om 'n lewensvatbare praktyk tot stand te bring.

Ten einde werklik te verstaan waar die klem binne die entrepreneuriese proses in maatskaplikewerk privaatpraktyk behoort te lê is die bestudering van die fases in die entrepreneuriese proses, soos uiteengesit deur Bygrave, (1997:3) hier tersaaklik.

5.3.2.3 Die fases van die entrepreneuriese proses

Die entrepreneuriese proses word volgens Bygrave (1997:3) in vier fases verdeel naamlik:

(i) Die generering van 'n nuwe idee;
(ii) die aktivering van 'n sneller;
(iii) die implementeringsfase; en
(iv) die groei-fase.

Hierdie fases binne die entrepreneuriese proses sal vervolgens kortliks bespreek word.

(i) Fase 1 - Die generering van 'n nuwe idee

Tydens hierdie fase raak die entrepreneur bewus van 'n nuwe geleentheid (idee) wat oor die potensiaal besit om in 'n sakegeleentheid te ontwikkel. Verskeie faktore naamlik, omgewingsfaktore en persoonlike faktore help die entrepreneur met die generering van 'n nuwe idee. Op 'n persoonlik vlak kan aspekte soos vorige sukses in die veld, interne lokus van beheer, die entrepreneur se vermoë om risiko's te neem, sy persoonlike waardes, opleiding binne die veld wat hy wil betree, sy ervaringsveld van entrepreneuriese geleenthede en die mate waarmee hy onbekende veranderlikes kan tolereer, 'n bydraende rol speel.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Verder dra die omgewing met betrekking tot die potensiaal vir geleenthede, die daarstel van suksesvolle rolmodelle en kreatiwiteitstimulasie by tot die entrepreneur se vermoë om fase een suksesvol af te handel.

(ii) Fase 2 - Die teenwoordigheid van 'n snellergebeurtenis

Indien faktore in fase een dus gunstig is, het die entrepreneur 'n sneller nodig om momentum te gee aan die idee. Weereens hang hierdie fase van die entrepreneur se persoonlikheidsprofiel af. Snellerfaktore vanuit die persoonlike omgewing van die entrepreneur sluit onbevredigende werksomgewing, werksverlies, ouderdom, persoonlike verbintenisse of voltooiing van opleiding in. Die omgewing is steeds 'n bydraende faktor ten einde as 'n sneller gebeurtenis te dien. Hier kan staatsbeleid of kompetisie weer as aktiveerder dien. Ten einde oor te gaan vanaf fase twee na fase drie wat as die implementeringsfase beskou kan word, het die entrepreneur die ondersteuning van netwerke nodig. Hierdie netwerke sluit onder meer ouers, familie, vriende, kollegas en rolmodelle in.

(iii) Fase 3 - Die implementeringsfase

Tydens die implementeringsfase vind die operasionalisering van die proses tot dusver, plaas. Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die nuwe sakegeleentheid nou "sy deure open". Faktore wat 'n prominente suksesrol in hierdie fase speel is onder meer die mate waartoe die omgewing gereed is om die operasionalisering te akkommodeer. Hier sluit die omgewing, die kompeteerders, kliënte, verskaffers, beleggers, finansierders, wetgewing of staatsbeleid in. Die entrepreneur se persoonlikheidsprofiel moet in hierdie fase aanpas van idee-genereerder na 'n visioenêre bestuurder. Die sukses van hierdie fase word verder gevind in die feit dat die entrepreneur sy entrepreneuriese profiel self moet verstaan en sy eie tekortkominge moet kan identifiseer en vanuit sy omgewing aanvul.

(iv) Fase 4 - Die groei-fase

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die persepsie bestaan dat die entrepreneuriese proses voltooi is sodra die idee geïmplementeer is. Die feit is egter dat die sakegeleentheid steeds afhanklik is van 'n entrepreneuriese proses - veral waar die laaste fase, naamlik groei, met sukses deurgevoer word. Groei verseker dat die sakegeleentheid lewensvatbaar bly en omskakel in 'n blywende ekonomiese eenheid. Binne die groeifase is die entrepreneur afhanklik van sy bestuursvernuf en bestuursvermoë. Die organisatoriese bestuur van die geleentheid verg spanwerk, strategie, struktuur en organisasiekultuur. Verdere opleiding is ook hier van kardinale belang. Die omgewing beïnvloed tot 'n groot mate die stabiele groei van die sakegeleentheid. Hier bestaan die omgewing steeds uit kompeteerders, kliënte, beleggers en staatsbeleid wat positiewe of negatiewe groei kan bewerkstellig.

Vanuit bogenoemde bespreking van die fases binne die entrepreneuriese proses is dit duidelik dat die entrepreneuriese proses 'n nimmereindige siklus volg wat deurentyd gemonitor moet word.

Ten einde hierdie entrepreneuriese proses toepaslik binne maatskaplikewerk privaatpraktyk te maak, sou dit nodig wees om na die entrepreneuriese vaardighede te gaan kyk en vereistes wat dit aan die maatskaplike werker in privaatpraktyk gaan stel, te beoordeel.

5.3.2.4 Die vereiste entrepreneuriese vaardighede vir maatskaplikewerk privaatpraktyk

Die toepassing van die entrepreneuriese proses binne maatskaplikewerk privaatpraktyk kan beskou word as 'n interdissiplinêre proses en sluit verskeie vaardighede in wat veronderstel is om deel te wees van 'n maatskaplike werker se professionele vaardighede. Uiteraard beskik bestaande opleiding oor 'n groot hoeveelheid toepaslike komponente wat reeds met groot vrug deur die maatskaplike werker in privaatpraktyk geïmplementeer kan word, maar hier sal aandag geskenk word aan die vaardighede wat nie deel uitmaak van 'n tradisionele Suid-Afrikaanse opleidingskurrikulum in maatskaplike werk nie.

- **Die vaardigheid van entrepreneuriese denke**

Entrepreneuriese denke word deur Bent-Goodley (2002:296) beskryf as die visualisering van innoverende geleenthede. maatskaplike werkers as entrepreneurs kan dus gesien word as

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

skeppers van keuses en nie net die skeppers van werksgeleenthede nie. Entrepreneuriese denkpatrone word gevorm in 'n proses waar die maatskaplike werker binne 'n veilige millieu sy eie vermoëns aan sukses kan meet.

Die maatskaplike werker moet die geleentheid gebied word om sy reeds bestaande vaardighede as maatskaplike werker, soos mensekennis, kommunikasievaardighede, integriteit en goeie werketiek, om te kan skakel in denkpatrone wat entrepreneurskap van hom vereis. Hierdie nuwe raamwerk sou 'n bemagtigingsproses wees waarbinne hy homself as 'n in-staat- steller van geleenthede sien. Hierdie stelling word deur Bent-Goodley (2002:297) soos volg ondersteun: "In retraining their thought processes, students may become more empowered, may feel that they can use social work to make a difference, and may see the profession as a mechanism for personal enhancement."

- **Die vaardigheid van etiese besluitneming**

'n Etiese dilemma word deur Linzer (1999:38) gedefinieer as "a choice between two actions that are based on conflicting values". Etiese dilemmas binne die bestaande opleidingskurrikulum fokus op maatskaplikewerkpraktyk en nie op dilemmas rakende konflik tussen entrepreneuriese denke en etiek in maatskaplike werk nie.

Die maatskaplike werker in privaatpraktyk word dus nie werklik geskool in die hantering van besigheidsetiek nie, en weet nie hoe om etiese dilemmas te hanteer indien dit sou opduik in die privaatpraktyk nie. Dit is krities vir die entrepreneur om professionele standaarde en waardes met die eise van 'n besigheid te versoen.

Die persepsie bestaan dat 'n maatskaplike werker homself dikwels nie kan versoen met besigheidsbeginsels nie. Die voordeel van 'n sterk gefundeerde stel waardes en etiese kodes vir optrede wat reeds in plek is, kan slegs as pluspunt binne die besigheidswêreld dien. Die suksesvolle entrepreneur is steeds die een met 'n gevestigde stel waardes en 'n etiese kode vir optrede. Jarman-Rohde, *et al.* (1997:47) wys daarop dat dit dikwels juis die sakewêreld is wat swaar leun op die sosiale wetenskappe se suiwer etiek en waardes ten opsigte van integriteit en

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

menswaardigheid. Die versoenbaarheid van besigheidsetiek en maatskaplikewerketiek is reeds in Hoofstuk drie volledig bespreek.

- **Die vaardigheid om uitkomste in die bedryf te voorspel**

Die vaardigheid om 'n uitkoms binne 'n sakebesluit te voorspel word as deel van die entrepreneuriese proses gesien. Hierdie vermoë word deur Nanus (1999:232) beskryf as: "*the ability to predict several alternative futures, decide which is most probable or desirable, and then plan for that selected future by factoring in other forces, such as organizational sanction or political climate*".

Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet die vermoë ontwikkel om potensiële konsekwensies of tendense in die mark te voorspel, byvoorbeeld nuwe hulpverleningstegnieke, opleidingsgeleenthede, nuwe neigings onder sub-kulture of spreektaal van tieners.

Binne 'n besigheidsoogmerk moet die voornemende privaatpraktisyn finansiële projeksies kan trek, die vermoë ontwikkel om kontantvloei vooruit te antisipeer en 'n kompeterende voordeel bo ander rolspelers na te streef. Hierdie komponente is deur Nanus (1998:231) soos volg opgesom:
" *Entrepreneurs must be able to see future possibilities and help others to appreciate them. This vision should be translated into goals and objectives that are specific and quantifiable. "*

- **Die vermoë om risiko's te neem**

Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet aangemoedig word om kreatief te wees en risiko's te neem. Die vermoë om risikos te neem ondersteun dikwels kreatiewe optrede en stimuleer groei en uitbreiding. Dit is egter belangrik om binne 'n opleidingsgeleentheid die vermoë om 'n berekende risiko te neem by die voornemende privaatpraktisyn te stimuleer. Hierdie aspek onderskryf Jones (1991:65) as hy sê: "successful entrepreneurial leaders are not reckless gamblers, but they do take calculated risks. These risks may jeopardize their financial or professional standing and sometimes

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

the stability and well-being of their organizations". Die belangrikheid in die neem van risiko's is volgens Bygrave (1997:49) te vind in die feit dat 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk die beginsel van vermyding, indien onnodig, moet handhaaf. Dit wil sê, indien 'n risiko nie nodig is vir voortbestaan of nodige verandering nie, kan die risiko meer skade veroorsaak as voordeel of finansiële gewin.
Dit is ook belangrik om in die opleiding van maatskaplike werkers bewus te wees van elke individu se persoonlike toleransie vir die neem van risiko's. Suksesverhale waar enptrepreneurs oormatige risiko's geneem het, is beperk en eerder die uitsondering as die reël.

- **Bemarkingsvaardighede**

Binne die literatuur word 'n onderskeid getref tussen algemene bemarking van dienste en produkte en sosiale bemarkingsvaardighede. Die verskil word deur Stoner (1986:42) soos volg uitgewys: "social marketing is defined as a sound approach to promoting human services" terwyl bemarking van dienste veronderstel dat die voornemende maatskaplike werker in privaatpraktyk binne die grense van die beroep, sy dienste met sukses sal bemark deur middel van marknavorsing, koste-ontledings, identifisering van kompetisie, pro-aktiewe bemarking, teikengerigte bemarking en die formulering van werkbare bemarkingsdoelwitte.

Bemarking van privaatpraktykdienste binne maatskaplike werk beteken dus noodwendig dat die voornemende maatskaplike werker in privaatpraktyk kennis en vaardigheid met betrekking tot die bemarkingsproses sal moet hê.

- **Skakelvaardighede**

Die vermoë om suksesvol met voornemende kliënte te skakel word allerweë as 'n professie op sig-self beskou. Die navorser het vanuit eie praktykervaring geleer dat 'n noukeurige plan waarbinne openbare verhoudings en skakelwerk uiteengesit word – dit wil sê, doelbewus binne werksverband geïmplementeer word, noodsaaklik is vir suksesvolle oorlewing binne 'n kompeterende sakewêreld.

Skakelwerk word deur Stoner (1986:45) omskryf as 'n strategie wat fokus op die inwin van publisiteit en visuele blootstelling van jou produk, idee, doel of persoonlikheid. Hierdeur kan die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

belangrikheid van kommunikasie na die omgewing duidelik gesien word. Die voornemende maatskaplike werker in privaatpraktyk behoort in sy voorafbeplanning dus 'n duidelike beeld te ontwikkel van wie hy is, wat hy wil bereik en waar hy sy boodskap self sal verkondig.

Die belangrikheid van die media word deur Stoner (1986:57) uitgestip in sy siening dat die media die boodskap binne maatskaplike werk duidelik en doeltreffend kan oordra. Die media sluit onder meer koerante en televisie in. Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet egter die vermoë ontwikkel om met die media te skakel, goed te kommunikeer en te leer hoe om binne openbare optrede 'n duidelike dog eenvoudige boodskap uit te dra. Vanuit die navorser se persoonlike waarneming, is hierdie aspek binne privaatpraktyk van waarde in die sin dat 'n positiewe, professionele beeld van die diens wat "verkoop" word ook in der waarheid 'n duidelike beeld van die professie in geheel uitdra. Negatiewe persepsies soos oorwerkte, onervare veldwerkers, wat soms in maatskaplike werk bestaan, en deur Jones (1991:112) onderskryf word, moet deur 'n goed beplande mediaverklaring en professionele openbare optrede teëgewerk word.

- **Die vaardigheid vir netwerking**

Die populêre begrip "networking" kan ook beskryf word as die taktiese ontwikkeling van kontakte en word deur Bent-Goodley (2002:199) omskryf as "the science of expansion". Hierdie uitbreiding van kontakte, is 'n vaardigheid wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk in staat stel om ook sy dienste uit te brei, met diverse groepe kontak te maak en te onderhandel vir beter en optimale kliënttevredenheid. Verdere voordele in hierdie verband word deur Perlmutter en Adams (1994:69) soos volg omskryf: "… you can find options, even when none appear to be available, by engaging in coalition building, negotiation en networking."

Kenmerke van die maatskaplike werker in privaatpraktyk wat suksesvol 'n netwerk van kontakte wil opbou, sluit in 'n vermoë om individue te oorreed, 'n vermoë om binne moeilike omstandighede vinnige besluite te neem, en 'n vaardige kommunikator te wees. Hierdie individu moet vinnig en helder van verstand wees en enige geleentheid gebruik om sy netwerk tot stand te bring. Die funksies van netwerke word soos volg deur Zeelie*, et al.* (1998:101) uiteengesit:

- Dit verseker dat die doelstelling wat die entrepreneur vir homself gestel het, realisties en uitvoerbaar is;

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- dit verhoog die vlak van gedrewenheid ten einde betrokke te bly binne die veld en kontak te behou met belange-persone in die bedryf;
- dit help die entrepreneur om geleenthede te identifiseer;
- dit voorsien die entrepreneur van praktiese bystand in moeilike situasies; en
- dit voorsien die entrepreneur van 'n klankbord waar nuwe idees getoets kan word.

Vanuit bogenoemde kan die navorser dus die afleiding maak dat elke maatskaplike werker in privaatpraktyk 'n effektiewe netwerkstelsel vir homself moet ontwikkel. Die voorgestelde netwerkvloeikaart in Figuur 5.11 is deur die navorser self in privaatpraktyk toegepas:-



Figuur 5.11 'n Netwerkproses vir 'n privaatpraktyk

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vanuit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat netwerke nie net informele sosiale skakeling behels nie, maar 'n duidelike plek in die sukses van 'n privaatpraktyk het.

Dit is vanuit die bespreking rondom die entrepreneuriese prosesse dus duidelik dat die wêreld van die entrepreneur ook deel uitmaak van 'n privaatpraktyk in maatskaplike werk en waarbinne 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk sal moet beweeg.

Dit wil voorkom asof entrepreneurskap 'n nuwe vaardigheid is wat deur elke maatskaplike werker aangeleer behoort te word . Hierdie vaardigheid sal hom nie net in staat stel om 'n brug tussen die sosiale wetenskappe en die ekonomie daar te stel nie, maar ook om 'n beter en meer verantwoordelike maatskaplike werker in praktyk te wees.

Om al die bogenoemde aspekte in stand te hou beteken egter dat die maatskaplike werker nie net oor 'n goeie sin vir besigheid moet beskik nie, maar ook oor kennis en 'n vaardigheid ten opsigte van bestuursaspekte moet beskik.

Die bestuursprosesse binne 'n voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur sal dus nou aandag geniet.

5.3.3 Toepaslike bestuursprosesse in maatskaplikewerk privaatpraktyk

In Smit en Cronje (1997:5) word die aanname gemaak dat geen besigheidstruktuur, hetsy 'n organisasie of eenmansaak, enige doelwitte sal bereik sonder 'n effektiewe bestuursproses nie.

Hierdie bestuursproses is onderhewig aan 'n planmatige struktuur en bestaan uit basiese aannames, vaardighede en funksies. Alvorens hierdie aannames, vaardighede en funksies bespreek kan word, is dit egter nodig om die aard van die bestuursproses te omskryf en dit van toepassing binne maatskaplikewerk privaatpraktyk te maak.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

5.3.3.1 Konseptualisering van die bestuursproses

Vir volledigheid en agtergrondskennis sal die bestuursproses baie kortliks uiteengesit word, en word slegs die hoofkomponente van bestuur binne hierdie konseptualisering aangeraak.

Bestuur en bestuursprosesse word in Smit en Cronje (1997:11) omskryf as die proses van ***beplanning, organisering, leiding*** en ***beheer*** van die hulpbronne binne 'n organisasie ten einde die gestelde ***doelwitte*** vir die organisasie so effektief moontlik te bereik. Hierdie komponente binne die proses word ook die ***funksies*** van bestuur genoem.

Verskeie vlakke van bestuur word aangetref waaronder topbestuur, middelvlakbestuur en eerstelynbestuur ressorteer. Hierdie vlakke van bestuur word deur 'n **bestuurder** bedryf en elk van hierdie vlakke verteenwoordig die area en funksie waarbinne die bestuurder werksaam is.

Die areas van bestuur verwys na die **tipe aktiwiteit** wat deur die **bestuurder bestuur** word. Hier word in Smit en Cronje (1997:15) onderskei tussen algemene bestuur, bemarkingsbestuur, finansiële bestuur, produksiebestuur, aankopebestuur, mensekragbestuur en openbare bestuur. Die bestuurder moet ook doelwitte in aksies kan omskakel en personeel in sy praktyk kan motiveer, aldus Smit en Cronje (1997:45). Dit is egter belangrik om te bepaal hoe hierdie aspekte van toepassing binne maatskaplikewerk privaatpraktyk is en wat die rasionaal vir insluiting van bestuursprosesse sal wees.

5.3.3.2 Rasionaal vir insluiting van bestuursprosesse in maatskaplikewerk privaatpraktyk

Ten einde binne 'n privaatpraktyk suksesvol te wees, is dit noodsaaklik vir die maatskaplike werker om oor komponente van die bestuursproses te beskik. Hierdie komponente word deur Bent-Goodley (2002:298) beskryf as "highly-skilled executive ability and includes the ability to define performance standards, to quantify outcome measures, to evaluate programs, and to create management information systems."

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet byvoorbeeld as praktykbestuurder ook bevoeg wees om finansiële bestuur te implementeer. Hy moet ook gemaklik met tegnologie kan omgaan ten einde sy administratiewe prosesse vaartbelyn te maak, en die vermoë om 'n sakeplan op te trek en voor te lê vir goedkeuring, (Bent-Goodley, 2002:17).

Binne die bestaande opleidingskurrikulum van maatskaplike werk word daar reeds na bestuur as belangrike aspek verwys. Die verskil lê egter daarin dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk 'n eie winsgewende praktyk sal bestuur met klem op finansiële sukses. Binne die welsynsektor sentreer bestuurstake dikwels rondom personeel-aangeleenthede, soos werwing, keuring, leierskap, arbeidsaangeleenthede, aanstellings en afleggings. Hierdie aspekte is ook in privaatpraktyk belangrik, maar bestuur met 'n winsoogmerk sal dus addisionele verantwoordelikheid en kennis vereis.

Die uitdaging om as maatskaplike werker 'n privaatpraktyk van stapel te stuur is dikwels deel van gesprek binne informele en professionele kringe. Navorsing in Suid-Afrika oor die lewensvatbaarheid van privaatpraktyk in maatskaplike werk is beperk tot artikels wat geskoei is op internasionale voorbeelde waar die fisiese uiteensetting, struktuur en huidige stand van privaatpraktyk weerspieël word. Verskeie voorbeelde is selfs geskoei op privaatpraktyke vanuit ander dissiplines. (Barker, 1991; Fiebert, 1990; Levin, 1983; McCue, 1991; Botha, 1984; Lenson, 1994 en Pressman, 1979) Die bestuursprosesse en vaardighede waaroor die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet beskik ten einde 'n praktyk suksesvol te bestuur ontbreek en die klem val op die strukturering en aard van privaatpraktyk.

In 1984 het Botha (1984) 'n doktorale studie oor privaatpraktyk in Suid-Afrika onderneem en 'n vergelykende studie oor die stand van privaatpraktyk in Suid-Afrika en die VSA gedoen. Sedert hierdie studie het reeds meer as 18 jaar verloop waarbinne die profiel van maatskaplike werk drasties verander het en die behoeftes binne privaatpraktyk duidelike koersaanwysings weerspieël, sonder dat enige verdere formele navorsing rakende hierdie aspek gedoen is. (NAVO databank vir afgehandelde en huidige navorsing in Suid-Afrika; 2003)

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Ten einde bestuursprosesse te identifiseer vir privaatpraktyk, is dit nodig om die toepaslikheid daarvan vir privaatpraktyk vas te stel. In 'n artikel rakende die rol van die maatskaplike werker in privaatpraktyk, geskryf deur die uitvoerende lede van die Suid-Afrikaanse vereniging vir maatskaplike werkers in Privaatpraktyk (SASWIPP, 1996:43) word privaatpraktyk soos volg omskryf: "*'n maatskaplike werker in privaatprakyk bied professionele maatskaplike dienste teen vergoeding aan. Hy praktiseer onafhanklik van 'n staatsdepartement of gesubsidieerde welsynsorganisasie, of funksioneer as 'n professionele individu of in assosiaatskap of vennootskap met een of meer maatskaplike werkers of ander professionele persone, in 'n voltydse of deeltydse hoedanigheid.*"

Vanuit hierdie beskrywing word die persoon in privaatpraktyk omskryf as 'n lid van die maatskaplikewerkprofessie wat steeds besig is met die uitvoering van die aard, missie en taak van die maatskaplikewerkprofessie. Die bestuurstaak binne privaatpraktyk word dus nie omskryf nie, maar dit kan geïmpliseer word, aangesien daar na sy onafhanklike funksionering verwys word en daar dus aangeneem kan word dat hy primêr vir sy eie bestuur verantwoordelik is.

Vanuit hierdie bespreking wil dit dus voorkom asof 'n deeglike ondersoek gedoen moet word rakende die bestuursproses wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk van 'n maatskaplike werker in organisasieverband sal onderskei. Die basiese aannames waarop die bestuursproses berus sal as vertrekpunt hiervoor dien.

5.3.3.3 Basiese aannames waarop die bestuursproses in maatskaplikewerk privaatpraktyk rus

- ***Aanname 1 Daar bestaan vier basiese funksies binne bestuur***

Ten einde enige doelwit binne bestuur te bereik is dit volgens Bruwer (1996:7) nodig vir enige maatskaplike werker in privaatpraktyk om vier belangrike prosesse van bestuur deur te voer. Hierdie prosesse staan ook bekend as bestuursfunksies en is soos volg:

- Die beplanningsfunksie.
- Die leidinggewende funksie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- Die organiseringsfunksie.
- Die kontrolefunksie.

Hierdie funksies sal meer breedvoerig in die hoofstuk bespreek word, aangesien dit die vaardighede van 'n voorgenome maatskaplike werker in privaatpraktyk sal ondersteun ten einde 'n praktyk suksesvol te bestuur.

- ***Aanname 2 - Die* maatskaplike werker *in privaatpraktyk is verantwoordelik vir die volle bestuursfunksie van sy praktyk.***

Hierdie aspek stem volgens Bruwer (1996:3) ooreen met die bestuursfunksie van die entrepreneur in 'n kleinsake-onderneming. Waar die maatskaplike werker binne organisasieverband verantwoordelik is vir die bestuur van sy pos of 'n komponent van 'n organisasie op middelvlakbestuur, is die maatskaplike werker in privaatpraktyk verantwoordelik vir die tegniese, menslike en kundigheidskomponente as bestuurder. Hierdie komponente verwys na die vermoë tot tegniese vakkundige kennis binne bestuurswetenskap, wat beteken hy moet oor die vermoë beskik om goed te kan kommunikeer, persoonlike motivering besit, die vermoë besit om die mark reg te ontleed asook die vermoë tot doeltreffende werkverrigting besit. Daarbenewens moet hy besluite kan neem en die vermoë om bestaande metodes, tegnieke, ontwerpe, probleme en idees toe te pas of aan te pas, ten einde 'n beter alternatief vir sy "besigheid" te skep.

Dit beteken dus indirek dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk die vermoë moet besit om die onderlinge verhoudings tussen verskillende komponente van ekonomiese bestuur, maatskaplike werk, en tegnologiese vooruitgang te verstaan. Daarby kan ook 'n fyn waardering vir die sake-omgewing gevoeg word asook 'n kreatiewe ingesteldheid om veranderlikes te antisipeer.

Oor die algemeen bestaan daar dus redelik sterk konkurrensie dat doeltreffende bestuursprosesse 'n absolute vereiste en deurslaggewende komponent vir die sukses van 'n privaatpraktyk is.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

In Robbins (1992:57) word genoem dat dit die bestuursproses is wat verantwoordelik is vir die rigting waarin die onderneming beweeg. Hierdie bestuursproses beskik ook oor die gesag om die rigting en aard van die praktyk te bepaal.
Die volgende aspekte kan vanuit die navorser se persoonlike, professionele ervaring van privaatpraktyk gegee word om die belangrikheid van die bestuursproses en die rol wat dit speel , te illustreer:

- In 'n groot mate berus die daarstelling en vervulling van doelstellings op die bekwaamheid waarmee die bestuursproses uitgevoer word,
- die bestuursproses verhoog die navorser as privaatpraktisyn se werksinspanning tot groter effektiwiteit,
- die bestuursproses binne privaatpraktyk bring orde en doelgerigtheid mee.
- 'n suksesvolle bestuursproses bied aan geïsoleerde gebeure en feitlike inligting of menings 'n geheelbeeld.
- die bestuursproses het geen plaasvervanger binne privaatpraktyk nie. Om wesenlike doelwitte vas te stel, hulpbronne noukeurig te selekteer en doelmatig aan te wend, verg goeie oordeel.
- die bestuursproses moet omgewingsveranderinge op alle terreine binne die praktyk suksesvol kan hanteer.

Enkele voorbeelde deur Steynberg (1998:47) wat hierdie stellings ondersteun word soos volg gegee:-
Uitgebreide navorsing in Suid-Afrika het getoon dat die lewensvatbaarheid van onafhanklik algemene kleinhandelaars op die platteland aansienlike verskille toon. Die opbrengs op eienaarsbelang van hierdie soort ondernemings het gewissel tussen 'n gemiddeld van 6,45% en 'n gemiddeld van 32%. Daarbenewens is gevind dat baie min van hierdie ondernemings se bestuurders kennis dra van wetenskaplike bestuur en nie al die erkende bestuursfunksies soos beplanning,organisasie, bevelvoering en beheer uitvoer nie.

In Brittanje het navorsing op hierdie gebied van klein ondernemings getoon dat firmas wat onbevredigende groei en winsgewendheid getoon het, feitlik deurgaans ernstige probleme met bestuursprosesse ondervind het. Twee komponente wat hier uitgelig kon word, is persoonlike

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

bestuursontoereikendheid en tradisie-verering. Daar word verder ook na bestuursmoegheid en bestuursopvolg-inlingtingsprobleme verwys as probleme wat kan voorkom. Onvoldoende opleiding in bestuursaspekte , onbekendheid met marktoestande en ondoeltreffende kennis rakende finansiële bestuur is verdere aspekte wat uitgewys is (Allen,1998).

- ***Aanname 3 - Bestuur verg 'n ingesteldheid van "bestuurder" wees***.

Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet in staat wees om sy praktyk administratief, tegnies en finansieël te bestuur en nie noodwendig self die take te voltooi nie. Bestuur impliseer suksesvolle delegering en koördinering. Binne privaatpraktyk sou die maatskaplike werker dus 'n praktyk tot stand bring met ondersteuningstelsels wat deur die maatskaplike werker "bestuur" word.

- ***Aanname 4 - Bestuur moet aangeleer word.***

Allen (1998:250) beweer dat bestuur nie instinktief en intuïtief van aard is nie, en dat 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk nie sy praktyk spontaan kan bestuur nie. Bestuur behels dus vaardighede wat geleer moet word in terme van logiese, verifieerbare begrippe, beginsels en tegnieke, soos in die geval van ingenieurswese , die regsberoep en mediese beroep.

- ***Aanname 5 - Bestuur is meetbaar***

Allen (1998:250) noem dat daar vasgestel kan word hoeveel tyd 'n maatskaplike werker in 'n privaatpraktyk aan 'n bepaalde bestuursaspek afstaan, hoeveel tyd aan terapie of berading afgestaan word en hoeveel ad hoc administrasie verrig word. Hierdie aspekte bied dus terugvoer aan die bestuurder ten einde kritiese probleme effektief te kan identifiseer.

- ***Aanname 6 - Bestuursvaardigede kan oorgedra word***

'n Bestuurder wat die basiese bestuursvaardighede ten opsigte van beplanning, organisasie, leiding en beheer suksesvol bemeester het, kan hierdie bekwaamhede oordra na en toepas binne

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

enige situasie. Hierdie stelling sou dus impliseer dat 'n maatskaplike werker wat binne die owerheidsektor bepaalde bestuursvaardighede aanleer, dit ook suksesvol binne privaatpraktyk sal kan implementeer.

- ***Aanname 7 - Bestuur is doelgerig***

Hier kan die afleiding gemaak word dat bestuur te doen het met die bereiking van 'n spesifieke doel. 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk aan hoof van 'n eie privaatpraktyk is nie noodwendig 'n bestuurder nie. Die voorwaarde is dat hy sy praktyk so moet bestuur dat dit 'n bydrae lewer tot die bereiking van 'n bepaalde doelwit. Derhalwe word die sukses van bestuurswerk ook gemeet aan die mate waartoe die gestelde doelwit bereik is. 'n Voorbeeld sou wees om binne die eerste finansiële jaar 'n groei van 5% in kliënte-aanmeldings te toon.

- ***Aanname 8 - Bestuur veroorsaak reaksie***

Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet binne 'n bestuursituasie hom op 'n suksesvolle aksie toespits. Die privaatpraktykbestuurder sal dus weet waar om met 'n aksie te begin, hoe om dit aan die gang te hou en te sorg dat die aksie suksesvol afgehandel word. Thistle (1998:104) meen dat die suksesvolle bestuurder oor 'n drang tot volvoering en voltooiing van take beskik.

- ***Aanname 9 - Bestuursdoeltreffendheid vereis die gebruik van sekere kennis, vaardigheid, en praktiese vermoëns***

Daar is 'n groot verskil tussen die kennis en vermoë van persone wat take in die tegniese-, kommersiële- en finansiële wêreld gebruik en die kennis en vermoë wat 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk nodig het. In maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is daar dus sprake van 'n kombinasie van twee wêrelde en die maatskaplike werker in privaatpraktyk sal sy kennis ten opsigte van maatskaplike werk moet versoen met sy kennis van praktykbestuur.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- ***Aanname 10 - Bestuur is 'n aktiwiteit, nie 'n persoon nie***

In gebruikstaal word daar dikwels na bestuur as 'n persoon verwys. Bestuur behels egter 'n aktiwiteit en is boonop 'n spesifieke aktiwiteit wat bestudeer word, waaroor kennis ingesamel moet word en waarvoor spesifieke toepassingsvaardighede aangeleer moet word.

- ***Aanname 11 - Bestuur is onaantasbaar en onsigbaar, maar sy resultate word gestaaf deur faktore soos ordelikheid, entoesiastiese werksverrigting, en 'n aangename praktyk-klimaat***

Die afwesigheid van bestuur of die teenwoordigheid van wanbestuur is baie opsigtelik en kan tot die ondergang van die privaatpraktyk aanleiding gee. Alhoewel die bestuursproses geïdentifiseer is binne die aktiwitite van 'n praktyk, sal die resultate van goeie bestuur in positiewe groei en doelwitbereiking manifesteer.

Vanuit hierdie aannames kan die afleiding gemaak word dat die bestuursproses 'n vaardigheidsvlak van die maatskaplike werker vra. Alhoewel die maatskaplike werker deur middel van goeie opleiding toegerus word om vaardig te wees met betrekking tot sy aard en taak binne

maatskaplike werk, verg die bestuur van 'n privaatpraktyk wat weer 'n eiesoortige vaardigheidskomponent van die maatskaplike werker verg. Vaardighede wat kenmerkend aan die bestuursproses is, word vervolgens bespreek.

5.3.3.4 Vereiste bestuursvaardighede vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

In die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (2000:1211) verwys 'n vaardigheid na "Bekwaamheid, handigheid, bedrewenheid … vaardigheid ***met begrip***". Hieronder verstaan die navorser dat bestuursvaardighede dus verstaan kan word as 'n bekwaamheid of bedrewenheid wat ook begrip vereis vir dit wat gedoen moet word. Die volgende vaardighede sal na aanleiding van hierdie definisie hiernaas bespreek word as kenmerkende bestuursvaardighede waaroor 'n

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

maatskaplike werker moet beskik indien hy suksesvol in die bestuursprosesse van sy praktyk wil wees, naamlik:

- Besluitnemingsvaardigheid;
- vaardigheid om verantwoordelikheid te neem;
- kommunikasievaardigheid;
- bemarkingsvaardigheid;
- vaardighede met betrekking tot die Reg en Wet, en
- vaardighede met betrekking tot risikobestuur.

- **Die besluitnemingsvaardigheid**

Besluitneming kom veral tydens die beplanningsfase binne privaatpraktyk voor. In die uitvoering van sy taak kom die maatskaplike werker in privaatpraktyk veral voor situasies te staan wat alleen deur die neem van 'n besluit die hoof gebied kan word. Hierdie aspek word in Grunewald (2002:35) soos volg omskryf: "Problems are the price of progress." Terry en Frankin (1998:78) stel dit soos volg: "Decisions are expected of a manager. To make management meaningful, decisions must be made. Decisionmaking exists in every part of an enterprise, and deals with every possible subject."

Drucker (1955:69) het reeds vyf dekades gelede voorspel dat besluitneming die aspek van bestuur sou wees wat gedurende die daaropvolgende dekades die meeste aandag sou geniet. Tans is effektiewe besluitneming steeds een van die mees belangrike vaardighede waaroor 'n bestuurder binne die bestuursproses moet beskik.

Elke besluit wat 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk neem word deur die een of ander optrede gevolg, soos om die probleem of situasie wat die besluit noodsaaklik gemaak het, op te los of uit die weg te ruim. Elke besluit het dus 'n invloed op die verloop van die werksaamhede en die resultate wat behaal word. Dit is uiters belangrik dat die regte besluite geneem word en 'n privaatpraktisyn se bekwaamheid en doeltreffendheid sal meestal bepaal word deur sy vermoë om goeie besluite te neem. Soos Allen (1998:61) dit stel: "A manager's effectiveness is related directly to the quality of his decisions."

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat besluitneming die keuse moet weerspieël van die mees geskikte manier van optrede om 'n situasie op te los of te hanteer. Die volgende ses stappe deur Hillary (2000:90) is geselekteer om die besluitnemingsproses binne maatskaplike werker privaatpraktyk te illustreer:-

⇒ ***Stap een - Formuleer*** die probleem of situasie

- Verkry volkome duidelikheid oor die aard en omvang van die werklike probleem of situasie - indien moontlik stel dit op skrif of laat dit as 'n gedagte 'n definitiewe vorm aanneem. 'n Foutiewe formulering van 'n probleem lewer 'n foutiewe oplossing op. Hier ondersteun die stelling deur Allen (1998:29) dit soos volg: "A logical decision can be made only if the real problem is first defined".
- Let op na die oorsaak en nie die gevolg nie. Die maatskaplike werk beginsel - "behandel die probleem, nie die simptoom nie" - kan hier toegepas word.

⇒ ***Stap twee - Ondersoek*** die probleem of situasie

- Samel soveel moontlik inligting rondom die omstandighede wat op die probleem of situasie betrekking het, in.
- Soek die ware feite en wees versigtig vir aannames, afleidings, ongegronde beweringe en te veel klem op ervaring in die verlede waar die besluitnemer foutiewe keuses gemaak het. Daar moet dus dieper as die sigbare probleem gekyk word, aangesien die werklike probleem en oorsake dalk nuut en meer fundamenteel van aard mag wees.
- Probeer die korrekte antwoorde vind op die gewone vrae - wat, waar, hoe, wanneer, wie en waarom?
- Waak teen onnodige tydsverspilling of verdere ondersoek indien dit duidelik is dat al die nodige inligting verkry is.
- Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet dus selektief te werk gaan en sy aandag toespits op die belangrikste en werklik relevante aspekte en veral die sleutelfaktore van die probleem.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

⇒ ***Stap drie - Soek*** verskillende moontlike ***oplossings***

- Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet doelbewus soek na meer as een oplossing vir die probleem of situasie. Dit is dus goed om van vorige ondervindings gebruik te maak, maar vorige suksesvolle oplossings moenie sonder meer gekies en toegepas word nie. Die omstandighede mag intussen verander het of beter metodes kon intussen ontwikkel het.
- In die soektog na verskillende moontlike alternatiewe moet die besluitnemer nie alleen skeppingsvermoë gebruik nie, maar ook ander se samewerking soek, byvoorbeeld dié van deskundiges in die finansiële veld, indien byvoorbeeld belasting die probleem blyk te wees.
- Hierdie stap, net soos die ander, is veeleisend maar belangrik. Dit word ondersteun deur Trewatha en Newport (1995:312) as hulle sê: "This step is a real challenge requiring managers to call on present knowledge, past experience, foresight and scientific acumen."

⇒ ***Stap vier - Kies*** die mees geskikte ***alternatief***

- Hierdie stap behels die eintlike besluitneming, die finale keuse vir die skynbaar "beste" oplossing. Hier noem Trewatha en Newport (1995:312) dat hierdie stap die terminering van 'n ingewikkelde reeks bewustelike en sistematiewe aktiwiteite verteenwoordig. Dit kan beskou word as die kritieke, beslissende stap in die besluitnemingsproses wat veeleisend en dikwels ontnugterend kan wees.
- Hierdie stap behels die voortsetting van die proses van evaluering en eliminasie wat reeds gedurende die vorige stap begin is. Die realistiese en skynbaar lewensvatbare moontlikhede wat oorgebly het, word nou verder teenoor mekaar opgeweeg.
- Tyd is baie belangrik en moet toegelaat word ten einde moontlikhede in oënskou te neem en om die volle implikasies van die besluit te verwerk en sodoende onduidelikhede en verwarring uit te skakel. Dit gee geleentheid vir helder denke en lei dikwels tot nuwe insig en 'n ingewing op die regte oomblik.
- Dit mag ook 'n oordeelsfout wees om te veel tyd aan hierdie proses af te staan. Hier noem Allen (1998:68) dat dit fataal kan wees. "When the time has come, the decision must be made.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Nothing is so discouraging to the process as to have a boss who vaccilates, who makes a decision and change it, or who cannot get the courage to plunge into the water."

⇒ **Stap vyf** - ***Implementering*** van die besluit

- Sommige persone beskou die keuse van die mees geskikte alternatief as die laaste stap in die besluitnemingsproses. So 'n benadering impliseer egter dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk slegs 'n besluit hoef te neem en daarna geen verdere verantwoordelikhede ten opsigte van daardie besluit hoef te dra nie. So 'n beskouing bots lynreg met die beginsels binne maatskaplike werk waar die maatskaplike werker in privaatpraktyk ook die verantwoordelikheid saam met die besluitneming dra.
- Tot op die stadium waar die finale keuse van die mees geskikte alternatief gekies is, is daar eintlik slegs voorbereidingswerk gedoen. Eers hierna kan oorgegaan word tot die uitvoering of praktiese toepassing van die besluit. In 'n sekere sin kan die voorbereiding vergelyk word met die beplanning, maar daarna moet georganiseer of gereël word hoe die besluit uitgevoer moet word .

⇒ ***Stap ses - Volg op***

- Indien daar gekyk word na die vier elemente van die bestuurstaak, kan daar nie anders as om hierdie stap ook in te voeg nie. Sonder die vierde element, naamlik beheer, is die bestuurstaak vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk onvoltooid en sonder opvolging, is die besluitnemingsproses onvolledig.
- Daar moet dus toegesien word dat die doel van die besluit werklik bereik word, dit wil sê dat die probleem beslis opgelos of die hindernis inderdaad uit die weg geruim word.
- Inligting wat deur middel van opvolging ingesamel word, is waardevol vir gebruik tydens toekomstige besluitnemingsprosesse.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- **Die vaardigheid om verantwoordelikheid te neem**

Die tweede vaardigheid naamlik, die neem van verantwoordelikheid is dikwels die een aspek in privaatpraktykbestuur wat die maatskaplike werker as voor die hand liggend beskou, maar dikwels onderskat. Die verskil tussen die verantwoordelikheidstaak binne 'n organisatoriese milieu en privaatpraktyk lê in die sin dat verantwoordelikheid binne die organisasie dikwels gedeel of geroteer word terwyl die maatskaplike werker in privaatpraktyk ten volle verantwoordelikheid neem vir die bestuur van sy eie praktyk.

Die belangrikheid van hierdie aspek word verhoog deur die feit dat individue binne organisasies se verantwoordelikheid dikwels rondom gesag en die uitoefening van gesag wentel, terwyl die maatskaplike werker in privaatpraktyk se verantwoordelikheid alle aspekte van besluitneming, bestuur en persoonlike betrokkenheid omsluit. Hierdie aspek word deur die Harvard Business Review (1995:49) uitgelig as gemeld word dat dit 'n uitdaging is om verantwoordelikheid te aanvaar binne die bedryf (privaatpraktyk) aangesien die proses veel meer risiko's inhou vir die individu wat nie beskerm word deur die strukture van 'n organisasie nie. Om hierdie rede is die inkomste van leiers in die sakewêreld dikwels hoër as die van leiers in organisasieverband wat gelyke rang maar nie gelyke verantwoordelikhede het nie.

Die vrees vir verantwoordelikheid verlam inisiatief en vernietig dikwels bestuurseienskappe. 'n Suksesvolle entrepreneur (maatskaplike werker in privaatpraktyk) behoort volgens Nieuwenhuizen, *et al.* (2001:251) die verantwoordelikheid van sy besigheid (praktyk) gelyk te stel aan die inkomste gegenereer uit sy produkte (dienste gelewer) om die balans tussen verantwoordelikheid en uitsette te bewerkstellig.

- **Kommunikatiewe vaardighede**

Ten einde kommunikasie binne konteks van privaatpraktykbestuur te plaas word dit soos volg deur Hillary (2000:6) omskryf as die oordrag op enige moontlike manier van enige soort boodskap tussen enige individue of groepe persone binne 'n onderneming wat betrekking het op die aktiwiteite binne of buite die werksituasie óf op die formele óf informele verhoudings tussen daardie

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

individue en/of groepe persone. Hieruit kan die belangrikheid van kommunikasie as 'n vaardigheid binne maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur gesien word en word dit slegs binne die konteks van privaatpraktyk hanteer.

Die belangrikheid van kommunikasie in die privaatpraktyk kan beswaarlik oorbeklemtoon word. Daar word beweer dat goeie bestuur goeie kommunikasie is (Hillary, 2000:62).
Flippo in Mondy (1990:210) meld dat verskillende beramings daarop dui dat 'n bestuurder tussen 75 en 90 persent van sy tyd aan kommunikasie bestee. Dit is dus verstaanbaar as daaraan gedink word dat bestuur deur hierdie outeurs omskryf kan word as "getting things done through other people". Kommunikasie is veral om twee redes binne privaatpraktykbestuur belangrik:

- Eerstens is dit belangrik vir die funksionering van die praktyk. Dit is die middel waardeur die maatskaplike werker in privaatpraktyk na buite kommunikeer. Dus die middel waardeur die privaatpraktisyn sy boodskap uitdra, waardeur die verskillende komponente van die praktyk aanmekaar verbind word en waardeur die bydraes van verskillende aspekte gekoördineer word.
- Tweedens het dit 'n belangrike invloed op die verhoudings tussen die maatskaplike werker in privaatpraktyk, sy omgewing, kliënte, kollegas en indien hy werknemers het - op hulle. Kommunikasie het dus 'n aandeel in die uiteindelike sukses van die praktyk.

Ten einde kommunikasie in 'n privaatpraktyk te verbeter, moet noukeurig gelet word op die oorsake van swak kommunikasie. Vir die doeleindes van hierdie studie word hierdie aspek slegs genoem en nie bespreek nie. Volgens Hartley (2002:224) kan die volgende aspekte rakende kommunikasie as belangrik geag word binne privaatpraktykbestuur:

- Aanvaar dat kommunikasie noodsaaklik en besonder belangrik in alle privaatpraktyke is;
- let daarop dat die kommunikasieproses uit 'n hele aantal stappe of fases bestaan en sorg dat elkeen deeglik hanteer word;
- let op die groot verskeidenheid kommunikasiemedia en aangeleenthede waaroor gekommunikeer kan en behoort te word;
- sorg dat soveel kommunikasiemedia as moontlik en toepaslik aanwesig is, dat daar oor so 'n groot verskeidenheid aangeleenthede as moontlik gekommunikeer word en dat die media so korrek en effektief moontlik gebruik word;

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- skenk besondere aandag aan die interpretasie van die boodskap deur die ontvanger(s) en doen opvolging om te verseker dat die boodskap reg verstaan word en die korrekte reaksie ontlok is;
- sorg vir 'n gesonde klimaat in die privaatpraktyk en 'n ingesteldheid onder die mense wat effektiewe kommunikasie sal bevorder en nie in die wiele sal laat ry nie;
- onthou dat kommunikasie altyd met 'n spesifieke doel plaasvind en dat daardie doel bereik moet word anders het die kommunikasie gefaal; en
- onthou dat sowel die senders as die ontvangers van die boodskappe se vaardigheid om te kommunikeer verbeter kan word deur hulle vermoë om te praat, skryf, handel, teken, luister,leer en waar te neem, te verbeter.

- **Bemarkingsvaardighede**

Ten einde 'n goeie bemarkingsplan te ontwikkel vir 'n privaatpraktyk is dit nodig dat die praktisyn oor goeie bemarkingsvaardighede sal beskik en duidelike en goed deurdinkte navorsing sal doen ten einde 'n volledige begrip vir die vraag na maatskaplike werk dienste in privaatpraktyk te ontwikkel. Hierdie navorsing sal verder die omgewing beoordeel, die waarde wat geplaas word op gespesialiseerde betaalde maatskaplike werk dienste en riglyne en regulasies rakende bemarking van maatskaplike werk dienste in privaatpraktyk ondersoek.

'n Verdere belangrike aspek is die ontleding van die behoefte van die gemeenskap ten opsigte van die tradisionele psigo-sosiale behoeftes van die teikenmark. So byvoorbeeld sal 'n ouerbegeleidinggroep in 'n studentegemeenskap nie aftrek kry of spelterapie in 'n tradisioneel oorwegend bejaarde omgewing, geen lewensvatbaarheid hê nie.

Om die behoefte van die verbruiker – in hierdie geval die kliënte – deurlopend te monitor en te evalueer is tydrowend en duur. Ten einde wel hierdie aspekte te oorleef is dit dikwels nodig om 'n bemarkingstrategie te beplan waar diskrete bemarking en ondersteuningsnetwerke dikwels groter resultate oplewer as direkte tradisionele bemarking.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die toepassing van die tradisionele bemarkingsbeplanningsmodel binne maatskaplikewerk privaatpraktyk kan met groot sukses gedoen word, mits die privaatpraktisyn sy rolvertolking van hulpverlener aan die een kant, en bemarker van dienste aan die ander kant, duidelik omlyn en binne grense plaas.

Met verwysing na McCarthy (1994) se tradisionele bemarkingsmodel waar die konsep van vier P's uiteengesit is, word die volgende gewysigde bemarkingsmodel vir privaatpraktyk voorgestel waar vyf P's ter sprake is naamlik produk, prys, plek, promosie en potensiële kliënt:

- **Produk**

Die produk binne maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is duidelik binne die teorie omlyn en word deur Jackson (1996:8.2) soos volg omskryf: "The products of social work are simply defined here as any recognized service activities or tangible goods that are paid for and provided by social workers."

Binne die ontwikkeling van 'n bemarkingsplan sal die eerste fase dié van die behoeftebepaling onder kliënte wees. Dit is ook verder belangrik om te bepaal hoe hierdie behoeftes tot dusver bevredig is.
Die volgende stap sal wees om uit te spel hoe potensiële kliënte van die praktyk se dienste (produk) in kennis gestel sal word. Wat belangrik is, is dat die boodskap uitgedra moet word in 'n taal wat die verbruiker (kliënt) sal verstaan. 'n Voorbeeld hier sal wees: "Hulpverleningsdienste binne die gerontologiese milieu" (vakterminologie) teenoor "Maatskaplike hulp aan bejaardes met probleme" (verbruikerstaal).

Die voordeel van privaatpraktyk is dat dienste ontwikkel kan word wat duidelik en direk afgestem is op die behoeftes van die gemeenskap teenoor welsynsorganisasies wat dikwels beleidsriglyne van die Staat in hulpverlening moet volg.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- **Prys**

Die privaatpraktisyn moet besluit of die prys wat hy aan sy dienste gaan koppel, markverwant sal wees of op 'n gelykbreek-analise geskoei gaan wees. Hierdie keuse sal 'n direkte invloed op die bemarkingsbeplanning van die praktyk hê.

Dit is belangrik om daarop te let dat die prys van dienste gelewer ook verband hou met die omgewing en sal bepaal of kliënte wel vir dienste sal aanmeld. Verbruikersgedrag en sielkundige aspekte moet hier ondersoek word en in ag geneem word. Die belangrikste aspek sal wees dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk bewus moet wees van die waarde wat prys binne die bemarking van dienste lewer. In sommige gevalle kan 'n "te lae prys" vir dienste gehef die idee skep van swak dienste of derderangse dienste teenoor 'n "te hoë prys" wat kliënte mag afskrik.

- **Plek**

Die plek in die bemarkingsplan verwys na drie aspekte onder andere:

(i) Die fisiese lokaliteit van die privaatpraktyk en verhouding tot toeganklikheid vir die potensiële kliënt;

(ii) kompetisie, en waar die kompetisie geleë is, en

(iii) die wyer veld van hulpverleningsdienste beskikbaar aan die gemeenskap, soos tradisionele welsynstrukture, ander professionele hulpverlening soos sielkunde, arbeidsterapie, pastorale berading en psigiatrie.

Verskeie strategieë en hulpmiddels is beskikbaar vir die voornemende privaatpraktisyn om te volg, ten einde die plek of posisie in die mark te bepaal wat nie binne hierdie studie gedek sal word nie.

- **Promosie**

Binne die konteks van privaatpraktyk verwys promosie na die bemarking van die diens in die besonder. Hierdie komponent kan slegs afgehandel word nadat die plek, prys en produk bepaal is. Die promosie word volgens Hillary (2000:113) deur onder andere die volgende faktore beïnvloed:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(i) Die kliënt se begrip van die diens wat gelewer sal word. Hier kan verwys word na die klassieke voorbeeld van spelterapie waar die kliëntekorps dikwels verwar word met 'n spelprobleem in plaas van hulp en berading gelewer aan die emosioneel beseerde kind;

(ii) die uniekheid van die privaatpraktisyn se produk, onder andere 'n nuwe tegniek wat toegepas word of 'n nuwe benadering wat gevolg word. Voorbeelde is onder meer Narratiewe terapie of Imago-terapie;

(iii) differensiasie ten opsigte van kompetisie, is nodig. Hier sal 'n voorbeeld geld waar 'n praktyk wat spesialiseer in dwelmrehabilitasie ook dienste vir ander gesinslede kan aanbied of deur 'n mediese dokter op sessiebasis aan kliënte beskikbaar te stel;

(iv) die fase waar die privaatpraktisyn en die kliënt in die hulpverleningsproses is. Hier kan die voorbeeld geld waar 'n bestaande kliënt in huweliksberading binne 'n sogenaamde promosie bekend gestel word aan 'n huweliksverrykingskamp of alternatiewelik, egskeidingsberaad; en

(v) weerstand teen hulpverleningsdienste in die bepaalde gemeenskap, byvoorbeeld waar 'n persepsie oor maatskaplike werk hulpverlening negatief is, weens die betrokkenheid van welsynsorganisasie, by die kliëntsisteem.

- **Potensiële kliënt**

Die vyfde komponent binne 'n bemarkingsplan is die potensiële kliënt. Hierdie komponent maak nie deel uit van die tradisionele vier P's van bemarking nie maar word vir die diensberoepe deur Sheafor, *et al.* (2000) ingesluit. Die maatskaplike werker in privaatpraktyk kan volgens
Sheafor, *et al.* (2000:553) fokus op sub-kategorieë as teikenmark vir bemarking. Hierdie sub-kategorieë sluit byvoorbeeld vrywilligers, kollegas, bestaande kliënte, vorige kliënte en hulle families, gemeenskapstrukture, soos skole, kerke en belangegroepe bestaande uit drukgroepe vir kinder- of vroueregte in.

Die beplanning van 'n bemarkingsplan binne 'n privaatpraktyk is noodsaaklik om binne die huidige marktoestande te oorleef. Hierdie stelling word deur Jackson (1996:8.6) soos volg beaam: " *… the current behavioral health care environment forces private practitioners to develop a plan for marketing …"*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Deur deurlopend die menslike diensberoepe met 'n bemarkingsingesteldheid te monitor mag vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk die noodsaaklike vaardighede bied om die uitdagings van die veld die hoof te bied.

'n Verdere bestuursvaardigheid wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk benodig, is met betrekking tot regs- en wetlike prosesse in sy praktyk. Hierdie aspekte word vervolgens slegs kortliks bespreek.

- **Vaardighede met betrekking tot die Reg en Wet binne maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur**

Daar duik dikwels vrae binne privaatpraktyk op oor bepaalde regsaspekte en die verantwoordelikheid wat uit privaatpraktyk voortspruit. In die volgende paragrawe sal die navorser 'n kort uiteensetting gee van regsaspekte wat binne privaatpraktyk van belang is en hoe die maatskaplike werker in privaatpraktyk homself daarop kan voorberei.

Die beskerming van die maatskaplike werker in privaatpraktyk onder die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe en die Wet op Maatskaplike Diensberoepe (Wet 110 van 1978) word dikwels uit die oog verloor. Soos enige ander maatskaplike werker mag die maatskaplike werker in privaatpraktyk wat geregistreer is, ook aanspraak maak op die professionele beskerming van die Beroepsraad. Hierdie beskerming is van toepassing in gevalle waar klagtes teen die maatskaplike werker in privaatpraktyk aanhangig gemaak word en deur die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe gefilter word.

Dit is egter ook waar dat geen besigheid bestand is teen regseise nie. So stel die maatskaplike werker in privaatpraktyk hom dikwels bloot aan regseise wat met sy diensverskaffing verband hou. Eise wat uitloop op geldelike vergoeding aan 'n eiser word deur Lenson (1994:114) beskou as eerder die uitsondering as die reël. Die volgende redes word daarvoor gegee:

- Regstelsels wêreldwyd is ongeneë om geldelike eise toe te staan waar sogenaamde emosionele beserings vanweë terapeutiese- of beradingshulpverlening ingestel is.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- Die kliënt se onbegrip vir "sukses" in terapie of berading en die gebrek aan 'n meetinstrument om te bepaal of emosionele skade wel deur middel van hulpverlening vererger of ontstaan het, is alom bekend.
- Die vermoë van maatskaplike werkers bestaan om wel te onderhandel met 'n kliënt en sodoende 'n potensiële eis af te weer, aangesien die maatskaplike werker dikwels in 'n professioneel meer persoonlike verhouding tot die kliënt staan.
- Die frekwensie van kontak tussen privaatpraktisyn en kliënt wat 'n terapeutiese verhouding bewerkstelling waarbinne ruimte vir opklaring van ongemak bestaan, is voortvloeiend uit die bogenoemde punt.

'n Verdere aspek wat hier van belang is, is aanspreeklikheidsversekering. Dit word algemeen aanvaar dat elke privaatpraktisyn vir eie aanspreeklikheidsversekering verantwoordelik sal wees. Hier onderstreep Lenson (1994:115) die belangrikheid wanneer sy noem: "*each therapist should carry her or his own professional liability insurance …. Judgements against the therapist can be high."*

Indien die privaatpraktisyn wel gedagvaar word vir wanpraktyk – gewoonlik wanneer daar 'n finansiële eis ingestel word - en die saak word nie na die Beroepsraad vir maatskaplikewerk vir bemiddelling vewys nie, beleef die privaatpraktisyn 'n gevoel van isolasie. Hier noem Lenson (1994:116) " …psychotherapist and other practitioners do not like lawsuits because they feel vulnerable and out of control". Binne organisasieverband sal die maatskaplike werker wat hom in dieselfde situasie bevind, dikwels kan staatmaak op kollegiale ondersteuning en 'n infrastruktuur wat die maatskaplike werker in so 'n geval bystaan terwyl dit vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk ontbreek.

Die maatskaplike werker in privaatpraktyk is ook binne sy hoedanigheid as supervisor kwesbaar met betrekking tot regseise deur kliënte. In hierdie verband noem Lenson (1994:117)

> *'They could be at risk for failure of their supervisees to obtain client consent, to protect third parties, to develop a proper treatment plan, to refer to specialists when needed, or to provide sufficient supervision or crosscoverage in the supervisee's absence, as well as for*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

not improving inadequite record keeping and for concealing sexual involvement with a client"

Ten einde eise teen die privaatpraktisyn in sy hoedanigheid as supervisor te beperk, is dit noodsaaklik vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk om 'n skedule van supervisie te hou. Hierdie skedule moet inligting bevat waarbinne die supervisiegesprekke en inhoud van die supervisieproses reflekteer word.

'n Laaste bestuursvaardigheid wat vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk van belang is, is dié van risikobestuur.

- **Vaardighede met betrekking tot risikobestuur binne privaatpraktyk**

Ten einde verlies as gevolg van skade, siekte of dood in die praktyk te verminder, is dit nodig dat die privaatpraktisyn 'n basiese risiko-bestuursprogram instel. 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk sal dus deur hierdie program protokol vir alle aktiwiteite binne privaatpraktyk ontwikkel. Die ideaal volgens Jackson (1996:10.5) sal wees om hierdie program aan 'n persoon binne die praktyk te gee vir moniteringsdoeleindes.

Die volgende is slegs 'n riglyn vir so 'n risikobestuursprogram en bestaan volgens Jackson (1996:10.5) uit vyf belangrike aspekte. Die aspekte word slegs kortliks genoem en bespreek.

- **Dokumentasie**

Dokumentasie moet duidelik, akkuraat en vry van vooroordeel, eie opinies en menings wees wat nie strook met die maatskaplike werk professie oor die algemeen nie. 'n Belangrikste oorweging sal wees dat die privaatpraktisyn gemaklik moet voel met die inhoud sodat dit te enige tyd in 'n hof voorgehou kan word, of wanneer 'n saak verwys of oorgedra word.

- **Spoedige en akkurate verwysingstelsel**

Hier word verwys na akkurate en spoedige inter-dissiplinêre verwysings na kollegas indien die kliënt dienste vanuit 'n ander professie benodig.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- **Goeie verwysingstelsel**

Hier word verwys na ‘n verwysingstelsel na kollegas met die regte kwalifikasie, ervaringsveld en agtergrond.

- **Monitering van verwysings**

Sodra ‘n kliënt verwys is, moet daar ‘n riglyn in plek geplaas word waarbinne die verwysing gemonitor word. Hierdie moniteringsproses strek ook verder, waar die verwysingsnetwerk van die praktyk gedurig gemonitor word en seker gemaak word dat die kollegas waarna verwys word steeds aan die hoë standaarde vir verwysing voldoen.

- **Vertroulikheid**

Hier is die oordrag van lêer-inhoud en algemene vertroulikheid van belang. Dikwels verwag ‘n kollega waarheen ‘n verwysing gedoen is, die totale lêer-inhoud as agtergrondskennis vir die voortsetting van terapie of berading. Elke praktyk sal dus protokol moet ontwikkel waarbinne hierdie aspek duidelik aangespreek word.

’n Vaardige bestuurder in privaatpraktyk impliseer steeds nie ’n suksesvolle praktyk nie. Die vier funksies van bestuur, naamlik beplanning, organisering, leiding en beheer, kan beskou word as die primêre grondslag van die bestuursproses en sal nou soos volg bespreek word.

5.3.3.5 Die funksies van bestuur in maatskaplikewerk privaatpraktyk

Daar is reeds vroeër in die hoofstuk verwys na die elemente van bestuur. Hierdie aspekte sal in die volgende deel binne privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk deur middel van die bestuursfunksies van toepassing gemaak word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- **Die beplanningsfunksie binne maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur**

Beplanning word deur Bruwer (1996:79) beskryf as 'n intellektuele reis van die bekende hede en verlede na die onbekende toekoms. Dit impliseer die visualisering van die toekoms wat feite, verwagtings, gevare en geleenthede insluit. Beplanning word ook omskryf as die vasstelling van wat gedoen moet word en hoe dit gedoen moet word. Allen (1994:54) merk in hierdie verband op: "*planning is the work a manager performs to predetermine a course of action."* Hierdie vereenvoudigde definisie sluit aspekte soos toekomsbeplanning en vooruitskatting uit. Die definisie soos deur Burke (1999:151) gegee brei op hierdie aspek uit:

> "*Planning is an analytical process which encompasses an assessment of the future, the determination of desired objectives in the context of the future, the development of alternative courses of action to achieve such objectives, and the selection of a course or courses of action from among these alternatives."*

Beplanning word deur verskeie outeurs beskou as 'n taak wat besondere kennis en ervaring verg. Daarby neem dit heelwat tyd in beslag en kan moeilik ingepas word in 'n program waar die dringendste sake, dit wil sê, die knelpunte binne praktyk, gewoonlik voorrang geniet. Hieroor meen Allen (1994:210) "*In spite of its value, few managers are experts in planning. Those that are good, usuallly stands out. Managers who begin planning with enthusiasm often fall by the wayside because their first attempts are uncertain and unproductive."*

Hierteenoor beweer Thierauf (1991:77) dat die grootste probleem in die daarstelling van 'n beplanningsprogram, die beginkomponent is. Vir die privaatpraktyk wat met 'n beplanningsprogram wil begin, kan die volgende riglyne volgens Burke (1999) geld:

(i) Besluit waarom beplanning nodig is en verbind die praktyk daartoe om dit te doen. Die privaatpraktisyn moet in beplanning glo en dit ondersteun.

(ii) Sorg dat 'n doeltreffende besluitnemingsproses bestaan voordat daar tot beplanning oorgegaan word.

(iii) Benoem 'n bekwame persoon om voltyds beplanning te doen indien die maatskaplike werker in privaatpraktyk dit nie self kan doen nie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

(iv) Ontwikkel 'n "plan" vir beplanning dit wil sê, maak 'n opname van die huidige stand van beplanning in die praktyk, die resultate wat bereik moet word, die werk wat gedoen moet word, wie dit moet doen en hoe lank dit sal neem.

(v) Ontwerp 'n beplanningstelsel wat die beplanningsvlakke, die inligtingsvloei, en die hersiening en goedkeuring van planne kan aantoon.

(vi) Indien meer as een maatskaplike werker in die praktyk betrokke is, laat almal van die begin af deelneem aan die beplanningsproses.

(vii) Begin teen 'n stadige pas en onthou dat dit twee of drie siklusse sal neem voordat die stelsel werklik effektief sal funksioneer.

Daar word deur Burke (1999:5) aangevoer dat daar die afgelope paar dekades aansienlik meer aandag aan beplanning geskenk is. Die noodsaaklikheid van beplanning word benadruk deur die verandering te danke aan ingewikkelde omstandighede waarmee ondernemings (privaatpraktyke) rekening moet hou en andersyds aan die ontwikkeling van beter tegnologie, inligtingstelsels en beplanningstegnieke.

Afgesien van die geld- en tydverkwisting wat plaasvind met swak beplanning, kan ingewikkelde beplanningstrategieë dikwels dieselfde tot gevolg hê. Beplanning moet volgens Burke (1999:29) geen doel op sigself word nie, maar slegs 'n middel tot 'n doel bly. Uit bogenoemde kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat beplanning 'n bestuursaangeleentheid is wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk as 'n doelbewuste besinning oor die toekomstige doelwitte van 'n privaatpraktyk moet beskou en die middelle en aktiwiteite daarby betrokke, die probleme wat ondervind mag word, en die opstel van die mees geskikte plan van aksie vir die effektiewe bereiking van daardie doelwitte, in plek moet sit.

Die feit dat daar tydens beplanning dikwels 'n keuse tussen alternatiewe moontlikhede ten opsigte van die middelle, metodes en persone wat gebruik sal word, gemaak word, toon dat beplanning heelwat met besluitneming te make het. Alle besluite kan egter nie as beplanning beskou word nie.

Die navorser is van mening dat beplanning die beginpunt van 'n nuwe privaatpraktyk moet wees, aangesien dit 'n belangrike invloed op die ander funksies van bestuur het. As die beplanning goed

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

gedoen is, sal dit die organisering, bestuur en beheer verbeter en vergemaklik en spesifieke voordele vir die privaatpraktyk inhou. Die belangrikste voordele blyk die volgende te wees:

(i) Dit bevorder die moontlikheid dat die privaatpraktisyn van tyd tot tyd voorraadopname sal maak, dit wil sê, deeglik sal besin oor die stand van sake in die praktyk as geheel en/of spesifieke afdelings daarvan.

(ii) Dit laat privaatpraktisyns vooruit besin en dink, tendense dophou, die toekoms evalueer, moontlikhede visualiseer, veranderings antisipeer, onsekerhede en gebeurlikhede raaksien, sodat vroegtydig daarvoor voorsiening gemaak kan word. Allhoewel geen privaatpraktisyn die toekoms van 'n privaatpraktyk kan antisipeer nie, kan daar tog deur deeglike besinning, sekere tendense raakgesien word, heelwat onsekerhede in waarskynlikhede omskep word, betyds by veranderings aangepas word, en die moontlikhede vir sukses verhoog word.

(iii) Dit gee geleentheid om die alternatiewe moontlikhede vir doelwitbereiking deeglik te oorweeg en die beste keuse vir die betrokke praktyk onder die betrokke omstandighede te maak.

(iv) Dit lei tot die mees effektiewe aanwending van die beskikbare middele, dit wil sê die beste metode van uitvoering in ag genome die beskikbaarheid en koste van voorrade, toerusting, ruimte, fondse, en mensekrag. Die uitvoering geskied deur middel van logiese opeenvolgende prosesse wat ondoeltreffendhede uitskakel.

(v) Dit verbeter en vergemaklik die werk van die maatskaplike werker in privaatpraktyk omdat deeglike beplanning die organisering, leiding en beheer verbeter en vergemaklik.

Verskeie probleme rakende beplanning waarvan die maatskaplike werker in privaatpraktyk kennis moet dra, kan egter binne die privaatpraktyk opduik.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- **Probleme met beplanning in maatskaplikewerk privaatpraktyk**

Daar is reeds vroeër genoem dat beplanning geen maklike taak is nie en dat dit dikwels deur maatskaplike werkers in privaatpraktyk afgeskeep word. Daar bestaan verskeie redes waarom beplanning probleme oplewer, dit wil sê waarom dit óf glad nie óf op 'n onbevredigende wyse gedoen word, of waarom beplanning nie altyd suksesvol is nie. Die belangrikste redes skyn volgens Hodgkinson en Sparrow (2002:63) die volgende te wees:

(i) In die hedendaagse komplekse omgewing, is daar 'n groot verskeidenheid faktore binne en buite die praktyk wat sowel die oorspronklike beplanning as die omstandighede tydens die uitvoering daarvan, kan beïnvloed. Interne probleme kan ondervind word met die beskikbaarheid van kapitaal, die praktyk se beleid en etiese beginsels en beeld na buite. Ekstern moet in ag geneem word dat ekonomiese, politieke en sosiale sisteme die vraag na die aanbod van hulpverleningsdienste mag beïnvloed. Hoe meer faktore ter sprake kom, hoe groter die moontlikheid van onakkurate inligting en/of gevolgtrekkings en selfs die algehele ignorering van sommige faktore tydens die beplanningstadium.

(ii) Menslike tekortkominge kan veroorsaak dat óf die beplanning óf die uitvoering van die planne, óf albei, nie suksesvol is nie. Hier kan gedink word aan die onvermoë of onwilligheid om voldoende tyd aan beplanning af te staan omdat ander bestuurswerk al die aandag vereis; die onvermoë om groot besluite te neem as gevolg van persoonlike tekortkominge; gebrekkige inligting; gebrek aan kennis en/ of ondervinding; weerstand teen verandering; onsistematiese beplanning deurdat een of meer stappe in die beplanningsproses oorgeslaan word; of dat een of meer aspekte van beplanning oorbeklemtoon en ander afgeskeep word en die onvermoë om die planne korrek en duidelik oor te dra en mense te motiveer om daarvolgens te werk.

(iii) 'n Foutiewe beplanningstruktuur of -sisteem in 'n privaatpraktyk kan ook probleme veroorsaak byvoorbeeld wanneer daar nie voldoende deelname van kantoorpersoneel en selfs kollegas gebied word. Dit kan gebeur weens te veel beplanning wat deur die maatskaplikewerkpraktisyn op eie inisiatief gedoen word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(iv) Wanneer die benadering van die maatskaplike werker tot beplanning nie korrek is nie, kan dit heelwat probleme veroorsaak, soos wanneer die privaatpraktisyn se belangstelling en ondersteuning in die beplanningsproses ontbreek of wanneer té hoë verwagtings gekoester word. So byvoorbeeld as daar te gou resultate verwag word of aanvaar word dat goeie planne outomaties goeie uitvoering en bevredigende resultate sal oplewer; wanneer beplanning oordoen word deurdat te veel tyd en geld daaraan bestee word en die planne oormatig en uitvoerig met allerlei onnodige aanskoulikhede opgestel en aangebied word.

(v) Die sielkundige invloed van beplanning is 'n ander belangrike faktor. Die vrees vir beplanning kan die inisiatief smoor en dus die werktevredenheid nadelig beïnvloed.

Ten einde bogenoemde probleme te voorkom kan die volgende stappe binne 'n beplanningsproses gevolg word:-

- **Stappe in die beplanningsproses vir maatskaplikewerk privaatpraktyk**

In die voorafgaande deel is aangetoon dat beplanning om verskeie redes dikwels probleme oplewer en verskillende voorstelle om hierdie hindernisse te bowe te kom, is aan die hand gedoen. Daar is onder andere aandag geskenk aan die noodsaaklikheid van 'n gesonde beplanningstelsel as een van die maniere om hierdie probleme te oorbrug.

Die beplanning binne privaatpraktyk kan aansienlik vergemaklik en verbeter word indien dit beskou word as 'n proses wat uit verskillende stappe bestaan. Dit is egter so dat hierdie stappe nie altyd deeglik van mekaar onderskei kan word nie en dat praktiese probleme en gebeurlikhede die logiese volgorde kan versteur. Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet nogtans van hierdie stappe kennis neem en probeer om dit sover moontlik sistematies en logies te volg.

Die stappe in die beplanningsproses is volgens Ginter, *et al.* (2002: 221) soos volg:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(i) Stap een - Formulering van doelwitte

Die hoofdoel van beplanning is om spesifieke doelwitte te bereik. 'n Duidelike formulering van die doelwitte vir die praktyk is dus belangrik. Daar moet duidelik uiteengesit word wat die eindresultaat is waarna gestreef word en dit moet sover moontlik in reële of meetbare terme of eenhede gedoen word.

Wanneer projekbeplanning gedoen word, is Hodgekinson en Sparrow (2002:12) van mening dat die hoofdoelwitte van die praktyk altyd in gedagte gehou moet word. Doelwitte moet altyd inpas en aansluit by die oorhoofse praktykdoelwitte en binne die raamwerk van die praktykbeleid bereik kan word. Daar bestaan 'n gevaar dat maatskaplike werkers in privaatpraktyk so vasgevang kan wees in doelwitbereiking dat die doelwitte self vergeet word en die uitvoering van die hoofdoel word in plaas van die middel om die doel te bereik.

(ii) Stap twee - Versameling van inligting

'n Belangrike en dikwels moeilike voorvereiste vir goeie beplanning is die versameling van inligting wat die beplanning en die bereiking van doelwitte kan beïnvloed. Die inligting moet op 'n sistematiese wyse binne en indien nodig ook buite die praktyk ingesamel word.

Inligting moet sistematies opgeteken word ten einde die doeltreffende gebruik daarvan op sowel die huidige tydstip as in die toekoms moontlik te maak.

(iii) Stap drie - Ontleding en oorweging van inligting

Die ingesamelde inligting moet deeglik ontleed en oorweeg word ten einde seker te maak dat alle moontlikhede, implikasies en komplikasies in aanmerking geneem word.

Hier kan 'n verskeidenheid van faktore, soos beleidsvoorskrifte, beskikbaarheid van hulpbronne, toerusting en mense, die noodsaaklikheid van opleiding, die spoed van afhandeling, die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

risikofaktore, asook die eenvoud en praktiese uitvoerbaarheid van verskillende planne gebruik word.

(iv) Stap vier - seleksie van finale keuse en formulering van planne

Die afronding van beplanning bestaan uit die kies van die beste alternatiewe en die opstel van die plan van aksie sodat dit gereed kan wees vir inwerkingstelling op die regte tydstip. Hier stel die navorser die proses van uitskakeling voor, dit wil sê verskillende moontlikhede word die een na die ander geëlimineer totdat die alternatief wat die mees geskikte blyk te wees, oorbly. Hierdie aspek verg dikwels goeie bestuursvaardigheid om deur te voer.

Sodra die finale keuse gemaak is, moet alles in gereedheid gebring word vir die uitvoering daarvan. Na gelang van omstandighede moet daar dus 'n toepaslike plan opgetrek word.

Dit gebeur dikwels dat daar tydens hierdie laaste stap vasgestel word dat hersiening en heroorweging noodsaaklik is. Dit mag tydverliese veroorsaak, maar ook heelwat voordele inhou indien daar voortydig vasgestel word dat wysigings noodsaaklik is, byvoorbeeld dat die oogmerke nie volledig bereik sal kan word volgens die verkose alternatiewe of die uitgewerkte planne nie.

Ten slotte kan genoem word dat dit in praktyk gebeur dat die maatskaplike werker wat die beplanning behartig, ook die uitvoering daarvan hanteer en dus wel met die inwerkingstelling, wysiging en kontrolering te doen het en daardie ondervinding en inligting gebruik wanneer toekomstige beplanning gedoen word. Die besigheidsplan is dikwels die eerste konkrete beplanningsaktiwiteit wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet voorberei. Vervolgens word die komponente van die beplanningsproses van 'n besigheidsplan uiteengesit.

- **Die besigheidsplan binne beplanning**

Binne hierdie studie word die besigheidsplan ingedeel as deel van die beplanningsproses van praktykbestuur. Die ontwikkeling van 'n besigheidsplan is 'n noodsaaklike proses wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk volgens Jackson (1996:7.1) 'n "roetekaart" gee vir die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

daarstelling van ‘n struktuur. Hierdie struktuur bied rigting ten einde ‘n inkomste te genereer, hoe om die inkomste te genereer en die hulpmiddele om toegang tot kliënte te behou. “A business plan also provides a structure with which to assess progress in self-employment activities and the general health of one’s practice in the competitive managed care funding arena” (Jackson, 1996:7.1).

Soos reeds genoem word die maatskaplike werker tradisioneel opgelei om binne ‘n nie-winsgewende scenario te werk waarbinne beplanning beteken dat strategieë vir die uitvoer van die organisasie se missie in plek moet wees.

Die besigheidsplan word dus as ‘n bloudruk vir die lewering van dienste binne die maatskaplike werkveld gesien. Dit vereis ‘n evaluering van ‘n privaatpraktyk se vermoë om binne beperkte befonding te oorleef en om met ander diensverskaffers te kompeteer.

Dit is volgens Jackson (1996:7.1) belangrik om te besef dat elke besigheid - ook in maatskaplikewerk privaatpraktyk, oor ‘n besigheidsplan moet beskik. Die volgende vrae soos deur Jackson (1996:7.3) uiteengesit, kan deur die maatskaplike werker gevra word indien hy onseker is oor die bestaansreg van ‘n besigheidsplan binne privaatpraktyk:

- Het befondsing vanaf spesifieke bronne die afgelope drie tot vyf jaar verminder?
- Leen die praktyk gereeld geld met die onvermoë om geleenthede vir ekstra inkomste te identifiseer?
- Is die praktyk se kontantvloei negatief: dit wil sê vloei meer geld uit as in?
- Het die praktyk ‘n dienskontrak gesluit wat die privaatpraktisyn se tyd domineer?
- Oorweeg die privaatpraktisyn om die praktyk te skuif na ‘n area waar meer aanmeldings moontlik sal
  wees?
- Het aanmeldings van nuwe kliënte verminder sonder dat die privaatpraktisyn weet hoekom?
- Is die praktyk se inkomste meer as 30% vanuit een bron afkomstig?
- Het die betaling van dienste deur kliënte progressief verminder maar die werk vermeerder?
- Beleef die praktyk finansiële wanadministrasie?
- Is dit moeilik vir die praktyk om krediet te bekom?

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Is die fooie wat deur die praktyk gehef word markverwant of geskoei op ‘n gelykbreek-analise?
- Stel die praktyk die betaling van rekeninge (krediteure) uit?
- Beleef die privaatpraktisyn dat die praktyk op ‘n dag-tot-dag grondslag bestuur word?
- Word daar in verhouding min tyd aan bemarking spandeer?
- Het kollegas in ander praktyke die afgelope twee jaar hulle privaatpraktyke verlaat?
- Kompeteer die praktyk teen groot korporatiewe instellings, soos universiteite, vir aanmeldings?

Die navorser is van mening dat, indien ‘n maatskaplike werker in privaatpraktyk van hierdie aspekte beleef, ‘n besigheidsplan, waarbinne al hierdie aspekte aangespreek word, opgestel moet word ten einde 'n totale bestuursplan vir sy praktyk daar te stel.Die voordele van ‘n besigheidsplan word deur Hartley (2002:149) soos volg uiteengesit:

- Belangrike besigheidsbesluite wat die privaatpraktisyn se fokus rig en hulpbronne identifiseer vloei voort uit ‘n besigheidsplan;
- die besigheidsplan stel die privaatpraktisyn in staat om die finansiële aspekte van die praktyk; insluitend kontantvloei en gelykbreekvereistes beter te verstaan;
- die besigheidsplan samel belangrike inligting rakende die mark en kompetisie in; en
- die besigheidsplan stel die privaatpraktisyn in staat om struikelblokke in die praktyk te voorsien en te vermy.

Die inhoud van die besigheidsplan kan nie vir die privaatpraktyk vasgestel word nie, maar sal bepaal word na aanleiding van die diens wat gelewer word en die behoeftes wat die privaatpraktisyn vir sy privaatpraktyk het. Daar is egter volgens Jackson (1997:7) sekere sleutelkomponente wat binne elke besigheidsplan moet voorkom, naamlik:

- ‘n Bedryfsanalise wat insluit: die grootte van die mark, groei-tendense in die mark, tegnologiese faktore, die toegang tot kliënte en dienste en die regulering van die mark;
- ‘n omskrywing van die praktyk, met insluiting van die spesifieke veld van dienslewering en diensleweringsprosedures;

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- ‘n markontleding om die noodsaaklikheid van die diens te bepaal, die waarde wat die gemeenskap aan die dienste lewer en die identifisering van kompetisie wat potensiële kompetisie sal insluit;
- gedetailleerde finansiële data, met in ag genome die gelykbreek-analise, inkomste-projeksies, kontantvloei, leenkapitaal, fasiliteite en administratiewe beplanning rondom finansies;
- persoonlike behoeftes van die privaatpraktisyn; en
- registrasie en regsaspekte.

- **Die leidinggewende funksie in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur**

Leidinggewing word deur die navorser omskryf as die funksie wat die maatskaplike werker het om aan te toon in watter rigting die privaatpraktyk bestuur moet word. Verder omsluit dit die aksie waar die privaatpraktisyn as leier optree en sodoende die inisiatief met betrekking tot die bestuur sal neem.

Indien die beplanningsfunksie voltooi is en ’n struktuur gevestig is, is dit vir die maatskaplike werker nodig om leiding te neem binne die praktyk en sy vaardighede wat van hom vereis word rondom bestuur, entrepreneurskap en maatskaplike werk suksesvol aan te wend. Die leidinggewende funksie sluit onder meer kommunikasie en motivering in ten einde die praktyk se vooropgestelde doelwitte te bereik.

Aspekte van leidinggewing is binne al die funksies en prosesse van hierdie hoofstuk inverweef. So is aspekte van kommunikasie, wat deel uitmaak van die konseptualisering van leidinggewing reeds in die afdeling rondom vaardighede in privaatpraktyk aangespreek. Die navorser is verder van mening dat die entrepreneuriese prosesse, soos vroeër bespreek in noue verband met die leidinggewende funksie in bestuur staan en literatuur slegs herhaal sal word indien dit weer aangebied word. Daar sal dus volstaan word met leidinggewing met die voorwaarde dat die aard en belangrikheid van hierdie funksie nie onderskat of misken sal word nie.

Die derde bestuursfunksie naamlik die organiseringsfunksie sal vervolgens beskryf word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- **Die organiseringsfunksie in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur**

Net soos beplanning en leidinggewing is organisering ook 'n belangrike aspek van die maatskaplikewerk privaatpraktyk. Dit sou weinig baat indien 'n praktyk al die moeite doen om doelwitte te formuleer en planne op te stel om daardie doelwitte te bereik, maar die fasiliteite om die planne uit te voer, ontbreek.

In hierdie studie word slegs aandag geskenk aan organisering as 'n element van maatskaplikewerk privaatpraktyk, dit wil sê, daardie aspekte wat die privaatpraktisyn onder andere moet organiseer, net soos hy moet beplan, bevelvoer en beheer,en oor kennis behoort te beskik. 'n Belangrike omskrywing van organisering word in Allen (1994:231) gevind: "*management organizing is the work a manager performs to arrange and relate the work to be done so that it may be performed most effectively by people".* Volgens die navorser omskryf organisering die "reël"-aksie. Aktiwiteite en aspekte wat verband hou met mekaar word dus deur middel van "reëlings" aan mekaar gekoppel. Grunewald (2002:141) noem verder in die verband:

> *"Organizing is that cluster of activities in the managing process which consists of selecting and combining suitable resources - personnel and capital - and integrating them into a structure of relationships that enables them to carry out the planned activity in a co-ordinated and controlled way".*

Uit bogenoemde beskrywing van organisering kan die navorser die volgende afleidings maak:

- Organisering is deel van die bestuursproses;
- dit handel oor die integrasie en ordening van die verhouding tussen die omgewing en praktyk wat moet saamwerk om die aktiwiteite uit te voer; en
- dit word gedoen sodat die doelwitte op 'n ordelike en effektiewe manier bereik kan word.

Dit kan ook anders gestel word wanneer gesê word dat 'n privaatpraktyk streef na spesifieke doelwitbereiking. Hierdie doelwitte moet bereik word deur die uitvoering van sekere aksies of dienste gelewer aan kliënte, met behulp van sekere hulpbronne. Ten einde te verseker dat doelwitbereiking op 'n ordelike en doeltreffende wyse nagesteef word, is dit nodig om vooraf te reël watter aktiwiteite, wanneer uitgevoer gaan word en watter hulpbronne waar gebruik sal word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

'n Opsommende uiteensetting word deur Trewatha en Newport (1995:112) soos volg gegee: "*Identifying, dividing and grouping tasks, arranging material and human resources into a meaningful structure; and defining responsibilities and delegating authority to co-ordinate relationships among individuals and groups."* Net soos beplanning, is organisering 'n belangrike voorvereiste vir effektiewe bevelvoering en beheer. Wanneer die beplanning en organisering voltooi is, weet die privaatpraktisyn presies watter opdragte om te gee, met wie gekommunikeer moet word, hoedanig sy toesighouding moet wees en hoe daar beheer oor die verloop van die werksaamhede uitgeoefen word.

Sonder die behoorlike organisering van die aktiwiteite en hulpbronne wat nodig is vir die praktyk, kan wanorde voorkom. Deur organisering kan die verskeidenheid van middele en mense, take, metodes, prosedures, besluite en gebeurtenisse, gesistematiseer en georden word. Elkeen in die praktyk is bewus van sy pligte, gesag en verantwoordelikhede, die metodes en prosedures wat hy moet volg en die middele wat gebruik moet word.

Volgens Trewatha en Newport (1995:221) sorg organisering vir 'n bepaalde struktuur of raamwerk in die praktyk. Hierdie raamwerk dien as sentrale as, die kern of spil waarom al die aktiwiteite van die praktyk draai. Dit bring 'n vaste patroon, sinvolle rangskikking, reëlmatigheid, harmonieuse verhoudings en samewerking. In Terry en Frankin (1998:132) word hierdie stelling soos volg ondersteun: "*Organizing supplies the nucleus around which human beings can unite their efforts effectively. Organizing means to harmonize a group of different personalities, to fuse various interests, and to utilize abilities."*

Ten einde te verseker dat die organiseringstaak so doeltreffend moontlik uitgevoer word en moontlike probleme wat binne organisering ondervind mag word, te bowe te kom, is dit wenslik volgens Hodgkinson en Sparrow (2002:228) dat organisering so logies en sistematies as moontlik gedoen moet word. Die outeurs stel 'n prosedure voor wat die proses kan vergemaklik. Hierdie proses kan soos volg van toepassing gemaak word op privaatpraktyk:

- samel toepaslike inligting in;
- identifiseer en ontleed die aktiwiteite;
- verdeel die aktwiteite in sinvolle eenhede - hier moet klem gelê word op aktiwiteite wat saamgegroepeer word na aanleiding van funksie, produk of diens, soos byvoorbeeld,

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

kindersorg, huweliksberaad of traumaberading, geografiese gebied, kliëntekorps en hulpverleningstrategie;

- verdeel die eenhede se aktiwiteite in sinvolle take: die taakverdeling moet uiters noukeurig gedoen word ten einde te verseker dat elke taak verteenwoordigend en binne 'n gegewe tydsbestek sal plaasvind, alle take sinvol bymekaar sal in- en aanpas en die inhoud van die taak sover moontlik werktevredenheid sal verskaf; en
- sorg vir die toekenning van gesag en verantwoordelikheid en die daarstelling van gesonde verhoudings binne die privaatpraktyk.

Dit is belangrik om te besef dat hierdie stappe binne die organiseringsproses slegs dien as 'n riglyn vir die privaatpraktisyn. Die heersende omstandighede sal binne elke privaatpraktyk bepaal watter van hierdie riglyne en tot watter mate hul elke keer gevolg moet word. Die navorser kan dus vanuit bogenoemde die afleiding maak dat organisering binne privaatpraktyk 'n instrument vir die privaatpraktisyn sal wees ten einde die bestuur van die praktyk so vaartbelyn moontlik te maak. Daar sal in die volgende paragrawe gekyk word na die rol van beheer as bestuursfunksie binne privaatpraktykbestuur.

- **Die beheerfunksie binne maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur**

Beplanning sonder beheer het min waarde. Beheer word deur Bruwer en Cilliers (1997:151) beskou as die proses waar die maatskaplike werker in privaatpraktyk binne die praktyk 'n kontrolestelsel implimenteer ten einde seker te maak dat doelwitte gestel, wel bereik is, en indien nie, of daar enige verbeteringe of herstrukturering aangebring kan word.

Die beheer van die privaatpraktyk se bedrywighede en die versekering dat dit volgens skedule en beplanning verloop, beteken dat elke maatskaplike werker in privaatpraktyk sleutelaanwysers ten opsigte van werkverrigting moet bepaal. Die bron van hierdie aanwysers is die bedryfsinligting van die praktyk se gewone daaglike aktiwiteite soos finansiële bestuur, rekordhouding, dagboekbeplanning, verslagskrywing, - almal belangrike bronne van inligting wat 'n privaatpraktisyn kan gebruik vir die beheer van aktiwiteite. Vir 'n groepwerkreeks, kan byvoorbeeld

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

die werkverrigting, aanwysers vir kliënte se bywoning, reëlings vir groepwerksessies, rekordhouding en individuele onderhoude, voortspruitend uit die sessies, ingesluit word.

Soos omstandighede verander, moet die privaatpraktisyn aanpassings maak en verbeteringe aanbring ten opsigte van werkverrigting, beleid, strategieë en doelwitte om die werkverrigting weer op koers te bring. Die navorser is van mening dat privaatpraktyk nie 'n behoefte aan 'n gesofistikeerde, duur beheerstel het nie. Die stelsel behoort so prakties te wees dat dit 'n natuurlike deel van die bestuur van die praktyk sal uitmaak. Dit is egter nodig dat die beheerproses deeglik in oënskou geneem behoort te word, ten einde 'n beheerstelsel suksesvol te implementeer.

- **Die aard van beheer**

Sekere voorwaardes word daargestel sodat beheer doeltreffend in 'n praktyk uitgesorteer kan word. Eerstens moet daar standaarde vir vergelyking gevestig word sodat daar 'n maatstaf gestel kan word. Volgens Ginter (2002:114) vereis beheer, beplanning in die vorm van meetbare gehalte. So moet sukses met terapie of berading en aanmeldingsgetalle meetbaar kan wees. Tweedens moet die inligting beskikbaar wees vir vergelykingsdoeleindes. Hierdie stap vereis dat daar goeie rekord gehou moet word. Ten slotte moet korrektiewe optrede kan plaasvind. Dit vereis dus dat daar voorsiening gemaak word vir verandering wanneer dit nodig mag word.

Die vergelyking van beplande resultate met werklike resultate is nutteloos indien hierdie inligting nie gebruik word om die privaatpraktisyn se metodes te verbeter nie. Doeltreffende beheer is 'n noodsaaklike vereiste vir die uitvoering van die laagste moontlike eenheidskoste, dit wil sê, wat is die minimum aantal kliënte wat die maatskaplike werker in sy privaatpraktyk moet sien ten einde 'n finansiële lewensvatbare praktyk te bedryf.

Die navorser is ook van mening dat beheer noodsaaklik is vir die verbetering van die privaatpraktisyn se praktykomstandighede. Dit beteken dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk nie net sy inkomste moet verhoog nie, maar ook werksbevrediging moet kry. Die maatskaplike werker in privaatpraktyk word aangemoedig om meer produktief te werk indien hy

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

bewus is van die doelwitte, beheerproses en strategie waarvolgens hy binne sy praktyk moet werk. Die vraag kan egter nou afgevra word wat die kenmerke van 'n doeltreffende beheerstelsel is.

- **Kenmerke van doeltreffende beheer**

Beheer behoort volgens Bruwer en Cilliers (1997:152) sekere kenmerke te besit indien dit doeltrefend geïmplementeer gaan word. Hierdie kenmerke word kortliks bespreek:

(i) Tydigheid

Indien 'n probleem onstaan, moet korrektiewe optrede spoedig moontlik gedoen word om die finansiële verlies te beperk. Dit beteken dat inligting tydig aan die maatskaplike werker in privaatpraktyk besorg moet word. 'n Doeltreffende beheerstelsel kan selfs aandui waar die probleem is nog voordat dit plaasvind. Aangesien die maatskaplike werker in privaatpraktyk sy hulpverleningsdienste "verkoop" is dit ook noodsaaklik dat hy tydig die oneffektiewe hulpverleningsmetodes kan identifiseer. Hierdeur kan 'n ontevrede kliënt, wat groter negatiewe finansiële gevolg vir die privaatpraktyk inhou as 'n privaatpraktyk sonder enige kliënte, opgevang word.

(ii) Doeltreffende praktykstruktuur

Die uiteensetting en struktuur van die praktyk moet die bestuursproses bystaan. Dus, wanneer die maatskaplike werker in privaatpraktyk 'n struktuur vir sy praktyk ontwerp, moet die beheer van die praktyk in ag geneem word. Die struktuur moet verseker dat indien die praktyk byvoorbeeld fokus op spelterapie, 'n spelterapeut aangestel moet word om, onder andere hierdie aspekte van die praktyk aan te spreek.

(iii) Strategiese plasing

Ongeag die tipe praktyk, is dit feitlik onmoontlik om elke klein afdeling van die praktyk te monitor en te beheer. volgens Bruwer en Cilliers (1997:154) is die uitwerking wat 'n privaatpraktisyn het, wat gedurig oor sy personeel se skouer loer, ook nie nie positief nie. Dit behoort dus 'n gewoonte te word om strategiese punte wat aan tyd gekoppel is, te identifiseer ten einde vordering te monitor. Hierdie tye kan soos volg wees:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Na die voltooiing van ‘n projek;
- aan die einde van die werksdag; of
- wanneer ‘n bepaalde aantal opdragte voltooi is.

Die strategiese plasing van beheermaatreëls sal vir die privaatpraktisyn tyd spaar en as motivering vir die personeel dien.

(iv) Koste-doeltreffende optrede

Beheermaatreëls word ontwikkel met die doel om probleemgebiede te vermy of om dit vroegtydig te identifiseer. Die doel hiervan is om kostes te verminder. Te veel beheer kan egter ’n teenoorgestelde uitwerking hê. Deur aanhoudend verksverrigting te stop om te tel, te meet of te toets kan produktiwiteit benadeel. Die effek van te veel beheer op die praktyk kan volgens Steynberg (1998:67) personeel demotiveer.

(v) Bekendmaking van tendense

‘n Doeltreffende beheerstelsel moet volgens die navorser meer doen as slegs die huidige toestand van die praktyk aandui. Die stelsels kan van strategiese belang vir die praktyk wees indien die toekomstige praktyktendense aangedui kan word. Hier noem Steynberg (1998:69) dat ‘n afwaartse tendens in ‘n bepaalde diens gevaar vir die praktyk kan beteken. ‘n Voorbeeld hier is die afname in aanmeldings vir huweliksberading of ouerleidinggroepe. Dit kan te laat wees om op te tree indien aanmeldingsyfers tot die laagste aanvaarbare vlak gedaal het. ‘n Vroegtydige waarskuwing-stelsel kan dit voorkom.

Vanuit bogenoemde kan dus die afleiding gemaak word dat ’n effektiewe beheerstelsel, soos die ander funksies van bestuur, ’n sinvolle bydrae vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk kan beteken.

5.4 Samevatting

In Hoofstuk vyf is die mees toepaslike prosesse volledig bespreek. Vanuit die bespreking is dit duidelik dat maatskaplikewerk privaatpraktyk ‘n bepaalde ontwikkelingsgang of verloop het wat gekenmerk word deur maatskaplikewerk prosesse, entrepreneuriese prosesse en

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

bestuursprosesse. Elk van hierdie prosesse is dinamies afhanklik van die ander. Dit is dus nodig dat die maatskaplike werker wat 'n privaaptraktyk wil betree elk van hierdie prosesse in oënskou sal neem en noukeurig oordeel waar sy persoonlike groei-areas nodig is.

Dit is verder duidelik dat die bestaande profiel van maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika soos uiteengesit in hierdie hoofstuk, 'n goeie beeld bied vir die implementering van die bekende primêre en sekondêre hulpverleningsprosesse in maatskaplike werk.

Die verloop van die verkenning en bestudering van die literatuur word in Figuur 5.12 uiteengesit waarna die laaste komponent vir die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk naamlik, elemente in Hoofstuk ses uiteengesit sal word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 5.12 Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met die fokus op stap twee: toepaslike prosesse

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 6

TOEPASLIKE ELEMENTE VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

*Navorsingsvraag ter sprake vir hierdie hoofstuk: Wat is die mees toepaslike **elemente** vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur?*

"In Africa, they say that there are two hungers,
the lesser hunger and the greater hunger.
The lesser hunger if for the things that
sustain life, the goods and services, and the
money to pay for them, which we all need.
The greater hunger is for an answer
to the question "why?", for some understanding
of what that life is for"

- Charles Handy, The Hungry spirit -

6.1 Inleiding

Hoofstuk vyf het gefokus op die mees toepaslike prosesse vir privaatpraktykbestuur. Vanuit hoofstuk vyf is tot die gevolgtrekking gekom dat dit belangrik is om verder te fokus op toepaslike elemente wat die geïdentifiseerde prosesse beïnvloed. Hierdie elemente sluit sowel interne, wat in die maatskaplike werker self gesetel is, as eksterne elemente, wat in die omgewing om die maatskaplike werker gesetel is, in. Hierdie elemente het 'n direkte invloed op die maatskaplike werker in privaatpraktyk en die wyse hoe hy sy praktyk bestuur.

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om alle toepaslike elemente as laaste komponent van 'n voorgestelde model vir privaatpraktyk te omskryf.

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (2000:200) beskryf 'n element as 'n samestellende, eenvoudige deel of beginsels van "iets". Binne konteks van die studie kan hierdie "iets" geïdentifiseer word as 'n privaatpraktyk in maatskaplike werk. In die teoretiese

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

verwysingsraamwerk wat geskoei is op die Sisteemteorie, word verwys na sisteme wat wisselwerkend op mekaar 'n invloed uitoefen. Die elemente in hierdie studie, fokus op sowel eksterne (element 1) en interne (element 2) faktore wat as wisselwerkende sisteme belangrik vir die sukses van die privaatpraktyk "iets" sal wees. Grafies kan dit soos volg uiteengesit word:



Figuur 6.1 Elemente in privaatpraktykbestuur

Hierdie eksterne en interne elemente wat as wisselwerkende sisteme 'n invloed op die maatskaplikewerk privaatpraktyk het, word soos volg uiteengesit.

Vanuit Figuur 6.1 is dit duidelik dat die wisselwerkende sisteme binne 'n privaatpraktyk as elemente 'n invloed op die totale sisteem (wat die omgewing insluit) uitoefen. Die interne elemente waarna verwys word, het te make met die maatskaplike werker se onderskeie rolle wat hy binne die omgewing vertolk. Hierdie rolvertolking sluit onder meer sy professionele en persoonlike rolle in.
Met betrekking tot rolvertolking interpreteer die navorser vanuit Schoeman (1980:81) dat die begrippe, rol, posisie, rolverwagting, rolkonsepsie, rolaanvaarding, rolverwerping en rolgedrag die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

mees fundamentele kenmerke van interne elemente in elke sisteem is. Hierdie elemente bepaal tot 'n groot mate die funksionering en die interaksie- en verhoudingspatrone van die individu in die sisteem waarbinne hy funksioneer en verwys na sy persoonlikheid en persoonlikheidsontwikkeling op professionele en persoonlike vlakke. Soos reeds in die vorige hoofstukke bespreek kan daar dus binne hierdie konteks verwys word na die drie primêre rolle wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk vertolk, naamlik dié van maatskaplikewerk hulpverlener, professionele bestuurder en entrepreneur. Die eksterne elemente aan die ander kant verteenwoordig die eksterne omgewing en omgewingsverandering wat weer op sy beurt 'n invloed op die interne elemente uitoefen. Hierdie eksterne omgewing kan dus omskryf word as "die wêreld waarbinne die maatskaplike werker leef."

Ten einde hierdie elemente toepaslik te maak binne privaatpraktykbestuur sal dit vervolgens breedvoerig bespreek word.

6.2 Interne elemente

Binne die konteks van interne elemente is dit relevant om die konsep persoonlikheid te omskryf alvorens die entrepreneuriese, maatskaplike- en bestuurspersoonlikheid as komponente van persoonlikheid bespreek word.

Die vraag word afgevra hoekom persoonlikheid as interne element belangrik genoeg beskou kan word om ingesluit te word binne 'n model vir privaatpraktykbestuur. Volgens Hatting (2002:121) word alle persone op een of ander wyse deur verandering en ontwikkeling beïnvloed en terselfdertyd beïnvloed die individu weer die rigting van verandering.

Daar word dus van 'n wisselwerking tussen die individu en die omgewing gepraat en word dit volgens Hatting (2002:121) beskou as "*a mutual process, an open system of energy exhange and always on the move."* Ten einde die invloed van die omgewing dus te kan verstaan is dit nodig om die individu te verstaan wat binne die omgewing funksioneer. Die individu of persoon se unieke samestelling, verwys spesifiek na sy persoonlikheid. Hierdie persoonlikheid bepaal dus óf die geleenthede wat uit die omgewing kom, sinvol deur hom aangewend gaan word of nie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Skematies kan hierdie proses soos volg in Figuur 6.2 voorgestel word:-



Figuur 6.2 Inter-afhanklikheid van die karaktertrekke van 'n persoon en die wêreld waarbinne hy hom bevind

Die begrip persoonlikheid omsluit ook gedragspatrone en verskillende karaktertrekke. Chell, *et al.* (1993:32) beskryf persoonlikheid as: " *A set of characteristics which may be said to be within the individual causing her or him to behave in certain ways."*

Hier noem Klandt, Chell en Frese (2000:127) dat verskeie persoonlikheidsteorieë bestaan en dat hierdie persoonlikheidsteorieë gestalte kry in verskillende uitgangspunte van 'n navorser se verklaring van gedrag. Wat egter belangrik is, is dat daar wel konsensus bestaan dat elke individu of persoon bepaalde karaktereienskappe het wat aan hom 'n bepaalde persoonlikheid gee. Hierdie karaktereienskappe kan egter by elke individu in unieke gedragspatrone manifesteer. Ten opsigte hiervan noem Westhead en Wright (2000:229) dat die manifestering van gedragspatrone op die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

uniekheid van 'n individu dui en verband hou met sy eie persepsie van die werklikheid of bewustheid van sy eie self. Dit is dus volgens Chell *et al*. (1993:33) onmoontlik om 'n ware objektiewe meting van persoonlikheid en die manifestering daarvan te gee, maar dat dit wel moontlik is om karaktereienskappe en gedragpatrone met mekaar in verband te bring. Vanuit bogenoemde kan die navorser dus tot die gevolgtrekking kom dat dit misleidend sou wees om van 'n bepaalde persoonlikheid of persoonlikheidstipe te praat as 'n interne element wat 'n invloed op privaatpraktykbestuur het, maar dit sal meer korrek wees indien daar van bepaalde karaktereienskappe gepraat word wat as kenmerkende interne elemente geïdentifiseer kan word by die maatskaplike werker in privaatpraktyk.

Die vraag ontstaan nou wat met karaktereienskappe bedoel word. Hier noem Hampson in Chell, *et al.* (1993:33) dat karaktereienskappe omskryf kan word as kategorieë van sosiale gedrag. Hierdie kategorieë sal alleenlik betekenis hê indien dit sosiale belang en waarde het. Hulle merk op: "*We … share a common set of understandings about the meaning of social behaviour. Personality traits are used as a way of summarising and communicating this meaning."*

Verskeie navorsingstudies is die afgelope twee dekades uitgevoer om spesifieke karaktereienskappe vir bepaalde beroepskategorieë te identifiseer. So byvoorbeeld het Hettema en Kenrick, (1989); Burns en Kippenberger (1988); Timmons (1989); en Miner (1996) gefokus op bepaalde karaktereienskappe van entrepreneurs, terwyl, Hellriegel en Slocum (1996); Goldsmith en Clutterbuck (1986), Kast en Rosenzweig (1985) en Smit en Cronje (1997) spesifiek gefokus op karaktereienskappe waaroor bestuurders veronderstel is om te beskik. maatskaplike werkers se persoonlikheidstrekke word weer uiteengesit deur Van Rooyen en Combrink (1990); Lombard, *et al.* (1991) en Engelbrecht (1997) en kan beskou word as karaktereienskappe wat die maatskaplike werker in staat stel om suksesvol in sy beroep te wees. Die volgende tabel is 'n opsomming van die karaktereienskappe uit bogenoemde studies, wat verteenwoordigend behoort te wees van 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 6.1 Karaktereienskappe van belang vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk

	Rolle wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk vertolk		
	Suksesvolle entrepreneur	**Professionele bestuurder**	**maatskaplike werker**
	Hettema en Kendrick (1989) Miner (1996)	**Hellriegl en Slocum (1996) Smit en Cronje (1997)**	**Van Rooyen en Combrink (1990) Engelbrecht (1997)**
Persoonlike en professionele karaktertrekke	Persoonlike dryfkrag en toegewydheid	Vaardig en gespesialiseerd opgelei wees	Beskik oor 'n goeie verantwoordelikheidsin
	Deursettingsvermoë	Besit die vermoë om doelwitte te formuleer	Beskik oor deursettings-vermoë
	Sterk karakter	Is 'n leier en kan motiveer	Beskik oor leierskap
	Kompeterend	Beskik oor genoeg selfvertroue	Is selfgeldend
	Onafhanklik	Is doelgerig en beslissend	Beskik oor 'n goeie oordeelsvermoë
	Neem berekende risiko's	Neem oordeelkundig risiko's	Beskik oor 'n sterk kreatiwiteitsin
	Bou oor tyd aan die bereiking van 'n doelwit	Handel take so spoedig moontlik af en beplan gedurig nuwe strategieë	Beskik oor leergierigheid
	Beskik oor 'n strategie met doelstellings	Werk aan oorhoofse doelstellings van 'n organisasie	Beskik oor entoesiasme
	Handhaaf hoë etiese standaarde	Etiese integriteit is bo verdenking	Opregtheid
	Beskik oor interne lokus van beheer	Beskik oor interne lokus van beheer	Beskik oor selfbewussyn
	Hoë strestoleransie	Hoë strestoleransie	Besit energiekheid
	Geduldig	Gedrewe tot struktuur en roetine	Aanpasbaarheid
	Emosionele stabiliteit	Emosionele stabiliteit	Emosionele volwassenheid
	Soek voortdurend terugvoer	Terugvoer belangrik	Openhartigheid
	Sin vir humor	Balans in persoonlike lewe	Spontaneïteit
	Selfvertroue	Selfvertroue	Hartlikheid
			Empatiese begrip

Hierdie samevatting gee 'n duidelike beeld van die persoonlike en professionele karaktertrekke wat noodsaaklik is vir die drie belangrike rolvertolkings van die maatskaplike werker in privaatpraktyk,

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

naamlik maatskaplike werker, professionele bestuurder en entrepreneur. Die karaktertrekke van die entrepreneur sal eerstens in meer detail bespreek word.

6.2.1 Karaktertrekke van die entrepreneuriese persoonlikheid as interne element

In hoofstuk vyf is die belangrikheid van entrepreneuriese prosesse vir die sukses van privaatpraktykbestuur uitgelig en bespreek. Hierdie prosesse moet egter nog altyd deur 'n persoon uitgevoer word, en die persoon wat dit uitvoer se persoonlikheid het 'n invloed op die mate van sukses waarmee die prosesse uitgevoer word. Hierdie stelling word deur Miner (1996:55) ondersteun as hy sê: "*Research indicates that entrepreneurial success comes to four distinct kinds of people. Each, however, must follow a career route congruent with his or her personality*". Wat hier van belang is, is dat hierdie skrywer erkenning gee aan die spesifieke karaktereienskappe wat in die entrepreneur se persoonlikheid voorkom en aangetref word wat hom help om suksesvol te wees.

In navorsing wat deur Miner (1996 en 1997) gedoen is, het hy die entrepreneuriese karaktertrekke in vier hoofgroepe gedeel en vier tipes entrepreneurs geïdentifiseer. Die belangrikheid van sy navorsing lê daarin dat hy beweer dat daar nie een spesifieke karaktertrek is wat 'n goeie entrepreneur uitmaak nie, maar dat 'n kombinasie van karaktertrekke by verskillende persoonlikhede pas en dus elke persoon die vermoë gee om 'n entrepreneur te wees en in een te ontwikkel. Miner (1997:59) noem in die verband: *"… there is not just one kind of person who has the potential to succeed as an entrepreneur. Rather, there are four types* …." En later *"Many more people can realistically consider an entrepreneurial career."*

Sy navorsing het verder daarop gedui dat die individu en die tipe entrepreneur wat hy verteenwoordig, sy optrede in die bedryf kan bepaal en watter entrepreneuriese roete tot sukses hy sal volg.

Hierdie navorsing het waarde vir maatskaplike werk in die sin dat dit die idee van 'n eendimensionele entrepreneuriese profiel in die kiem smoor en dus ruimte laat aan persone, soos

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

maatskaplike werkers, wat vanweë 'n bepaalde soort werk soos maatskaplike werk, oor bepaalde karaktertrekke, soos in Tabel 6.1 uiteengesit, beskik.

Die vier tipes entrepreneurs soos deur Miner (1997:61) voorgestel, kan soos volg uiteengesit word:

6.2.1.1 Die Persoonlike Presteerder

Klassieke karaktertrekke wat by hierdie tipe entrepreneur voorkom, word deur Miner (1998:24) soos volg opgesom:

Tabel 6.2 Karaktertrekke van die persoonlike presteerder

Karaktertrek
Die behoefte om te presteer
Behoefte aan terugvoer
Sterk persoonlike inisiatief
Persoonlike toegewydheid tot die besigheid
Interne lokus van beheer
Geloof dat persoonlike doelstellings hoër prioriteit geniet as ander persone se doelstellings
Behoefte om te beplan en doelwitte te stel

Die roete wat Miner (1997:34) vir hierdie entrepreneuriese tipe voorstel is:

- Ten einde alle energie in die onderneming te ploeg, moet hierdie entrepreneur geleer word om in homself en sy produk te glo;
- kennis en 'n visionêre uitkyk op die toekoms is belangrik;
- hy moet geleer word om sistematies te dink en strategies te beplan;
- solank die besigheid nog in 'n ontwikkelingsfase is, moet die strukture buigbaar wees, maklik kan aanpas by verandering en vinnig kan reageer op probleme en verandering; en
- hierdie tipe entrepreneur moet geleer word om probleemoplossend te werk te gaan.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die persoonlike presteerder kan ook weens sy karaktertrekke in sekere slaggate beland. Sy karaktertrekke sal veroorsaak dat die volgende probleme mag opduik en die volgende slaggate moet dus vermy word:

- Onvoldoende kennis in besigheidsbestuur;
- 'n wanbegrip oor sy karaktertipe en onvermoë om 'n suksesplan te visualiseer;
- struikelblokke wat vir hom onoorkombaar lyk, soos onvoldoende finansiering, wetgewing en regulering, mag hom laat tou opgooi;
- konflik met persone naby hom kom dikwels voor aangesien sy dryfkrag dikwels persoonlike verhoudings opeis en bemoeilik; en
- om, sodra die entrepreneur sy persoonlike doel bereik het, gefokus te bly en aan te gaan met 'n volgende aksie.

Die navorser is van mening dat hierdie entrepreneuriese profiel veral by die maatskaplike werker pas vir wie akademiese prestasie belangrik is, gedrewe is om die hoogste sport in sy beroep te bereik of 'n persoonlike doelwit van sukses nastreef.

6.2.1.2 Die Superbemarker/verkoopspersoon

Die karaktertrekke van die tweede tipe entrepreneuriese persoonlikheid naamlik die superbemarker of verkoopspersoon lyk soos volg:

Tabel 6.3 Karaktertrekke van die superbemarker

Karaktertrekke
Besit die vermoë om ander te verstaan en empatiese begrip vir ander te toon
Het die behoefte om ander te help
Glo dat sosiale prosesse baie balangrik is - dit sluit onder meer skakeling en sosialisering in.
Het persoonlik nodig om positiewe en goeie verhoudings met ander te hê
Glo dat die verkope in 'n besigheid die enigste ware wyse is om die besigheid se doel te bereik.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die mees toepaslike suksesroete vir die superbemarker/verkoopspersoon lyk soos volg:-

- Die waarde van verkoopstegnieke is vir hierdie persoon baie belangrik, hy benodig dus al die inligting en vaardighede om 'n idee, produk of item te verkoop;
- daar word aanbeveel dat hierdie entrepreneuriese profiel net aangewend moet word in bemarking of verkope. Sy positiewe bemarkings- of verkope karaktertrekke gaan verlore sodra hy byvoorbeeld na 'n bestuursposisie verskuif word; en
- indien hy net in bestuur aangewend word, moet daar aan hom 'n ondersteuningstelsel vir bestuursprosesse gebied word, aangesien hy nie hierdie vaardighede self ten beste sal uitvoer nie.

Hieroor sê Miner (1998:210):

> "*Developing a cohesive team to handle backup activities is particularly attractive to many supersalespeople. They enjoy the social interaction of teamwork, and they have no special need to feel personally responsible for successful outcomes. For many, working with and developing teams seems to come naturally; supersalespeople are by nature participative, sharing people".*

Aspekte wat hierdie entrepreneuriese profiel mag kelder is volgens Miner (1997:23) soos volg:

- Indien hierdie entrepreneur onvoldoende inligting of kennis oor 'n produk, diens of item besit, mag dit sy werksverrigting beïnvloed;
- dié entrepreneur is dikwels ongemaklik oor die persepsies wat oor verkope bestaan; wil dikwels nie die kenmerke en eienskappe in homself aanvaar of eien nie en skram dus weg van hierdie beeld;
- die persoon hanteer kompetisie swak en kan maklik uit die bedryf gestoot word aangesien hy dikwels ander gelukkig en tevrede wil stel; en
- hy het dikwels ongemak indien hy sy teiken vir verkope bereik het en nie dadelik kan aangaan met 'n volgende aksie nie. Hy verloor dus vinnig momentum in sy werk indien dit nie vinnig opgevolg word met 'n volgende bemarkingsprojek nie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Alhoewel hierdie entrepreneuriese profiel volgens Miner (1997:31) nie noodwendig altyd entrepreneurs word nie, beskik hulle oor die vermoë om dit wel suksesvol te kan doen. Hy noem in die verband: "*Such people can be very successful if they structure their ventures to provide for the conduct of administrative and operational activities and free themselves to follow the selling route".* Die navorser is van mening dat daar verskeie maatskaplike werkers is wat tot 'n groot mate ooreenstemmende karaktertrekke met die superbemarker het. Uit gesprekke met entrepeneurs het dit aan die lig gekom dat verskeie suksesvolle entrepreneurs in die bedryf 'n graad in maatskaplike werk het. Gesprekke is onder meer gevoer met 'n skakelbeampte (Burger: 2002), 'n bemarkingsbestuurder (Badenhorst, 1999), 'n eiendomsagent (Van Zyl, 2000) en 'n versekeringsagent (Germishuys, 2003) wat almal voorgraadse opleiding in maatskaplike werk voltooi het. Almal is dit eens dat daar dikwels na die opleidingskomponent in maatskaplike werk verwys word as die enkele determinant wat individue so toerus dat hulle ook in ander beroepe suksesvol kan wees. Soos Badenhorst (1999) dit gestel het: "Ons is opgelei om met mense te werk, ons sielkunde agtergrond maak dat ons gapings kan sien, mense kan lees en genoeg empatie uitstraal om 'n goeie "deal" te maak".

Vanuit die literatuur wil dit egter blyk dat dit vasgelegde karaktertrekke is wat by hierdie persone teenwoordig is, wat aan hulle die entrepreneuriese vaardigheid voorsien om suksesvol in die tradisionele bemakings/verkope beroepe te wees. Dit is dus nie die opleiding waardeur hulle mensekennis en vaardighede aangeleer het nie, maar hulle eie entrepreuriese profiel wat hulle as die belangrikste rede aangevoer het waarom hulle suksesvol is in die beroep waarin hulle nou staan. Die belangrikste rede wat elk van hierdie persone aangevoer het waarom hulle maatskaplike werk as beroep verlaat het, was dat die uitkomste en resultate in maatskaplike werk onbevredigend is, die roetine sieldodend is en min skakeling in die beroep bestaan, of dat die skakeling wat wel bestaan onbevredigend is. Een persoon het genoem dat sy gedurig in die moeilikheid was omdat sy die primêre fokus van dienslewering aan 'n winsmotief wou koppel. Sy het byvoorbeeld hulpverleningsprogramme in pakkette aangebied en as eenheid probeer verkoop.

Hieruit kan gesien word dat dit die onderliggende karaktertipe is wat beroepsbevrediging bied en nie die beroepskeuse is wat die beroepsbevrediging bied wat hulle aanvanklik veronderstel het hulle sou kry nie. Dit is dus nie noodwendig die werksomgewing of werksdruk wat maatskaplike

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

werkers laat besluit om die beroep te verlaat nie maar hulle karaktertipe wat onbevredig gelaat word binne die grense van maatskaplike werk.
Dit sou insiggewend wees indien hierdie aanname met verdere navorsing wetenskaplik getoets kon word.

6.2.1.3 Die Bestuurder-entrepreneur

Die belangrikste kenmerk van hierdie profiel is dat die bestuurder-entrepreneur in ’n omgewing moet wees waar sy natuurlike aanvoeling vir bestuur uitgeleef kan word. Alhoewel hierdie profiel baie ooreenstem met die idee-genereerder en persoonlike presteerder, is 'n kenmerkende eienskap wat uitstaan, dié van leierskap.

Die volgende kenmerke word deur Miner (1997: 45) aan hierdie persoon gekoppel:

Tabel 6.4 Karaktertrekke van die bestuurder-entrepreneur

Karaktertrekke
Besit die behoefte om ’n leier te wees en ’n leidende rol in bestuur te speel
Beskik beslistheid en doelgerigtheid
Voel positief teenoor outoriteit
Het ’n behoefte om take te voltooi
Beskik oor ’n behoefte tot mag/beheer
Wil uniek wees en uitstaan bo die groep

Die mees geskikte roete vir die ware entrepreneuriese bestuurder word deur Miner (1997) in twee roetes verdeel naamlik:

- Hy begin 'n besigheid deur in menskapitaal te belê. Die bestuurder-entrepreneur omring hom dus met mense wat al die kenmerke besit wat nodig sal wees om die besigheid suksesvol te maak. Hierdeur kan hy hierdie mense tot hulle volle potensiaal bestuur. ’n Voorbeeld vir

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

privaatpraktyk sal wees waar die maatskaplike werker 'n multidissiplinêre praktyk begin en 'n arbeidsterapeut, sielkunde en 'n pastorale psigoloog aanstel; en

- hy bestuur persone buite die organisasie of besigheid deur middel van bestuurstake wat meer gefokus is op netwerke, skakeling en uitkontraktering. Hierdie vorm van bestuur is veral geskik wanneer die bestuurder-entrepreneur se besigheid min ruimte vir interne bestuur laat. 'n Voorbeeld hier is die sogenaamde uitkontraktering of "outsourcing"-beginsel waar die maatskaplike werker dienste inkoop vir sy praktyk soos hy dit benodig. Hierdie dienste kan van bemarking tot professionele hulpverleningsdienste insluit.

Slaggate waarteen die bestuurder-entrepreneur moet waak, word in Miner (1997:56) soos volg gegee:

- 'n Gebrek aan kennis rondom bestuurstyle - die feit dat die entrepreneur die vermoë besit om te bestuur, beteken nie noodwendig dat hy die vaardighede daarvoor het nie.
- Indien die besigheid te klein is, kan hierdie profiel entrepreneur sy besigheid "oor-bestuur". Dit het tot gevolg dat die besigheidspotensiaal gesmoor word.
- Indien bestuursvermoë nie bevredig word nie, verlaat hierdie profiel entrepreneur die entrepreneuriese veld vinnig om in 'n korporatiewe organisasie sy behoefte na bestuur te bevredig.

Miner (1996:231) noem in aansluiting hierby:

> "*Often the managing route involves taking over after a personal achiever has "hit the wall." If the personal achiever is lucky enough to possess both patterns, he or she may be able to keep the company growing. Often, however, responsibility for additional growth passes to another entrepreneur, someone with real manager traits".*

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die karaktertrekke van die bestuurder nie verder bespreek word nie, aangesien die karaktertrekke in bogenoemde beskrywing aansluit by die karaktertrekke waaroor die bestuurder in bedryf beskik.

'n Vierde entrepreneuriese profiel is deur Miner (1996 en 1997) geïdentifiseer, naamlik die persoon wat in staat is om idees te genereer, die kreatiewe denker of sogenaamde "uitvinder".

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

6.2.1.4 Die ideegenereerder-entrepreneur

Alhoewel hierdie tipe entrepreneur dikwels met hoë tegnologie vereenselwig word, kan idee-genereerders met net soveel sukses in nie-tegnologiese besighede aangewend word, aangesien die ontwikkeling van nuwe produkte en dienste nie beperk is tot meganisasie of tegnologie nie. Die volgende karaktereienskappe is kenmerkend van hierdie tipe entrepreneur:

Tabel 6.5 Karaktertrekke van die Idee-genereerder

Karaktertrekke
Besit die behoefte tot innovasie of nuwe denke - hou van verandering
Is ontvanklik vir nuwe idees - raak gou verveeld met stereotipering en verloor maklik belangstelling indien die idee nie vinnig deurgevoer word nie
Glo dat nuwe produkontwikkeling noodsaaklik is vir die sukses van die besigheid
Neem maklik risiko's om sy idee van stapel te stuur.
Beskik oor intelligensie

Dit is van kardinale belang dat hierdie profiel entrepreneur geleer word om risiko's te beperk. Hier ondersteun Miner (1997:58) dit soos volg: "*Because of the expert idea generator's singel-minded enthusiasm for ideas and desire to innovate, risk avoidance is an essential element".*

Die roete wat deur Miner (1996 en 1997) voorgestel word vir hierdie profiel entrepreneur is soos volg:

- Die entrepreneur moet seker maak dat hy oor genoegsame kennis beskik oor die aspekte waarin sy idees manifesteer;

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- hy moet oor 'n struktuur beskik wat hom die vryheid van denke bied; en
- vaardighede of toegang tot vaardighede om sy idees te verpraktiseer is noodsaaklik.

Die gevare en slaggate wat die idee-genereerder moontlik mag strem, kan in die volgende vier redes vervat word:

- Idees word gesmoor deur toestande buite sy beheer of strukture wat sy kreatiwiteit belemmer;
- 'n gebrek aan vaardigheid en kennis - die idee is miskien daar, maar die agtergrondskennis ontbreek. Hierdie situasie veroorsaak dat die idee nie geïmplimenteer kan word nie;
- hierdie entrepreneuriese profiel sukkel soms om gefokus te bly en dwaal van die onderwerp waarbinne hy veronderstel is om te werk; of
- suksesvolle idees kan aan dié entrepreneuriese profiel 'n valse gevoel van vertroue gee wat hom mag aanspoor om makliker risiko's te neem.

Vanuit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar nie net een entrepreneuriese profiel bestaan nie en dat entrepreneurskap nie noodwendig afgebaken word tot 'n enkele stel karaktertrekke waaroor 'n individu moet beskik nie. Entrepreneuriese vaardighede en karaktertrekke kan in kombinasie met mekaar toegepas word om sodoende 'n suksesvolle profiel te verseker. Wat belangrik is, is dat 'n entrepreneur karaktertrekke in meer as een van hierdie profiele kan besit wat dus van hom 'n entrepreneur maak wat in verskillende situasies en omstandighede die beste alternatief kan kies en uitvoer. Hierdie is egter die ideaal, en nie noodwendig die voorvereiste vir sukses in praktyk nie.

Die maatskaplike werker wat 'n privaatpraktyk betree, kan dus deur homself goed te leer ken, self sy eie entrepreneuriese profiel identifiseer en na aanleiding daarvan besluit watter roete hy gaan volg ten einde suksesvol te wees. Soos reeds in hoofstukke drie, vier en vyf genoem, bestaan 'n privaatpraktyk uit komponente wat entrepreneurskap, bestuur en maatskaplike werk bevat.

Die volgende interne element wat belangrik is, is die maatskaplikewerkpersoonlikheid en die karaktertrekke in maatskaplike werk wat eie is aan die maatskaplike werker in privaatpraktyk. Soos reeds in tabel 6.3 genoem, is spesifieke karaktertrekke kenmerkend van die maatskaplike werker en moet hierdie karaktertrekke in verband met privaatpraktyk gebring word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

6.2.2 Karaktertrekke van die maatskaplikewerkpersoonlikheid as interne element

Daar kon vanuit die literatuur geen wetenskaplike navorsing gevind word wat die tipiese karaktertrekke wat as persoonstoerusting vir 'n maatskaplike werker voorgehou word, bevestig nie. In die geval van entrepreneuriese karaktertrekke is duidelike en wetenskaplik gefundeerde navorsing oor dekades gedoen wat inligting bied en substansie aan hierdie studie kon gee.

In die geval van maatskaplike werk word daar met die identifisering van karaktertrekke na die basiese waardestelsel en etiese optrede van maatskaplike werk verwys, ten einde spesifieke eienskappe te identifiseer. Die navorser gaan dus van die veronderstelling uit dat die bestaande literatuur gegrond is op aannames oor hoe die karaktertrekke van die maatskaplike werker veronderstel is om te lyk, en dus 'n beperking plaas op die maatskaplike werker wat nie aan hierdie karaktertrekke voldoen nie maar weens ander eksterne faktore tog besluit om maatskaplike werk as 'n beroepskeuse uit te oefen. Geen navorsing kon gevind word wat hierdie interne element as 'n determinant vir sukses in maatskaplike werk kon uitwys nie.

Die karaktereienskappe waaraan maatskaplike werkers dus moet voldoen en wat deur outeurs soos Engelbrecht (1997:8) genoem word, sal binne hierdie studie hanteer word asof dit deel is van 'n inherente lewensingesteldheid wat die maatskaplike werker volg ten einde 'n gebalanseerde volwasse lewe te hê. Hierdie inherente lewensingesteldheid kan die beoefenaar dus persoonlik tot voordeel strek.

'n Karaktertrek wat vanuit literatuur as 'n determinant vir 'n gebalanseerde volwasse lewe beskou word, is ***emosionele intelligensie.*** (vergelyk Coleman, 1996; Ciarrochi, Forgas & Mayer; 2000; Smigla & Pastoria , 2000; Epstein, 2000 en Bates, 1999). Emosionele intelligensie omvat die karaktertrekke wat deur Engelbrecht (1997:9) vooropgestel word, en wat belangrik is vir die maatskaplike werker se persoonsfunksionering. Komponente van emosionele intelligensie wat van toepassing is binne privaatpraktykbestuur sal dus binne die volgende paragrawe aandag geniet.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

6.2.2.1 Emosionele intelligensie as karaktertrek vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk

As daar na intelligensie in die literatuur verwys word, verwys Ciarrochi, *et al.* (2000:9) na die kapasitiet om te begryp, waar te neem, verstaan en om simbole te gebruik en dus daardeur abstrak te kan argumenteer. 'n Voorbeeld hiervan is, indien 'n persoon praat, word daar na sy verbale intelligensie, sy ruimtelike intelligensie en sosiale intelligensie, verwys. Ruimtelikheid, verbaliteit of sosiale interaksie is die kenmerkende veranderlikes wat aandui na watter soort intelligensie verwys word en watter kenmerke dominant in sy persoonlikheid sal wees. Met emosionele intelligensie word daar dus verwys na die vermoë om emosionele inligting te verstaan en te gebruik. Verder besit emosionele intelligensie die eienskap dat dit die persoon se vermoë in ander velde van intelligensie, verhoog.

In Ciarrochi, *et al.* (2000:9) word emosionele intelligensie wetenskaplik soos volg uiteengesit:

> "*Emotional intelligence refers to an ability to recognize the meanings of emotions and their relationships, and to reason and problem-solve on the basis of them. Emotional intelligence is involved in the capacity to perceive emotions, assimilate emotion-related feelings, understand the information of those emotions, and manage them".*

Verder beskou Salovey en Mayer (1990:189) emosionele intelligensie as die vermoë waaroor 'n individu beskik om sy eie en ander persone se emosies te monitor. Hierdeur kan hy dus onderskei tussen emosies ten einde dit te benut om sy eie denke en optrede te rig. Die afleiding kan dus gemaak word dat dit aspekte van sowel verbale as nie-verbale bewustheid en uitdrukking van emosie bevat.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n bepaalde vaardigheid of vermoë ter sprake is. Die bogenoemde omskrywing van Ciarrochi, *et al.* (2000;12) kan dus as 'n vermoënsmodel bekend staan en lig die volgende vier komponente as belangrik uit:

- Die vermoë om emosies waar te neem, te waardeer en daaraan uitdrukking te kan gee;
- die vermoë om denke deur middel van emosie te fasiliteer;
- die vermoë om emosies om te skakel in emosionele kennis; en
- die vermoë om emosies binne die self en ander persone te bestuur .

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Daar bestaan 'n meer populêre definisie wat 'n klemverskuiwing met betrekking tot die proses van selfmotivering en sosiale verhoudings in die algemeen impliseer. Hierdie definisie deur Coleman (1996:44) noem dat emosionele intelligensie dus uit die volgende bestaan: " *…… managing emotions …… motivating oneself …. Recognizing emotions in others ….(and) handling relationships".* Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat twee uitgangspunte rondom emosionele intelligensie bestaan naamlik (a) die oorspronklike benadering met die klem op vermoë en waar emosie *per se* ter sprake is en (b) die meer populêre uitgangspunt waar benaderings van emosionele intelligensie verweef word met ander vaardighede en karaktertrekke soos motivering, die vermoë tot verhoudingbou, selfinsig, emosionele aanpasbaarheid, goeie oordeelsvermoë en verantwoordelikheid.

Die tweede definisie wat die nie-kognitiewe vermoëns van emosionele intelligensie insluit, is veel wyer en omsluit die volgende karaktertrekke (a) self-bewussyn wat emosionele bewustheid en selfvertroue insluit (b) selfbeheersing, wat betroubaarheid en kreatiwiteit insluit (c) motivering wat prestasie, inisiatief en optimisme insluit (d) empatiese begrip wat begrip vir ander en politieke bewustheid insluit en (e) sosiale vaardighede wat kwaliteite soos invloedrykheid, konflikbestuur en spanbouvaardighede insluit. Vanuit sielkunde literatuur, wat persoonlikheidsteorie beskryf, word geredeneer dat die tweede benadering te wyd is en dat komponente, soos motivering nie werklik te make het met emosie of emosionele intelligensie nie. Hier noem Ciarochi, *et al.* (2000:16): "*the popularized additions (persistence, optimism, political savvy and self-control) seem to have little to do specifically with emotions or intelligence".* Wat egter belangrik is, is dat alhoewel hierdie komponente nie werklik emosionele intelligensie meet nie, dit op 'n indirekte vlak wel verwant is aan emosionele intelligensie en die manifestering daarvan. Hierdie standpunt word ook deur Ciarochi, *et al.* (2000) ondersteun.

- **Die belangrikheid van emosionele intelligensie vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk**

In navorsing wat deur Harrison (1997:42) gedoen is, word beweer dat 'n privaatpraktyk wat ekonomies suksesvol is, oor 'n werkerskorps beskik wat hoë vlakke van emosionele intelligensie toon. Die afleiding wat dus hieruit gemaak kan word, is dat indien die maatskaplike werker oor

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

vaardighede beskik wat sy emosionele intelligensie positief beïnvloed, dit kan meehelp in die sukses van 'n privaatpraktyk Hierdie stelling word soos volg deur Cooper (1997:32) ondersteun: "*People with high levels of emotional intelligence have greater career success, foster stronger personal relations, have effective leadership skills and are healthier than those with low emotional quotient".* 'n Ander uitgangspunt onder dieselfde tema word deur Cooper (1997:33) verder gevoer as hy noem dat emosies nie net vir die individu van intuïtiewe wysheid voorsien nie, maar dat dit aan die individu potensiële bruikbare inligting verskaf, wat veral in die besigheidswêreld baie positief aangewend kan word. Voorbeelde hiervan sal wees dat hy weet hoe om op 'n ander persoon se emosies te fokus en ervaringe en belewenis van emosie sinvol aan te wend binne besluitneming of keuses.

Die maatskaplike werker in privaatpraktyk kan heel waarskynlik emosionele intelligensie as oplossing gebruik om hom 'n beter terapeut, berader of praktisyn vir sy kliëntekorps te maak. Dit is egter so dat die waarde van emosionele intelligensie daarin gevind kan word dat dit herskeppend is vir persoonlike en professionele groei en kreatiwiteit asook entrepreneurskap en bestuur kan bevorder. Die vraag ontstaan nou hoe die maatskaplike werker dus sy emosionele intelligensie kan verhoog, en of dit wél verhoog of verbeter kan word. Hier is Cooper (1997:32) dit eens dat emosionele intelligensie by alle ouderdomme aangeleer kan word. Hy noem in die verband:

> "*As you form the various characteristics of your own emotional intelligence, you will likely find that you also increase these powers: intuition, the capacity to trust and be trusted, a sense of integrity and authenticity, an appreciation of constructive discontent, the ability to find breakthrough solutions in difficult circumstances and make sound decisions and leadership effectiveness".*

Vanuit 'n suiwer besigheidshoek is emosionele intelligensie vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk voordelig in die sin dat dit dikwels as kompeterende voordeel, deur outeurs beskou word. Hier noem Cooper (1997:34) dat daar drie vlakke is waar emosionele intelligensie die individu binne besigheidsverband 'n ekonomiese voorsprong bo sy kompetisie of eweknieë kan gee, naamlik:

- Die vermoë om betroubare verhoudings te sluit;
- verhoogde energievlakke en effektiwiteit wat daarmee gepaard gaan; en
- die vermoë om deur middel van positiewe denke 'n sinvolle alternatief vir probleme te vind.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- **'n Strategie om emosionele intelligensie by die maatskaplike werker in privaatpraktyk te verhoog**

Vanuit bogenoemde kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat emosionele intelligensie as karaktertrek vir die privaatpraktisyn sinvol en bevredigend kan wees. Dit is egter belangrik om binne 'n model vir privaatpraktykbestuur wel na 'n strategie te kyk wat die maatskaplike werker se emosionele intelligensie kan verhoog. Twee strategieë sal vir die doeleindes van hierdie studie net kortliks uiteengesit word. Die eerste model is geskoei op die "Four Cornerstone Model of Emotional Intelligence" soos ontwikkel deur Cooper en Sawaf (1997:35) en die tweede strategie is die sogenaamde "Steiner en Perry Program vir emosionele intelligensie" (Steiner & Perry, 1999).

➢ **Strategie een: "*Four Cornerstone Model of Emotional Intelligence*"**

Hierdie strategie word in Figuur 6.3 soos volg weergegee.



Figuur 6.3 Die "*Four Cornerstone*" model deur Cooper en Sawaf

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die model kan verklaar word met die verduideliking van wat emosionele eerlikheid behels. Cooper en Sawaf (1997:13) noem dat, alvorens 'n individu na sy eie prosesse van emosionele intelligensie kan kyk, dit noodsaaklik is om seker te maak dat hy eerlik met homself oor sy eie emosionaliteit is. Die skrywers haal 'n onbekende filosoof soos volg aan: "*If you look for truth outside yourself, it gets farther and farther away."* (Cooper & Sawaf, 1997:14). Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die maatskaplike werker introspektief na homself moet kyk en weet wat belangrik vir hom is, hoe hy oor sy situasie voel en watter rol emosie in sy besluitnemingsprosesse speel. Na hierdie aspek aangespreek is, kan daar na die vier grondsbeginsels van die betrokke model gekyk word naamlik, emosionele geletterdheid, emosionele fiksheid, emosionele diepte en emosionele "alchemie".

(i) Emosionele geletterdheid

Die eerste van die vier boustene vir die model vir emosionele intelligensie omvat 'n proses waarbinne duidelike en bruikbare kommunikasie vir emosionele aspekte binne die praktyk geformuleer moet word. Hierdie kommunikasie word só geformuleer dat dit spreek van respek en erkenning van ander se belewing van gevoelens. Emosionele eerlikheid, emosionele energie, emosionele terugvoer en praktiese intuïsie dra verder by tot die uitbouing van emosionele geletterdheid.

Dit gebeur dikwels dat die individu nie self oor die woordeskat beskik wat sy gevoelens kan verbaliseer nie. 'n Belangrike komponent is dus dat die praktisyn 'n "self-oudit" doen om te bepaal tot watter mate hy wel in staat is om terugvoer aan homself rakende sy eie belewing van emosies te gee. Wat hier van belang is, is dat gedagtes rondom emosies verwoord sal kan word.

Voorbeelde wat in die model uiteengesit word, noem onder meer die gebruik van "EQ-morning notes" waar die individu elke oggend sy denke op skrif stel. Sy denke mag nie belemmer word deur enige strukture nie en gedagtes word neergeskryf soos dit opkom. Hierdie proses bied aan die individu dus die geleentheid om uiting te gee aan gevoelens voordat dit in rasionele denke omgeskakel word. Hierdeur word 'n proses van emosionele geletterdheid gekweek. Cooper en Sawaf (1997:35) noem in aansluiting hierby: "*Only by getting - and staying - in touch with our inner*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

voices can we develop a deep source of knowing beyond our thoughts. That is the realm of emotional intelligence. You will find that much of the truth about your life and work is inside of you, not outside".

Die tweede bousteen is:

(ii) Emosionele fiksheid (vertroue)

Volgens die model word emosionele fiksheid gemeet aan die mate waartoe 'n individu in staat is om ander en homself te vertrou. Cooper en Sawaf (1997:37) noem onder meer dat vertroue kenmerke van egtheid, veerkragtigheid, hernuwing en konstruktiewe kritiek bevat. Hierdie kwaliteite lê persoonlike waardes en norme en die wyse waarop die individu dit tot uiting bring, bloot. In Deming (1993:49) word genoem dat vertroue 'n mandaat vir die optimalisering van enige stelsel, bedryf of besigheid gee. "*Without trust, there can be no co-operation between people, teams, departments or divisions. Without trust, each component will protect its own immediate interest to its long-term detriment, and to the detriment of the entire system*". Hieruit kan die afleiding gemaak word dat, indien die privaatpraktisyn 'n gebrek aan vertroue het, dit op die lange duur 'n negatiewe invloed op sy praktyk sal hê. Cooper (1997:35) noem dat: "*Without trust, innovation falters en vanishes*". Hier sluit Kets de Vries (2001:23) by hom aan en noem: "*If there is no sense of trust in (an) organization, if people are preoccupied with protecting their backs … creativity will be one of the first casualties".*

Emosionele fiksheid ten opsigte van vertroue kan dus omskryf word as meer as net 'n houding, en word deur Cooper (1997:35) omskryf as 'n proses van emosionele krag. Hy noem onder meer: "*When we trust ourselves, extend trust to others, and receive it in return, it becomes the glue that holds relationships together. It also frees honest dialogue."* Indien daar wantroue in 'n besigheid bestaan, kan 'n bestuurder verplig voel om prosedures in te stel wat uitgebreide detail vir selfs die eenvoudigste transaksies, omskryf. Hier kan die Japanese besigheidsmodelle as goeie voorbeelde dien. Volgens Fukuyama in Cooper (1997:36), word kontrakte beperk tot 'n twee bladsy ooreenkoms met frases soos "*details to be worked out later, if the need arises*". Hierdie maatskappye en besighede redeneer dat detail wat later uiteengesit word dikwels 'n wen-wen

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

situasie vir alle partye is. Cooper (1997:36) is van mening dat, indien daar nie sodanige vertroue in 'n besigheid bestaan nie, 'n boodskap van onbevoegdheid en kontrole uitgestuur word.
Die derde bousteen is:

(iii) Emosionele diepte

Die eerste twee boustene in Cooper en Sawaf (1997) se model, naamlik emosionele geletterdheid en emosionele fiksheid het die spanwydte van emosionele intelligensie beskryf. Hierdie boustene het dus te make met die ontwikkeling en toepassing van die invloed van emosionele intelligensie en die graad van omstandighede wat van toepassing binne hierdie grondbeginsels is. Die derde grondbeginsel, naamlik emosionele diepte het met die volgende aspekte te make:

- Die ontwikkeling van die individu se persoonlike karakter;
- die identifisering en uitbreiding van potensiaal en toekomsbestemming;
- die manifestering van verbintenis, dryfkrag, inisiatief, verantwoordlikheid en gewete;
- die toepassing van integriteit; en
- die verhoging van persoonlike invloed op ander.

Elk van hierdie aspekte moet omgesit word in meetbare optrede ten einde emosionele diepte te verseker. Volgens Cooper (1997:38) lê die kern van emosionele diepte in die volgende: "*There's more depth and wisdom in what we feel and in our hearts' images of our unique potential".*

Die belangrikheid van emosionele diepte word dus daarin gevind dat die individu soos Hart in Cooper (1997:39) dit stel: "*Work is the opportunity to imprint what is unique about us upon the outside world. Human beings have an imperative need to leave the stamp of themselves on the world".*

(iv) Emosionele "alchemie"

Alchemie word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (1995:41) beskryf as: "Primitiewe skeikunde waardeur gepoog word om onedele metale in goud te verander." Indien hierdie konsep van toepassing gemaak word binne emosionele intelligensie kan van die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

veronderstelling uitgegaan word dat 'n proses van emosionele alchemie sou beteken dat die individu 'n minder belangrike geleentheid sal omskakel in 'n meer belangrike geleentheid. 'n Verdere voorbeeld is onder meer wanneer die maatskaplike werker in privaatpraktyk gefokus is om nuwe idees vanuit ou beginsels te ontwikkel. Quinn (2003:17) noem verder dat nuwe idees dikwels verandering meebring. Binne die interne elemente van die self sou verandering nie binne die interne raamwerk pas nie, maar wat wel van belang is, is dat die individu intern goed genoeg aangepas moet wees om eksterne elemente te kan akkommodeer, en as die eksterne elemente verander, die verandering met gemak geakkommodeer sal kan word.

Dieselfde outeur ondersteun hierdie stelling soos volg: "*we don't risk much because we can abandon it and go back to the old ways of doing things - called "the slow death dilemma"* (Quinn, 2003:17). Die navorser kan dus tot die gevolgtrekking kom dat 'n deel van hierdie proses om emosionele intelligensie te ontwikkel, ook beteken dat die maatskaplike werker 'n emosionele intelligentheid met betrekking tot verandering en aanpassing moet kan ontwikkel. Daar word later in die hoofstuk aandag geskenk aan verandering as eksterne element binne die privaatpraktyk en hoe verandering hanteer kan word. Wat egter hier van belang is, is dat nuwe denke en 'n vernuwende ingesteldheid deel uitmaak van emosionele intelligensie.

'n Tweede strategie wat aan die maatskaplike werker in privaatpraktyk riglyne kan bied rondom die verbetering van emosionele intelligensie, staan bekend as die "*Steiner and Perry Program for Emotional Intelligence"* (Steiner & Perry, 1999). Hierdie program word kortliks vir die doeleindes van hierdie studie bespreek.

- **Strategie twee: "*Steiner and Perry Program for Emotional Intelligence"***

Hierdie strategie word in die vorm van 'n program aangebied en maak aanspraak daarop om die individu se emosionele intelligensie te bevorder. Steiner en Perry (1999:24) onderskei emosionele geletterdheid as 'n belangrike aspek in die bevordering van emosionele intelligensie en bespreek dit aan die hand van drie vermoëns waaroor 'n individu moet beskik naamlik: (1) emosionele begrip (2) luistervaardighede asook (3) empatie en die vermoë tot emosionele uitdrukking.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Steiner en Perry (1999:24) onderskei verder vaardighede wat aangeleer kan word deur middel van opleiding waaraan die individu homself blootstel ten einde sy emosionele intelligensie te verhoog. Hierdie vaardighede is soos volg:

- Kennis van emosie en die aanleer van emosionele uitdrukking;
- sin vir empatie en die proses om empatiese begrip aan te leer. Deur middel van hierdie empatiese begrip toon die individu begrip vir emosie in andere en herken die oorsprong daarvan;
- die aanleer van vaardighede om emosies te bestuur. Hierdie vaardigheid toon ooreenstemming met Coleman (1996) se omskrywing van emosionele bestuur;
- die aanleer van die vermoë om emosionele skade te herstel. Dit behels die vaardigheid om gedrag te wysig indien dit emosionele skade by die individu of ander meebring; en
- die ontwikkeling van die vermoë tot emosionele interaktiwiteit, wat daarop dui dat die individu homself emosioneel kan oopstel vir ander, emosionele bande met ander kan smee en positief of negatief op emosies van ander kan reageer.

Vanuit bogenoemde bespreking oor emosionele intelligensie kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die maatskaplike werker se emosionele intelligensiepotensiaal in praktyk, deur middel van bepaalde emosionele verwante vermoëns en vaardighede, tot uiting kom. Die effektiewe benutting van hierdie vermoëns en vaardighede ten opsigte van emosionele aspekte in die self en ander word beskou as emosionele bevoegdheid. Die maatskaplike werker in privaatpraktyk sal dus, ten einde suksesvol in praktyk te wees, aandag moet skenk aan die vermoë om hierdie emosionele bevoegdheid te bereik.

6.2.3 Karaktertrekke van die bestuurspersoonlikheid as interne element

Dit is duidelik vanuit die literatuur (Smit & Cronje, 1997:362; Hellriegel & Slocum, 1996:450 en Gibson, Ivancevich & Donnelly, 1997:100) dat verskeie persoonlikheidsteorieë bestaan waarmee karaktertrekke van bestuurstipes ontleed kan word. Wat egter meer belangrik vir hierdie studie is, is tot watter mate hierdie bestuurdertipes toepaslik binne maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur sal wees.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Karaktertrekke van bestuurspersoonlikhede beskik oor twee fasette naamlik:

(a) persoonlikheidstipes kenmerkend van bestuurders; en

(b) bestuurstyle wat ontwikkel vanuit hierdie persoonlikheidstipes.

(a) Persoonlikheidstipes van toepassing op bestuurders in maatskaplikewerk privaatpraktyk

Daar word van die veronderstelling uitgegaan (Gibson *et al*., 1997:110) dat bestuurders met spesifieke karaktertrekke op 'n spesifieke wyse in 'n gegewe situasie sal optree. Die bestuurder se persoonlikheid dra dus by tot die wyse waarop hy optree binne sy bestuursomgewing, asook watter bestuurstyl hy sal volg. Die volgende aannames word deur Gibson, *et al.* (1997:110) gemaak oor karaktertrekke van bestuurspersoonlikhede en word kortliks uiteengesit:-

- *Aanname 1* - Vanuit bepaalde karaktertrekke ontwikkel 'n bestuurspersoonlikheid as geheel, dit wil sê, entrepreneuriese karaktertrekke en maatskaplike werk karaktertrekke staan nie verwyderd van die karaktertrekke kenmerkend by bestuurspersoonlikheid nie, maar maak deel daarvan uit.
- *Aanname 2* - Karaktertrekke van die bestuurspersoonlikheid kan geïdentifiseer word na aanleiding van patrone en wyses van optrede deur die bestuurder. Hierdie patrone is waarneembaar en meetbaar.
- *Aanname 3* - Alhoewel persoonlikheidsontwikkeling 'n biologiese oorsprong het, ontwikkel 'n bestuurspersoonlikheid vanuit sosiale en kulturele sisteme wat aan die bestuurder bekend is.
- *Aanname 4* - Ten spyte van die feit dat spesifieke karaktertrekke by bestuurspersoonlikhede identifiseerbaar is (soos in aanname 2 genoem) is elke bestuurder uniek en verskil elke styl en tipe bestuurspersoonlikheid van bestuurder tot bestuurder.

Verskeie persoonlikheidsteorieë word in die literatuur gevind waar karaktertrekke ontleed en binne bepaalde persoonlikheidstipes geklassifiseer word. Hierdie persoonlikheidstipes word aan die hand van organisasiedoelwitte- en kultuur gemeet. Hierdie aspek verg 'n studie op sigself en word as deel van die studieveld in bedryfsielkunde beskou. Volgens Gibson, *et al.* (1997:112) kan drie teorieë binne die beskrywing van persoonlikheid onderskei word, naamlik:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(i) Persoonlikheidsteorie gebasseer op karakterontwikkeling. Hierdie teorie is gebaseer op die veronderstelling dat die aanleg van 'n individu direk tot sy persoonlikheidsontwikkeling in verband staan. Bekende vraelyste wat binne bestuur gebruik word is onder meer Cattell se 16PF (16 persoonlikheidsfaktore) vraelys wat die graad en omvang van elk van hierdie persoonlikheidsfaktore binne elke individu meet.

(ii) Persoonlikheidsteorie gebaseer op die psigodinamika. Hierdie teorie fokus op Freud se benadering waar die fokus op die onbewuste determinante van gedrag berus. Bekende wyses waarop na persoonlikheid vanuit hierdie benadering gekyk word is onder meer die idee dat die persoonlikheid uit twee dele bestaan naamlik die id en superego wat beheer word deur die ego. Hierdie benadering argumenteer dat persoonlikheid, meganismes soos rasionalisering, identifikasie, kompensasie en ontkenning van realiteit gebruik, om interne konflik binne die persoonlikheid te bestuur.

(iii) Persoonlikheidsteorie gebaseer op die Persoonsgesentreerde Benadering. Hierdie teorie fokus op groei en selfaktualisering as determinante van persoonlikheidsontwikkeling. Die aanvanklike benadering is deur Carl Jung ontwikkel en word veral deur Carl Rogers gebruik met toepassings in verskillende beroepsrigtings.

Elk van hierdie persoonlikheidsteorieë dra by tot die bestaande kennisbasis rondom persoonlikheid. Die karakterontwikkelingsteorieë **beskryf** die individu terwyl psigodinamika die individu **verklaar** en persoonsgesentreerde teorieë fokus op die **ontwikkeling** van die persoon. Volgens Smit en Cronje (1997:363), Hellriegel en Slocum (1996:451) en Gibson, *et al.* (1997:112) maak bestuurswese dikwels gebruik van persoonlikheidsteorie wat op die persoonsgesentreerde benadering gebasseer is. Vir die doeleindes van hierdie studie sal op die Myers-Briggs skale ook bekend as "Myers-Briggs Type Indicator (MBTI)" vir bestuurders gefokus word.

6.2.3.1 "*Myers-Briggs Type Indicator*" vir die bepaling van bestuurspersoonlikheid

Alhoewel die Myers-Briggs skale nie spesifiek vir bestuurspersoonlikheid ontwikkel is nie, bied die skale en verklaring oor persoonlikheidsontwikkeling 'n goeie verklaring van persoonlikheid wat binne bestuur toegepas kan word. Twee primêre aannames rondom persoonlikheid beïnvloed die gebruik van die MBTI-skale:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

(i) 'n Persoon se persepsies word beïnvloed deur twee dimensies naamlik sensasie en intuïsie, terwyl sy individuele oordeel deur twee ander dimensies naamlik denke en gevoelens beïnvloed word.

(ii) Die individu se kognitiewe patrone, en dus persoonlikheidsontwikkeling, word bepaal wanneer hierdie vier dimensies op mekaar afgestem word.

Kenmerke van die MMTI-skale:

(i) Die toets identifiseer individue as ekstroverties of introverties (E of I), sintuiglik of intuïtief (S of N), Rasioneel of Affektief (T of F) en Begripvol of Beoordelend (P of J).

(ii) Die individu se antwoorde op 'n vraelys word in 16 verskillende soorte persoonlikheidstipes verdeel en geklassifiseer. Die met die mees algemene kombinasie vir bestuur is soos volg: (S-T) Sintuiglik, Rasioneel.

(iii) maatskaplike werkers se mees algemene kombinasie volgens die MBTI-skale is (S-F) dit wil sê Sintuiglik-Affektief, terwyl entrepreneurs se skale (N-F) Intuïtief-Affektief is. (Gibson, 1997:115).

Ondersteunend tot die MBTI-skale, verwys Smit en Cronje (1997:363) na Tipe A en Tipe B persoonlikhede waar sommige van die gedragspatrone binne hierdie persoonlikhede soos volg in Tabel 6.6 uiteengesit kan word:

Tabel 6.6 Karaktertrekke van 'n tipiese persoonlikheid A en B

Tipe A persoonlikheid	Tipe B persoonlikheid
⇒ Voortdurende stryd om meer in 'n korter tydsbestek te bereik ⇒ Kompeterend ⇒ Ongeduldig ⇒ Dink of doen twee of meer dinge gelyktydig ⇒ Hanteer vryetyd swak ⇒ Fokus op kwantiteit eerder as kwaliteit werk ⇒ Is nie kreatief nie ⇒ Gebruik vorige ervaringsleer wanneer besluite geneem moet word	⇒ Gebruik meer tyd om minder te doen ⇒ Misbruik nie hoër gesag nie ⇒ Geduldig ⇒ Gefokus ⇒ Geniet en gebruik vryetyd ⇒ Vertoon nie prestasie nie ⇒ Kreatiewe denker ⇒ Probleemoplossing gerig om unieke oplossings vir situasies

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Volgens Smit en Cronje (1997:362) word bestuurders gewoonlik gevind in die Tipe B persoonlikheidskategorie terwyl entrepreneurs dikwels gevind word in die Tipe A persoonlikheidskarakter. Dit is onbekend waar maatskaplike werkers geklassifiseer sal word.

Vanuit bogenoemde bespreking, is dit duidelik dat 'n bestuurspersoonlikheid as interne element bepaalde kenmerke besit. Dit sal vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk sinvol wees om kennis te dra oor sy eie karakter en persoonlikheidsprofiel en hoe hierdie profiel die rolle wat hy in sy praktyk moet vertolk, akkommodeer.

Wat egter vir die navorser belangrik is, is dat die maatskaplike werker homself nie blind hoef te staar teen sogenaamde kategorieë waarin hy ressorteer nie, maar dat dit eerder as 'n hulpmiddel aangewend kan word om tekortkominge in sy benadering uit te wys en sterkpunte in sy persoonlikheid te aksentueer.

Interne elemente wat 'n invloed op die privaatpraktyk uitoefen, is in die bogenoemde paragrawe bespreek. Hier was die individu as persoon die fokus. 'n Tweede komponent naamlik eksterne elemente, dit wil sê elemente buite die persoon wat 'n invloed op 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk sal uitoefen, word in die volgende paragrawe bespreek.

6.3 Eksterne elemente van belang vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk

Eksterne elemente kan as die makro-omgewing vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief beskryf word. Die invloed van die omgewing op die sukses van 'n privaatpraktyk is reeds in hoofstuk twee, drie en vyf bespreek. Die belangrikheid van die eksterne omgewing binne die sisteembenadering kan daarin gevind word dat privaatpraktyk en omgewing in 'n simbiotiese verhouding tot mekaar staan. Beide beïnvloed mekaar en is afhanklik van mekaar.

Die "verstaan van" die eksterne omgewing word aan die hand van 'n holistiese uitgangspunt bespreek en sal binne hierdie studie binne die konteks van die veldteorie geskied. Hierdie teorie is

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

ondersteunend tot die teoretiese verwysingsraamwerk van die studie en kan as uitvloeisel van die Sisteemteorie gesien word.

6.3.1 Die veld *("the field")* as eksterne element

Die veldteorie word volgens Yontef (1993:323) gebruik om die interafhanklikheid tussen die individu en sy eksterne omgewing te beskryf. Die individu kan volgens die holistiese benadering nie sonder sy veld funksioneer nie en beleef sy veld as die omgewing waarin hy leef. 'n Duidelike definisie van wat die veldteorie behels word soos volg deur Yontef (1993:325) gegee:

> "*Field theory is a framework or point of view for examining and elucidating events, experiencing, objects, organisms and systems as meaningful parts of a knowable totality of mutually influencing forces that together form a unified, interactive continuous whole (field), rather than classifying them according to innate nature or analysing into discrete aspects and forming and - summative wholes".*

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die veld die somtotaal van elemente is wat die individu se wêreld omring.

Die volgende kenmerke van die veldteorie word deur Yontef (1993: 296-308) soos volg verduidelik en deur die navorser van toepassing gemaak op die maatskaplikewerk privaatpraktyk:-

(i) Alles is deel van die veld. Geen deel kan sonder die ander voortbestaan nie. *Die maatskaplike werker sal nie 'n privaatpraktyk sonder kliënte, ekonomie, waardes, beginsels, prosesse of interne persoonlike elemente kan bedryf nie.*

(ii) Die veld is deurlopend binne tyd en ruimte. *Die elemente wat vandag vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk ter saaklik is, mag môre nie meer relevant wees nie.*

(iii) Die veld is 'n sistemiese netwerk van verhoudings. *Hierdie verhoudings kan binne die konteks van die studie beskryf word as alle elemente binne die maatskaplike werker as individu in verhouding tot alle elemente buite die maatskaplike werker as individu. Hierdie verhoudings verander gedurig en is dus interaktief en interafhanklik*.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(iv) Gebeurtenisse, verandering en individue word bepaal deur die veld in geheel. *Die veld-in-geheel sluit die kliënt se motivering vir hulpverlening, die vaardighede van die maatskaplike werker, die verhouding tussen maatskaplike werker en kliënt en die steunstelsels van beide in*.

(v) Dele in die veld beïnvloed mekaar. Hierdie proses van beïnvloeding verander die veld deurlopend. Die veld is dus nie staties nie en grense is deurlaatbaar.

Hierdie genoemde kenmerke word deur Mackewn (1997:48) soos volg ondersteun: "*the field theory is a set of principles that emphasizes the interconnectedness of events and the settings in which those events take place."* Omdat die veldteorie sentraal staan binne die verstaan van die eksterne omgewing is dit nodig dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk dus 'n bewustheid rondom sy veld ontwikkel en die invloed van hierdie veld op hom as mens en sy privaatpraktyk sal besef. Vanuit die konteks van die veldteorie is die volgende eksterne elemente dus van kardinale belang vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk en sal dit aan die hand van die volgende verduidelik word:

6.3.1.1 Omgewingsverandering as eksterne element

Daar word dikwels in literatuur verwys na die onvermydelikheid van verandering (Gibson, *et al.,* 1997; Beck & Cowan, 1996; Peters, 1990 en Fossum, 1996). In die bekende woorde van Winston Churchill in Beck en Cowan (1996) is die dinamika van verandering vasgevang, "*We are shaping the world faster than we can change ourselves, and we are applying to the present the habits of the past."*

Hierdie verandering word in verskeie ander literatuurbronne in die sogenaamde "Chaos"- teorie omskryf (Straussfogel, 1997:127; Beinhocker, 1999:97; Spruill, Kenney & Kaplan, 2001:105 en Pascale, 1999:85). In Hudson (2000:215) word genoem dat die Chaos-teorie die grondslag vir verandering in die omgewing aanspreek en vir maatskaplike werk 'n nuwe paradigma vir die hantering van hierdie verandering in die omgewing, voorstel. Die uitgangspunt volgens Hoehler (67:2000), is dat verandering in die omgewing weens tegnologiese vooruitgang, wêreldmarkte en

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

sosio-politiese faktore, so sensitief is dat geen vooruitskatting vir die toekoms gemaak kan word nie. Voorsiening moet dus deur die ***individu*** gemaak word om verandering te akkommodeer en te bestuur.

Die toepaslikheid van hierdie stelling binne die konteks van hierdie studie, kan daarin gevind word dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk hierdie sensitiewe omgewing betree en dus verandering moet kan antisipeer en bestuur. So kan die uitkoms van behandeling of 'n intervensietrategie, wat vandag toepaslik is en môre nie meer toepaslik is nie, deur die maatskaplike werker herken word aan die omgewingsveranderlikes. Die konsep "ekwilibrium" word deur Leighninger in Hudson (2000:216) as 'n "veronderstelde ekwilibrium" beskryf en noem dat maatskaplike werkers dikwels met 'n verouderde oplossing na 'n nuwe probleem kom. Balans of ekwilibrium word in die ou benadering "voorspel" deur die toepassing van spesifieke en sogenaamde "beproefde" behandeling. 'n Voorbeeld sal wees dat 'n kind met Aandagafleibaarheidsindroom medikasie ontvang en in sy dieet kleurstowwe en suiker uitskakel. Met hierdie benadering is 'n uitkoms voorspelbaar, naamlik 'n rustiger kind. Dit kan egter gebeur dat die kind wat getraumatiseer word, met simptome van aandagafleibaarheid manifesteer. Die behandeling op die beproefde manier sal in so 'n geval geen resultaat lewer nie. Dit is dus hier waar die maatskaplike werker nie voorbereid is op alternatiewe uitkomste nie, en dus voorsiening moet maak vir nie-liniêre terugvoer as alternatief.

Die Chaosteorie argumenteer dat balans of ekwilibrium eensydig is en van 'n stelsel van liniêre terugvoer afhanklik is. Dit wil sê, terugvoer kan net, óf positief óf negatief wees. Volgens Hudson (2000:216) kan terugvoer egter ook nie-liniêr wees, dit wil sê 'n onbekende reaksie met geen beproefde oplossing nie, wat dus nie noodwendig balans meebring vir die persoon wat verandering afwag nie. Die verpraktisering hiervan kan gevind word in die oplossing wat 'n maatskaplike werker antisipeer indien hy behandeling toegepas het. Die gevolg van nie-liniêre terugvoer is dat geen voorspelling gemaak kan word nie, en dat die uitkoms van behandelingstrategie dikwels ook aan die maatskaplike werker onbekend sal wees.

Die toepaslikheid van hierdie argument vir privaatpraktyk is dat die maatskaplike werker gereed moet wees om dìt wat in nie-liniêre terugvoer na hom terugkom, in hulpverleningsprosesse te

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

akkommodeer. Die navorser is van mening dat die hulpverleningsprosesse in maatskaplike werk sterker klem sal moet lê op die vermoëns van die maatskaplike werker om homself as hulpverlener aan te bied en nie net moet staat maak op modelle vir hulpverlening wat oorsaak en gevolg hanteer nie.

In privaatpraktyk beteken dit dat hulpverleningstrategieë en oplossings aan kliënte nie noodwendig in 'n tradisionele hulpverleningstrategie gevind sal word nie. Dit sal eerder gevind word in kontemporêre strategieë wat fokus op die die bemagtiging van die maatskaplike werker as hulpverlener. In privaatpraktyk impliseer ’n ontevrede kliënt 'n verlies aan inkomste en kan die maatskaplike werker in privaatpraktyk dus nie ’n ontevrede kliënt bekostig nie. Die tradisionele sienswyse is een waar ’n maatskaplike werker in organisasieverband werk en wat dalk aanspraak maak op liniêre terugvoer en nie noodwendig die kliënt tevrede hoef te stel nie. Die feit dat hulpverlening in organisasieverband dikwels ’n "gratis" diens is en verskaf word deur ’n "welsyns-organisasie sonder winsoogmerk", veroorsaak dat die maatskaplike werker hom nie noodwendig oor ’n nie-liniêre uitkoms hoef te bekommer nie.

- **Strategie om nie-linieëre terugvoer in privaatpraktyk te akkommodeer**

Indien daar na die besigheidsmodel gekyk word waar omgewingsverandering, soos byvoorbeeld die wisselvallige klimaat op die aandelebeurs, binne maatskaplike werk hulpverlening in ’n privaatpraktyk van toepassing gemaak kan word, kan ’n besluitnemingsriglyn vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk die rigting bied om onsekerheid met groter gemak te akkommodeer. Die volgende riglyn in Figuur 6.4 word deur Smit en Cronje (1997:175) voorgestel:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 6.4 'n Besluitnemingsriglyn vir die hantering van onseker situasies in privaatpraktyk

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

In hierdie riglyn bly die proses dus dieselfde maar ruimte word gelaat om wel nie-liniêre uitkomste en die maatskaplike werker se persoonlike belewing van die probleem te kan akkommodeer. Die proses kan soos volg verduidelik word:-

(i) Die herkenning van die probleem of geleentheid

Die eerste stap is om erkenning aan die situasie te gee en dit in 'n uitdaging te omskep. In 'n hulpverleningstrategie is hierdie stap die heel moeilikste, aangesien die simptoom dikwels as die probleem manifesteer. Smit en Cronje (1997:175) waarsku in hierdie verband dat die verkeerde herkenningsproses (probleemidentifikasie) aanleiding gee tot verkeerde probleemoplossing. Hierdie proses staan in tradisionele hulpverlening bekend as die assesseringsfase. Uit ervaring het die navorser gevind dat dit die langste en mees intensiewe betrokkenheid deur die maatskaplike werker is. Akademiese vaardighede en emosionele intelligensie is hier van kardinale belang.

(ii) Die daarstelling van doelstellings en kriteria

Hierdie stap impliseer dat die maatskaplike werker sal oordeel of die hantering van die spesifieke situasie binne sy werksterrein val, wat sy persoonlike betrokkenheid gaan wees, en die kontrakteringsproses met die kliënt. Hier word nie-liniêre uitkomste die eerste maal geantisipeer en ruimte gelaat vir herbesinning.

(iii) Die generering van alternatiewe

Alternatiewe probleemoplossings word in plek geplaas indien 'n nie-liniêre uitkoms manifesteer. Die maatskaplike werker gebruik weereens sy vlak van emosionele intelligensie om die alternatiewe in werking te stel.

(iv) Evaluering van optrede

Die maatskaplike werker evalueer sy persoonlike optrede, identifiseer sy eie belang by die kliënt en fokus op sy eie veld (eksterne omgewing) Hierdie is dus 'n persoonlike voorbereidingsproses vir die maatskaplike werker.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(v) Kies die beste alternatief

Binne hierdie fase word die kliënt en die maatskaplike werker se persoonlike belewenis geïntegreer en toetrede tot hulpverlening en die veld (eksterne omgewing) word beoordeel. Die fokus word dus tot 'n groot mate van die probleemoplossingstrategie na die hulpverleningsaksie verskuif. Die maatskaplike werker word dus *deel* van die situasie as hy hulpverlening implementeer.

(vi) Volg op met die fokus op nie-liniêre uitkomste

Die fokus in 'n besluitnemingsmodel val op die kliënt, wat dus vir die kliënt aanvaarbaar is, en nie noodwendig die beste uitkoms in terme van die tradisionele waardestelsels of norme van die sisteem nie. In gesprek met 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk (Wasserman:2003) is die volgende gevallestudie voorgedra wat hierdie proses en die gebruik van nie-liniêre uitkomste illustreer.

Die maatskaplike werker praktiseer as kliniese seksioloog in privaatpraktyk. John meld aan vir berading nadat hy deur die polisie/staat vir eksibisionisme en foyerisme aangekla is. Hy is verhoorafwagtend en op borgtog vrygelaat. Sy seksualiteit skep vir hom probleme in die sisteem waarbinne hy funksioneer. ***Stap een***: Die probleem word herken: sy gedrag laat hom met die gereg bots en beteken dat hy heel waarskynlik tronkstraf gaan uitdien. 'n Liniêre uitkoms sou beteken: Help hom om deur middel van tradisionele kognitiewe terapie, rasioneel emotiewe terapie of psigoterapie, nie meer ekshibisionisties te wil wees nie. Verander hom in 'n "aanvaarbare" landsburger wat die reëls gehoorsaam. ***Stap twee****:* Doelwitte en kriteria word gestel: Wat is die maatskaplike werker se eie gevoelens rondom ekshibisionisme, voorsien sy dat hulpverlening binne die grense van haar werksterrein sal val. Identifiseer die probleem - Die sisteem hanteer John op 'n manier wat vir *hom* onaanvaarbaar is, sy optrede as ekshibisionis is deel van sy eie seksualiteit en sal volgens persoonlikheidsteorie nie *verander nie*. ***Stap drie:*** Die generering van alternatiewe: Leer John deur middel van lewensvaardighede om op alternatiewe wyses sy seksualiteit te beklemtoon sonder om sy identiteit te verander. Dit wil sê, leer hom om sy seksualiteit (wat nie noodwendig hoef te verander nie) binne die reëls en regulasies na te kom. 'n Alternatiewe oplossing: Die maatskaplike werker stel voor dat hy by 'n nudiste kolonie aansluit. Die maatskaplike werker gebruik haar eie emosionele intelligensie om die nie-liniêre oplossing te

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

akkommodeer aangesien sy as persoon oor bepaalde waardes en norme beskik, en nie noodwendig die idee van 'n nudiste-kolonie aanvaarbaar vind nie. Sy moet dus haar eie seksualiteit akkommodeer en gestand doen met betrekking tot wat haar beroep van haar vereis, wat sal indruis met hulpverlening. ***Stap vier***: Hulpverlening neem aanvang. ***Stap vyf:*** Evalueer en maak gereed vir nie-linieêre uitkomste sonder om die uitkomste as mislukking in berading of 'n onvermoë van die maatskaplike werker te sien. Uitkomste in die geval: John kry balans deur naweke by die nudiste kolonie as nudis sy behoefte aan ekhibisionisme bevredig. Gedurende die week bly hy binne die grense van die sisteem waarbinne hy andersins moet funksioneer en oortree nie die gemeenkap se reëls nie. John bly dus 'n ekshibisionis.

In bogenoemde paragrawe is 'n eenvoudige voorbeeld geskets hoe omgewingsverandering (verandering in tradisionele waardes) deur 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk geakkommodeer kan word. Die besluitnemingsproses help hom om deur sy eie prosesse wat dikwels nie by verandering aanpas nie, sistematies te ontleed en ten beste vir sy praktyk te benut.

In hierdie hoofstuk is na die mees relevante interne en eksterne elemente gekyk wat toepaslik vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk sal wees. Hulpverleningstrategieë in maatskaplike werk is nie ingesluit in hierdie studie nie aangesien die vermoë tot betrokkenheid in hulpverlening van individu tot individu verskil en nie 'n verskil sal maak aan die mate van sukses in privaatpraktyk nie. Wat wel 'n invloed sal hê, is die eie proses of interne elemente waaroor die maatskaplike werker moet beskik, soos 'n sterk ontwikkelde emosionele intelligensie en gebalanseerde self en eksterne elemente, soos die omgewing en verandering in die omgewing.

6.4 Samevatting

Alle konsepte, beginsels, prosesse en elemente is nou aan die hand van 'n teoretiese verwysingsraamwerk, soos in Hoofstuk twee uiteengesit, beskryf. In Figuur 6.5 kan gesien word hoe die literatuurstudie verloop het en dat die navorsingsmetodologie en empiriese resultate van die navorsingsproses nou aangespreek moet word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is dus steeds nie voltooi nie. Die beskrywing van die navorsingsmetodologie as deel van praktykmodelontwikkeling en die intervensienavorsingsproses sal hierdie proses sinvol afsluit.

Tydens die navorsingproses word bykomende inligting van bestaande privaatpraktyke in maatskaplike werk geïntegreer, ten einde die voorgestelde model só lewensgetrou moontlik aan die werklikheid te hou.

Hierdie teoretiese praktykmodel moet verder ook geëvalueer word ten einde te bepaal of sy doelwitte bereik is. In Hoofstuk sewe word die die navorsingsmetodologie ten einde bogenoemde doelwitte te bereik, geëvalueer waarna Hoofstuk agt die ontwikkelde model met inbegrip van die empiriese resultate, sal weergee.

In Figuur 6.5 word die literatuurbeskrywing en ontwikkelingsproses vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op toepaslike elemente binne 'n eenvoudige struktuur weergegee.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 6.5 Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkelingsproses vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur met klem op stap twee - toepaslike elemente

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 7

NAVORSINGSMETODOLOGIE

7.1 Inleiding

Die ontwikkeling van 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk is 'n omvattende taak, soos uit die voorafgaande hoofstukke blyk. Ten spyte van die feit dat die proses vir modelontwikkeling 'n bepaalde struktuur gevolg het, is dit ook nodig dat die praktykmodel op so 'n wyse ontwikkel word dat dit binne die konteks van 'n geskikte navorsingsmodel aangespreek sal word. Hierdie navorsingsmodel werk ondersteunend tot die praktykmodel ten einde die studie so wetenskaplik moontlik te maak. In Hoofstuk sewe is daar deur die navorser gepoog om 'n duidelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat vir hierdie studie gebruik is, te gee. Hoofstuk sewe bied gevolglik 'n roetekaart vir die wyse waarop doelwitbereiking op empiriese vlak uitgekristaliseer het.

Soos in Hoofstuk een uiteengesit is die doel van hierdie studie:

Om 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika te ontwikkel en die benuttingswaarde daarvan te evalueer.

Ten einde hierdie doel te bereik is die volgende doelwitte geformuleer:

(i) Om 'n teoretietiese verwysingraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel;
(ii) om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken;
(iii) om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk, te ontwikkel; en
(iv) om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Soos reeds in Hoofstuk een genoem, word die weergee van die navorsingsmetodolgie nie op die konvensionele wyse in hierdie navorsingsverslag weergegee nie. Die intervensienavorsingsmodel van Rothman en Thomas (1994) bied ‘n gestruktureerde riglyn waarbinne die proses van praktykmodelontwikkeling sistematies, doelgerig en duidelik weergegee kan word. Hierdie wyse akkommodeer ook die literatuurstudie as deel van die navorsingsproses en bied aan die leser die geleentheid om ‘n geïntegreerde weergawe van die totale navorsingsproses te kan sien.

7.2 Intervensienavorsing

Die rasionaal vir die toepassing van die beginsels van intervensienavorsing binne hierdie studie kan gevind word in die feit dat die intervensienavorsingsmodel die mees duidelike struktuur bied waarbinne die navorsingsvrae wat gestel is vir hierdie studie, beantwoord kon word.

Die navorsingsvrae wat vir hierdie studie geformuleer is, word weer vir die doeleindes van volledigheid gegee, naamlik:

- Wat is die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika?
- Wat is die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir ‘n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk?
- Wat is die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika?

Die navorsingsvrae vir hierdie studie spreek ook ’n spesifieke behoefte aan navorsingsmetodolgie uit wat teorie en praktyk met mekaar verbind. Intervensienavorsing bied hierdie geleentheid en wel omdat dit praktiese probleme hanteer en in ’n praktykopset uitgevoer kan word. Om die toepaslikheid van intervensienavorsing te illustreer, word die model vervolgens deeglik bespreek, waarna ‘n weergawe met die navorsingmetodiek uiteengesit word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

7.2.1 Die Intervensienavorsingsmodel

Intervensienavorsing, soos beskryf deur Rothman en Thomas (1994) is gefokus op die ontwikkeling van kennis ten opsigte van intervensies, en dit bestaan uit drie vlakke naamlik: kennisontwikkeling van intervensie (KO), die benutting van intervensiekennis (Kennisbenutting, KB) en die ontwerp en ontwikkeling van intervensie (O&O) .

Kennisontwikkeling (KO) verwys na die aanwending van konvensionele maatskaplike navorsingstrategieë om kennis oor die sosiale en gedragswetenskappe te ontwikkel wat toegepas kan word in maatskaplikewerkpraktyk. Hier word spesifiek verwys na empiriese navorsing wat die kennis van menslike gedrag, in verhouding tot dienslewering, sal verbreed.

Kennisbenutting (KB) verwys na die gebruikmaking van 'n verskeidenheid van prosedures, soos meta-analise en bemarkingstrategieë om nuwe intervensies saam te stel en te versprei. Dit is onder andere die wyse waarop die bevindings ,soos verkry deur die navorsing ten opsigte van die ontwikkeling van intervensiekennis, verbind tot en benut kan word in die praktiese implementering daarvan.

Intervensie-ontwerp en -ontwikkeling (O&O) vorm die kern van intervensienavorsing omdat dit fokus op sowel die ontwikkeling van nuwe intervensies as op die vereistes vir die aanpassing van intervensies wat reeds voorheen benut is om omstandighede, soos veranderende demografie, nuwe maatskaplike probleme en uitgeputte hulpbronne te hanteer. Dit is navorsing wat veral gerig is op die ontwikkeling van nuwe intervensies, relevant en van toepassing binne hierdie studie waar 'n nuwe praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk ontwikkel is.

Alhoewel daar volgens Rothman en Thomas (1994:4) kritiese verskille ten opsigte van die doelwitte en metodologie is, het die drie vlakke van intervensienavorsing 'n gemeenskaplike doel naamlik dat aldrie daarop gerig is om lig te werp op, of moontlike oplossings te verskaf vir praktiese probleme. Dit is hierdie gemeenskaplike fokus op intervensie wat die basis skep vir die samevoeging van die drie vlakke van navorsing wat bekend staan as intervensienavorsing. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op die ontwerp en ontwikkelingsvlak.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Kenmerkende eienskappe van die O&O-model van intervensienavorsing, soos beskryf deur Rothman en Thomas (1994:8-13), kan soos volg toepaslik binne hierdie studie gemaak word:

- Die O&O-model het eie doelwitte, metodes en resultate soos blyk uit die onderstaande Tabel 7.1 en kan uitgevoer word as 'n onafhanklike oefening, los van die ander vlakke van intervensienavorsing.

- Tiperend van die O&O-model is die benutting van 'n verskeidenheid inligtingsbronne waar die navorser byvoorbeeld vir die doeleindes van hierdie navorsing verwante tegnologie, wetgewing, praktiese innoverings en persoonlike en professionele ervaring kon integreer binne die navorsingsproses.

- Die O&O-model het as 'n duidelike paradigma ontwikkel, hoofsaaklik vanuit frustrasie met die onvermoë van konvensionele navorsingsmetodologie om die ontwerp van nuwe intervensies vir dienslewering aan mense, te rig. Binne hierdie studie is die model nie op menslike probleme gerig nie, maar op professionele probleme of behoeftes in privaatpraktyk.

- Die O&O-model kan gekonseptualiseer word as 'n probleemoplossende proses ten einde 'n effektiewe intervensiehulpmiddel te verkry om bestaande probleme in privaatpraktyk aan te spreek, maar anders as baie ander tipes van probleemoplossing is O&O 'n proses wat sistematies en doelbewus in navorsingsprosedures en tegnieke verdiep is.

- Die doel van die O&O-model is om 'n werkbare tegnologie vir professionele dienslewering te produseer, eerder as om kennis *per se* te veralgemeen. Trouens, die metodes van die O&O-model is meer verwant aan die ingenieursterrein as aan tradisionele gedragswetenskappe.

- In plaas daarvan om die verbande tussen veranderlikes te beklemtoon, soos in konvensionele navorsing aangetref word, is die primêre fokus deurgaans in die O&O-model op die intervensietegnologie (die nuwe praktykmodel) wat besig is om ontwerp te word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- Die sleutelverskil tussen die O&O-model en konvensionele navorsing is dat die O&O-model 'n gegewe realistiese probleem en praktiese doel as vertrekpunt het, eerder as 'n hipotese wat getoets of 'n teorie wat ondersoek moet word.
- Die identifisering van 'n probleem wat hanteer moet word, is nie noodwendig die taak van die O&O-navorser nie. Die sentrale probleem kan deur betrokkenes binne die veld - soos privaatpraktisyns - geïdentifiseer word. Die O&O-navorser tree dus as fasiliteerder in hierdie proses op.

Die O&O-model van intervensienavorsing bestaan hoofsaaklik volgens De Vos (2002:397) uit die volgende **ses** fases:-

- Probleem-analise en projekbeplanning.
- Inligtinginsameling en -sintese.
- Ontwerp.
- Aanvanklike/vroeë ontwikkeling en loodsondersoek.
- Evaluasie en gevorderde ontwikkeling.
- Verspreiding of disseminasie.

Elkeen van hierdie fases van die O&O-model het bepaalde aktiwiteite wat uitgevoer behoort te word ten einde die taak van daardie spesifieke fase te voltooi. Hierdie fases met aktiwiteite, soos van toepassing in hierdie studie kan skematies soos volg in Tabel 7.1 uiteengesit word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 7.1 Fases in die Ontwerp- en Ontwikkelingsvlak van die Intervensienavorsingsmodel soos in hierdie studie toegepas

FASES VAN DIE ONTWERP- EN ONTWIKKELINGSVLAK IN DIE INTERVENSIENAVORSINGSMODEL						
GESELEKTEERDE AKTIWITEITE	**Probleem, analise en projek-Beplanning (Fase een)**	**Insameling van inligting en sintese (Fase twee)**	**Ontwerp (Fase drie)**	**Vroeë ontwikkeling en loods-ondersoek (Fase vier)**	**Evaluasie en gevorderde ontwikkeling (Fase vyf)**	**Verspreiding of disseminasie (nie in hierdie studie tot uitvoer gebring nie)**
	Identifiseer en motiveer die populasie	Benut bestaande inligtings-bronne deur middel van literatuur navorsing	Ontwerp 'n proto-tipe praktykmodel gebaseer op die inligting verkry vanuit fase twee.	Ontwikkel 'n voorlopige- of toetslopie deur twee fokusgroepe te hou ten einde die benuttingswaarde van die model wat deur middel van 'n literatuurstudie en die stappe van modelontwik-kelingsproses ontwikkel is, te evalueer.	Insameling en analisering van data deur middel van 'n derde fokusgroep	
	Verkry toegang en samewerking van privaat-praktisyns deur middel van die databank van SASWIPP	Bestudeer privaatpraktyke deur middel van sekondêre dokument ontleding as data-insamelings-tegniek	Spesifiseer die grense of domein van die ontwerp en ontwikkeling van die prototipe praktykmodel.	Maak die nodige aanpassings	Reproduksie van die model in praktiese omstandig-hede	

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

	Identifiseer die belange van die teikenpopulasie: Identifiseer die probleme wat privaatpraktisyns ervaar deur middel van literatuur-ondersoeke en gespreksvoering met kundiges	Identifiseer sukseselemente binne privaatpraktyke deur middel van 'n literatuurstudie en deur die stappe van model-ontwikkeling noukeurig te volg			Verfyning van die model	
	Analise van geïdentifiseerde belange deur geïdentifiseerde probleemareas te ontleed					
	Stel doel en doelwitte vir die praktykmodel					

Tabel 7.1 is volgens Fawcett, *et al.*(1994:28) die aangepaste aktiwiteite vir Rothman en Thomas se intervensienavorsingsmodel en sal ook so, met die uitsondering van fase ses, binne hierdie studie van toepassing wees. Die inligting soos vervat in Tabel 7.1 word in die volgende paragrawe in detail binne Tabelle 7.2, 7.3, 7.4, 7.5, 7.8, 7.9 en 7.10 bespreek.

Vervolgens word die fases van die aangepaste O&O-model afsonderlik in meer besonderhede bespreek, ten einde te verduidelik op watter wyse dit vir hierdie studie 'n raamwerk vir die ontwikkeling van 'n praktykmodel verskaf het, asook om die navorsingsproses en navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gevolg is, sistematies te beskryf.

7.2.1.1 Fase een: Probleemanalise en Projekbeplanning

Elkeen van die verskillende aksies in die probleemanalise- en projekbeplanningsfase behels die samewerking tussen die navorser en die maatskaplike werker in privaatpraktyk. Dit dra by tot die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

samewerkende ondersteuning wat nodig is om die intervensienavorsing uit te voer, die probleem te analiseer en die model te beplan. Die volgende aksies vorm deel van hierdie fase en is soos volg in Tabel 7.2 van toepassing binne die studie gemaak:-

Tabel 7.2 Fase een: Probleemanalise en projekbeplanning

Aktiwiteit in fase een: probleemanalise en projekbeplanning	Spesifieke toepassing binne die konteks van die studie	Doelwit wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word
Identifisering en insluiting van privaatpraktisyns	Privaatpraktyisyns word deur die navorser genader vir informele gesprekke, gesprekke met kundiges word gevoer en eie praktykervaring word gedokumenteer.	Voorbereiding vir die bereiking van doelwit 1 (sien Hoofstuk 1 punt 1.4)
Verkryging van toegang tot en samewerking in die privaatsektor	Gesprekke met kundiges in privaatpraktyk,	Voorbereiding vir die bereiking van doelwit 1 en 2 (sien Hoofstuk 1 punt 1.4)
Identifisering van probleme ervaar deur die teikenpopulasie	Reël 'n seminaar waar kundiges binne 'n gespreksgroep probleme identifiseer	Voorbereiding vir die bereiking van doelwit 1 en 2 (sien Hoofstuk 1 punt 1.4)
Analise van die geïdentifiseerde belange	Vergelyk die literatuurinhoud met die uitkomste van (a) gesprekke met kundiges en (b) inligting ingesamel tydens die gespreksgroep	Voorbereiding vir die bereiking van doelwit 1 en 2 (sien Hoofstuk 1 punt 1.4)
Bepaling van navorsingsdoelstelling en doelwitte	'n Sorgvuldige probleemanalise word gedoen na aanleiding van die reeds bestaande navorsingdoelstelling en doelwitte wat in die vorm van 'n navorsingsvraag geformuleer word.	Wat is die aard van funksionering van bestaande privaatpraktyke in maatskaplike werk in Suid-Afrika? Die voorbereiding vir navorsingsdoelwit 3 Hoofstuk 1 punt 1.4)

Elke aktiwiteit in Fase een het dus met spesifieke toepassing binne die konteks van die studie gepaard gegaan. 'n Detail omskrywing van elk van die aktiwiteite sien soos volg daaruit.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- ***Fase 1 - Aktiwiteit 1: Identifisering en insluiting van privaatpraktisyns as kliëntsisteem***

'n Populasie, met spesifieke probleme van 'n dringende aard, wat vir die privaatpraktisyn self, die navorser en die gemeenskap belangrik is, word gewoonlik geselekteer vir intervensienavorsing. Hierdie belanghebbendes bepaal gesamentlik die doelwitte vir die praktykmodel, omdat navorsing wat die praktisyn se spesifieke probleme hanteer, 'n groter kans het om deur die teikenpopulasie, die professionele gemeenskap en die algemene publiek ondersteun te word (vergelyk Rothman & Thomas, 1994:28).

Hierdie aktiwiteit is afgestem op doelwitbereiking ten einde 'n profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken. Die verpraktisering van hierdie doelwit het soos volg verloop.

Dit was belangrik om te bepaal wie die werklike teikenpopulasie was voordat die belange/probleme van hierdie populasie geïdentifiseer kon word. In die ontwikkeling van die praktykmodel, is die teikenpopulasie geïdentifiseer as maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat die praktyk as enigste vorm van werk en/of inkomste bedryf. Hierdie teikenpopulasie moes ook langer as twee jaar in privaatpraktyk werksaam gewees het.

Die prosedure vir die identifisering van die teikenpopulasie (maatskaplike werkers in privaatpraktyk) is vir bereiking van doelwit een naamlik om 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel, deur middel van informele gesprekke met kundiges en die bestudering van toepaslike literatuur verkry.

- ***Fase 1 - Aktiwiteit 2: Verkry toegang en samewerking van belanghebbendes***

Voordat 'n belanghebbende vir gesprek genader kon word om navorsing te doen, moes die navorser reeds oor bepaalde inligting beskik met spesifieke verwysing na die aard en omvang van privaatpraktykbestuur, beleid en moontlike bestaande programme vir privaatpraktykbestuur. Gesprekvoering met belanghebbendes was 'n belangrike komponent van hierdie studie aangesien dit sowel die navorser se begrip en kennis van die probleem verbeter het, as die potensiële bronne

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

wat ontgin is kon aanspreek. Samewerking met die belanghebbendes bevorder aspekte soos mede-eienaarskap van die model, toegang tot die praktyk en ondersteuning vir die navorsing. Dit word bewerkstellig deur die belanghebbendes te laat deelneem aan die identifisering van probleme, beplanning vir die projek en implementering van geselekteerde aspekte binne die model, aldus Rothman en Thomas (1994:29).

Die toepassing van hierdie voorskrifte het soos volg binne hierdie studie plaasgevind.
Daar is beraadslaag met maatskaplike werkers wat as kundiges in die veld van privaatpraktykbestuur, bekend staan. Daar is gedurende Oktober 2002 onder meer gesprek gevoer met dr Magdie van Heerden, dosent in maatskaplike werk aan U.P wat spesialiseer in bestuur en dr C Reynolds, dosent in maatskaplike werk aan Hugenote Kollege, wat verantwoordelik is vir nagraadse opleiding in maatskaplikewerk bestuur.

- ***Fase 1 - Aktiwiteit 3 en 4: Identifiseer en analiseer die probleme ervaar deur teikenpopulasie***

Die navorser het tydens hierdie aktiwiteit sorgvuldig verseker dat eksterne beskouings van die probleem en die oplossing daarvoor nie op die privaatpraktisyn afgedwing word nie. Dit was noodsaaklik dat die navorser probeer bepaal het wat die erns van die probleem vir die teikenpopulasie was en van kundiges binne die veld gebruik maak (Vergelyk Rothman & Thomas, 1994:29). Hierdeur is verseker dat die werklike probleem hanteer is en dat die oplossings vir die probleem kontekstueel toepaslik is.

'n Belangrike aspek in hierdie fase is volgens Rothman en Thomas (1994:31), om te bepaal wat die verskil tussen die "ideale" en "werklike" omstandighede is. Verder moet bepaal word wie se optrede aanleiding gegee het tot die omstandighede en wie of wat die probleem in stand hou. Hierdie analise help om die probleem te definieer en om te bepaal watter aspekte bydra tot die omstandighede wat die belanghebbendes as probleme beskou. Die rede waarom die probleem nog nie voorheen hanteer is nie en watter intervensies misluk het, is ook belangrik aangesien dit bydra daartoe om die intervensienavorsingsdoelwitte te bepaal.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die identifiseringsproses van probleme in hierdie fase is tweeledig gedoen. Die eerste proses was om deur middel van ’n gespreksgroep privaatpraktisyns en akademici te nader ten einde probleme rondom privaatpraktyk te identifiseer en te analiseer. Resultate van hierdie gespreksgroep met kundiges vanuit privaatpraktyk wat op 10 September 2003 gevoer is, is soos volg:

- Die gespreksgroep is bygewoon deur vyftien kundiges wat gewissel het van akademici tot privaatpraktisyns uit ander dissiplines as maatskaplike werk.
- Die aspekte wat die meeste reaksie ontlok het, het gehandel oor die elemente eie aan ’n praktykmodel, en elemente waar die "self" as interne element geopper is.
- Vanuit die gespreksgroep was dit duidelik dat die persoonlikheidsprofiel van die maatskaplike werker, met die klem op bemagtiging en selfbewussyn, aandag in 'n model vir privaatpraktykbestuur moet geniet.
- Die konsep etiek, met klem op die etiese ingesteldheid van die maatskaplike werker binne sy verhouding met die kliënt, het ook spontane reaksie ontlok. Hierdie verhouding is volgens die groep verskillend in privaatpraktyk van die verhouding tussen maatskaplike werker en kliënt in die welsynsorganisasieverband. Hierdie aspek word as baie belangrik geag vir insluiting in ’n model vir privaatpraktykbestuur.
- Lewensbeginsels as belangrike aspek binne die voorgestelde model moet fokus op politieke ingesteldheid, geloof, kultuur en demografiese verspreiding van die maatskaplike werker wat privaatpraktyk betree.
- Binne die hantering van die mees toepaslike prosesse vir privaatpraktykbestuur is die entrepreneuriese prosesse deur die gesprek oorheers. Die belangrikheid van ’n goeie proses van netwerking is as primêre aspek van die proses uitgelig.

Die mees prominente probleme, wat geïdentifiseer is, kan onder meer soos volg saamgevat word:

- maatskaplike werkers verwar die bestuursproses wat in organisasieverband - en ook in voorgraadse opleiding hanteer word, met die entrepreneuriese bestuursprosesse in privaatpraktykbestuur.
- Ten spyte van die feit dat maatskaplike werkers in privaatpraktyk bewus is van die feit dat ’n privaatpraktyk die gestalte van ’n "besigheid" aanneem, bedryf hulle dit steeds soos ’n "welsynsorganisasie".

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- maatskaplike werkers beskik nie oor vaardighede om besigheidsbeginsels met maatskaplike werk beginsels te kombineer nie.
- maatskaplike werkers glo dat die etiek binne maatskaplike werk nie versoenbaar is met besigheidsetiek nie.
- maatskaplike werkers se primêre ingesteldheid om "van diens" te wees veroorsaak dikwels innerlike konflik sodra 'n "winsmotief" ter sprake kom.

Deur middel van hierdie aktiwiteit kon die navorser die verskil tussen die ideale en werklike omstandighede bepaal. Vanuit die gesprekke kon die rede waarom die probleem nog nie voorheen hanteer is nie, ook beantwoord word. In die gespreksgroepe en gesprekke met kundiges vanuit die akademie, was die oordeel dat 'n oorversadigde opleidingskurrikulum in maatskaplike werk nie ruimte laat vir opleiding in privaatpraktykbestuur nie. 'n Aanvanklike definiëring van wat die aard en omvang van maatskaplike werk is, laat ook nie ruimte vir funksionering in privaatpraktyk nie.

- ***Fase 1 - Aktiwiteit vyf: Die stel van navorsingsdoelwitte vir die praktykmodel***

Die daarstelling van doelwitte verwys na die eindresultaat van die intervensie (praktykmodel). Volgens Rothman en Thomas (1994:31) verwys die doelwitte na die planmatige metode om by hierdie eindresultaat uit te kom. Hier is die doel en doelwitte soos reeds in Hoofstuk een (punt 1.4) uiteengesit, vir die praktykmodel weereens gestel.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

7.2.1.2 Fase twee: Inligting-insameling en sintese

Wanneer 'n intervensienavorsingsprojek beplan word, is dit noodsaaklik om te bepaal wat reeds gedoen is ten einde die probleem behoorlik te verstaan en te hanteer. Die aktiwiteite wat in hierdie fase geïdentifiseer word, word in Tabel 7.3 geïllustreer:

Tabel 7.3 Fase twee: Inligtinginsameling en -sintese

Aktiwiteit in Fase twee: Inligting-insameling en -sintese	Spesifieke toepassing binne die konteks van die studie	Doelwitte wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word
Benutting van bestaande inligtingsbronne deur middel van literatuurnavorsing.	Hooffokus van literatuurstudie is binne hierdie aksie van belang	Doelwit een: om 'n teoretiese verwysingraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel
Bestudering van praktykvoorbeelde.	Die ontleding van die databank van SAASWIPP ten einde 'n profiel saam te stel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika	Doelwit twee: Om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken.
Identifisering van suksesvolle of funksionele elemente in praktyk.	Analiseer en ontleed die ingesamelde inligting ten einde 'n dokument vir voorberei ding van die fokusgroepe saam te stel.	Voorbereiding vir die bereiking van doelwit 3. Hoofstuk 1: punt 1.4 naamlik om 'n praktymodel vir pirvaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel.

- ***Fase 2 - Aktiwiteit 1: Benutting van bestaande inligtingsbronne deur middel van literatuurnavorsing***

Volgens Rothman en Thomas (1994:32) behoort intervensienavorsing van so 'n aard te wees dat dit 'n bydrae maak tot die kennis oor die verband tussen omgewing en gedrag, maar ook nuwe verbande moet stel tussen konsepte en metodes van verskillende vakdissiplines.

Die inligtingsbronne wat tot die navorser se beskikking was vir die ontwikkeling van die praktykmodel het eerstens bestaan uit 'n uitgebreide literatuurstudie oor toepaslike aspekte, soos onder andere gevind word in die vakliteratuur van maatskaplike werk, bedryfsielkunde, bestuurswese, ekonomie en entrepreneurskap. Die volledige bespreking hiervan is in die voorafgaande literatuurhoofstukke verskaf. Die belangrikste komponent van die literatuur-ondersoek is die feit dat 'n verband gestel kon word tussen toepaslike konsepte, beginsels,

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

prosesse en elemente vir privaatpraktykbestuur vanuit verskillende vakdissiplines. Die hooffokus van die literatuurstudie is na elke literatuurhoofstuk in 'n figuur voorgestel.

- ***Fase 2 - Aktiwiteit 2: Bestudering van privaatpraktykvoorbeelde ten einde 'n profiel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk op te stel***

'n Besonder nuttige bron van inligting is die bestaande databank van SAASWIPP waar data van geregistreerde lede gestoor word. Hierdie databank gee 'n beeld van hoe maatskaplike werkers in privaatpraktyk tans in Suid-Afrika daarna uitsien. Verder bevat die databank onder meer biografiese besonderhede, geografiese besonderhede en spesialiteitsrigtings van elke lid wat by die vereniging geregistreer is.

Die daarstelling van 'n profiel ten einde te bepaal hoe privaatpraktyk tans in Suid-Afrika uitsien, is 'n besondere nuttige bron ten einde te bepaal wat maatskaplike werkers in privaatpraktyk doen en hoe die demografiese verspreiding van praktyke voorkom. Hierdeur kan afleidings gemaak word wat veral binne die prosesse eie aan 'n praktykmodel, soos bespreek in Hoofstuk vyf, nuttige inligting kan verskaf.

Die volgende paragrawe bied 'n uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat gevolg is ten einde hierdie profiel saam te stel. Die inligting wat ingesamel is ten einde die profiel saam te stel is geïnkorporeer as deel van die literatuurondersoek in Hoofstuk vyf. Vir die doeleindes van hierdie studie is op die geografiese inligting gefokus aangesien die biografiese data geen noemenswaardige bydrae tot 'n profiel vir maatskaplike werkers in privaatpraktyk sou lewer nie en aangesien dit nie vergelyk sou kon word met die totale databank van maatskaplike werkers in Suid-Afrika nie.

Die mees toepaslike navorsingsmetode om data vanuit reeds bestaande bronne vir hierdie studie te onttrek word deur Strydom en Delport (2002:326) sekondêre data ontleding genoem.
Die toepaslikheid hiervan word deur Marlow (1993) en Neuman (2000) in Strydom en Delport (2002:326) binne die definiëring van die begrip soos volg saamgevat: "*Secondary analysis is thus*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

an empirical exercise on data already collected, and the researcher normally starts where the primary analysis of the data has been completed".

Hoofkomponente van belang word geïdentifiseer vanuit die primêre data wat na gelang van die behoefte van die spesifieke studie verder ontleed word.

Vir die doeleindes van hierdie studie is bestaande data vanuit die SAASWIPP-databank ontleed en is daar letterlik gefokus op die inhoud van die reeds bestaande data. Die databasis moet volgens Strydom en Delport (2002:327) nuut en resent wees ten einde die sekondêre studie ook so resent en toepaslik moontlik te hou. Data wat vir die doeleindes van hierdie studie gebruik is, is onttrek vanuit die 2003 databank van SAASWIPP wat die heel nuutste toevoegings tot die databank insluit.

Die volgende proses soos voorgestel deur Strydom en Delport (2002:327) is gevolg binne die sekondêre data ontleding:-

(a) Stap een: Probleemformulering

'n Doelwit is vanuit die primêre doel van die studie geformuleer ten einde die bestaande profiel van maatskaplike werkers in privaatpraktyk te bestudeer. Dit was voor die hand liggend om ondersoek in te stel na die data-insamelingsmetodes wat hierdie doelwit sou ondersteun. Die bestaan van die databank van SAASWIPP het onder die navorser se aandag gekom, waarna die toepaslikheid van die gebruik van inligting vanuit hierdie databank ondersoek is. Dit het geblyk dat die data bruikbaar is en wel die doel waarvoor dit aangewend sou word, ondersteun.

(b) Stap twee: Die formulering van navorsingsvrae

Vanuit die literatuur word die afleiding gemaak dat die formulering van 'n navorsingsvraag die volgende stap in hierdie proses is. 'n Spesifieke vraag wat afgestem is op die metodiek skakel vae en ondeurdinkte idees uit. Die navorsingsvraag moet ook volgens Strydom en Delport (2002:328) in direkte verband met die navorsingsdoel en navorsingsdoelwitte staan. Nadat die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

navorsingsvraag geformuleer is, kan die navorser besluit op die aard en omvang van die data-ontleding. Vir die doeleindes van hierdie studie hou die tweede navorsingsvraag, naamlik wat die aard en funksionering van bestaande privaatpraktyk in maatskaplike werk is, direkte verband met die navorsingsdoel, naamlik om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken en kan dit binne die navorsingsproses, ge-operasionaliseer word deur middel van sekondêre data-ontleding.

Vanweë die feit dat die navorser 'n geregistreerde lid van SAASWIPP is, was die databank onmiddellik tot haar beskikking en het sy die data-ontleding koste-effektief en persoonlik binne 'n kort tydsbestek voltooi.

(c) Stap drie: 'n loodsondersoek met die data

Die belangrikheid van hierdie stap lê daarin gesetel om te bepaal of alle relevante aspekte deur die databank gedek sal word en of addisionele inligting benodig sou word. Verder is dit volgens Strydom en Delport (2002:328) noodsaaklik om die lewensvatbaarheid van die data-insamelingsmetode met kundiges te klankbord. Nadat die inligting van die databank ontvang is deur die navorser, het die navorser 'n kritiese beoordeling met betrekking tot die formaat van die databank gedoen en geoordeel of die data navorsingsvriendelik aangebied word. Na hierdie beoordeling het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die formaat waarbinne die data weergegee word, sinvol vir bemarkingsdoeleindes is, maar moeilik vir navorsingsdoeleindes lees. Die grafika wat in die kolomme gebruik word is ingekleur en maak data-ontleding moeilik. Hierdie aspek was egter nie onoorkombaar nie en die navorser het meer tyd in haar werkskedule ingeruim om die data te ontleed.

(d) Stap vier: Die herprosessering van die data

Data wat deur middel van sekondêre data-ontleding ontleed word, is aanvanklik vir 'n ander doel ingesamel. Strydom en Delport (2002:328) merk op dat ten spyte van die aard van die data en die wyse waarop dit ingesamel is, die navorser steeds die verantwoordelikheid het om die geldigheid en betroubaarheid van die data te ondersoek.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vir die doeleindes van die studie, is vyf maatskaplike werkers wat in privaatpraktyk is, wie geregistreer is by SAASWIPP en bekend is aan die navorser, se data onttrek en geverifieer. Hierdeur is die geldigheid van die data op die databank ondersoek. Die vraag wat die navorser tydens hierdie prosedure gevra het, was of die databank reflekteer dít wat dit veronderstel is om te bied en of dit herhaaldelik dieselfde uitkoms sal gee. Die databank het met al vyf kandidate akkurate data weergegee en inligting akkuraat verskaf wat dit veronderstel was om te doen en aan die ander kant herhaaldelik - alhoewel met verskillende kandidate - dieselfde uitkomste gegee. Hierdie data het die volgende ingesluit. Registrasienommer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, woonadres, werkadres en spesialiseringsveld.

Die volgende vrae word deur Strydom en Delport (2002:328) voorgestel ten einde die hergebruik van die data te regverdig. Inligting ten einde hierdie vrae te beantwoord is by die hoofkantoor van SAASWIPP telefonies deur die navorser gekontrolleer. Inligting verkry op grond van hierdie vrae word in Tabel 7.4 uiteengesit:

Tabel 7.4 Die evaluering van primêre data vir sekondêre ontledingsdoeleindes

Vrae ter bevestiging van die aard en omvang van die primêre data	Toepaslikheid en gebruik vir die huidige studie
Wat is die oorspronklike doel van die databank?	Die daarstelling van 'n databank wat alle gegewens van maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat geregistreer is by SAASWIPP, te stoor vir latere gebruik
Wie het die data ingesamel?	Data is aan die hand van 'n aansoekvorm vir registrasie by SAASWIPP ingesamel.
Watter steekproefraam is gebruik?	Elke maatskaplike werker wat aansoek doen vir lidmaatskap by SAASWIPP ontvang 'n aansoekvorm. Data word eers op die databank gestoor indien die aansoek deur die aansoekkomitee van SAASWIPP goedgekeur is en lede hulle volle ledegeld vir die finansiële jaar betaal het.
Met hoeveel akkuraatheid het die oorspronklike navorsers omgegaan met die data-insameling?	Data word deur die voornemende lid self ingevul en word deur 'n administratiewe persoon verbonde aan SAASWIPP op 'n rekenaarstelsel geprosesseer. Elke lid wat goedgekeur word, word gevra om die inligting soos vervat op die data-bank vir enige foute of weglatings te kontrolleer.
Is die ondersoek steeds toepaslik en relevant vir die data wat op die databank verskyn?	Die databank word elke jaar opgegradeer en uitgestuur na elke geregistreerde lid. SAASWIPP is steeds die enigste lede-organisasie vir privaatpraktisyns waaraan maatskaplike werkers in privaatpraktyk kan behoort.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vanuit bogenoemde inligting was die navorser van mening dat die data wat opgeneem is in die databank van SAASWIPP, toepaslik vir die betrokke studie sou wees en dat dit 'n werklike verteenwoordiging van die bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk sou gee.

(e) Stap vyf: Analisering en interpretering van die data

In hierdie stap stel Strydom en Delport (2002:328) voor dat die data binne die parameters van die studie ontleed sal word en sinvolle interpretasies hieruit sal vloei. Die volgende veranderlikes is ontleed:

(i) Geregistreerde SAASWIPP lede in Suid-Afrika en provinsiale verspreiding van hierdie lede.

(ii) Frekwensieverspreiding van die drie primêre metodes, naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk, in maatskaplike werk privaatpraktyk.

(iii) Verspreiding van aanneming as spesialiseringsterrein in maatskaplikewerk privaatpraktyk volgens provinsie.

(iv) Verspreiding van maatskaplike werkers in privaatpraktyk wat spesialiseer in opleiding volgens provinsie.

(v) Persentasie wat opleiding uitmaak binne elke praktyk per provinsie.

(vi) Verspreiding van privaatpraktyke in maatskaplike werk wat spesialiseer in forensiese en statutêre werk per provinsie.

(vii) Verspreiding van privaatpraktyke in maatskaplike werk wat spesialiseer in Supervisie per provinsie.

(f) Stap ses: Verslagskrywing

Die bevindinge van hierdie sekondêre data-ontleding moet in verslagvorm weergegee word ten einde die sinvolheid daarvan te bepaal. Die weergee van hierdie inligting sal ook die operasionalisering van die tweede doelwit vir die studie wees.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Vir die doeleindes van hierdie studie word in Hoofstuk agt verslag gedoen oor die empiriese resultate van elk van hierdie veranderlikes.
Die implementering van Fase 2, aktiwiteit 3 van die intervensienavorsingsmodel sal nou weergegee word.

- ***Fase 2 - Aktiwiteit 3: Identifisering van die funksionele elemente van suksesvolle modelle***

Sodra inligting ingesamel is, kan die navorser die belangrikste aspekte van die modelle uit ander dissiplines en professies analiseer, wat in die verlede suksesvol deur hierdie dissiplines aangewend is om die probleem te hanteer. Die volgende vrae word vanuit die literatuur as riglyn gestel ten einde funksionele elemente van suksesvolle modelle te identifiseer:

- ❖ Wat het 'n spesifieke model vir implementering in privaatpraktyk binne ander dissiplines suksesvol gemaak?
- ❖ Bestaan daar 'n program of model wat onsuksesvol was en watter aspek daarvan het dit onsuksesvol gemaak?
- ❖ Watter aspekte is belangrik vir die sukses of mislukking van 'n model, met verwysing na byvoorbeeld konteks, karaktereienskappe, omgewingsfaktore of benadering?
- ❖ Watter spesifieke prosedures word in die model of praktyk benut?

Volgens Rothman en Thomas (1994:33) kan daar deur die bestudering van hierdie suksesvolle en onsuksesvolle modelle wat benut is om die probleem van 'n ontbrekende praktykmodel te hanteer, deur die navorser potensiële nuttige elemente vir die nuwe praktykmodel geïdentifiseer word.

In die inligting-insamelingsfase of literatuurstudie, vorm 'n verskeidenheid van data die basis vir intervensienavorsingsontwikkeling. Dit sluit sowel teoretiese as praktiese inligting in. Ander tipes data is ook relevant en sluit sowel wetenskaplike en toegepaste tegnologie, regsbeleid, inheemse toepassing (Suid-Afrikaanse konteks), praktyk, asook persoonlike en professionele ervaring in. Die navorser kan ook volgens Rothman en Thomas (1994:12) oorspronklike ondersoeke uitvoer wat onderwerp- of omgewingspesifiek is ten einde duidelikheid te verskaf ten opsigte van die navorsingsprobleem.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Een of meer tipes inligting kan relevant wees vir 'n spesifieke ontwerptaak alhoewel daar soms 'n primêre tipe inligting met moontlike aanvullende hulpbronne is. Aangesien sodanige inligting of hulpbronne oor die algemeen nie in hulle oorspronklike vorm in die ontwerp gebruik kan word nie, moet die inligting (of hulpbron) op een of ander wyse omvorm word ten einde die produk daarvan direk in die ontwerpproses te inkorporeer. Transformasie kan volgens Rothman en Thomas (1994:13) in hierdie konteks beskou word as die proses waar inligting vanuit ander dissiplines binne konteks in die kennisbasis van maatskaplike werk opgeneem sal word.

Die sukses van die voorgestelde model word nie op grond van die praktiese toepassing bepaal nie, maar op grond van die funksionele konsepte, beginsels, prosess en elemente wat daarin aangetref word. Ten einde hierdie aspekte binne die praktykmodel in te sluit, is suksesvolle en onsuksesvolle aspekte uit modelle, wat reeds ontwikkel is om die probleem aan te spreek, bestudeer. Volgens Rothman en Thomas (1994:33) word bruikbare aspekte sodoende geïdentifiseer aangesien die sintese van bestaande kennis bydra om die ontwikkelingsaktiwiteite te rig tydens die ontwerp van die model.

Dit is nodig om te noem dat die navorser met die bestudering van ander modelle geensins die bedoeling gehad het om modelle te kritiseer en daarmee die bestaansreg van ander modelle te bevraagteken of die samestellers daarvan te benadeel nie. Dit sal hierdie navorsing onvolledig maak deur modelle, wat 'n omvangryke positiewe impak op privaatpraktyk het, te ignoreer bloot omdat die modelle eksklusief vir 'n ander professie of situasie ontwikkel is. Daar word slegs gerapporteer oor watter funksionele aspekte van 'n spesifieke model toepaslik of ontoepaslik is vir benutting in die voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur.

Die eerste vraag wat gevra kan word, is wat het 'n spesifieke model binne 'n ander dissipline suksesvol gemaak en watter aspekte kan uit hierdie model ontleen word vir toepassing in 'n model vir privaatpraktykbestuur? In Tabel 7.5, Tabel 7.6 en Tabel 7.7 word uiteensettings gebied van suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van enkele gekose bestuursmodelle, maatskaplikewerk modelle en entrepreneuriese modelle.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Tabel 7.5 Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van bestuursmodelle

Toepaslike aspekte	Suksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Onsuksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Literatuurhoofstuk kruisverwys
Etiek	X		Hoofstuk drie
Waardes	X		Hoofstuk drie
Bemagtiging		X(finansiële bemagtiging)	Hoofstuk drie
Beginsels	X		Hoofstuk vier
Bestuursprosesse	X (selektief)	X	Hoofstuk vyf
Bestuursfunksies	X (selektief)	X	Hoofstuk vyf
Omgewingselemente	X		Hoofstuk ses
Teoretiese verwysingsraamwerk	X		Hoofstuk twee

Tabel 7.6 Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van maatskaplikewerkmodelle

Toepaslike aspekte	Suksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Onsuksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Literatuurhoofstuk kruisverwys
Waardes	X		Hoofstuk drie
Etiek	X		Hoofstuk drie
Bemagtiging	X	X (seletiewe insluiting)	Hoofstuk drie
maatskaplikewerkbeginsels	X		Hoofstuk vier
maatskaplikewerkprosesse	X		Hoofstuk vyf
Eksterne elemente	X(selektiewe insluiting)	X(kliëntsisteem verskil)	Hoofstuk ses
Teoretiese verwysingsraamwerk	X		Hoofstuk twee

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Tabel 7.7 Suksesvolle en onsuksesvolle funksionele aspekte van entrepreneuriese modelle

Toepaslike aspekte	Suksesvol vir insluting in voorgestelde model	Onsuksesvol vir insluiting in voorgestelde model	Literatuurhoofstuk as kruisverwysing
Etiek		X	Nie ingesluit nie
Waardes		X	Nie ingesluit nie
Bemagtiging	X		Hoofstuk twee
Entrepreneuriese beginses	X	X(selektiewe insluiting)	Hoofstuk vier
Entrepreneuriese prosesse	X		Hoofstuk vyf
Entrepreneuriese profiele	X		Hoofstuk vyf
Determinante vir sukses	X(selektiewe insluiting)	X(sommige buite werksveld van Maatskaplike Werk)	Hoofstuk vyf

Aspekte wat bygedra het tot die onsuksesvolle insluiting in 'n voorgestelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk, is soos volg:

- Die aspekte was gespesialiseerd binne die beroepsveld waarvoor die model ontwikkel is, soos onder meer personeelaanwending, keuring, seleksie en bevorderingsmodelle.
- Die aspekte was in konflik met die aard en wese van maatskaplike werk, soos byvoorbeeld 'n suiwer winsoogmerk sonder balans van diens, soos in die geval van 'n produksiemaatskappy.
- Die aspekte wat gerig is op komponente wat nie binne die beroepsveld van maatskaplike werk bedien word nie. Voorbeelde is onder meer produkverpakking of voorraadopnames en loonstelsels.

Aspekte wat bygedra het tot die suksesvolle insluiting in die praktykmodel vir maatskaplike werk privaatpraktyk is soos volg:

- Aspekte wat binne die konteks van maatskaplike werk toepaslik sou wees, soos onder meer waardes, etiek en norme.
- Aspekte wat universele beginsels vir sukses voorstel, soos onder meer lewensbeginsels, besigheidsbeginsels en entrepreneuriese beginsels.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Aspekte wat prosesse voorstel wat effektiwiteit en produktiwiteit sal verhoog, soos onder meer entrepreneuriese prosesse en bestuursprosesse
- Aspekte wat eksterne elemente in die samelewing bestudeer en verklaar, soos omgewingsverandering, elemente van die self en emosionele intelligensie.

In die volgende fase word die waarde van die inligting wat deur waarneming en literatuurstudie verkry is, bepaal wanneer dit benut word om die nuwe praktykmodel te ontwerp. Die inligtingsinsamelings- en waarnemingstaak van die navorser word nie in fase twee afgehandel nie, maar gaan voort in fase drie, naamlik die ontwerpfase.

7.2.1.3 Fase drie: Ontwerp

Intervensienavorsing het volgens Rothman en Thomas (1994:33) twee produkte tot gevolg. Die eerste produk is die navorsingsdata wat die verhoudings demonstreer tussen die intervensie (model) en die resultate wat die probleem definieer. Tweedens, die model wat ook strategie, tegniek, veranderlikes, 'n motiveringsisteem, nuwe of gewysigde beleid of bepaalde prosedures mag insluit. Hierdie produkte word deur middel van die volgende aktiwiteite ondersteun. Die toepassing binne hierdie studie van hierdie aktiwiteite word in Tabel 7.8 uiteengesit.

Tabel 7.8 Fase drie: Ontwerp

Aksie in fase drie: Ontwerp	Spesifieke toepassing binne die konteks van hierdie studie	Doelwitte wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word.
Die ontwerp van 'n waarnemingsisteem	Die ontwerp van fokusgroepe as waarnemingsisteem	Voorbereiding op doelwit drie en vier (Hoofstuk een, punt 1.4) en die beantwoording van navorsingsvraag drie. (Hoofstuk een. punt 1.5).
Spesifisering van prosedure-elemente van die praktykmodel	Die spesifisering van die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse, en elemente wat tydens die fokusgroepe geëvalueer sal word.	Voorbereiding op doelwit drie en vier (Hoofstuk een, punt 1.4) en die beantwoording van navorsingsvraag drie. (hoofstuk een. punt 1.5)

Bogenoemde inligting vanuit Figuur 7.8 word soos volg bespreek:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- ***Fase 3 - Aktiwiteit 1 en 2: Die ontwerp van 'n waarnemingsisteem en spesifisering van prosedure-elemente van die model***

Dit is volgens Fawcett, *et al*. in Rothman en Thomas (1994:34) belangrik binne die loodsondersoek dat die navorser 'n metode sal ontwikkel wat die navorsingsgebeure op 'n natuurlike wyse sal waarneem. Binne hierdie studie kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die waarnemingsisteem verweef sal wees met die ontwerpproses van die praktykmodel. Die waarnemingsisteem dien dus as 'n terugvoersisteem en data-insamelingmetode ten einde die praktykmodelontwikkeling te verfyn. In die geval van hierdie studie, sal die waarnemingsisteem die benuttingswaarde van 'n nuut ontwikkelde praktykmodel evalueer.

Die mees toepaslike waarnemingsisteem vir hierdie studie sal bestaan uit fokusgroepe as data-insamelingstegniek aangesien Greeff (2002:305) van mening is dat 'n fokusgroep gebruik kan word ten einde persone se gevoel oor 'n saak, produk of diens te toets. In die geval van die studie, waar die aard en soort navorsing, kwalitatief is, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die data-insamelingsmetode wat doelwit vier, naamlik die evaluering van die benuttingswaarde van die nuut ontwikkelde model, die beste sal reflekteer, fokusgroepe sal wees.

Die gebruik van fokusgroepe fokus op die insameling van ryk, kwalitatiewe data. Soos Kingry, et al in Greeff (2002:306) dit stel: "*It is a method that can, however, be used for validating constructs prior to the development of more quantitative measures".* Fokusgroepe bied dus 'n proses waarbinne idees, menings en gedagtes tussen deelnemers gewissel word. 'n Groot hoeveelheid inligting wat vanuit 'n goed geformuleerde doel ontstaan, kan binne 'n kort tydperk ingesamel word.

Vir die doeleindes van hierdie studie het die fokusgroepe as data-insamelingsmetode die volgende belangrike komponente bevat:

(a) Die beplanning van die fokusgroepe.
(b) Die ontwikkeling van vrae vir die fokusgroepe.
(c) Die fasilitering van die die fokusgroepe.
(d) Die analisering en verslaggewing van die fokusgroep resultate.

Hierdie komponente sal soos volg bespreek word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(a) Die beplanning van die fokusgroepe

In Morgan (1998:3) word verwys na die beplanning voor die data-insameling begin as die belangrikste deel van die fokusgroep. Die skrywer fokus verder op die beplanningsproses as 'n deurlopende proses wat vanaf die eerste besluit om 'n fokusgroep te gebruik, tot die finale analise en verslagskrywing, plaasvind.

Morgan (1998:4) is verder van mening dat daar vier basiese stappe in die beplanningsproses vir fokusgroepe is. Hierdie basiese stappe is ook tydens die fokusgroepbeplanning vir hierdie studie gevolg en het soos volg verloop:-

- Beplanning vir die beplanningstrategie

Aangesien die beplanning van die fokusgroepe 'n belangrike komponent vir data-insameling is, verg dit 'n duidelik gesistematiseerde beplanningstrategie waar elke komponent sorgvuldig beplan word. Morgan (1998:4) stel dit kategories: "*Think through the project from start to finish".*

'n Strukturele uiteensetting van die doel van elke fokusgroep is tydens die beplanningsessie gedoen. Hierdie aksie het die navorser genoodsaak om 'n aksieplan op te trek wat aan 'n tydskedule gekoppel was sodat elke aspek wat beplan moes word, ingesluit kon word. Morgan (1998:4) verwys na sogenaamde "*checklists for planning*". Elke aksie wat beplan moes word is deur middel van 'n dagboekinskrywing noukeurig gedateer met 'n keerdatum vir afhandeling.

- Beplanning van die werwingsaksie

Nadat die beplanningsproses voltooi is, kon die eerste aspek wat beplan moes word, naamlik die werwingsaksie, uiteengesit word. Die werwingsplan het bestaan uit 'n geselekteerde groep kandidate wat volgens die doelgerigte steekproefmetode tot die lys geselekteer is (Sien Hoofstuk een vir die uiteensetting van die steekproefprosedure). 'n Kontrolelys in die vorm van 'n "fokusgroepledelys" is ontwerp ten einde die werwingsaksie van fokusgroeplede te vergemaklik. 'n Voorbeeld van die fokusgroepledelys word aangeheg as Bylaag 8.1.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Beplanning vir die fasilitering van die fokusgroep

Die beplanning wat met betrekking tot die fasilitering van die fokusgroep geskied het, is tweeledig gedoen, naamlik:-
(a) emosionele voorbereiding

In Krueger (1998:9) word verwys na die emosionele voorbereiding vir 'n fokusgroep naamlik, "*moderators must be mentally alert and free from distractions, anxieties, or pressures that limit their ability to think quickly".* Die fasilitering van 'n fokusgroep verg 'n goeie aandagspan en fyn luistervaardighede. Die navorser het emosionele voorbereiding vir die fasilitering van die fokusgroep gedoen, deur haarself deeglik te vergewis van wat as fasiliteerder van haar verwag sou word en hoe sy haar tradisionele rol as maatskaplike werk hulpverlener en groepwerker in hierdie opsig moes neerlê en op haar rol as navorser fokus.

Die emosionele voorbereiding van die fasiliteerder beteken nie dat die vrae wat gevra gaan word voorberei moet word nie, maar behels die voorbereiding rondom die wyse waarop die fasiliteerder die fokusgroep sal fasiliteer. Die riglyne wat deur Langer in Krueger (1998:10) neergelê word, is deur die navorser persoonlik gebruik vir haar emosionele voorbereiding en word kortlik soos volg weergegee. Die navorser moes bepaal:-

- Wat haar bewustheidsvlakke was en hoe bewus of "*aware*" sy was voor, tydens en na die groepe;
- watter sintuiglike opskerping die navorser nodig gehad het en wat die navorser se verwysingsraamwerk tydens haar voorbereiding ten opsigte van haar omgewing, haar behoeftes en haar energievlakke was; en
- wat die navorser se gevoelens jeens die projek was en hoe die navorser sou verhoed dat hierdie gevoelens die proses binne die groep positief of negatief sou beïnvloed.

(b) Stel 'n hulpmiddellys en 'n dagbeplanner op

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Ten einde enige onnodige verwarring tydens die dag van die fokusgroepe te vermy, is dit noodsaaklik dat noukeurige voorbereiding ten opsigte van die hulpmiddels vir die dag moet geskied.

Die navorser het vir hierdie doeleindes 'n hulpmiddellys opgestel vir elk van die fokusgroepe aangesien elkeen sy eie unieke behoeftes gehad het (sien Bylae 8.2). So moes daar onder meer vir die Fokusgroep in Hermanus - Gansbaai voorsiening vir breekware en toiletware getref word aangesien die lokaal nie die nodige toerusting en voorraad gehad het nie. Dit was ook verder nodig om die lokale se uiteensetting en uitleg te bestudeer. Hiervoor het die navorser twee assistente genader wat na die uitleg by die verskillende lokale gaan kyk het en teruggerapporteer het oor die aard en uitleg van elk, sodat daar voortydig reëlings getref kon word vir die noodsaaklike toerusting van elke lokaal. Die lokaal in Wellington was aan die navorser bekend en voorbereiding daarvoor kon getref word na aanleiding van die agtergrond waaroor die navorser reeds beskik het.

- Beplanning vir die ontleding van die data en die verslagskrywing in die hoofstuk wat handel oor die empiriese resultate (Hoofstuk agt).

Die navorser is dit eens dat indien daar in gebreke gebly word om die ontleding van die data en die verslagskrywing noukeurig te beplan, dit die fokusgroep waardeloos sou maak. Morgan (1998:5) ondersteun hierdie stelling deur te sê:

> "*Failing to plan for the analysis can result in either of two very different problems. Sometimes, the amount or complexity of the data is overwhelming, and the analysis consists of little more than grabbing a few high points. At the other extreme, sometimes too much effort goes into combing through materials that really don't matter. By planning what needs to be in the final report, you can avoid the trap of either underanalyzing or overanalyzing the data".*

Die navorser het 'n riglyn opgestel ten einde die analisering van data wat vanuit die geskrewe verbatim onttrek sou word, sou vergemaklik. Hierdie riglyn het voorsiening gemaak vir kategorieë wat nie net die inhoud en die vrae wat binne die fokusgroep gestel is, weergegee het nie, maar ook fokus op die woorde wat gebruik is deur die fokusgroeplede, die konteks waarbinne die woorde

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

gebruik is en die interval tussen die opmerkings van die fokusgroeplede. Die vaagheid of spesifiekheid van aanmerkings deur groeplede, onuitgesproke aspekte en komponente waarop geen fokusgroep kommentaar gelewer het nie, is ook ingesluit. Alhoewel daar nie ruimte gelaat is vir 'n kategorie rondom nie-verbale gedrag nie, is daar in die beplanning voorsiening gemaak vir die aantekening van spesifieke en opvallende nie-verbale gedrag wat fokusgroepe sou openbaar tydens die fokusgroepsessies. 'n Voorbeeld van 'n data-ontledingstabel is aangeheg en as Bylaag 8.3 gemerk.

'n Verdere aktiwiteit wat in sameloop met die ontwerp van 'n waarnemingsisteem geskied het, was die spesifisering van die prosedure-elemente van die model. In die beplanningstadium van die waarnemingsisteem is die prosedure-elemente wat reeds in die literatuurhoofstukke beskryf is, operasioneel binne die fokusgroep-beplanning uiteengesit. Volgens Fawcett, *et al*. in Rothman en Thomas (1994:35) behoort hierdie prosedure-elemente binne hierdie aktiwiteit gespesifiseer te word sodat dit deel van die beplanning vir die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek sal uitmaak. Die vier prosedure-elemente vir die praktykmodel stem ooreen met die vier komponente soos omskryf in die literatuurstudie waar die teoretiese praktykmodel uiteengesit is. Die verskil hier is dat die komponente vanuit die praktykmodel vir die doeleindes van die prosedure-elemente verpraktiseer moet word aan die hand van die doelwitstelling. Dit sou soos volg wees:
Wat sal die *benuttingswaarde* van (a) die mees toepaslike *konsepte* (b) die mees toepaslike *beginsels* (c) die mees toepaslike *prosesse* en (d) die mees toepaslike *elemente* in 'n praktykmodel vir privaatpraktyk in maatskaplike werk wees. Die vierde fase van die intervensienavorsingsmodel behels die vroeë ontwikkeling en uitvoering van 'n loodsondersoek. Hierdie aspekte sal nou aan die hand van voorbeelde uit die studie toegelig word.

7.2.1.4 Fase vier: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

Tydens hierdie fase word 'n eenvoudige produk ontwikkel op sodanige wyse dat dit in praktiese omstandighede geëvalueer kan word. Die aktiwiteite binne hierdie fase behels die ontwikkeling van 'n proto-tipe (model) of voorlopige model en die uitvoering van 'n loodsondersoek. Die aktiwiteite van hierdie fase word soos met die ander fases in Tabel 7.9 weergegee:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 7.9 Fase vier: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

Aktiwiteite in fase vier: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek	Spesifieke toepassing binne die konteks van die studie	Doelwitte wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word
Die ontwikkeling van 'n proto-tipe of voorlopige praktykmodel	'n Proto-tipe model word vanuit die literatuur saamgestel	Doelwit drie word bereik: Om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel ;.
Uitvoering van 'n loodsondersoek	Die praktykmodel word aan twee van die drie fokusgroepe gegee vir evaluering	Doelwit vier word beplan: om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer

Tabel 7.9 word soos volg bespreek:

- ***Fase 4 - Aktiwiteit 1: Die ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige praktykmodel***

In hierdie stadium van die ontwerpproses word voorlopige intervensieprosedures geselekteer en gespesifiseer. 'n Proto-tipe word verder ontwikkel vir die gebruik in die loodsondersoek. Volgens Rothman en Thomas (1994:36) moet daar ook tydens hierdie aktiwiteit terugvoer van die gebruikers en/of implementeerders verkry word om die proto-tipe van die intervensie te verfyn en te vereenvoudig .

Die proto-tipe model wat deur die navorser uiteengesit is, kan binne die volgende struktuur weergegee word:

Stap een:

- Identifiseer die grense waarbinne die model gestalte sal vind



Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

maatskaplike werk
Ekonomiese en Bestuurswese
Entrepreneurskap

- Identifiseer 'n teoretiese verwysingsraamwerk wat 'n struktuur met gemeenskaplike terminologie en konsepte bied binne die grense wat hierbo gestel is



Die Sisteemteorie as Meta-teorie wat 'n gemeenskaplike basis vir terminologie bied

- *Doel van die Sisteemteorie: Om aan die model 'n teoretiese vertrekpunt te bied ten einde gefokus te bly op die dinamiese interaksie tussen die verskeie biologiese en sosiale sisteme wat die privaatpraktyk-sisteem mag beïnvloed.*
- *Toepassing van die Sisteemteorie as teoretiese verwysingraamwerk vir die model: Die beginsel dat elke deel van 'n sisteem beïnvloed word deur elke ander deel herinner die navorser daaraan dat daar verskeie oorsake, maniere, oorwegings en redes is wat 'n invloed mag uitoefen op die sukses al dan nie van 'n maatskaplike werk privaatpraktyk.*
- *Belangrike aspekte wat die Sisteemteorie binne die model in perspektief plaas:*
- *Die navorser word daaraan herinner dat die oorsaak en gevolg binne verhoudings tussen veranderlikes kompleks is en nie naastenby so duidelik is as wat dikwels in teorie voorspel word nie.*
- *'n Veranderlike mag vir elke maatskaplike werker in privaatpraktyk verskillende uitkomste impliseer en mag verskillende sisteme op verskillende wyses beïnvloed.*
- *Grense binne sisteme is troebel en kan nie voorspel word nie.*

Stap twee:

- Identifiseer die toepaslike veranderlikes vir die model



- **Veranderlike een: Toepaslike konsepte vir privaatpraktykbestuur**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- ✔ Maak van toepassing binne die gestelde grense (sisteemteoretiese denke).
- ✔ Identifiseer waardes, etiek en bemagtiging binne maatskaplike werk en Ekonomiese en Bestuurswese.
- Fokusareas:
- *Geïntegreerde waardesisteem vir privaatpraktykbestuur met die volgende fokus:*
- *Erken die verskil in waardesisteme wat heers in Maatskaplike Werk, ekonomiese en bestuurswese en vind 'n gemene deler vir privaatpraktykbestuur*
- *maatskaplikewerk privaatpraktisyn herken sy eie waardesisteem en is sensitief wanneer dit geïmplementeer word in 'n privaatpraktyk.*
- *Waardesisteem vind gestalte binne 'n etiese kode vir privaatpraktykbestuur.*
- *Etiese kode omsluit wins as element en pas die "hungry spirit" beginsel toe, bemagtig die praktisyn sowel finansieel as emosioneel binne die grense van sosiaal en maatskaplik verantwoordbare gedrag.*
- *Bemagtiging as konsep omgrens die komponente van selfkennis, emosionele intelligensie, persoonlike grense, verantwoordelikheid, interne lokus van beheer, motivering, persoonlike ontwikkeling, en holisme.*
- **Veranderlike twee: Toepaslike beginsels vir privaatpraktykbestuur**
- Maak van toepassing binne die gestelde grense (sisteemteoretiese denke)
- Identifiseer maatskaplikewerkbeginsels, lewensbeginsels en bestuursbeginsels toepaslik binne privaatpraktykbestuur.
- Fokusarea:
- *Billikheid, geregtigheid en gelykheid;*
- *politiek, geloof, kultuur en demografie;*
- *sosiale verantwoordelikheid, kompetisie, aanvraag en aanbod, finansiële bestuur, persepsies, berekende risiko's, vertroulikheid en sterk en positiewe steunstelsels.*
- **Veranderlike drie: Toepaslike prosesse vir privaatpraktykbestuur**
- Maak van toepassing binne die gestelde grense.
- Identifiseer entrepreneuriese prosesse, bestuursprosesse en maatskaplikewerkprosesse
- Fokusarea:
- *Entrepreneuriese snellerfaktore, omgewingsfaktore, skakelprosesse, netwerkprosesse en bemarkingsprosesse.*
- *Persoonlike bestuursvaardighede, menslike hulpbronne, finansiële hulpbronne, tegnologiese hulpbronne met elemente van besluitneming, verantwoordelikheidneming, kommunikasie, beplanning, bemarking, organisering en beheer met verdere fokusareas van supervisie, risikobestuur en regsaspekte, die nuwe generasie maatskaplike werker en altruïsme versus selfbelang.*
- **Veranderlike vier: Toepaslike elemente vir privaatpraktykbestuur**
- Maak van toepassing binne die gestelde grense (Sisteemteoretiese denke).
- Identifiseer interne en eksterne elemente.
- Fokusarea:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- *Die self as interne element met klem op entrepreneuriese persoonlikheid, maatskaplikewerkpersoonlikheid en bestuurspersoonlikheid.*
- *Die omgewing as eksterne element.*
- *Verandering, tyd en ruimte.*
- *Nie-liniêre terugvoer en die hantering van chaos.*

Stap drie



- Evalueer die benuttingswaarde van die voorgestelde model aan die hand van fokusgroepe wat bestaan uit maatskaplike werkers in privaatpraktyk.

Stap vier



Stel die raamwerk as lewensgetrou en verteenwoordigend van die werklikheid bekend .

- ***Fase 4 - Aktiwiteit 2: Uitvoering van 'n loodsondersoek***

Loodsondersoeke word uitgevoer om vas te stel of die praktykmodel sal werk en word geïmplementeer in situasies wat gerieflik vir die navorser is en ook min of meer ooreenstem met die situasies waar die praktykmodel uiteindelik aangewend sal word. Volgens Rothman en Thomas (1994:37) kan hierdie loodsondersoek help om die doeltreffendheid van die praktykmodel te bepaal en identifiseer dit elemente van die prototipe wat hersien behoort te word.

Soos reeds genoem, is die primêre doel van intervensienavorsing om toetrede te ontwikkel wat in 'n verskeidenheid van lewensgetroue kontekste doeltreffend sal wees vir diegene wat dit mag nodig hê. Die kern van modelontwikkeling is daarin gesetel dat die model 'n kleiner weergawe van

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

die lewensgetroue konteks is. Die assessering van so 'n praktykmodel sou dus gevind kon word in die benuttingswaarde eerder as die veralgemeenbaarheid en toetsing van die model vir betroubaarheid. Daar is dus geen formele loodsondersoek vir die ontwikkelde model deurloop nie.

7.2.1.5 Fase vyf: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling

Intervensienavorsing word onderskei van suiwer aktivisme deur eersgenoemde se benutting van navorsingmetodes om te ondersoek hoe en waarom 'n veranderingsprogram (in hierdie geval 'n praktykmodel) werk of nie.. Volgens De Vos (1998:364) is die kernaspek wat intervensienavorsing van blote program-evaluering onderskei, dat iets nuuts tydens intervensienavorsing geskep en geëvalueer word, terwyl blote program-evaluering veronderstel dat die program, wat geëvalueer word, reeds bestaan en deur iemand anders as die evalueerder daarvan ontwerp en ontwikkel is. Die belangrikheid van hierdie studie is om die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel deur middel van fokusgroepe - bestaande uit privaatpraktisyns - te evalueer. Die verloop van hierdie proses word in Tabel 7.10 beskryf.

Tabel 7.10 Fase vyf: Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Aktiwiteite in Fase vyf: Evaluering en gevorderde ontwikkeling	Spesifieke toepassing binne die konteks van die studie	Doelwitte wat bereik word of navorsingsvraag wat beantwoord word
Insameling en analisering van aangepaste data	'n Derde fokusgroep word gehou waartydens aanpassings soos voorgestel deur die eerste loodsondersoek geïmplementeer word	Bereiking van doelwit vier: Om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer.
Reproduksie van die praktykmodel vir praktiese omstandighede en verfyning daarvan.	Alle aanpassings wat uit die derde fokusgroep voorgestel is word geëvalueer en geïmplementeer	Bereiking van doelwit vier (sien bo) en die beantwoording van die derde navorsingsvraag, naamlik wat sal die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde praktykmodel binne privaatpraktyk wees?

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- ***Fase 5 - Aktiwiteit 1: Insameling en analisering van aangepaste data***

Tydens die formele evaluering van die praktykmodel is data deur middel fokusgroepe ingesamel en geanaliseer. Die voortdurende beskrywing en voorstelling van gedrag en verwante uitkomste help om te bepaal watter benuttingswaarde elke komponent van die praktykmodel sal hê en of aanvullende prosedures nodig is.

Uit hierdie inligting was dit reeds duidelik dat praktiese aangeleenthede die evaluering van die benuttingswaarde van die model kon beïnvloed, aangesien die seleksieproses van lede vir 'n fokusgroep met groot omsigtigheid sou moes geskied. Die beskikbaarheid van tyd vir maatskaplike werkers in privaatpraktyk het 'n verdere probleem veroorsaak aangesien die meeste van hierdie maatskaplike werkers afhanklik is van 'n selfgegenereerde inkomste. Die beginsels van 'geen werk geen geld', is deur verskeie praktisyns geopper in hulle vertoë toe hulle genader is om deel uit te maak van die fokusgroepbesprekings.

Gereelde vergadertye waarby die meeste van die geselekteerde lede reeds betrokke was, soos onder meer groepsupervisietye, SAASWIPP streeksvergaderings en studiegroepe is as oplossing vir die probleem rakende die tye, deur die betrokke lede gegee. Die fokuggroepe is soos volg geskeduleer:

- Groep een: Tydens 'n geskeduleerde groepsupervisie geleentheid in Wellington
- Groep twee: Tydens 'n studiegroepbyeenkoms in Gansbaai
- Groep drie: Tydens 'n streeksvergadering van die Boland-tak van privaatpraktisyns in die Paarl.

Die drie aktiwiteite in Fase vyf, vir hierdie spesifieke studie, is die insameling en analisering van data, reproduksie van die praktykmodel in praktiese omstandighede en verfyning van die praktykmodel. Alhoewel daar 1 127 lede by SASWIPP geregistreer is, voldoen nie al hierdie lede aan die voorvereistes vir toelating tot die fokusgroepe nie. Verskeie maatskaplike werkers is werksaam by 'n tradisionele welsynsorganisasie maar het toestemming om na ure en oor naweke

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

'n privaatpraktyk te bedryf. Insluiting van hierdie maatskaplike werkers sou dus nie 'n ware refleksie gee van maatskaplike werkers in privaatpraktyk nie. Hierdie groep sou ook die benuttingwaarde van 'n praktykmodel vanuit 'n subjektiewe raamwerk beoordeel, aangesien hulle funksionering in privaatpraktyk verskil van maatskaplike werkers wat primêr in privaatpraktyk funksioneer.

Ten einde die benuttingswaarde van die voorgestelde model te bepaal, is twee fokusgroepbesprekings onderskeidelik met sewe en nege maatskaplike werkers in privaatpraktyk op Maandag 22 September, te Hugenote Kollege, Wellington en Dinsdag 30 September 2003 te CMR kantore te Gansbaai gevoer as eerste evaluering van die benuttingswaarde van die voorgestelde model. maatskaplike werkers wat geselekteer is, is almal werksaam in privaatpraktyk en het voldoen aan die voorvereistes vir toelating tot die fokusgroepe. (Sien volledige beskrywing van voorvereistes en steekproeftrekking vir hierdie studie - Hoofstuk een, punt 1.10.3 en 1.11.2). Die fokusgroeplede is geselekteer deur middel van doelgerigte steekproeftrekking vanuit die SAASWIPP adreslys vir 2003. (Sien ook Fase 1: Aktiwiteit 1 van Hoofstuk 7)

Die vrae vir die fokusgroepbespreking is op so 'n wyse geformuleer dat dit ten doel het om:

- Die benuttingswaarde van die konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir die voorgestelde model te evalueer;
- om geen kennisinsette van die fokusgroeplede te vra nie; en
- om die toepaslikheid van die konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir die voorgestelde model te evalueer.

'n Uiteensetting van die voorbereidingswerk wat elke fokusgroeplid een week voor die geskeduleerde datum ontvang het, word as Bylaag 8.4 en Bylaag 8.5 aangeheg.

Die fokusgroepbesprekings het besonder waardevolle inligting aan die navorser verskaf en die kwalitatiewe resultate van die fokusgroepbesprekings, word in Hoofstuk agt onder die empiriese resultate, bespreek. Wat vir hierdie hoofstuk van belang is, is dat dit daartoe bygedra het dat die maatskaplike werkers wat deel was van die eerste fokusgroepbespreking (Wellington) 'n behoefte vir kollegiale skakeling met betrekking tot privaatpraktykbestuur uitgespreek het en onderling na

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

afloop van die fokusgroepbespreking besluit het om 'n studiegroep met betrekking tot privaatpraktyk te vestig.
In die volgende aktiwiteite word die doeltreffendheid van die ontwerpte praktykmodel bepaal en word dit verder ontwikkel en verfyn, indien nodig.

- ***Fase 5 - aktiwiteit 2 en 3 : Reproduksie van die praktykmodel in praktiese omstandighede en verfyning daarvan***

Die primêre doel van intervensienavorsing is om toetredes (soos die praktykmodel) te ontwikkel wat in 'n verskeidenheid van lewensgetroue kontekste doeltreffend sal wees vir diegene wat dit mag nodig hê. Reproduksie in 'n verskeidenheid van praktiese situasies help om die veralgemeenbaarheid van die invloed van die praktykmodel te assesseer. Rothman en Thomas (1994:39) is van mening dat as die praktykmodel hierdie stadium bereik het, instruksies, prosesse en stappe vir die proto-tipe reeds ontwikkel, getoets en hersien moet wees.

Leer kan onder andere deur foute geskied. Die resultate van die volledige veldtoetsing naamlik fokusgroep 1, 2 en 3, word benut om probleme met die praktykmodel op te klaar. Aanpassings ten opsigte van die taal, inhoud en toepassingsmetodes kan bydra tot beter toepassingsmoontlikhede en uitkomste. Hierop sê Rothman en Thomas (1994) dat herhaalde verandering en verbetering aan die praktykmodel 'n betroubare produk wat verwagte resultate sal lewer, verseker.

Die bogenoemde laaste twee aksies van die evaluerings- en gevordere ontwikkelingsfase van intervensienavorsing, naamlik die praktiese reproduksie van die praktykmodel en die verfyning daarvan het nie alleen gelyktydig plaasgevind nie, maar na aanleiding van die bespreking ook in 'n gewysigde vorm geskied.

7.2.1.6 Fase ses: Verspreiding of disseminasie

Sodra die nuwe praktykmodel in die praktyk getoets en geëvalueer is, is dit gereed om in die gemeenskap versprei te word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die verspreiding nie geskied nie, aangesien die aard en omvang van verspreiding of disseminasie 'n studie op sigself

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

mag verg. Die doel en doelwitte van die studie word bereik deur die eerste vyf fases van die intervensienavorsingsmodel te deurloop.

7.3 Die toepaslikheid van intervensienavorsing

Die oorwegende indruk wat hierdie navorsingsmodel laat, is dat dit nie ander navorsingsmetodes insluit nie, maar eerder daarop gegrond is. Tog maak intervensienavorsing op 'n besondere wyse voorsiening daarvoor dat 'n nuwe intervensie ontwikkel kan word ingevolge 'n proses waarvolgens die navorser gelei word om nie slegs data of kennis in te samel ten einde 'n nuwe intervensie te ontwikkel nie, maar juis ook om die nuwe intervensie of produk op so 'n wyse te ontwikkel dat dit 'n deeglik verantwoordbare navorsingsproduk is.

Soos reeds in Hoofstuk een genoem, beskik intervensienavorsing oor eienskappe van verkennende, beskrywende en evaluerende navorsing wat in onderskeidelik fase een, twee, drie, vier en vyf geïntegreer is.

Intervensienavorsing word deur Rothman en Thomas (1994:11) in die vorm van 'n model aangebied wat die unieke probleme wat in die besonder in maatskaplikewerknavorsing ondervind word, hanteer. In hierdie studie het dit ruimte gelaat vir die proses van modelontwikkeling deur 'n sistematiese raamwerk vir wetenskaplike navorsing te bied. Die spesifieke bepaling van die benuttingswaarde van die praktykmodel is met gemak binne die navorsingsproses geakkommodeer. Aanpasbaarheid van die model, veral aangesien dit nie beperk is tot slegs die bestudering van maatskaplike werk nie, maar ook die bestudering van Ekonomiese en Bestuurswese ingesluit het, het dit 'n ideale raamwerk vir hierdie navorsing gemaak.

Vervolgens reflekteer Hoofstuk agt die empiriese resultate van die navorsing. Die verloop van die modelontwikkelingsproses kan skematies soos volg voorgestel word en het beweeg van stap drie na stap vier nadat die agtergrondinligting vir die navorsingsmetodologie uiteengesit is. In Figuur 7.1 word die struktuur wat tot dusver gebruik is ter verduideliking van die navorsingsproses nou aangewend om die volledige proses van modelontwikkeling aan die hand van die literatuur in Hoofstuk een, te illustreer.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 7.1 Die ontwikkelingsproses van 'n praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk met die navorsingsmetodologie ingesluit

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 8

EMPIRIESE BEVINDINGE IN VERBAND MET DIE BEPALING VAN DIE BENUTTINGSWAARDE VAN 'N MODEL VIR MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

*Navorsingsvraag ter sprake vir hierdie hoofstuk: Wat is die **benuttingswaarde** van hierdie nuut ontwikkelde model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika?*

Question: What is truer than the truth?
Answer: The story.
(Ou Joodse gesegde)

8.1 Inleiding

Alle toepaslike konsepte vir ‘n praktykmodel in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is nou verken en beskryf. Die ontwikkelde model is in Hoofstuk sewe uiteengesit. Hierdie ontwikkelde model wat in Hoofstuk sewe aangebied is, is aan fokusgroeplede beskikbaar gestel vir bestudering. Wat in Hoofstuk agt van belang is, is dat die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur ge-evalueer word. Hierdie evalueringsproses bied aan die navorser die nodige ondersteuning wat sy vanuit die praktyk benodig ten einde met vertroue die nuut ontwikkelde praktykmodel beskikbaar te stel vir gebruik.

In hoofstuk agt fokus die navorser op die empiriese proses wat gevolg is ten einde die benuttingswaarde op ’n wetenskaplike wyse te evalueer en sodoender steeds getrou te bly aan die navorsingsmetodologie wat vir die studie gevolg is. Indien daar na die intervensienavorsingproses gekyk word, reflekteer die empiriese gegewens veral tydens Fase vier en Fase vyf van die intervensienavorsingsmodel. In Fase vier word gefokus op die vroeë ontwikkeling en

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

loodsondersoek van 'n privaatpraktykmodel. Fase vyf bied 'n evalueringsgeleentheid vir die navorser waarna gevorderde ontwikkeling van die praktykmodel kan geskied. Die navorser het deur middel van fokusgroepe, empiriese gegewens ingesamel ten einde die benuttingswaarde van die voorgestelde model te kon evalueer. Daar is soos reeds in Hoofstuk een uiteengesit binne die kwalitatiewe paradigma te werk gegaan ten einde die oorkoepelende doel van die studie te bereik, naamlik om 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel en te evalueer.

Die mees belangrike komponent vir die deel van die studie is dat die navorser nodig het om die praktyk, in die geval, die privaatpraktisyn, se mening oor die benuttingswaarde van die voorgestelde model vir privaatpraktyk, op te teken.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal kwalitatiewe terugvoer van respondente groter waarde vir die nuut ontwikkelde praktykmodel inhou as die kwantifisering van gestruktureerde data. Terugvoer vanuit privaatpraktyke sal volgens die navorser 'n duidelike beeld bied oor die benuttingswaarde van die praktykmodel, al dan nie. Die literatuur wat betrekking het op privaatpraktykbestuur is deeglik verken en beskryf in die voorafgaande hoofstukke. Dey (1993:31) verwys na hierdie proses as die begin van 'n kwalitatiewe ontleding. "The first step in qualiatative analysis is to develop thorough and comprehensive descriptions of the phenomenon under study. This has become known as "thick" description." Hierdie sogenaamde volledige beskrywing as eerste stap in die kwalitatiewe proses bevat nie net literatuur oor inhoud nie maar moet ook mening en rede reflekteer. Deur gebruik te maak van 'n data-insamelingsmetode wat mening en rede reflekteer is die navorser van mening dat die navorsingsvraagstuk volledig bestudeer word.

8.2 Die plek van empiriese bevindinge binne die konteks van die studie

Alvorens die kwalitatiewe proses wat die empiriese bevindinge insluit, vir die studie besrpeek kan word, is dit belangrik om hierdie proses in konteks met die intervensienavorsingsmodel te plaas. Die volgende skematiese voorstelling in Figuur 8.1 plaas die empiriese bevindinge in konteks van die intervensienavorsingsmodel . Klem word op die volgende aspekte geplaas:-

(a) die doel en doelwitte wat in die inleidende oriëntering gestel is (Hoofstuk een),

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(b) die konteks van hierdie doel en doelwitte binne die intervensienavorsingsmodel, en

(c) die konteks van hierdie doel en doelwitte binne die konvensionele navorsingsproses waar hoofstuk agt bewys lewer van die operasionalisering van die navorsingsmetodologie.



Figuur 8.1 Die integrering van konvensionele empiriese resultate van hierdie studie binne die intervensienavorsingsmodel

Vanuit Figuur 8.1 is dit duidelik dat die empiriese resultate binne die fases van die intervensienavorsingsmodel, 'n duidelike oorsig van die navorsingsproses in geheel kan bied. Hierdie proses bied ook 'n sinvolle gevolgtrekking rondom die doel en doelwitbereiking van die studie.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die metodiese en sistematiese prosedures wat vir die studie gevolg is, sal nou bespreek word.

8.3 Insameling, ontleding en interpretering van kwalitatiewe data vir die studie

Met die insameling, ontleding en interpretasie van die empiriese data vir hierdie studie is gebruik gemaak van 'n suiwer kwalitatiewe strategie. Die benutting van 'n suiwer kwalitatiewe strategie word volgens Patton (2001:190) beskryf as 'n kombinasie van kwalitatiewe empiriese data, persoonlike betrokkenheid en observasie van die navorser in die navorsingsproses en inhouds-ontleding van die kwalitatiewe data.

8.3.1 Strategie vir data-insameling vir fokusgroepbyeenkomste

Deur 'n strategie waarmee data tydens fokusgroepe ingesamel is te beplan,het die navorser gepoog om een van die komponente van kwalitatiewe navorsing, naamlik die afhandeling van navorsing deur middel van sistematiese prosedures, na te kom. Die mees toepaslike strategie vir die insameling van data tydens fokusgroepe, is deur gebruik te maak van deelnemende waarneming en inhoudsontleding.

- Die proses van data-insameling deur middel van fokusgroepe

Die fokusgroep kan beskou word as 'n onderhoud. Patton (2001:335) beskryf fokusgroepe as 'n onderhoud wat meer is as 'n bespreking maar ook nie 'n probleem-oplossende sessie is nie. Die deelnemers kry die geleentheid om mekaar se menings en opinies oor die saak wat bespreek word, te hoor. 'n Verdere kenmerk van 'n fokusgroep is die feit dat respondente 'n antwoord kan verstrek op 'n bepaalde vraag en hierdie antwoord na aanleiding van ander menings en opinies weer kan hersien. Patton (2001:335) verwys daarna as die proses waar respondente gestimuleer word deur mede-deelnemers om hulle mening en opinies oor sake tot verdere diepte te neem. "The object is to get high-quality data in a social context where people can consider their own views in the context of the views of others".

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die voordele in die gebruik van fokusgroepe as data-insamelingsmetode vir hierdie studie, is onder meer dat navorsers, waaronder Patton (2001), Marshall en Rossman (1999) en Denzin en Lincoln (2003) van mening is dat die benutting of benuttingswaarde van ontwikkelde programme, modelle of riglyne suksesvol deur middel van fokusgroepe gedoen kan word.

In Figuur 8.2 word die proses van data-insameling vir hierdie studie geïllustreer.



Figuur 8.2 Die proses van data-insameling deur middel van fokusgroepe

Soos reeds vroeêr genoem is gebruik gemaak van oudio-opnames (band-opnames) van elke fokusgroepgeleentheid. Saam met die bandopnames is gebruik gemaak van observasie-tabelle wat die navorser in staat gestel het om die bandopnames met waargeneemde gedrag in die fokusgroepe te vergelyk.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Bandopnames is noukeurig, direk na elke fokusgroepgeleentheid, in transkripsies omgeskakel. Die benutting van bandopnames wat in teksvorm oorgetik is, is saam met die voltooide observasie-tabelle (sien bylae 8.3a en bylae 8.3b), vergelyk.

- *Teks as verteenwoordiging van die ervaring van respondente*

Die navorser het die teks aanvanklik nie redaksioneel versorg nie en het gepoog om 'n ware refleksie van elke fokusgroepgeleentheid op skrif te stel. Hierdeur is die ware ervaring van elke respondent wat verbaal deelgeneem het aan die besprekings opgeteken. Die navorser verwys na "vry-vloei" teks en sluit alle opmerkings - hetsy benutbaar al dan nie, in die transkripsie in.

- *Analise van die woorde wat verband hou met die komponente in die model*

Deur die "vry-vloei" teks saam met die observasie-tabelle te benut kon die navorser waarde toevoeg tot elke komponent wat aan die respondente gestel is. 'n Voorbeeld is onder meer:

***Vraag van fokusgroepleier**:*	***Sou julle van mening wees dat besigheidsbeginsels binne privaatpraktyk ook geld?***
***Vry-vloei teks**:*	*(M 3 Okt) "mm wat bedoel jy onder(sic) besigheidsbeginsels?"*
Observasietabel	*(M 3 Okt) leun vooroor, oogkontak,*
Nie-verbale liggaamshouding	*(M 3Okt) vraend,*

Met die samevoeging van alle komponente is die navorser in staat gestel om met die analise van die data vas te stel of bydraes van respondente benuttingswaarde vir die navorsing sou hê, al dan nie.

- *Inhoudsontleding van die kategorieë*

Deur kategorieë en sub-kategorieë vir elke komponent wat binne die fokusgroepe bespreek is, op te stel, kon die data gesorteer en gestruktureer word. Die daarstelling van kategorieë en sub-kategorieë het die ordening van die data vergemaklik aangesien fokusgroeplede dikwels gedurende die byeenkomste tussen komponente rondgespring, terugverwys na vorige vrae en byvoegings gemaak het op vorige kommentaar wat hulle gelewer het.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

8.3.2 Strategie vir ontleding van fokusgroepbyeenkomste

Soos wat 'n strategie vir data-insameling in die fokusgroepe saamgestel is, het die navorser ook 'n ontledingstrategie saamgestel. Dit is belangrik om op te merk dat die ontledingsproses van die data reeds met die literatuurstudie begin is. So noem Krueger (1998:42) dat die navorser regdeur die navorsingsproses bewus moet wees van die teenwoordigheid van "data". So beïnvloed die bestudering van die literatuur die navorser ten opsigte van die formulering van vrae en hantering van die antwoorde op die vrae. Die probleemformulering, doel en doelwitte en navorsingsvrae wat vir die studie gestel word rig die wyse waarop die data ingesamel en ontleed sal word. Aspekte wat die navorser in berekening gebring het met die ontleding van data sluit onder meer die volgende in:

- *Agtergrondskennis van die respondente*

Alhoewel die navorser agtergrondskennis rakende die profiel van elk van die respondente se privaatpraktyke gehad het, byvoorbeeld tydsduur in privaatpraktyk, spesialiseringsveld, lokaliteit en praktykadres en funksionering ten opsigte van eienaarskap, was die agtergrondskennis oor die maatskaplike werker as mens nie aan die navorser bekend nie. Opleiding, huwelikstatus, vooroordele, persepsies en voorkeure was onbekend . Deur bewus te wees van hierdie komponente het die navorser seker gemaak dat agtergrondsgeskiedenis van elk van die respondente nie die aanvanklike vrae en antwoorde van die respondente sou beïnvloed nie.

- *Omgewingsfaktore tydens die fokusgroepbyeenkomste*

Die navorser het 'n deeglike studie van bestaande beleid, ondersteuningstelsels, gesagstrukture en wetgewing wat van toepassing binne die maatskaplikewerk beroep is, gemaak. So is daar byvoorbeeld net voor die aanvang van die eerste fokusgroep dokumentasie oor salarisvasstelling in maatskaplike werk deur die Beroepsraad vir maatskaplike werk uitgestuur. Wetgewing oor die registrasie van 'n Beslote Korporasie vir professionele persone wat in hulpverleningsprofessies staan is ook in die tyd verander. Indien die navorser onkundig was oor hierdie aspekte, kon dit daartoe aanleiding gegee het dat die navorser onbewustelik hierdie omgewingsfaktore as komponente in die besprekings toegelaat het.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

'n Verdere hulpmiddel wat die navorser as 'n strategie in die ontleding van fokusgroepdata gebruik het, was die optrek van 'n grondplan waar elke respondent deur middel van 'n voorletter op die grondplan aangedui is. Die prosedure het die uitkenning van waarnemings vergemaklik. 'n voorbeeld van die grondplan wat vir die derde fokusgroep gebruik is word in figuur 8.3 uiteengesit:



Figuur 8.3 Grondplan vir 'n fokusgroepsessie met voorletters vir stem-identifikasie

Hierdie grondplan is tydens die eerste paar minute van die fokusgroepbyeenkoms deur die fasiliteerder saamgestel. Daar is ook aan die respondente gesê dat dit noodsaaklik is om hulle plek op die grondplan te behou en indien hulle verkies om van stoel te verwissel, dit op die grondplan aangebring moet word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

8.4 Profiel van respondente

Soos reeds in Hoofstuk 7 gemeld en in Figuur 8.1 uiteengesit, het die navorser in Fase 4 van die intervensienavorsingsmodel as deel van die vroeë ontwikkeling en loodsondersoek van twee fokusgroepe gebruik gemaak om die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel te evalueer. Hierdie evaluering is voortgesit in Fase 5 van die intervensienavorsingsmodel naamlik die gevorderde ontwikkelingsfase, deur van nog 'n fokusgroep gebruik te maak om die benuttingswaarde van die praktykmodel te evalueer.

'n Totaal van 47 maatskaplike werkers in privaatpraktyk is as respondente deur middel van doelgerigte steekproeftekking geselekteer en wel aan die hand van die kriteria wat in Hoofstuk een, punt 1.10.3 en 1.11.2 gestel is. Hierdie kriteria omsluit die volgende aspekte:

- Respondente moet as maatskaplike werkers by die Beroepsraad vir maatskaplike werk geregistreer wees;
- respondente moet as privaatpraktisyns voltyds in privaatpraktyk wees; en
- respondente se ervaring binne maatskaplikewerk privaatpraktyk moet oor ten minste 'n tydperk van twee jaar geskied wat sal verseker dat, indien die ontwikkelde model aan die maatskaplikewerk praktisyns voorgelê word vir evaluering, die geselekteerde respondente wel oor genoegsame kennis aangaande privaatpraktyk sal beskik.

Die aanvanklike oorweging was om 'n fokusgroep in Gauteng en een fokusgroep in die Wes-Kaap te reël met 'n derde in enige van die twee provinsies. In die Gautengprovinsie het slegs vier maatskaplike werkers in privaatpraktyk aangedui dat hulle die fokusgroep, soos geskeduleer sou kon bywoon. Die beskikbaarheid van tyd vir maatskaplike werkers in privaatpraktyk het 'n verdere probleem veroorsaak, aangesien die meeste van hierdie maatskaplike werkers afhanklik is van 'n selfgegenereerde inkomste. Die beginsel van 'geen werk geen geld' is deur verskeie praktisyns geopper in hulle vertoë toe hulle genader is.

Vanweë die ontoereikende getal maatskaplike werkers in Gauteng het al drie fokusgroepe dus in die Wes-Kaap plaasgevind. Die drie fokusgroepe het onderskeidelik bestaan uit 17, 16 en 14 respondente met die volgende profielkenmerke:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 8.1 Profielkenmerke van respondente wat deelgeneem het aan drie fokusgroepsessies

Gemiddelde ouderdom	Geslag				Gemiddelde jare in privaatpraktyk
	Manlik		vroulik		
42 jaar oud	n	%	n	%	8 jaar
	2	4	45	96	

n - respondente

Vanuit Tabel 8.1 kan die afleiding gemaak word dat die grootste hoeveelheid respondente in 1996 privaatpraktyk betree het . Die gemiddelde ouderdom van maatskaplike werkers in privaatpraktyk is 42 jaar oud met 'n gemiddeld van 8 jaar werksaam as maatskaplike werker in privaatpraktyk. In Tabel 8.2 word die spesialiteitsrigtings van respondente wat vir die fokusgroepe geselekteer is, weergegee.

Tabel 8.2 Spesialiteitsrigtings van respondente wat deelgeneem het aan drie fokusgroepsessies

Spesialiteitsrigting	n	%
Gevallewerk	47	100
Groepwerk	6	13
Gemeenskapswerk	3	6
Aanneming	2	21
Supervisie	12	26
Opleiding	14	30
Statutêre en Forensiese werk	12	26

n - respondente

Vanuit Tabel 8.2 is dit duidelik dat die respondente gevallewerk as primêre metode binne hulle praktyke beoefen. Ander spesialiteitsrigtings, met uitsondering van gemeenskapswerk wat slegs 6 % en groepwerk wat 13% is , wissel en word deur bykans 'n kwart van die respondente beoefen.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Indien die spesialiteitsrigtings van die geselekteerde respondente met die data van maatskaplike werkers in privaatpraktyk in die Wes-Kaap provinsie, soos verkry uit die SAASWIPP databank vergelyk word, sien die profiel soos volg daaruit:

Tabel 8.2 'n Vergelyking van die spesialiseringsterreine van respondente geselekteer vir die fokusgroepe met maatskaplike werkers in privaatpraktyk in die Wes-Kaap

Spesialiseringsrigting	% verteenwoordiging uit respondente vir die fokusgroep	% verteenwoordiging van maatskaplikewerk privaatpraktyke in die Wes-Kaap provinsie (SAASWIPP data-bank)
Gevallewerk	100	88
Groepwerk	13	24
Gemeenskapswerk	6	5
Aanneming	21	21
Opleiding	30	23
Statutêre en Forensiese werk	26	21
Supervisie	26	20

Die inligting inTabel 8.2 kan grafies soos volg voorgestel word:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)



Figuur 8.4 'n Grafiese vergelyking van die spesialiseringsterreine van respondente en maatskaplike werkers in privaatpraktyk, werksaam in die Wes-Kaap.

Vanuit die data in Tabel 8.2 en Figuur 8.4 kan daar tot die gevolgrekking gekom word dat die data van die respondente met die data van die SAASWIPP-databank vir Wes-Kaap korreleer. Alhoewel die doelgerigte steekproefprosedure wat gevolg is, nie die taak gehad het om die Wes-Kaap provinsie te verteenwoordig nie, en daar dus geen statistiese waarde uit die vergelyking getref kan word nie, kon die navorser hieruit aflei dat elke spesialiseringterrein binne maatskaplike werk wel tydens die foksugroepbesprekings verteenwoordig was.

Vervolgens word die empiriese resultate, soos verkry uit die fokusgroeponderhoude, volgens kategorieë en sub-kategorieë weergegee.

8.5 Empiriese resultate

Daar is vir die doeleindes van terugvoer van die inhoud van die fokusgroepe gebruik gemaak van kategorieë en subkategorieë ten einde die mees relevante data te ontleed en te orden in bruikbare eenhede. Aangesien die fokusgroepbesprekings lank en uitputtend was het die navorser gebruik gemaak van 'n oudio-opname (bandopnemer) van goeie gehalte en persoonlike aantekeninge om

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

nie-verbale gedrag waar te neem. Elke fokusgroeplid moes hom aan die begin van die sessie bekendstel vir stemherkenning op die band. Die navorser het verder ook 'n grafiese uiteensetting opgestel van die stoelplasings en voorletters van elke fokusgroeplid gebruik om die respondente te identifiseer.

Rou data is na afloop van die fokusgroepbyeenkoms in 'n transkripsie omgeskakel waarna dit aan die hand van kategorie-ontledingstabelle wat vooraf opgestel is, ontleed is (Sien kategorie-ontledingstabelle as bylae 8.3 a en 8.3 b).

Ten einde die benuttingswaarde van die praktykmodel te evalueer is die fokusgroepe aan die hand van vier fokusgroepvrae gefasiliteer. Die vier fokusgroepvrae, wat terselfdertyd die vier hoofkategorieë vir data-ontleding uitmaak, is benut:

(1) **Fokusgroepvraag 1 / Kategorie 1:** Wat is die benuttingswaarde van waardes, etiek en bemagtiging as die relevante konsepte vir 'n ontwikkelde privaatpraktykmodel?
(2) **Fokusgroepvraag 2 / Kategorie 2:** Wat is die benuttingswaarde van besigheidsbeginsels, maatskaplikewerk beginsels en entrepreneuriese beginsels as relevante beginsels vir 'n ontwikkelde privaatpraktykmodel?
(3) **Fokusgroepvraag 3 /Kategorie 3**: Wat is die benuttingswaarde van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerkprosesse as relevante prosesse vir 'n ontwikkelde privaatpraktykmodel?
(4) **Fokusgroepvraag 4 / Kategorie 4**: Wat is die benuttingswaarde van interne en eksterne elemente as relevante elemente vir 'n privaatpraktykmodel?

Subkategorieë onder elk van die vier hoofkategorieë het bestaan uit woorde wat verband hou met die hoofkategorieë , soos onder meer:

Kategorie 1: Konsepte met subkategorieë:

- Formulerings, definisies, verstaan van;
- gevoelselemente wat verband hou met waardes, etiek en bemagtiging soos siel, gewete, oortuiging, gevoel

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Kategorie 2: Beginsels met subkategorieë:

- Eienskap, grondslag, grondbegrip, oortuiging, reël, "prinsiep van die saak";
- Gevoelselemente wat verband hou met beginsels soos "Ek voel oortuig", "dit is my fondasie", "ek voel sterk daaroor".

Kategorie 3: Prosesse met subkategorieë:

- Verloop, ontwikkelingsgang, deurloop;
- Gevoelselemente wat verband hou met prosesse soos onder meer: "Ek wil dit aan die gang sit", "dit is hoe ek aanmekaar gesit is".

Kategorie 4: Elemente met subkategorieë:

- Dele, samestelling, selle, aanmekaargesit;
- Gevoelselemente wat verband hou met elemente soos onder meer: "Al my dele", "my innerlike", selfbeeld, selfvertroue, "sisteme wat vir my saakmaak".

Volgens Krueger (1998:109) word fokusgroepe hoofsaaklik ontleed en weergegee binne 'n narratiewe skryfstyl. Dit is ook die wyse waarop die navorser die data ontleed en weergee in hierdie verslag. Wat egter belangrik is, is dat die skryfstyl binne die beskrywende opsommingstyl geskied. Hieroor sê Krueger (1998:109): "This style of reporting begins with a summary paragraph and then includes illustrative quotes." Die aanhalings wat gegee word is veronderstel om die leser insig te gee in die wyse waarop die respondente die vrae beantwoord het. Die rasionaal hieragter kan gevind word in die feit dat die aspekte van die model interafhanklik van mekaar is, en soms spontaan van die een aspek na die volgende en weer terugbeweeg het. Die beskrywende styl bied struktuur aan die rou data en behou die fokus op die spesifieke doel van die byeenkoms naamlik om die benuttingswaarde van elke komponent van die praktykmodel te evalueer.

8.5.1 Empiriese resultate: Fase 4 - Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

Soos reeds gemeld het die navorser in Fase 4 van die intervensienavorsingsmodel van twee (2) fokusgroepe bestaande uit 33 respondente gebruik gemaak om die benuttingswaarde van die

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

praktykmodel te evalueer. Die inligting soos verkry uit hierdie fokusgroepe word ooreenkomstig die 4 kategorieë weergegee.

8.5.1.1 Kategorie een: Die benuttingswaarde van die konsepte waardes, etiek en bemagtiging soos opgeneem in die praktykmodel

In hierdie kategorie word die mees relevante opmerkings oor die benuttingswaarde van die konsepte waardes, etiek en bemagtiging uiteengesit.

Die respondente het hoofsaaklik gefokus op:

- Waardes en bemagtiging en het gevoel dat die begrip "etiek" duidelik van die begrip "waarde" binne die model, onderskei moet word.
- Respondente was oortuig dat die belangrikheid van 'n etiese kode en die daarstel van 'n protokol vir etiese gedrag besondere benuttingswaarde vir privaatpraktyk sal hê, aangesien privaatpraktisyns dikwels geïsoleerd en onseker voel oor hoe etiek geïmplementeer moet word.

Tipiese opmerkings deur die respondente in **kategorie een** sluit onder meer in:

> *Soms is dit vir my persoonlik onduidelik om **etiek en waardes** uitmekaar te hou. Mmmm, ek dink ek is nie aldag seker wat eties en wat nie eties is nie. (H, 22 Sep)*
>
> *My grootste vrees is dat ek een of ander **etiese reël** salig oortree. Miskien moet ons opleiding kry in etiese optrede, sal so 'n model dit bied? (P, 22 Sep)*
>
> *Ek vrees die dag wanneer die Raad my gaan verkla vir een of ander **reël** wat ek oortree, en dan weet ek dit nie eers nie ….. ja soos M wat deur die mal weermag ou vir **onprofessionele** gedrag aangekla is, hy het iets van iets afgeweet en toe by die Raad 'n h--lse bohaai gaan opskop. Ek sidder (B, 22 Sep).*
>
> *Ek wonder of besigheidsmense **ander waardes** as ons het? Ja hulle moet hê want hulle maak geld, so 'n **valse waardestelsel** (I, 30 Sep).*
>
> *Ek is geleer om ander te **bemagtig**, maar kan nie sover kom om self na my eie situasie te kyk nie. (F, 30 Sep)*
>
> *Ons sorg nie vir onsself nie, ek dink dit het iets met 'n "pleasing personality" te make. **Bemagtiging** is 'n aspek wat as prioriteit gesien moet word (Z.30 Sep).*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

*Ek gun myself nie die luuksheid van **bemagtiging** nie … Nee, die feit dat ek myself wil verbeter, dis asof ek soms skuldig voel oor sulke dinge. (M, 22 Sep)*

*Ek is te streng met myself, ek werk van die oggend tot wie weet wanneer, vir peanuts. Ek besef ek sal na myself moet kyk, ek is nie eers altyd bewus wat **bemagtiging** is nie, klink soos politiek of iets. (lag) (H, 22 Sep).*

*As **bemagtiging** beter praktyk beteken is ek in .. en my status kan verhoog. Ons het juis niks status nie (B, 22 Sep).*

***Bemagtiging** sal waarde toevoeg tot enige maatskaplike werker se lewe, nie net ons ouens in privaatpraktyk nie (F, 30 Sep).*

Dit sal beslis benut word as ons geleer word hoe om besigheid te doen (R, 22 Sep).

- **Evaluering van die benuttingswaarde van komponent een: Konsepte soos waardes, etiek en bemagtiging in die voorgestelde model**

- Besigheidswaardes moet duidelik gedefinieer en verklaar word, sodat daar nie verwarring tussen besigheidswaardes en maatskaplikewerk waardes bestaan nie.
- Die benuttingswaarde van die konsep bemagtiging is besonder positief deur die lede beleef, aangesien hulle van mening was dat die persepsie van die beginsel ' 'n eie baas is 'n streng baas' in privaatpraktyk dikwels die proses van selfbemagtiging smoor.
- Die komponent bestaande uit die konsepte waardes, etiek en bemagtiging, word dus opgeneem in die finale praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk

8.5.1.2 Kategorie twee: Die benuttingswaarde van besigheidsbeginsels, maatskaplikewerkbeginsels en lewensbeginsels as relevante praktykbeginsels soos opgeneem in die praktykmodel

Die benuttingswaarde van besigheidsbeginsels, maatskaplikewerkbeginsels en lewensbeginsels is aan respondente tydens die fokusgroepe gestel. By sommige van die respondente het groot verwarring bestaan oor wat die beginsels van maatskaplike werk is, alhoewel die beginsels binne die besigheidswêreld aan hulle bekend is. Daar het egter twyfel by respondente bestaan of maatskaplikewerkbeginsels in alle opsigte toepaslik binne privaatpraktyk is.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Tipiese opmerking deur van die respondente in **kategorie twee** sluit onder meer in:

*Wat is ons **beginsels** ooit? Ek wonder self, ek het lankal vir my uitgeklaar dat ek hou by dit wat my persoonlike oortuiging is (M, 22 Sep).*

***Beginsels** in maatskaplike werk en waardes maak die lewe seker makliker. Ek is nie aldag seker of ek my met van die goed wil vereenselwig nie. Vat maar geloof, ja ek is nog opgelei as 'n christelike dienswerker, nog geleer sekere groepe moet gekersten word (lag) Julle dink ek jok, dit het deurgegaan as **beginsels** (B, 22 sep).*

*Beginsels is vir my soos jy in die stuk noem**, lewensbeginsels**. ….. Ek kan my daarmee vereenselwig (H, 22 Sep.)*

*Al wat ek van **besigheidsbeginsels** weet; "time is money" (L, 22 Sep).*

*My praktyk baat by 'n kombinasie tussen goeie ou **"social"(sic) beginsels** en **besigheidsbeginsels**. So iets soos; ek help graag maar ek is nie verniet nie. Ja, leer tog die ouens al vroeg dat dit nie 'n skande is om geld te vra nie. (B, 22 Sep).*

*Ek dink ons weet wat **maatskaplikewerk beginsels** is, ons het dit al net goed geïnternaliseer (M, 30 Sep).*

*Vertroulikheid is universeel en kry by my die meeste punte. Dit verkoop jou diens ook as mense weet hulle kan jou vertrou. …. Ja so 'n kombinasie tussen **besigheid** en maatskaplike werk (Z, 30 Sep).*

*My persoonlike **geloof** het al soms 'n probleem geword. Wat sê ek vir mense wat wil skei? Ek kan tog nie hulle die deur wys nie, dan verloor ek 'n kliënt. (H, 30 Sep).*

*Ek het al kliënte weens my **eie beginsels** weggewys, dit was 'n lesbiese paartjie wat 'n kind wou aanneem. Ek kon nie hulle help nie. (F, 30 Sep).*

*Ja, my praktyk is by die huis en **ek** het al soms **ongemaklik gevoel** met sekere kliënte, veral as hulle van M afkom en hulle "gangsterism" sit in hul wieldoppe, en ek weet hulle betaal met smokkelgeld (I, 30 sep).*

*Lê klem op **beginsels in die mark**, leer hul die wêreld van **kompetisie** - dit is wat ek doen (Y, 30 Sep).*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- **Evaluering van die benuttingswaarde van komponent twee: Beginsels as komponent in die voorgestelde model**

- Sommige van die respondente was onseker of die beginsels wat geld, verteenwoordigend is van die maatskaplikewerk beroep en of die beginsels die ideologie van 'n kultuur, politieke bestel of geloof reflekteer.
- 'n Hele aantal van die respondente ondersteun eerder die idee van lewensbeginsels wat elke individu in staat stel om diensbaar te wees binne die professie waarin hy opgelei is. Volgens respondente kan die benutting van besigheidsbeginsels 'n privaatpraktyk sowel ekonomies as binne die grense van dienslewering versterk, aangesien dit geskoei is op lewensbeginsels.
- Geloofsbeginsels wat soms gestalte vind in die ou skole van maatskaplike werk veroorsaak dikwels polarisering binne privaatpraktyk en moet eerder vermy word. Die balans tussen 'n beroepspersoonlikheid en 'n beginselvaste individu het debat ontlok.
- Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat rolvertolking binne besigheid anders daarna uitsien as rolvertolking binne die beoefening van maatskaplike werk.
- Die universele beginsel van vertroulikheid word as die belangrikste en meer benutbare beginsel uitgewys aangesien dit besigheidsvertroue en werk/kliënt vertroue insluit. Integriteit word ook in hierdie proses ingesluit.
- Die komponent word dus opgeneem in die finale praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk.

8.5.1.3 Kategorie drie: Die benuttingswaarde van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerkprosesse as relevante praktykprosesse soos opgeneem in die praktykmodel

Die benuttingswaarde van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerkprosesse is in kategorie drie aan die respondente gestel. Respondente was besonder positief oor die entrepreneuriese prosesse wat in die model reflekteer. Die waarde van netwerkprosesse is telkemale uitgelig met bemarkingsprosesse as 'n lewensaar in privaatpraktyke. Tipiese opmerkings deur van die respondente in **kategorie drie** sluit onder meer in:

*Ek het gedink ek **kannie bemark** nie - toe kom ek agter dis glad-nie so erg nie. (H, 30 sep)*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

*My grootste fout wat ek gemaak het, is om te glo as jy professioneel is hoef jy nie uit te gaan en mense te **werf** vir jou **besigheid** nie. Jy moet, elke dag (F, 30 Sep).*

*Ek **skakel** graag met my kollegas maar het ook maar agtergekom ek moet met die skakel wat **buite my veld** staan. (H, 22 Sep).*

***Bemarking** is 'n wonderlike idee vir enige ou in privaatpraktyk. As jy dit eers snap is dit maklik (L, 22 Sep).*

*My spesialiseringsveld maak dat ek nie nodig het om so kwaai te **bemark** nie. Ja, ek is 'n kliniese maatskaplike werker (M, 22 Sep).*

*"**Jack of all trades master of none**" (B, 22 Sep).*

*Ek wou wegkom van die tradisionele goed in maatskaplike werk. Die **hof-voorbereidingsverslae** het my doodgemaak. (M, 22 Sep).*

*Ek wil weer 'n eier lê oor ons status. Ek noem myself 'n **gesinsberader** en sê niks van maatskaplike werk af nie (B , 22 Sep).*

*Ek **verkoop** enige **kennis**, ek het vrek duur daarvoor **betaal.** (H, 22 Sep).*

***Spelterapie** is lekker as mens **24 uur op bystand** was en net altyd agter met jou werk. Ek moes myself net uitlig en wegkom van die **stigma van sukkel** (Z, 30 Sep.)*

*Ons manier van hulpverlening maak dat ons nie status het nie, tannie van die **"welfare"(sic).** Kry alles verniet, neem nie verantwoordelikheid nie, want jy kan maar weer kom (H, 22 Sep).*

*Bring die goed op voorgraadse vlak in, sodat jy ten minste weet wat vir jou wag. Ek is nogal ontnugter toe ek besef maatskaplike werk is waaragtig **"love and charity"(sic)** (B, 22 Sep).*

*Privaatpraktykbestuur kan op voorgraadse vlak ouens al leer om hulle eie potjies te krap… Ja dit sal selfs die organisasies help, want dan het die ouens die "skills" om **te bestuur en te bemark en geld in te samel**. (C, 22 Sep)*

*Ek is soos M sê 'n "**Idea generator**", ek sal doodgaan in 'n **welsynsorganisasie.** (I, 30 Sep).*

- **Evaluering van die benuttingswaarde van komponent drie: Prosesse as komponent in die voorgestelde model**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Bestuursprosesse waar persoonlike bestuursvaardighede uitgelig word, is volgens die respondente 'n aspek wat tydens voorgraadse opleiding aandag behoort te geniet.
- Spesialiseringsgeleenthede as deel van maatskaplikewerkprosesse is ook belangrik en behoort meer benut te word.
- Die rol van die Raad vir Maatskaplike Diensprofessies in die daarstelling van meer vaartbelynde strukture ten opsigte van spesialisering is telke male geopper.
- Beroepstatus was 'n bron van groot kommer onder beide groepe met persepsies oor maatskaplikewerkprosesse as die grootste sondaar hiervoor. Wat belangrik is, is dat verskeie van die respondente tydens die fokusgroepsessies aangedui het dat die rede vir toetrede tot privaatpraktyk juis was om weg te beweeg van die tradisionele maatskaplikewerkprosesse van hulpverlening.
- Sommige van die respondente verkies om nie bekend te staan as maatskaplike werkers nie maar noem hulself gesinsterapeute, huweliksberaders, kliniese terapeute of spelterapeute. Die oorversadigde kurrikulum in maatskaplike werk voorsien nie aan die behoeftes van maatskaplike werkers wat nie noodwendig primêre hulpverlening wil doen nie.
- Die maatskaplikewerkprosesse se benuttingswaarde in die model is dus van kardinale belang - veral indien ruimte gemaak kan word vir alternatiewe prosesse waar ekonomie en besigheid deel van hulpverlening uitmaak.
- Die komponent word dus opgeneem in die finale praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk.

8.5.1.4 Kategorie vier: Die benuttingswaarde van interne en eksterne elemente soos omgewingsverandering en emosionele intelligensie wat as relevante elemente opgeneem is in die praktykmodel

Die benuttingswaarde van interne en eksterne elemente wat as relevante elemente in die praktykmodel opgeneem is, is aan respondente gestel. Positiewe eenstemmigheid oor die benuttingswaarde van interne elemente, soos onder meer die sogenaamde maatskaplikewerk persoonlikheid en die gesonde eie self, is in beide groepe geopper.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Tipiese opmerkings deur die respondente in **kategorie vier** sluit onder meer in:

*Jy moet **jouself ken** as jy wil oorleef in privaatpraktyk (H, 30 Sep).*

*Dit help nie jy's **uitgebrand** nie. Ek was al amper en dit het my twee jaar gevat om weer aan die gang te kom (I, 30 Sep).*

*As jy jou **"flaws"(sic) kan bestuur**, dan wen jy al die pad. As jy nie byvoorbeeld van bel hou nie, kry 'n sekretaresse (F, 30 Sep).*

*Ek het nogal gegroei. Ek is baie meer **"assertive"(sic**) en sal nee sê as ek nie kannie, veral as ek weet die mense sou my in elk geval nie betaal nie. (B, 22 Sep).*

*Wat nogal vir my 'n "eye-opener" was, was dat ek my **persoonlike lewe** net so swak bestuur het soos my kliënte (M, 22 Sep).*

***Emosionele intelligensie** is nou die in ding, ek het 'n kursus bygewoon en dink dit kan jou praktyk net goed doen (B, 22 Sep).*

*Wat maak dit saak wat **binne aangaan**. Jy moet ag slaan op die **omgewing** daar buite; wat in die skole en kerke aangaan. As daar 'n ramp is, dan is jy daar by die hoof en bied jou dienste aan. Ek dink dit het nie net met bemarking te doen nie, maar ook met **"environmental scanning"(sic)** as 'n persoonlike "skill"(sic) (M, 22 Sep).*

***Dagboekbeplanning** is 'n belangrike aspek, dis deel van 'n **emosionele reis** vir my gewees, ek het besef dit kan jou maak of breek as ek dit nie doen nie. Mense haat dit as jy laat is met afsprake en kom nie weer nie (L, 22 Sep).*

*Hoe weet ek ek is **emosioneel intelligent**? Ek sê net vir myself "ou girl" jy kan die **"punch" vat (sic)** (B, 22 Sep).*

*Ek dink ek het 'n baie gemaklike bestuurstyl, dit werk vir my en my kantoorpersoneel. Dit is gemaklik en gebaseer op wedersydse vertroue, ek fokus veral op **die omgewing** en wat die behoeftes van my personeel is. maatskaplike werk het dit vir my geleer (C, 22 Sep).*

*Die vinnigste wat jy deure sluit, is as **jy emosioneel onvolwasse** is en "opcrack"(sic) oor elke dingetjie (M, 22 Sep).*

*Jy moet sterk wees, veral teen die sielkundiges. Hulle laat jou maar sleg voel oor wat jy kan doen. Ek het nogal 'n "**mental block**" gehad, maar het dr R se kursus oor **emosionele intelligensie** nogal raadsaam gevind (H, 22 Sep).*

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

*Volgens my is probleme probleme, dit wat 100 jaar gelede probleme was, is steeds. Ja mens moet seker jou **omgewing** goed ken, maar probleme verander nie, jy **"handle"** dit of jy sink, so min maatskaplike werkers is volwasse oor hulself. Veral die studente wat soms vir leiding kom aanklop. Totaal naief en eintlik so **weerloos** vir dit wat op hulle wag. (M, 22 Sep).*

- **Evaluering van die benuttingswaarde van komponent vier: Interne en eksterne elemente as komponent in die voorgestelde model**

- Die benuttingswaarde van 'n entrepreneuriese profiel as deel van die self as interne element word ook sterk ondersteun.
- Respondente wat genoem het dat hulle 'n entrepreneuriese ingesteldheid in hulle persoonlikheid ontwikkel het, kon die sukses in hulle praktyk waarneem.
- Onsekerheid het bestaan oor die benuttingswaarde van 'n sogenaamde bestuurstyl as interne element. Daar word eerder voorgestel dat persoonlike bestuur op die beginsels van sakebestuur gerig moet word.
- Emosionele intelligensie as interne element ten einde die self binne privaatpraktyk te bestuur, word geoordeel as 'n universele element vir 'n gesonde self.
- Respondente was van mening dat insluiting van elemente van emosionele intelligensie die benuttingswaarde van die model kan verhoog.
- Eksterne elemente, soos onder meer hoe om omgewingsverandering te antisipeer was redelik onbekend aan beide groepe. Een fokusgroeplid wat in 'n hoogs kompeterende omgewing werksaam is, het egter genoem dat sy moes leer hoe om "environmental scanning" te vervolmaak ten einde te kon oorleef. Indien sy vroeër in haar beroepslewe meer blootstelling aan die hantering van eksterne elemente gehad het, is sy van mening dat haar praktyk veel vinniger, sterker sou kon groei. Sy moes egter duur lesse betaal en moet steeds sogenaamde oordeelsfoute in haar praktyk bestuur.

- **Evaluerende gevolgtrekking**

Respondente wat deelgeneem het aan die fokusgroepbesprekings, het in geheel die siening met mekaar gedeel dat die konsepte, beginsels, prosesse en elemente van die voorgestelde praktykmodel, benuttingswaarde in praktyk sal hê. Inligting wat vanuit hierdie groepe gekom het is

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

geprosesseer en in 'n derde groep herhaal. Hiermee is die doel van fokusgroepbesprekings as kwalitatiewe datainsamelingsmetode, naamlik om kwalitatiewe inligting in te samel tot die uitkomste begin herhaal, bereik. Tydens fase 5 van die intervensienavorsingsproses naamlik die finale evaluering en gevorderde ontwikkelingsfase kon die navorser dus oordeel of nuwe inligting vanuit 'n derde fokusgroep verkry is wat sou beteken dat die fokusgroepbesprekings weer moet herhaal ten einde nuwe inligting te verifieer.

8.5.2 Empiriese resultate: Fase vyf - Evaluering en gevorderde ontwikkeling van 'n praktykmodel

'n Derde fokusgroep is op 3 Oktober 2003 as deel van fase vyf; naamlik evaluering en gevorderde ontwikkeling, gehou. Die groep het bestaan uit veertien (14) maatskaplike werkers in privaatpraktyk. Al veertien het aan die kriteria vir seleksie wat ook aan die eerste twee fokusgroepe gestel is, voldoen. Dieselfde uitdeelstuk wat in die eerste twee groepe uitgedeel is, is ook aan elkeen van hierdie lede gegee. Alle fokusgroepvrae en kategorieë het dieselfde gebly met die fokus op die insameling van data totdat 'n versadigingspunt bereik word, dit wil sê, inligting wat uit die twee eerste fokusgroepe verkry is, weer herhaal.

Die volgende aspekte wat ***anders*** was as met die eerste twee fokusgroepe kan soos volg saamgevat word:

- maatskaplikewerkbeginsels vorm vir hierdie groep die essensie van privaatpraktyk. Die benuttingswaarde van maatskaplikewerkbeginsels word dus deur hierdie groep as een van die mees kardinale aspekte binne privaatpraktyk gesien, en
- Die eksterne omgewing met fokus op ekonomiese en maatskaplike probleme is volgens hierdie groep 'n element wat ingesluit behoort te word in die voorgestelde model. Maatskaplike probleme rig 'n privaatpraktyk en agtergrond en kennis van omgewingsproblematiek hou 'n privaatpraktyk aan die gang. Dit kom dus daarop neer dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet weet hoe sleg of goed dit met die kliëntsisteem gaan. Betrokkenheid en ingeligtheid is van kardinale belang.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tipiese opmerkings deur hierdie fokusgroep in kategoriee wat bykomend en anders was as die ander twee fokusgroepe is onder meer:

- Kategorie een het geen bykomende of andersoortige opmerkings as in die eerste twee fokusgroepe opgelewer nie.
- Kategorie twee met fokus op die benuttingswaarde van **beginsels**:

  *Primêr bly jy steeds 'n maatskaplike werker. Ek gebruik **besigheidsbeginsels** om my privaatpraktyk te bestuur en **maatskaplikewerkbeginsels** om my kliënte te sien. (M, 3 Okt.)*
- Kategorie drie met fokus op die benuttingswaarde van prosesse in 'n praktykmodel het geen bykomdende of andersoortige opmerkings as die eerste twee fokusgroepsessies opgelewer nie.
- Kategorie vier met fokus op die benuttingswaarde van **elemente** in 'n praktykmodel:

  Jou omgewing bepaal jou praktyk se groei. As dit sleg gaan met die praktyk kan jy maar na jou omgewing toe teruggaan en sien dit gaan ook sleg in die gemeenskap (W, 3 Okt).

  My grootste probleem is om by te bly met verandering. Terapie is "trendy" en ek spandeer 'n derde van my tyd om my op te skerp oor dit wat in die nuus is (S, 3 Okt).

  Watter maatskaplike werker kan haar distansieer van haar omgewing? Haar omgewing is haar kliëntebasis (C, 3 Okt).

Alle data wat deur die loop van die derde fokusgroep ingesamel is, kon deur die navorser in bestaande subkategorieë ingedeel word. Die data wat dus ingesamel is, iwas herhalend van aard en geen van die data wat in enige van die kategorieë of subkategorieë ingedeel is het die benuttingswaarde van enige konsepte, beginsels, prosesse of elemente in 'n ontwikkelde praktykmodel in twyfel getrek nie. Die navorser het dus met drie fokusgroepe volstaan.

Met die voltooiing van die fokusgroepe het die navorser fase vier en fase vyf van die intervensienavorsingsmodel suksesvol voltooi. Met die voltooiing van hierdie fases is doelwit iv - om die ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde te evalueer, suksesvol bereik.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

8.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die empiriese bevindinge aan die hand van die intervensienavorsingsmodel aangebied. Die analisering van die kwalitatiewe data, soos deur die fokusgroepe verky. Hierdeur is die doelwit wat gestel is naamlik om die benuttingswaarde van die praktykmodel te evalueer, bereik.

In Hoofstuk nege sal aandag geskenk word aan die oorhoofse evaluering, samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van die totale navorsingsproses. Hierna sal aanbevelings geformuleer word wat uit die navorsing voortvloei.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

We don't see things as they are
*We see things as **we** are*

9.1 Inleiding

Die intervensienavorsingmodel maak spesfiek daarvoor voorsiening dat kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gekombineer kan word. Hierdie eienskap gee daartoe aanleiding dat breedvoerig gerapporteer is oor 'n groot verskeidenheid van aspekte in hierdie studie. Hierdie aspekte sluit grotendeels alle konsepte, beginsels, prosesse, elemente en empiriese navorsing in ten einde 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te kon ontwikkel en evalueer. Dit is volgens die navorser noodaaklik dat elk van hierdie komponente wat binne hierdie studie aangespreek is sinvol binne 'n samevatting beoordeel word ten einde tot 'n wetenskaplike gevolgtrekking daaroor te kan kom en toepaslike aanbevelings te kan maak.

Hierdie hoofstuk sal benut word om hoofsaaklik elke voltooide hoofstuk saam te vat, te evalueer en aanbevelings daaruit te maak. Daar sal verder bepaal word of die probleem wat geformuleer is deur middel van die navorsing beantwoord is en of die doel en doelwitte wat gestel is, suksesvol bereik is.

Die totale navorsingsproses het die navorser tot bepaalde insigte met betrekking tot maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika laat kom. Hierdie insigte het ontwikkel deur die loop van die studie, en veral met verloop van die bestudering van die literatuur. Die bestudering van die literatuur was 'n omvattende taak en het grotendeels bygedra tot die finale produk. Die literatuurstudie is onderneem deur vanuit 'n voorgestelde teoretiese verwysingsraamwerk, naamlik

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

die Sisteemteorie, geïdentifiseerde konsepte, beginsels, prosesse en elemente te bestudeer. Die totale literatuurstudie verteenwoordig die voorgestelde model en kan soos volg saamgevat word:

- 'n Inleidende hoofstuk wat agtergrond en struktuur aan die studie bied;
- 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die voorgestelde model met 'n indiepte bestudering van die Sisteemteorie;
- toepaslike konsepte met fokus op waardes, etiek en bemagtiging as belangrike konsepte binne maatskaplikewerk privaatpraktyk;
- toepaslike beginsels met fokus op maatskaplikewerk beginsels, besigheidsbeginsels en lewensbeginsels binne die konteks van maatskaplikewerk privaatpraktyk;
- toepaslike prosesse met fokus op hulpverleningsprosesse in maatskaplike werk, bestuursprosesse in maatskaplikewerk privaatpraktyk en entrepreneuriese prosesse wat in maatskaplikewerk privaatpraktyk teenwoordig is. Verder is 'n profiel van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika, wat die prosesse toepaslik in maatskaplikewerk hulpverlening verteenwoordig, ook saamgestel en volledig weergegee; en
- toepaslike elemente met fokus op interne en eksterne elemente in die omgewing. Die interne elemente sluit onder meer karaktertrekke van die entrepreneuriese persoonlikheid, maatskaplikewerk persoonlikheid en bestuurspersoonlikheid in, terwyl die eksterne elemente onder meer die omgewing en omgewingsverandering vir 'n privaaptraktyk omskryf.

Die ontwikkelde praktykmodel kan ook opsommend op p 307 van Hoofstuk sewe gevind word.

Vervolgens sal elke hoofstuk in die studie saamgevat en ge-evalueer word en met die nodige gevolgtrekkings en aanbevelings toegelig word. Die bespreking begin met Hoofstuk een.

9.2 Hoofstuk 1: Algemene inleiding tot die studie

9.2.1 Samevatting

Hoofstuk een bied 'n algemene inleiding en orientering tot die studie. Hierdie hoofstuk bied die struktuur en rasionaal vir navorsing. Die navorsingsmetodologie word bespreek deur die motivering

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

vir die studie, die probleemformulering, doel en doelwitte duidelik en gestruktureerd uiteen te sit. Hieruit vloei die navorsingsvrae en die benadering wat tydens die navorsingsproses gevolg is. Die prosedure en werkwyse gaan die voorondersoek voor, waar agtergrond met betrekking tot die keuse van geselskteerde konsepte uiteengesit word.

Die universum, steekproef en steekproefprosedure word verder bespreek waarna etiese aspekte kortliks uiteengesit word. Sleutelkonsepte vir die studie is gedefinieer waarna die probleme en beperkings van die studie uiteengesit is. Die hoofstuk eindig met 'n kort uiteensetting van die opvolgende hoofstukke vir die proefskrif.

9.2.2 Algemene gevolgtrekkings

Vanuit die literatuur wat in Hoofstuk een uiteengesit word is dit duidelik dat:

(a) Die uitdaging aan die maatskaplike werker daarin gevind kan word dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk toegerus moet word om 'n privaatpraktyk suksesvol te bedryf;

(b) in Suid-Afrika bestaan daar min navorsing oor die sukses en toepaslikheid van privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk;

(c) privaatpraktyk in maatskaplike werk bied 'n alternatiewe oplossing vir die beoefening van maatskaplike werk;

(d) die ontwikkeling van privaatpraktyk as nuwe, dinamiese fokuspunt in maatskaplike werk, het tot die strewe na nuwe kennis en die daarstelling van 'n wetenskaplike gefundeerde kennisbasis vir privaatpraktyk, aanleiding gegee;

(e) die probleem wat aangespreek word in hierdie studie is dus dat daar geen praktykmodel vir privaatpraktykbestuur eie aan die aard en werkwyse van maatskaplike werk bestaan nie;

(f) daar 'n behoefte aan navorsing in die veld van maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika is;

(g) die soort navorsing, naamlik die intervensienavorsingsmodel wat in hierdie studie gebruik is, was toepaslik en suksesvol ten einde die geformuleerde probleem aan te spreek en die navorsingsvrae sinvol te beantwoord;

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(h) die navorser het deur middel van verkennende, beskrywende en evaluerende navorsingsontwerpe daarin geslaag om 'n volledige praktykmodel te konstrueer en beskikbaar te stel vir professionele gebruik;

(i) die keuse van die kwalitatiewe navorsingsbenadering in die empiriese gedeelte van die studie is met sukses toegepas aangesien die model se sukses, *per se*, nie meetbaar is nie maar die benuttingswaarde van die voorgestelde model met groter sukses ge-evalueer kan word. Ten einde *benuttingswaarde* te evalueer beteken dat 'n ryk, indiepte evaluering oor elke komponent wat ingesluit is in die model, gedoen moes word. Die benutting van fokusgroepe het aan hierdie voorvereiste voldoen en nodige sinvolle resultate gelewer;

(j) 'n leemte in die studie is dat die benuttingswaarde slegs deur maatskaplike werkers in privaatpraktyk woonagtig in die grense van die Wes-Kaap ge-evalueer is. Die graad van wetenskaplikheid van die model sou hoër gewees het indien elke provinsie in Suid-Afrika binne die ondersoek ingesluit kon word alhoewel die resultate, weens die benutting van fokusgroepe in die studie nie noodwendig anders sou vertoon nie; en

(k) hierdie studie 'n waardevolle bydrae kan lewer tot die maatskaplikewerk beroep aangesien dit 'n blik bied op die beoefening van maatskaplike werk binne die grense van besigheid, entrepreneuriese denke en omgewingsverandering.

8.3.4 Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bepaalde aspekte in Hoofstuk een

Vanuit bogenoemde inligting is die volgende aspekte in meer detail ge-evalueer met bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings:

- Wyse waarop die probleem aangespreek is;
- doel en doelwitte van die studie;
- navorsingsvraag;
- fokusgroepe as data insamelingsmetode.

9.2.3.1 Wyse waarop die probleem aangespreek is

- **Evaluering**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tydens die formulering van die probleem vir hierdie navorsing is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen model vir privaatpraktykbestuur eie aan die aard en werkwyse van maatskaplike werk bestaan nie. Verskeie navorsingsbenaderings, ontwerpe en prosedures bestaan waarmee 'n bepaalde navorsingsprobleem aangespreek en ondersoek kan word. Die taak van die navorser was om die mees toepaslike navorsingswyse te selekteer ten einde die mees doeltreffende resultaat te verkry. Figuur 9.1 bied 'n kontekstuele uiteensetting van die proses wat deurloop is alvorens op 'n geskikte wyse besluit is waarop die probleem aangespreek sou word.



Figuur 9.1 Kontekstuele uiteensetting van die wyse waarop die navorsingsprobleem aangespreek is

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Vanuit hierdie proses was dit duidelik dat 'n raamwerk nodig sou wees waarbinne die model ontwikkel kon word. Die intervensienavorsingsmodel het hierdie raamwerk voorsien.
Deur gebruik te maak van die intervensienavorsingsmodel kon die navorser die navorsingsverslag indeel volgens prosedures wat as fases in die model uiteengesit is.. Daar is meer spesifiek volgens die ontwerp en -ontwikkelingsvlak van hierdie model gewerk wat 'n riglyn gevorm het vir die ontwikkelingsproses van 'n voorgestelde model in privaatpraktykbestuur.

Die praktiese implementering van die intervensiemodel is voorafgegaan deur 'n teoretiese konseptuele raamwerk soos vervat in hoofstuk twee, hoofstuk drie, hoofstuk vier, hoofstuk vyf en hoofstuk ses. Hierdie kontekstuele raamwerk het die teoretiese fundering vir die studie verskaf waarteen die ontwikkelde model in hoofstuk sewe en agt getoets is.

Die navorser het met die gebruik van die intervensienavorsingsmodel die probleem prakties aangespreek en het die werkwyse as 'n probleemoplossende proses en 'n effektiewe hulpmiddel beskou ten einde die bestaande probleem aan te spreek.

'n Verdere voordeel met die gebruik van die intervensienavorsingsmodel wat die navorser vanuit hierdie studie kan identifiseer is dat die model 'n gegewe realistiese probleem en praktiese doel as vertrekpunt gehad het. Dit was dus nie nodig om 'n hipotese te toets of 'n teorie te ondersoek nie. Die model kon sistematies en gestruktureerd saamgestel word ten einde 'n volledige verteenwoordiging van die gegewe werklikheid te bied. Die proses waardeur die intervensienavorsingsmodel se fases tot uitvoer gebring is, was plooibaar met 'n fundamentele riglyn wat die navorser op koers gehou het.

Ten einde te bepaal of hierdie probleem sinvol deur die loop van die studie aangespreek is, is dit belangrik om te bepaal of die navorser getrou aan die aard en werkwyse van maatskaplike werk gebly het en geoordeel het of 'n ontwikkelde model wel 'n bydrae tot die maatskaplikewerk kennisbasis kon lewer.

- **Gevolgtrekking ten opsigte van die wyse waarop die probleem aangespreek is**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat intervensienavorsing 'n besonder toepaslike navorsingsmodel vir die ontwerp en ontwikkeling van 'n model vir privaatpraktyk in maatskaplike werk is. Die navorsingsmodel begelei die proses deur middel van bepaalde fases en aktiwiteite tot die daarstelling van 'n eindproduk wat, aan die nodige vereistes vir die hantering van die geïdentifiseerde probleem voldoen. Dit bied ook die geleentheid dat die model met herhaling aangepas en verbeter kan word. Hierdie navorsingsmodel dra daartoe by dat 'n klaarontwikkelde produk nie beskou word as 'n eenmalige beantwoording van 'n behoefte wat oor bepaalde leemtes beskik nie, maar eerder as die vertrekpunt en bousteen vir toekomstige verdere ontwikkeling van 'n beter en nog meer toepaslike model.

- **Aanbevelings ten opsigte van die wyse waarop die probleem aangespreek is**

In die geheel beskou het die wyse waarop die probleem aangespreek is hoofsaaklik bestaan uit die gebruik van die intervensienavorsingsmodel. Die benutting van hierdie navorsingsmodel met sy besondere prosedures word aanbeveel as 'n geskikte wyse waarop 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk ontwikkel kon word en daardeur die geformuleerde probleem te kon aanspreek.

9.2.3.2 Die bereiking van die doel en doelwitte van die studie

- **Evaluering**

Die doel vir die studie is in Hoofstuk een punt 1.4, soos volg uiteengesit "Om 'n model vir maatskaplikewerk privaatpraktybestuur in Suid-Afrika te ontwikkel en die benuttingswaarde daarvan te evalueer". Ten einde die doel te bereik is die totale intervensienavorsingsproses deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek in die vorm van vyf opeenvolgende fases soos uiteengesit in hoofstuk sewe deurloop en voltooi. Deur die proses om die doel van die studie te bereik is doelwitte geformuleer ten einde hierdie proses te verpraktiseer.

Die doelwitte vir die studie was soos volg:

(i) Om 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel;

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(ii) om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken;

(iii) om 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel; en

(iv) om die ontwikkelde model se benuttingwaarde te evalueer.

Die proses wat deurloop is ten einde die doelwitte te bereik word in Tabel 9.1 ge-evalueer:

Tabel 9.1 Evaluering van die doelwitbereiking in die studie

Doelwit	Doelwitbereiking	Verwysende hoofstukke ten einde doelwitbereiking te bepaal
Om 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te verken.	Die navorser het 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk verken deur die mees toepaslike literatuur te bestudeer en daardeur 'n grondslag te stel vir 'n universele multidissiplinêre benadering tot alle ander literatuurhoofstukke. Die teoretiese verwysingsraam het die konteks gebied waaruit die navorser gewerk het. Hierdie kontekstualisering het vanuit die Sisteemteoretiese benadering geskied.	Hoofstuk twee. Die literatuur is tot so 'n mate verken dat 'n teoretiese verwysingsraamwerk suksesvol gekonstrueer kon word. Hoofstuk drie, vier, vyf en ses: Die komponente binne 'n voorgestelde struktuur van die model is vanuit die teoretiese verwysingsraamwerk, naamlik die Sisteemteorie aangespreek. Die fokus van hierdie hoofstukke was onder meer om ondersoek in te stel na die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente wat binne 'n voorgestelde model toepaslik sou wees. Hierdie proses het bygedra tot die bereiking van

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

		die eerste doelwit.
Om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken	Ten einde 'n profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te konstrueer het die navorser gebruik gemaak van sekondêre data-ontleding. Die bestaande databank van SAASWIPP wat inligting oor alle geregistreerde maatskaplike werkers in privaatpraktyk bevat is bestudeer en noukeurig verken waarna 'n profiel saamgestel is van bestaande praktyke	Hoofstuk vyf Hoofstuk vyf is gebruik waartydens die navorser die doelwit kon operasionaliseer. Deur gebruik te maak van eenvoudige data-ontledingstegnieke kon 'n profiel van bestaande praktyke suksesvol verken word.
Om 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel	Met die sistematiese en noukeurige toepassing van die intervensienavorsingsmodel, is 'n model vir privaatpraktykbestuur noukeurig ontwikkel.	Hoofstuk sewe In hierdie hoofstuk beskryf die navorser die intervensienavorsingsproses volledig en sistematiese met 'n in-diepte bespreking van hoe die proses benut is vir die ontwikkeling van 'n praktykmodel. Deur gebruik te maak van alle gegewe data en die bestudering van die literatuur is 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk suksesvol ontwikkel.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Om die ontwikkelde model se benuttingswaarde te evalueer.	Nadat die ontwikkelde model gekonstrueer is, is sy benuttingswaarde ge-evalueer deur gebruik te maak van fokusgroepe. Hierdie toepassing binne die konteks van die intervensienavorsingsmodel het in Fase drie en vyf geskied.	Hoofstuk agt In Hoofstuk agt is die prosedure waarmee die ontwikkelde model se benuttingswaarde ge-evalueer is, deur middel van kwalitatiewe data-ontledingstegnieke uiteengesit. Vanuit hierdie data kon daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die ontwikkelde model wel benuttingswaarde vir maatskaplikewerk privaatpraktyk het.

- **Gevolgtrekking ten opsigte van die bereiking van die doel en doelwitte van die studie**

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die doel wat vir hierdie studie gestel is met behulp van die doelwitte sinvol bereik is. Die uitkoms van die gestelde doel het 'n model tot gevolg wat onder andere deur maatskaplike werkers in privaatpaktyk benut kan word.

- **Aanbeveling ten opsigte van die bereiking van die doel en doelwitte van die studie**

Die model vir maatskaplike werkers in privaatpraktyk word na aanleiding van die doel en doelwitbereiking aanbeveel as 'n geskikte model met benuttingswaarde vir privaatpraktyk.

9.2.3.3 Navorsingsvraag

- **Evaluering van die navorsingsvraag vir die studie**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Met die formulering van 'n navorsingsvraag vir die studie het die navorser seker gemaak dat die onderwerpveld wat bestudeer en verken is, deeglik en volledig gedoen is. Deur toepaslike navorsingsvrae te formuleer is veranderlikes ingesluit wat die studie afgebaken het. Die onderwerp is binne konteks van die studie geplaas en afbakening is hierdeur verseker.

Die volgende relevante navorsingsvrae is gestel :

- Wat is die aard van fuksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika?
- Wat is die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplikewerk?
- Wat is die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika?

Die navorsingsvrae is soos volg in die studie beantwoord:

Tabel 9.2 Die beantwoording van die navorsingsvrae vir die studie

Navorsingsvraag	Navorsingsantwoord
Wat is die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyk in Suid-Afrika?	Die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyk in Suid-afrika word gekenmerk deur 'n verskeidenheid spesialiseringsterreine. maatskaplike werkers in privaatpraktyk benut onder meer gevallewerk, groepwerk, gemeenskapswerk, supervisie, aanneming, opleiding, statutêre en forensiese maatskaplike werk as wyse van inkomstegenerering. 'n Profiel met die verspreiding van elk van hierdie spesialiseringsterreine in Suid-Afrika is in Hoofstuk vyf saamgestel wat die aard van funksionering duidelik beantwoord en verklaar.
Wat is die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n praktykmodel vir	Die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n model vir

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk?	privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk sal onder meer bestaan uit konsepte wat waardes, etiek en bemagtiging omsluit, besigheidsbeginsels, maatskaplikewerk beginsels en entrepreneuriese beginsels bevat, bestuursprosesse, maatskaplikewerk prosesse en entrepreneuriese prosesse beskryf en eksterne en interne elemente insluit. Hierdie komponente is volledig bespreek in hoofstuk twee, hoofstuk drie, hoofstuk vier, hoofstuk vyf en hoofstuk ses en in 'n praktykmodel deur middel van die intervensienavorsingsmodel in hoofstuk sewe ontwikkel.
Wat is die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk?	Die benuttingswaarde is deur 'n groep van 47 maatskaplike werkers in privaatpraktyk beoordeel en as benutbaar vir privaatpraktyk beoordeel.

- **Gevolgtrekking ten opsigte van die navorsingsvrae vir hierdie studie**

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat elk van die drie navorsingsvrae wat in Hoofstuk een, punt 1.5 geformuleer is, sinvol en volledig beantwoord kon word. Met die sinvolle beantwoording van die navorsingsvrae kon die navorser tot die gevolgtrekking kom dat die navorsingsbenadering wat tydens hierdie studie gevolg is, genoeg ruimte gelaat het om die navorsingsvrae tot so 'n mate te beantwoord dat daar vir die probleem wat uitgespreek is, 'n sinvolle oplossing gevind kon word en dat die oorkoepelende doel van die studie, sinvol bereik kon word.

9.2.3.4 Fokusgroepe as data-insamelingsmetode

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

- **Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings vir fokusgroepe as data-insamelingsmetode**

Deur gebruik te maak van fokusgroepe, kon die navorser bepaal of die nuutontwikkelde model vir privaatpraktykbestuur wel benuttingswaarde sou hê. Die respondente is dus geselekteer weens die feit dat hulle oor besondere karakteristieke beskik ten einde wel in staat te wees om 'n mening oor die benuttingswaarde van die model te kon uitspreek.

Die navorser het met die gebruik van fokusgroepe daarin geslaag om die waarde van die ontwikkelde model na 'n populasie te neem waar elke respondent 'n eiesoortige persepsie oor die konsepte, beginsels, prosesse en elemente van privaatpraktyk besit. Die gemene deler was of die komponente wat ingesluit is in die model, sinvol en relevant sou wees. Uit die proses wat met die fokusgroepe deurloop is, kon die navorser hoor en evalueer wat maatskaplikewerk privaatpraktisyns werklik voel en beleef in praktyk en sodoende ook van hulle leer.

Die oorkoepelende doel van die fokusgroepbesprekings was om te luister en te leer van die respondente. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die fokusgroepe die navorser in staat gestel het om die werklike praktyk te verken, om konteks en diepte ten opsigte van die ontwikkelde model te verkry en om die komponente wat in die model ingesluit is sinvol te interpreteer en toepaslik te maak binne privaatpraktyk.

Die volgende aspekte rakende die fokusgroeponderhoude is van belang:

- **Evaluering van die proses van fokusgroepbenutting**

Die rasionaal vir die gebruik van fokusgroepe as data-insamelingsmetode kan gevind word in die persoonlike oortuiging van die navorser dat maatskaplike werkers in privaatpraktyk dikwels kla oor 'n geïsoleerdheid wat hulle beleef jeens kontak en die meedeling van kennis, ervarings in praktyk, suksesse en vrese. Die benutting van fokusgroepe is in die geval van hierdie navorsing drieledig naamlik:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(i) Ten einde die navorsingsdoel, naamlik die evaluering van die benuttingswaarde van die ontwikkelde model, tot uitvoer te bring met behulp van 'n ryk, sinvolle proses van kommunikasie rondom die nuut ontwikkelde model,

(ii) ten einde aan die maatskaplike werkers in privaatpraktyk die geleentheid tot onderlinge kollegiale gespreksvoering te bied waarbinne hulle die sogenaamde "isolasie-gevoel" kan verminder, en

(iii) ten einde die kommunikasienetwerk met onderlinge gespreksvoering te stimuleer sodat die aard en inhoud van die gesprekke tot die evaluering van die benuttingswaarde van elk van die komponente in die ontwikkelde model sal aanleiding gee.

- **Evaluering van die benadering wat binne die fokusgroepe gevolg is**

Tydens die benutting van fokusgroepe as data-insamelingsmetode is 'n kliniese benadering ten opsigte van die data-insameling gevolg. Hierdie kliniese benadering het van die veronderstelling uitgegaan dat die komponente wat ingesluit is in die ontwikkelde model verstaan moet word deur elke respondent. Die benadering het tot gevolg gehad dat spesifieke inligting oor persoonlike belewenisse deur respondente gedeel is.

Die interpretasie van hierdie data is in 'n volgende stap aan die hand van reeds bestaande literatuur gedoen ten einde die insluiting daarvan in die model te motiveer. Die benadering wat gevolg is het die geleentheid gebied om werklike aspekte van belang vir hierdie navorsing aan te spreek.

- **Die beplanningsproses vir die fokusgroepe**

Met die beplanning van die fokusgroep het die navorser 'n duidelike plan uiteengesit waarvolgens die logiese verloop van elke fokusgroep opgeteken sou word. Hierdie logiese verloop het verseker dat indien tekortkominge in die voorgestelde model in die fokusgroepe geopper sou word, dit sinvol opgeteken sou word ten einde dit te gebruik in die verfyning van die voorgestelde model.
Die verloop van die beplanningsproses het vier komponente bevat wat soos volg in Tabel 9.3 ge-evalueer kan word:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Tabel 9.3 Die evaluering van die verloop van fokusgroepbeplanning in die studie

Komponent in die beplanningsproses	Evaluering van die komponent
Oorhoofse beplanning	Die oorhoofse beplanning is aan die hand van 'n skedule gedoen wat saamgestel is uit die bestaande literatuur oor fokusgroepe. Vanuit die literatuur kon die navorser 'n duidelike en gestruktureerde beeld vorm van alle belangrike aspekte wat ingesluit moet word in die benutting van fokusgroepe as data-insamelingsmetode. Die oorhoofse beplanning van die fokusgroepe het bygedra tot 'n gestruktureerde aanbieding van die fokusgroepe. Hierdeur kon die navorser met sukses data insamel om sodoende die benuttingswaarde van die ontwikkelde model te evalueer. Die beplanningsproses het die volgende positiewe uitkomste vir die studie tot gevolg gehad: • Die die doel en uitkoms van die foksugroep is duidelik geformuleer; • 'n tydlyn is suksesvol vir die afhandeling van die fokusgroepe opgestel; • potensiële respondente vir die fokusgroepe kon geïdentifiseer word; • die fokusgroepvrae is suksesvol geformuleer; • die adminstratiewe beplanning vir die fokusgroepe is afgehandel. Hierdie administratiewe beplanning het die plek, tyd en datum van die beplande fokusgroepe ingesluit; en aandag is geskenk aan die beplanning vir die ontledingsproses.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Beplanning van die werwing van lede	Ten einde lede vir die fokusgroepe te kon werf moes die navorser alle aspekte van die ontwikkelde model voltooi het. Nadat hierdie proses voltooi is, is die volgende take suksesvol afgehandel: • Die teikenpopolasie is gedefinieer, ge-evalueer en oorweeg vir moontlike insluting en of uitsluiting in die fokusgroepe. • Elk van die drie fokusgroepe se unieke samestelling is afsonderlik uiteengesit.. • Geïdentifiseerde respondente is telefonies gekontak. • Geïdentifiseerde respondente is na die aanvanklike telefoniese kontak per brief van die administratiewe reëlings in kennis gestel. 'n Breë raamwerk oor die aard, taak en rol van die respondent is ingesluit in die brief.
Beplanning vir die verloop van die fokusgroepe	Die beplanningsproses vir die verloop van die fokusgroepe is nie voor aanvang van die fokusgroepe voltooi nie. Ruimte is gelaat om binne die aanvang van elke fokusgroep te herstruktureer indien dit nodig is. Komponente wat wel vooraf afgehandel was, is soos volg: • Die taak en rol van die fasilisteerder is bestudeer en deur die navorser geinternaliseer. Hierdie komponent was vir die navorser nodig aangesien haar persoonlike oriëntasie ten opsigte van die hantering van groepe gesetel is in die beginsels van Maatskaplike groepwerk. • Die bestudering van literatuur oor die afneem van veldnotas is deur die navorser gedoen ten einde die vaardighede wat van haar verwag sou word in hierdie verband nie deel was van haar bestaande kundigheid

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

	nie. • Alle finale administratiewe reëlings is suksesvol met respondente wat geselekteer is, getref.
Beplanning vir die ontledingsproses	In die beplanning vir die ontledingsproses is 'n tydlyn vir die opstel van sowel die transkripsies van die fokusgroepgesprekke as die ontleding van die transkripsies opgestel.

Die beplanningsproses vir die fokusgroepe is suksesvol gedoen. Die navorser is van mening dat die beplanningsproses bygedra het tot die suksesvolle voltooiing van die fokusgroepe.

'n Leemte wat die navorser ervaar het was dat die aanvanklike tyd wat beplan is vir die transkribering en ontleding van die fokusgroepgesprekke ontoereikend was. 'n Verdere drie maande moes gebruik word ten einde hierdie taak suksesvol af te handel. Die misgissing in die tydsverloop van hierdie aksie het die afhandeling van die empiriese deel van die navorsing vertraag.

- **Die insluiting van respondente in die fokusgroepe**

Die insluiting van respondente in die fokusgroepe was sinvol en geslaagd alhoewel die navorser tot die gevolgtrekking kan kom dat elke aspek van die sukses van 'n fokusgroep afhang van die selektering van die respondente.

Die navorser het ten spyte van noukeurige seleksie steeds nie die respondente persoonlik geken nie en insluiting in die fokusgroepe het geskied op grond van doelgerigte steekproefneming gebasseer op feitlike aspekte soos onder meer die tydperk wat die respondent in privaatpraktyk is en registrasie by SAASWIPP. 'n Leemte wat die navorser ervaar het is dat alhoewel al die respondente homogene karaktertrekke gedeel het, hulle steeds onbekend met mekaar was en uiteenlopende persoonlikhede gehad het. Alhoewel hierdie aspekte van meet af nie vir die navorser soos 'n probleem gelyk het nie, het dit besondere vaardighede van die navorser gevra om

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

die groepe sinvol te fasiliteer. Die navorser sal aanbeveel dat aanvanklike onderhoude met geselekteerde respondente hierdie leemte kan aanspreek.

Groepsgrootte is in elke fokusgroep as 'n positiewe aspek van die besondere fokusgroep uitgewys. 'n Wye verskeidenheid response is van elke fokusgroep ontvang, wat die balans tussen die hoeveelheid respondente en die insette wat gelewer is, geregverdig het.

- **Die hoeveelheid fokusgroepe**

Die hoeveelheid fokusgroepe wat aangebied is, naamlik drie (3) word deur die navorser as toereikend bestempel. Dit was reeds duidelik na die tweede fokusgroep dat die benuttingswaarde van die konsepte, beginsels, prosesse en elemente van die ontwikkelde model sinvol en toepaslik ge-evalueer is. Ten einde gestand te doen aan die aard van kwalitatiewe navorsing is dit volgens Morgan en Krueger in Greeff (2002:312) noodsaaklik dat fokusgroepe met nuwe respondente herhaal ten einde alle moontlike nuwe insette in te sluit in die datastel. Die fokusgroepe is na drie toepassings getermineer nadat die navorser met sekerheid die inhoud van moontlike verdere fokusgroepe kon antisipeer deurdat versadigingspunt in fokusgroepbesprekings bereik is.

Die terminering van die fokusgroepe na drie byeenkomste kan ook verantwoord word deur die feit dat die hoeveelheid data wat ingesamel is nie die rykheid en diepte van die inhoud wat met die drie fokusgroepe ingesamel is, sou verander nie.

- **Die groepsfasilitering**

Die navorser se rol as groepsfasiliteerder kan ge-evalueer word aan die hand van die suksesvolle data-insameling tydens die totale proses. Die navorser het 'n ondersoekende ingesteldheid gehad en was verbind tot 'n objektiewe beoordeling van die inhoud van die ontwikkelde pratykmodel. Die feit dat die navorser self die fasiliteringsproses behartig het, het 'n sinvolle en positiewe bydrae tot die proses gelewer. Die navorser het toereikende agtergrong besit oor die onderwerp aangesien sy self die model ontwikkel het. Hierdie aspek het die fokusgroep se effektiwiteit verbeter aangesien die navorser enige kwelpunte wat tydens sessies ontstaan het self kon oplos.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die grootste leemte wat die navorser tydens die fasilitering van die fokusgroepe ervaar het, was die uitoefening van beheer oor die gesprekstrant. Die navorser was met tye onseker of subtiele beïnvloeding van die gesprekstrant nie die spontaniteit, belangstelling en betrokkenheid van respondente negatief sou beïnvloed nie. Die uitkoms hiervan was dat al drie fokusgroepe tydsaam en langdurig was. Dit kon veroorsaak dat respondente moeg en uitgeput raak.

- **Die afneem van veldnotas**

Die proses om veldnotas tydens fokusgroepe af te neem, word deur die navorser as een van die mees belangrike aspekte van die totale navorsingsproses beskou. Die navorser het gebruik gemaak van bandopnames tydens elk van die drie fokusgroepe. Die grootste leemte wat met hierdie proses ervaar is, is dat stemherkenning met die ontleding van die opnames soms moeilik en tydrowend was. 'n Organigram is getrek ten einde hierdie proses te vergemaklik. Hierdie organigram het die fisiese plasing van elke respondent aangedui. Respondente is ook versoek om na 'n vyftien minute verposing weer dieselfde posisies in te neem.

Die interpretasie van nie-verbale kommunikasie kan as 'n leemte in die ondersoek beskou word. Die navorser het met tye gevoel dat waardevolle inligting verlore gaan aangesien mede-respondente soms met nie-verbale gedrag saam met argumente wat geopper is, gestem het. Hierdie inligting het met tye verlore gegaan omdat die navorser op 'n ander punt in die groep gefokus was. Die blote bewustheid van nie-verbale kommunikasie tussen lede was nie genoeg rede vir die navorser om dit in te sluit in datastel nie. Die gebruik van 'n assistent tydens die verloop van die fokusgroepsessies mag hierdie proses vergemaklik.

- **Die ontleding van die data**

Dit was vir die navorser noodsaaklik om met die ontleding van die data die oorkoepelende doelwitte wat van toepassing vir die deel van die studie was, in gedagte te hou. Die ontledingsproses van die kwalitatiewe data wat opgeneem is in die transkripsie was kompleks en ingewikkeld. Die fokus in die ontledingsproses was om patrone wat herhaal en die rigting waarin

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

die gesprekke beweeg het, te ontleed. Dit is bereik deur gebruik te maak van kategorie-ontledings en sub-kategorie ontledings waarbinne die navorser sistematies, deurlopend en ongesteurd 'n vergelyking tussen al die groepe se insette kon tref. Die resultaat hiervan was 'n wetenskaplike bydrae op elk van die komponente wat ingesluit is in die ontwikkelde model.

9.3 Hoofstuk twee: 'n Teoretiese verwysingsraamwerk vir die voorgestelde model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.3.1 Samevatting

Die literatuurstudie in Hoofstuk twee word ingelei met 'n bespreking oor die belangrikheid van 'n teoretiese verwysingsraamwerk binne die konteks van modelontwikkeling. Konseptualisering van wat verstaan word as 'n model, die proses van modelontwikkeling en teoretiese modelle in maatskaplike werk bied 'n agtergrondsbeeld van die noodsaaklikheid van 'n gekose teoretiese verwysingsraamwerk. Die belangrikheid van 'n oop-model benadering binne die konteks van modelontwikkeling baan die weg tot die bespreking van die algemene Sisteemteorie as toepaslike verwysingsraamwerk. In die bespreking van die algemene Sisteemteorie word die komponente van belang en die grondbeginsels waarop die Sisteemteorie gebasseer is, uiteengesit. Hierdie grondbeginsels sluit onder meer die onderlinge verhouding en afhankllikheid van sisteme, die holistiese uitgangspunte van die Sisteemteorie, homeostase, die proses van transformasie, insette en uitsette, entropie, regulering binne 'n sisteem, die hierargiese verhouding binne sisteme en differensiasie, in. Die subsisteme binne die sisteem word bespreek aangesien die belangrikheid daarvan vir privaatpraktykbestuur in latere hoofstukke duidelik word.

9.3.2 Gevolgtrekkings

Vanuit die bestudering van die literatuur in die hoofstuk wat handel oor die Sisteemteorie is dit duidelik dat:

(a) Die hoofstuk die dinamiese aard en toepaslikheid van die Sisteemteorie binne hierdie studie suksesvol bestudeer en bespreek het;.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

(b) die toepaslikheid van die Sisteemteorie, ten spyte van die feit dat hierdie teorie reeds meer as drie dekades gelede in die menslike diensberoepe uiteengesit is, steeds 'n duidelike en relevante verklaring vir die funksionering van 'n privaatpraktyk as 'n sisteem binne 'n gemeenskap bied;

(c) die verklaring van komponente binne die Sisteemteorie verstaanbaar en toepaslik is en daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die oorsaak en gevolg-verhouding binne sisteme as kompleks hanteer moet word. Hierdie insig bring mee dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk nie in isoloasie funksioneer nie maar binne 'n sisteem met 'n veelheid van veranderlikes moet kan oorleef; en

(d) die Sisteemteorie as teoretiese verysingsraamwerk stipuleer ook dat grense binne sisteme troebel mag wees en nie voorspel kan word alvorens dit manifesteer nie.

9.3.3 Aanbevelings

- Die maatskaplike werker moet binne praktyk (sowel privaatpraktyk as binne organisasieverband) herhaaldelik bewus gemaak word van die belangrikheid van 'n teoretiese vertrekpunt in sowel die uitvoering van navorsing as die beoefening van maatskaplike werk as beroep.
- Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet oor deeglike kennis van alle komponente binne die werksomgewing beskik. Die sukses van 'n privaatpraktyk begin by die verstaan van die aard en funksionering van die praktyk binne die sistemiese verband.

9.4 Hoofstuk drie: Toepaslike konsepte vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.4.1 Samevatting

Hoofstuk drie voorsien 'n bespreking van die eerste komponent wat binne 'n voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk uiteengesit is. Hierdie eerste komponent omvat alle toepaslike konsepte wat binne 'n model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur opgeneem kan word. Konsepte wat belangrik is ten einde 'n struktuur vir die model te bied sluit in (I) onderliggende

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

waarde- en normsisteem, (ii) etiek en (iii) bemagtiging. In hierdie hoofstuk word die omgewing van die privaatpraktyk ondersoek en aspekte van ekonomiese en bestuurswese word aangespreek vanweë die aard en beskrywing van wat 'n privaatpraktyk behels. Die konseptualisering van die term waarde en norm-sisteem, etiek en bemagtiging word dus binne die konteks van (I) maatskaplike werk en (ii) ekonomiese en bestuurswese aangespreek. Die aannames waarop 'n waardesisteem binne maatskaplikewerk privaatpraktyk berus is bestudeer waarna die argumente teen privaatpraktyk beredeneer is.

Etiek as fundamentele konsep vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk is verken met die bestudering van 'n etiese besluitnemingsproses vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur. 'n Geïntegreerde perspektief om die verskillende benaderings in besigheidsetiek en die toepaslikheid en bruikbaarheid daarvan in die beroepsveld van maatskaplike werk is verder bestudeer. Die hoofstuk word verder gevoer met die beredenering van die sogenaamde "winsmotief" teenoor die sogenaamde "diensmotief" en hoe hierdie twee komponente met maatskaplikewerk privaatpraktyk in verband staan.

Die hoofstuk word afgesluit met die bestudering van bemagtiging as fundamentele konsep vir maatskaplikewerk privaatpraktyk. Komponente van bemagtiging en die belangrikheid van bemagtiging in privaatpraktyk word uiteengesit.

9.4.2 Gevolgtrekkings

- Die bestudeerde literatuur suggereer dat die drie konsepte naamlik, waardes, etiek en bemagtiging die grondslag bied waarop 'n suksesvolle privaatpraktyk gebou behoort te word.
- Waardes, etiek en bemagtiging moet nie net vanuit die maatskaplikewerk perspektief bestudeer word nie maar moet ook vanuit suksesvolle besigheidsmodelle bestudeer en toegepas word.

9.4.3 Aanbevelings

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Konsepte in 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk moet multi-dissiiplinêre dissiplines insluit. Aangesien 'n privaatpraktyk 'n winsoogmerk het, is die insluiting van konsepte vanuit die ekonomiese en bestuurswese nie onderhandelbaar nie.
- maatskaplike werkers wat privaatpraktyk betree moet ingelig word oor die waardes, etiek en bemagtigingsprosesse wat in 'n gesonde besigheidsomgewing geld. Die belangrikheid van 'n geïntegreerde model waar maatskaplike werk nie ten koste van besigheidsbeginsels sy waardes en etiek hoef neer te lê nie moet aan hierdie maatskaplike werkers oorgedra word.

9.5 Hoofstuk vier: Toepaslike beginsels vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.5.1 Samevatting

In Hoofstuk vier word daar aan die mees toepaslike beginsels vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktyk aandag geskenk. Hierdie beginsels word in die hoofstuk onderverdeel in interne en eksterne beginsels waar interne beginsels verwys na die maatskaplike werker as persoon en die beginsels wat geld in sy daaglike funksionering terwyl eksterne beginsels verwys na die beginsels wat die maatskaplikewerk beroep handhaaf. Saam met die eksterne beginsels is die besigheidsbeginsels wat in 'n privaatpraktyk geld ook in hierdie hoofstuk bestudeer. Vanuit die literatuur het dit duidelik geword dat die konsep besigheidsbeginsel dikwels as sinoniem vir goeie sake-oordeel of suksesvolle sakebesluite gebruik word. Dit het met die bestudering van die literatuur verder aan die lig gekom dat geen werklike stel besigheidsbeginsels geld in die besigheidswêreld nie maar dat die beginsels wat deur suksesvolle beroepspersone beoefen word eerder as suksesvolle besigheidsmodelle voorgehou word. Die beoefening van hierdie besigheidsmodelle waarborg nie besigheidsukses nie. Universele lewensbeginsels is eerder 'n uitvloeisel hiervan en moet in samehang met die suksesvolle besigheidsmodelle geïmplementeer word.

9.5.2 Gevolgtrekking

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

In die bestudering van die toepaslike literatuur in hierdie hoofstuk kon daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom word dat:

- Bepaalde Maatskaplike aspekte van belang is binne die implementering van lewensbeginsels. Hierdie Maatskaplike aspekte omsluit die generiese beginsels wat geld vir die maatskaplike werker as beroepspersoon;
- die maatskaplike omgewing beïnvloed die funksionering van privaatpraktyk en daarom is dit van kardinale belang dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk alle maatskaplike aspekte, nie noodwendig die beoefening van maatskaplikewerk hulpverlening nie, in verband bring met die uitlewing van sy eie lewensbeginsels;
- daar bestaan sosio-ekonomiese aspekte wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk in gedagte moet hou wanneer hy ook sy eie lewensbeginsels implementeer. So mag hy geroepe voel om "van diens te wees" maar finansiël genoodsaak word om 'n "winsmotief" ten koste van 'n "diensmotief" te implementeer;
- kulturele faktore het ook 'n invloed om die uitoefening van lewensbeginsels. Alhoewel kultuur as 'n eksterne faktor beskou kan word, het dit ook 'n invloed op die maatskaplike werker se eie selfbeskouing, realiteit, emosionaliteit en verwagtings.
- 'n gegewe kultuur aksentueer 'n bepaalde verhouding binne die sisteem. Hierdie verhouding beïnvloed die maatskaplike werker se uitgangspunt ten opsigte van hulpverlening en ekonomiese bestuursbeginsels;
- die besigheidsbeginsels met die mees toepaslike komponente in privaatpraktykbestuur kan gevind word in die beginsels met 'n sosiale verantwoordelikheidskenmerk; en
- vlakke van sosiale verantwoordelikheid in maatskaplikewerk privaatpraktyk aan die een kant en besigheidsbeginsels aan die ander kant het veel meer raakpunte as wat die navorser aanvanklik vermoed het. Deelname in privaatpraktyk aan sosiale verantwoordelikheidsaksies sal onder meer die verbetering van lewensomstandighede van werknemers in die praktyk, en ook betrokkenheid ten opisgte van die hantering van sosiale vraagstukke soos onder andere misdaadvoorkoming en bevordering by 'n burgerlike bewussyn, insluit.

9.5.3 Aanbevelings

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Die maatskaplike werker in privaatpraktyk wat onder die indruk is dat sosiale verantwoordelikheid deel van sy werksomskrywing is, moet ingelig word dat sosiale verantwoordelikheid, buiten sy rol en taak as maatskaplike werker ook deel uitmaak van 'n suksesvolle onderneming of in hierdie geval 'n suksesvolle privaatpraktyk.
- maatskaplike werkers wat 'n privaatpraktyk betree moet konkreet onderrig word in suksesvolle besigheids- en bestuursmodelle waar toepaslike besigheidsbeginsels vir maatskaplikewerk privaatpraktyk aan hulle oorgedra kan word.
- maatskaplike werkers wat tot 'n privaatpraktyk toetree moet bewus gemaak word dat ten spyte van 'n stel generiese maatskaplikewerk beginsels, hulle ook hulle eie lewensbeginsels met hulle beroepsbeoefening moet versoen.

9.6 Hoofstuk vyf: Toepaslike prosesse vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.6.1 Samevatting

In hoofstuk vyf word prosesse wat deel uitmaak van die maatskaplikewerk hulpverleningsaksie uiteengesit en bespreek. Tot nou toe is die konsepte en beginsels in privaatpraktykbestuur uiteengesit. Die hulpverleningsprosesse - of aksies wat die privaatpraktyk in staat stel tot funksionering sluit onder meer 'n sikliese proses in wat op basiese aannames berus.

Dit is duidelik dat daar bepaalde fases bestaan ten einde hierdie sikliese proses sinvol af te sluit. Die fases en proses van die probleemoplossende benadering sluit nou aan by die teoretiese raamwerk van hierdie studie, naamlik die Sisteemteorie.

Die drie primêre hulpverleningsprosesse, naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk is steeds die belangrikste boustene in die maatskaplikewerk privaatpraktyk. Hulpverleningsprosesse word steeds aan die drie primêre metodes geanker met sekondêre prosesse soos aanneming, statutuêre en forensiese werk, opleiding en supervisie wat hieruit vloei.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

'n Profiel vir bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke is opgestel ten einde die implementering van die drie primêre metodes of hulpverleningsprosesse met sekondêre metodes/prosesse wat daaruit voortvloei, weer te gee. Die profiel bied 'n visuele beeld van hoe die hulpverleningsprosesse binne privaatpraktyke tans in Suid-Afrika daar uitsien.
Daar bestaan in die maatskaplikewerk privaatpraktyk ook entrepreneuriese prosesse. Ongelukkig word hierdie entrepreneuriese prosesse nie ingesluit in die formele opleiding van maatskaplike werkers nie aangesien dit nie deel uitmaak van die primêre doel van maatskaplike werk nie. Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet tot dusver sy eie oordeel gebruik om die vaardighede van hierdie entrepreneuriese prosesse aan te leer.

Die entrepreneuriese prosesse komplementeer die maatskaplikewerk proses en sluit onder meer basiese aannames soos interne lokus van beheer, die bestuur van omgewingsfaktore en die bestuur van interpersoonlike hindernisse soos persepsies in.

Die fases in die entrepreneuriese proses wat onder meer die generering van 'n nuwe idee, die aktivering van 'n sneller, die implementeringsfase en die groei-fase insluit, verryk die maatskaplike werker persoonlik en bemagtig hom tot 'n beter hulpverleningsaksie. Verder rus entrepreneuriese vaardighede soos onder meer die vermoë tot entrepreneuriese denke, die vaardigheid van etiese besluitneming, die vaardigheid om uitkomste in die bedryf te voorspel, die vermoë om risiko's te neem, bemarkingsvaardighede, skakelvaardighede en netwerkvaardighede die maatskaplike werker tot so 'n mate toe, dat sy primêre hulpverleningstaak beter afgehandel kan word.

Toepaslike bestuursprosesse in maatskaplikewerk privaatpraktyk is ook binne hierdie hoofstuk uiteengesit aangesien 'n privaatpraktyk suksesvol bestuur moet word en op sakebeginsels geskoei behoort te word.

Besluitnemingsvaardighede, vaardighede om verantwoordelikheid te neem, kommunikasievaardighede, bemarkingsvaardighede, kennis van die Reg en Wet asook vaardighede met betrekkeing tot risikobestuur is onder meer deel van 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Soos reeds genoem, is daar in die literatuurstudie gebruik gemaak van sekondêre data-ontleding om die bestaande teoretiese kennis vanuit die praktyk aan te vul. Die sekondêre data-ontleding het dus die literatuurstudie ondersteun en nie deel gevorm van die empiriese resultate nie. Dit is nodig om die metodes wat gevolg is in die sekondêre data ontleding noukeuring te beoordeel:

9.6.2 Sekondêre data-ontleding as ondersteunend tot die literatuurstudie

Daar is gebruik gemaak van 'n bestaande databank naamlik die SAASWIPP-databank wat data bevat van alle geregistreerde maatskaplikewerk-privaatpraktisyns in Suid-Afrika. Die oorspronklike doel van die SAASWIPP-databank was om aan onder meer geregistreerde SAASWIPP lede 'n verwysingsbron te voorsien waarmee hulle in 'n betroubare netwerk verwysings vanuit hulle privaatpraktyke na mede-kollega kan kanaliseer. Die feit dat die navorser die data ontleed het vir 'n andersoortige doel as dit waarvoor dit geoormerk was kan as leemte beskou word.

Een van die nadele wat deur Strydom en Delport (2002:331) in die gebruik van sekondere data-ontleding genoem word is die feit dat daar vir die doeleindes van sekondêre data-ontleding moontlik gapings in die databank mag bestaan. Die databank kan nie aangevul word nie en data wat in die databank opgeneem is, is die enigste stel veranderlikes wat benut kan word vir 'n tweede ontledingsgeleentheid. Enige opvolgvrae of aspekte wat verdere navorsing vra kan dus nie vanuit hierdie databank beantwoord word nie. Die navorser moes dus enige ontbrekende inligting as potensiele voortgesette navorsing identifiseer en aanteken.

'n Positiewe aspek met die gebruik van sekondêre data-ontleding wat ook deur Strydom en Delport (2002:329) genoem word, was die feit dat geen reaktiwiteit met betrekking tot respondente bestaan het nie. Die data wat gebruik was, was vrygestel gewees van enige subjektiewe reaksie van enige respondente.

9.6.2.1 Evaluering van die proses van sekondêre data-ontleding

Tydens die probleemformuleringsfase van die navorsingsproses het die navorser aanvanklik nie die oogmerk gehad om 'n reeds bestaande data-bank vir ontledingsdoeleindes te gebruik nie. Na

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

die aanvanklike bestudering van bestaande inligtingsbronne afgehandel is, kon die navorser tot die gevolgtrekking kom dat daar reeds 'n data-bank bestaan wat die probleem wat geformuleer is vir hierdie studie sal aanspreek. Dit het die navorser verhoed om 'n probleem te formuleer wat slegs vir die doeleindes van 'n bestaande data-bank uiteengesit is. Die navorser kan tot die gevolgtrekking kom dat die bestaande data-stel van SAASWIPP en die hergebruik daarvan in sekondêre data-ontleding, die mees toepaslike proses was om deels die probleem wat geformuleer is, aan te spreek. Deur gebruik te maak van die resultate van die data-stel van SAASWIPP kon 'n profiel vir maatskaplikewerk privaatpraktyk saamgestel word en die literatuurstudie verryk.

'n Leemte wat bestaan is dat die administratiewe funksionering van privaatpraktyke steeds nie deur die voorgestelde model vir privaatpratktyke ondersoek is nie. Die data-stel het geen data bevat wat die administratiewe profiel van bestaande privaatpraktyke in maatskaplike werk kon weergee nie. Hierdie leemte kan aangespreek word deur met 'n verdere opvolgstudie 'n indiepte-ondersoek te loods oor die administratiewe funksionering van maatskaplikewerk privaatpraktyke.

- **Herprossesering van data**

Dit was noodsaaklik dat die navorser in die herprosessering van die data-stel te waak teen die blote herhaling van reeds bestaande inligting. Die navorser het seker gemaak dat die datastel van SAASWIPP aansluit by die bereiking van die oorkoepelende doel en doelwitte vir die studie. Nie alle data wat opgeneem is in die oorspronklike datastel van SAASWIPP was toepaslik en binne die afgebakende grense van die oorkoepelende doel van die studie nie. Die volgende riglyn vir die benutting van 'n oorspronklike data-stel vir sekondêre ontleding soos deur Dale, et al. en Stewart in Strydom en Delport (2002:328) uiteengesit is, is vir die doeleindes van hierdie studie benut. Die toepassing kan soos volg in Tabel 9.1 uiteengesit word:

Tabel 9.4 Riglyn vir die toepassing van sekondêre data-ontleding op 'n oorspronklike datastel

Riglyn voorgehou	Verband tussen die riglyn en die navorsings binne hierdie studie
Wat was die doel van die oorspronklike studie?	Die oorspronklike studie (SAASWIPP data-

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

	bank) bied 'n opsommende blik aan geregistreerde maatskaplikewerk privaatpraktisyns oor kollegas se spesialiseringsveld in praktyk, se kontakbesonderhede vir verwysingsdoeleindes en netwerking tussen onderskeie praktyke. Die toepaslike navorsingsstudie wil 'n profiel saamstel van bestaande privaatpraktyke ten einde 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel. Die doel van die oorspronklike studie en die data wat opgeneem is in die datastel is toepaslik en relevant vir sekondêre data-ontleding in die huidige studie.
Wie was verantwoordelik vir die insameling van die oorspronklike datastel?	Die oorspronklike datastel word in stand gehou deur die administratiewe prosesse en beamptes van SAASWIPP. Die datastel is 'n proses waar data selfgenererend bygevoeg word tot die datastel sodra 'n nuwe lid registreer as lid van SAASWIPP of sodra 'n bestaande lid persoonlike besonderhede wysig. Die navorser is van mening dat die aard en doel van die datastel, naamlik om 'n hulpmiddel aan maatskaplikewerk privaatpraktisyns te wees voorkom dat data wat ingesamel word blootgestel word aan probleme soos reaktiwiteit, subjektiwiteit, agterdog of vooroordeel.
Watter steekproefraam is gebruik?	Elke geregistreerde SAASWIPP lid se data word opgeneem in die databank van SAASWIPP. Die totale populasie van SAASWIPP lede is opgeneem in die datastel.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

	Geen steekproefraam is gebruik in die oorspronklike datastel nie. Hierdie aspek het dit vir die navorser gunstig gemaak om 'n verteenwoordigende profiel van maatskaplikewerkers in privaatpraktyk op te stel.
Met watter omsigtigheid het die oorspronklike navorser die data-insamelingsproses van die oorspronklike datastel hanteer?	Weens die aard van die bestaande databank en die doel waarvoor dit gebruik word, is geregistreerde lede van SAASWIPP gesteld op die korrekte weerspieëling van data op die databank. Die geregistreerde SAASWIPP lede dien as interne kontrole vir SAASWIPP administrasie vir die korrekte en omsigtige omgang tydens die ontleding en verwerking van data.
Is die inhoud van die datastel steeds tans toepaslik en relevant?	Die nadeel aan die datastel wat beskikbaar is, is dat die inligting slegs een maal per jaar beskikbaar gestel word aan betrokke partye. Die inhoud van die datastel, die aard van die inligting wat vervat word in die datastel en die wyse hoe dit beskikbaar gestel word, is bruikbaar en toepaslik vir sekondêre data-ontleding.

Vanuit bogenoemde struktuur is dit duidelik dat die herprossessering van data vir die doeleindes van hierdie studie binne die grense van sekondêre data-ontleding geskied het. Die datastel kon krities ontleed word alvorens dit benut is in die bestaande navorsingsproses. Die navorser is van mening dat, alhoewel min kontrole oor die eerste data-stel bestaan het, die data-stel met omsigtigheid en verantwoordlikheid deur die navorser vir hierdie studie benut is.

9.6.3 Gevolgtrekkings

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Verskeie gevolgtrekkings kan vanuit hierdie hoofstuk gemaak word. Dit sluit onder meer in:

- dat die maatskaplikewerker in privaatpraktyk steeds binne die hulpverleningsproses getrou aan die primêre en sekonêre hulpverleningsprosesse soos uiteengesit in maatskaplike werk, moet bly. Hierdie hulpverleningsprosesse rig sy hulpverleningsaksie en bly steeds die sentrale bousteen van die beroep. Indien die maatskaplike werker sou afwyk van die primêre en sekondêre hulpverleningsprosesse, sou sy hulpverleningstaak nie meer dui op maatskaplike werk nie;
- die maatskaplike werker in privaatpraktykbestuur word in die uitvoer van hierdie primêre en sekondêre hulpverleningsprosesse ondersteun deur entrepreneuriese en bestuursprosesse ten einde sy privaatpraktyk in staat te stel om suksesvol te wees. Die sukses van sy privaatpraktyk kan aan die (I) hulpverleningsprosesse en (ii) aan die mate van finansiële en bestuursukses van die praktyk, gemeet word;
- die entrepreneuriese prossesse omsluit basiese noodsaaklike vaardighede wat nie in die primêre opleiding van maatskaplike werk gevind word nie; en
- bestuursprossesse wat noodsaaklik is vir suksesvolle privaatpraktykbestuur bied aan die maatskaplike werker in privaatpraktyk die nodige struktuur ten einde sy praktyk te bestuur maar ook om as maatskaplike werker die doelwitte, kernwaardes, beginsels en prosesse van maatskaplike werk, suksesvol te bestuur.

9.6.4 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings vloei voort uit bogenoemde gevolgtrekkings:.

- Dat, weens die oorversadigde kurrikulum in maatskaplike werk, entrepreneuriese vaardighede en bestuursvaardighede as voortgesette opleiding in kortkursusse deur akademiese instellings aan maatskaplike werkers aangebied sal word.
- Dat sekondêre hulpverleningsprosesse in maatskaplike werk, soos onder meer aanneming, statutêre en forensiese werk en supervisie, as *spesialis modus van intervensie* op nagraadse opleidingsvlak die nodige erkenning sal geniet. Dat hierdie erkenning deur die Beroepsraad vir maatskaplike werk as spesialisopleiding gesien behoort te word en dieselfde beroepserkenning sal geniet as ander ander beroepe met spesialis-opleiding. Hier word veral

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

verwys na die mediese beroep wat 'n onderskeid maak in erkenning aan spesialisopleiding deur onder meer hoër tariewe vir spesialiste en akademiese erkenning in die vorm van beroepsbevordering, te sanksioneer.

9.7 Hoofstuk ses: Toepaslike elemente vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.7.1 Samevatting

Die mees toepaslike elemente vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is in Hoofstuk ses bespreek deur die interne elemente, wat dui op die individu en eksterne elemente, wat dui op die omgewing, te bespreek.

Wisselwerkende sisteme in 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk beïnvloed die mate van sukses van die praktyk aangesien die maatskaplikewerker in privaatpraktyk nie die ondersteuningsbasis van 'n organisasie het om op terug te val nie. Dit is noodsaaklik vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk om homself te ken, sy entrepreneuriese karaktertrekke, bestuurspersoonlikheid en kenmerkende maatskaplikewerk karaktertrekke te identifiseer en uit te bou. Die ooreenkoms tussen die karaktertrekke van die suksesvolle entrepreneur en die maatskaplike werker kan tot voordeel van die privaatpraktyk benut en aangewend word.

Dit is verder noodsaaklik vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk om sy omgewing te verstaan en omgewingsverandering te kan bestuur. Hierdie omgewingsverandering sluit nie net die kliente-sisteem in nie maar sluit ook alle omgewingsfaktore wat 'n maatskaplike en ekonomiese invloed op sy praktyk mag hê, in.

9.7.2 Gevolgtrekkings

Daar kon na aanleiding van die literatuur wat in Hoofstuk ses bestudeer is, tot die volgende gevolgrekkings gekom word:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

- Spesifieke karaktereienskappe kan die maatskaplike werker in privaatpraktyk tot voordeel strek. Hierdie karaktereienskappe hou ook verband met die rolle wat die maatskaplike werker in sy privaatpraktyk vertolk;
- daar bestaan meer as een persoonlikheidsprofiel in entrepreneurskap en die suksesresep in entrepreneurskap is uniek vir elke individu;
- die persepsie wat by sommige maatskaplike werkers bestaan dat hulle nie suksesvol in die sakewêreld kan wees nie as gevolg van hulle gebrekkige entrepreneuriese profiel, word dus weerlê;
- die persepsie dat die opleiding in maatskaplike werk 'n individu voorberei om byvoorbeeld 'n goeie bemarker te wees, is ook in die literatuur weerlê. 'n Entrepreneuriese profiel saam met agtergrondsomstandighede laat die individu 'n bepaalde beroepskeuse maak. Hierdie individu se entrepreneuriese profiel sou saam met 'n ander stel agtergrondsomstandighede hom heel waarskynlik na 'n ander beroepskeuse gelei het.
- daar kon vanuit die literatuur geen wetenskaplike navorsing gevind word wat die tipiese karaktertrekke, wat as persoonstoerusting vir 'n maatskaplike werker voorgehou word, bevestig nie. Die karaktertrekke van die maatskaplike werker word gekoppel aan die basiese waardestelsel en etiese optrede in die beroep. Daar kan dus verwys word na 'n inherente lewensgesindheid van die maatskaplike werker ten einde 'n gebalanseerde volwasse lewe te hê. Hierdie inherente lewensgesindheid beïnvloed die wêreld en optrede van die maatskaplike werker subjektief;
- emosionele intelligensie is nodig om die maatskaplike werker toe te rus vir privaatpraktyk. Die verband tussen emosionele intelligensie en beroepsukses in maatskaplike werk kan toegeskryf word aan die uitgangspunt wat die maatskaplike werker huldig oor emosionele intelligensie. Sodra die maatskaplike werker die uitgangspunt huldig dat emosionele intelligensie met die bestuur van emosie en die erkenning van hierdie emosies te make het, en nie noodwendig 'n sogenaamde vaardigheid is wat aangeleer kan word nie, bevorder dit die entrepreneuriese prosesse, hulpverleningsprosesse en bestuursprosesse in privaatpraktyk,
- karaktertrekke van die bestuurspersoonlikheid van die maatskaplike werker het 'n verdere invloed op die sukses van 'n privaatpraktyk. Hier kan die onderskeid getref word tussen persoonlikheidstipes kenmerkend van bestuurders en bestuurstyle wat ontwikkel vanuit hierdie persoonlikheidstipes.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

9.7.3 Aanbeveling

Die volgende aanbeveling ten opsigte van toepaslike elemente vir ‘n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur kan gemaak word:

- Dat die maatskaplike werker wat ’n privaatpraktyk betree toegerus moet word om bewus te wees van die gevolg wat nie-linêre uitkomste op die hulpverleningsproses mag hê en om hierdie nie-liniêre uitkomste dienooreenkomstig die behoeftes van die omgewing te bestuur.

9.8 Hoofstuk sewe: Die benutting van navorsingsmetodologie in die ontwikkeling van ‘n model vir privaatpraktykbestuur

9.8.1 Samevatting

Hoofstuk sewe is benut om ‘n duidelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat vir die studiebenut is, uiteen te sit. Hoofstuk sewe bied gevolglik ‘n roetekaart vir die wyse waarop doelwitbereiking op empiriese vlak uitgekristaliseer het.

Die navorsingsmetodologie wat benut is vir hierdie studie is binne die riglyne van die intervensienavorsingsmodel van Rothman en Thomas (1994) gedoen. Die Ontwerp en ontwikkelingsmodel in intervensienavorsing (O&O) is vir die doeleindes van hierdie studie benut.

9.8.2 Gevolgtrekking

Daar kan tot die volgende gevolgtekking met betrekking tot die benutting van navorsingsmetodologie in hierdie studie gekom word:

- Die intervensienavorsingsmodel van Rothman en Thomas (1994) en meer in besonder die fases binne die ontwerp en ontwikkelingsmodel (O&O) het aan die studie die nodige

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

struktuur gebied waarvolgens doelwitte,metodes, en resultuate selfstandig uitgevoer kon word.

- Die intervensienavorsingsmodel het aan die navorser ruimte gebied om ‘n verskeidenheid van inligtingsbronne in ‘n logiese struktuur te bestudeer en te inkorporeer in ‘n werkbare praktykmodel.

9.8.3 Gevolgtrekking

Die volgende gevolgtrekking met betrekking tot hoofstuk sewe is relevant:

Die navorsingsmetodologie wat vir hierdie studie benut is het nie net die nodige ruimte en struktuur aan die navorser gebied om die navorsing suksesvol te voltooi nie,maar het ook aan die navorser die geleentheid gebied om ‘n instrument te implementeer ten einde die rasionaal tot die studie, die navorsingsvrae en die doel en doelwitte vir die studie suksesvol te kon beantwoord.

9.9 Hoofstuk agt: Die empiriese bevindinge van die studie

9.9.1 Samevatting

Die empiriese bevindinge van die studie word in Hoofstuk agt uiteengesit. Hierdie empiriese bevindinge is geskoei op die fases wat in die intervensienavorsingsmodel gevolg is en fokus op fase vier en fase vyf van die intervensienavorsingsmodel.

9.9.2 Gevolgtrekking

Daar kan tot die volgende gevolgtrekking met betrekking tot die empiriese bevindinge van hierdie studie gekom word:

- Die empiriese navorsingsbevindinge is geskoei op die evaluering van die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel. Die kwalitatiewe bevindinge is gebasseer op die inhoud van fokusgroepbesprekings. Hierdie fokusgroepbesprekings het

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

die voorgestelde praktykmodel se benuttingswaarde aan die hand van die komponente soos in hoofstuk twee, drie, vier, vyf en ses uiteengesit, ge-evalueer. Die kwalitatiewe data is deur middel van kategorieë en sub-kategorieë gegroepeer en georden ten einde te bepaal of die inhoud van die fokusgroepe die benuttingswaarde van die praktykmodel sinvol ge-evalueer het.

- Deur die benuttingswaarde van die voorgestelde model deur middel van fokusgroepe te evalueer, kon die navorser elke kategorie wat ingesluit is binne die model beoordeel en sinvolle aanpassings met betrekking tot die komponente wat van belang vir 'n model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is, maak.
- Dat die privaatpraktykmodel, gebaseer op die geformuleerde konsepte, beginsels, prosesse en elemente wel benuttingswaarde in maatskaplike werk het.

9.9.3 Aanbeveling

- Dat die voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk beskikbaar gestel word aan maatskaplikewerk instellings wat bemoeienis het met die opleiding van maatskaplikewerkers in privaatpraktyk.

9.9.4 Aanbevelings vir verdere navorsing

- Navorsing wat gerig is op die verkenning van beweegredes waarom maatskaplike werkers privaatpraktyk betree sal die toepassing van hierdie ontwikkelde praktykmodel substansie gee.
- Navorsing waar 'n beskrywing van elke-dag funksionering van privaatpraktyke in maatskaplike werk gedoen word, sal verder komplimenterend tot hierdie praktykmodel wees.
- Die disseminasie van hierdie model verdien om nagevors en ontgin te word.

9.10 Ten slotte

Privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk bied 'n waardevolle toevoeging tot die beroepstatus van maatskaplike werk. maatskaplike werk moet die individuele behoeftes van maatskaplike werkers soos onder meer die behoefte na finansiële onafhanklikheid en multi-dissiplinêre

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

erkenning, erken en ruimte laat vir aanpassing en ontwikkeling. Navorsing moet in samewerking met professies en beroepe wat reeds binne privaatpraktyk gevestig is, onderneem word. Die ervaring en agtergrond van hierdie professies kan waardevolle insette vir maatskaplike werk lewer en sodoende privaatpraktyk in maatskaplike werk uitbou en rugsteun. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers bemagtig word om dit wat hulle goed en met oorgawe doen ook ter wille van eie belang te doen. maatskaplike werkers kan die volgende woorde van Jonathan Winters ter harte neem " If your ship doesn't come in, swim out to it,"

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Bibliografie

ABBOTT, A.A. 2001. Measuring social work values: A cross-cultural challenge for global practice. *International Social Work*, 42(4): 455-470.

ABRAHAMSON, M. 1985. The autonomy-paternalism dilemma in Social work practice. *Social Casework*, 66: 387-393.

ADAMAN, F & DEVINE, P. 1996. The economic calculation debate: Lessons for socialists. *Cambridge Journal of Economics*, 20: 523-538.

ADAMAN, F & DEVINE, P. 2002. A Reconsideration of the Theory of Entrepreneurship: a Participatory approach. *Review of Political Economy*, 14(3): 329-354.

ALLEN, D. 1998. *Strategic financial management*. London: CIMA.

ALLEN-MEARS, P & GARVIN, C. 2000. *The Handbook of Social Work Direct Practice.* Thousand Oaks: Sage Publications, Inc.

ASAMOAH, Y , HEALY, C.M. & MAYADAS, N. 1997. Ending the international Domestic Dichotomy: New Approaches to a Global curriculum for the Millennium. *Journal of Social Work Education*, 33(2): 389-401.

ASHER, H.B., WEISBERG, H.F., KESSEL, J.H. & SHIVELY, W.P. 1984. *Theory-Building and Data Analysis in the Social Sciences*. Tennessee: University of Tennessee Press.

BADENHORST, G.P. 1999. Persoonlike gesprek met betrekking tot die redes vir beroepsverlating van Maatskaplike werkers. Pierre van Reyneveldpark: 5 November 1999: Pretoria.

BAER, B.L. 1979. *Educating the Baccalaureate Social Worker*. Cambridge, Mass: Balinger Publishers.

BAIER, A.C 1994. *Moral Prejudices: Essays on Ethics.* Cambridge: Harvard University Press.

BATES, M.E. 1999. Super searchers do business: The online secrets of top business researchers. *Information Today* 2(1): 207-214.

BAUMOL, W.J. 2003. *Applied welfare economics* In Towse, R (ed). 2003. A handbook of cultural economics. Cheltenham, UK: Edward Elgar Publications.

BETOF, E. & HARWOORD, F. 1992. Training 101. *Training & Development* 46(9): 29-34.

BARKER, R.L. 1991. *The Social Work Dictionary*, 2nd Edition. Silver Springs, Maryland: NASW Press.

BARKER, R.L. 1992. *Social work in Private Practice*. New York: NASW Press.

BECK, D.E. & COWAN, C.C. 1996. *Spiral Dynamics: Mastering values, leadership and Change*. Oxford: Blackwell Publishers.

BEINHOCKER, E.D. 1999. Robust adaptive strategies. *Sloan Management Review*. 40(3): 95-111.

BEKKER, G. 2002. *Persoonlike gesprek rakende programevaluering in die Limpopo provinsie met verwysing na die SAVF.* 17 Maart 2002. Randburg, Gauteng.

BENT-GOODLEY, T.B. 2002. Defining and conceptualising Social work Entrepreneurship. *Journal of Social Work Education*, 38(2): 291-303.

BERG, B.L. 1998. *Qualitative Research methods for the social sciences*. Boston: Allyn & Bacon.

BLANCHARD, K., CARLOS, J.P. & RANDOLPH, A. 1999. *The 3 keys to empowerment: release the power within people for astonishing results.* San Francisico, CA: Berrett-Koehler Publishers, Inc.

BOETTKE, P.J. 1995. Why are there no Austrian Socialists? Ideology, Science and the Austrian School. *Journal of the History of Economic Thought*, 17: 35-56.

BOND, T. 1993. *Standards and ethics for counselling in action*. London: Sage.

BOTHA, L. 1984. *Privaatpraktyk in Maatskaplike werk*. Ongepubliseerde D.Phil proefskrif. Universiteit van Pretoria.

BROWN, D. & BROOKS, L.. 1990. *Career Choice and Development: applying contemporary theories to practice.* 2nd edition. Oxford: Jossey-Bass Publishers.

BRUNHAM, K. 2002. What skills will non-profit teachers need in the future? *Non-profit world,* Madison. 20(3): 33-35.

BRUWER, P. & CILLIERS, N. 1996. *Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur*. Kaapstad: Future Managers.

BRUWER, P. 1996. *Entrepreneurskap 2000.* Kaapstad: Future Managers.

BULLIS, R. 1995. *Clinical social work misconduct: Law, ethics and personal dynamics.* Chicago: Nelson Hall.

BURGER, R. 2002. *Persoonlike gesprek met 'n skakelbeampte oor die redes vir beroepsverlating in Maatskaplike werk ten gunste van skakelwese.* 23 Oktober 2002. Arabella Sheradon Hotelgroep. Western Cape Hotel and Spa, Kleinmond.

BURKE, R 1999. Project Management: *Planning and control techniques*. Chichester: J Wiley.

BURNS, P & KIPPENBERGER, T. 1988. *Entrepreneurs*. London: Macmillan.

BYGRAVE, W.D. 1997. *The portable MBA in Entrepreneurship*. New York: John Wiley & Sons.

CARVER, C.S 1997. The internal-external scale confound internal locus of control with expectancies of positive outcomes. *Personality & Social Psychology Bulleti*n 23(6): 580-586.

CHELL, E., HAWORTH, J., & BREARLEY, S. 1993. *The entrepreneurial personality: Concepts, Cases and Categories.* New York: Routledge.

CHETKOW-YANOOV, B. 1992. *Social work Practice: A Systems Approach*. New York: The Haworth Press.

CIA (CENTRAL INTELLIGENCE AGENCY) WORLD FACT BOOK. 2000. Washington DC: CIA - Agency press.

CIARROCHI, J., FORGAS, J.P. & MAYER, J.D. 2000. *Emotional Intelligence in everyday life: A scientific inquiry*. New York: Psychology Press.

CLARS, A.D. 2000. *Development ethics: a research agenda*. London: Department of Economics, School of African studies, University of London Press.

COLEMAN, D. 1996. *Emotional Intelligence: Why it can matter more than IQ*. London: Bloomsbury Publishing.

COMPTON, B.R., & GALAWAY, B. 1994. *Social work processes*, 5th edition. Pacific Grove, California: Brookside Publishing Company.

COMPTON, B.R. & CALAWAY, B. 1999. *Social work processes*. 6th edition. Pacific Grove, California: Brookside Publishing Company.

COOPER, R.K. 1997. Applying emotional intelligence in the workplace. *Training and development.* 51(12): 31 - 38.

COOPER, R.K., & SAWAF, A. 1997. Executive EQ: *Emotional intelligence in leadership and organizations*. New York: Grosset/Putnam.

COREY, G., CORYE, M.S. & CALLANAN, P. 1998. *Issues and ethics in the helping professions.* 5th ed. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

COX, D. 1994. *Adopting social work education to training for poverty alleviation in the Third World.* In Hesser, K. (ed) 27th Congress of the international association of Schools of Social Work. Hogeschool Amsterdam.

COX, E., & PARSONS, R.J. 1994. *Empowerment-oriented social Work Practice with the elderly.* Pacific Grove CA: Brooks/Cole.

CROMPTON, M. 1992. *Children in counselling*. London: Edward Arnold.

DEPARTEMENTELE KENNISGEWING: Departement Welsyn, No 29 van 1966, Republiek van Suid-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker

DE HOYOS, S & JENSEN. R. 1995. The systems approach in American Social work. *Social Casework* 66: 490-497.

DE KLERK, D. 1994. *Rentmeesterskap in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*. Potchefstroom. Departement Sentrale Publikasies. PU(CHO).

DEMING, W.E. 1993. *The new economics for industry, governments, education*. Cambridge, Mass: Massachusetts Institute of Technology, Center for Advanced Engineering study.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.A. 2003. Collecting and interpreting qualitative materials. 2nd edition. Thousand oaks, London: Sage Publication.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.A. 1994. *Handbook of Qualitative Research*. London: Sage Publications.

DELPORT, C.S.L. 2002. *Qualitative data collection methods*. In De Vos, A.S, et al. 2002. Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik.

DELPORT. C.S.L. & DE VOS, A.S. 2002. *Professional research and professional practice*. In De Vos, A.S et al. 2002. Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik.

DELPORT, C.S.L., & FOUCHÈ, C.B. 2002. *The qualitative research report*. In De Vos, A.S, et al. 2002. Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human service professions 2ne ed. Pretoria: Van Schaik.

DE VOS, A.S 2002. *Scientific theory and professional research*. In De Vos, A..S. et al. 2002. Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Services professions. Pretoria: Van Schaik.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÈ, C.B., POGGENPOEL, M. & SCHURING, E & W. 1998. *Research at Grass roots: a primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik.

DE WAAL, J., CURVIE, I. & ERASMUS, G. 2001. *The Bill of Rights Handbook*. 4th edition. Landsdowne: Juta & Co, Ltd.

DEY, I. 1993. *Qualitative data analysis: a User-friendly guide for social scientists*. New York: Routlegde.

DINITTO, D.M. & MCNEECE, C.A. 1997. *Social work: Issues and opportunities in a challenging Profession*. 2nd edition. Boston: Allyn & Bacon.

DRUCKER, P. 1955. *Practice of management*. Oxford: Butterworth-Heinemann.

DUNBAR, E. 1987. Future of Social work. *NASW California News*. 13(18) 3 - 7.

DUNNETTE, M & HOUGH, L.M., 1994. *Handbook of Industrial and Organizational Psychology*, Volume 1. 2nd edition. Boston: consulting Psychologists Press.

DUVDEVANY, I. & RIMMERMAN, A. 1996. Foster parents for persons with mental retardation: Motivation and role perception. *International Social work* 39(3): 329-339.

DONCKERS, R., & MIETTINEN, A. 1997. *Entrepreneurship and SME Research: on it's way to the next millennium*. USA: Barker & Taylor Publishing group.

EASTERBY-SMITH, M., THORPE, R., & LOWE, A. 1990. *Management research: An Introduction.* London: Sage.

EISENHARDT, K.M. 1989. Building theories from case study research. *Academy of management Review*, 14: 532-550.

ENGELBRECHT, L.K. 1997. *Inleiding tot Maatskaplike Werk*. Wellington: Lanzo.

EPSTEIN, R. 2000. The key to our emotions. *Psychology Today* 32(4): 20 - 23.

FAWCETT, S.B., SUAREZ-BALCAZAR, Y., WHITE, G.W., PAINE, A.L. BLANCHARD, K.A. & EMBREE, M.G. 1994. *Conducting intervention research: The design and development process.* In Rothman, J & Thomas, E.J. (ed's) Intervention research: design and development for human services. New York: Haworth.

FIEBERT, I.M. 1990. *Private practice management in physical therapy*. New York: Churchill Livingstone.

FOSSUM, L. 1996. *Understanding organizational change: converting theory to practice*. 3rd edition. California: Crisp Publications.

FOUCHÈ, C.B. 2002. *Problem formulation* In De Vos, A.S et al. 2002 Research at Grass Roots for the Social Services and Human service professions. Pretoria: Van Schaik.

FOUCHÈ, C.B (b). 2002. *Writing the research proposal* In De Vos, A.S et al. 2002. Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Services professions. Pretoria: Van Schaik.

FOUCHÈ, C.B.(C). 2002. *Selection of a researchable topic* In De Vos, A.S, et al. 2002. Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Services professions. Pretoria: Van Schaik.

FOUCHÉ, C.B., & DELPORT, C.S.L. 2002. *Introduction to the research process*. In De Vos, A.S et al. 2002. Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Service Professions. Pretoria: Van Schaik.

FRIEDLANDER, W. 1958. *Concepts and methods of social work*. New Jersey: Prentice-Hall.

FRIEDLANDER, W. 1977. *Concepts and methods of social work*. 2nd edition. Englewoord cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.

FRIEDMAN, M. 1978. *Tax limitations, Inflation and the role of government*. Dallas: The Fisher Institute.

FUNICELLO, A. 1992. *Tyranny of kindness*. New York: Atlantic Monthly Press.

GAMBRILL, E. & PRUGER, R. 1999. *Controversial issues in Social Work*. Boston: Alwyn & Bacon.

GERMAIN, C.B. 1987. Human development in contemporary environments. *Social Services Review* 61: 565-580.

GERMISHUYS, L 2003. *Persoonlike gesprek met 'n versekeringsagent oor die redes vir beroepsverlating van Maatskaplike werk ten gunste van die versekeringswêreld*. 9 Mei 2003, Ou Mutual-gebou, Kusweg, Strand.

GIBSON, J.L., IVANCEVICH, J.M. & DONNELLY, J.H. 1997. *Organizations: Behavior, Structure, Processes*, 9th edition. Toronto: Rob Zwettler Publishers.

GINTER, P.M., SWAYNE, L.E. & DUNCAN, W.J. 2002. *Strategic management of health care organizations.* Oxford: Blackwell Publishers.

GLASER, B.G., & STRAUSS, A.L. 1999. *The discovery of grounded theory: Strategies for Qualitative research*. Chicago: Aldine.

GOLD, Y. 1994. *Managing stress and preventing burnout: The professional health solution.* London: Falmer.

GOLDSMITH, W & CLUTTERBUCK, D. 1996. *The winning streak check Book*. Middlesex: Penguin Books.

GRAY, M 1998. *Developmental Social Work in South Africa, Theory and Practice*. Claremont: David Philip Publishers.

GREEFF, M. 2002. *Information collection: Interviewing*. In De Vos, A.S, et al. 2002. Research at Grass Roots, for the social sciences and human service professions. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

GREER, S. 1969. *Normative theory and empirical theory*: The logic of Social Enquiry. Chicago: Aldine.

GRUNEWALD, D. 2002. *Managing new enterprises*. Lewiston, New York: Edwin Mellen Press.

GROBBELAAR, S.W.P & SCHOEMAN, J.H (red) 1980. *Benaderings in Maatskaplike werk.* Pretoria.

GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1996. *Wet 108 van 1996.* Soos op 8 Mei 1996 gewysig deur die Grondwetlike vergadering. Kaapstad: Staatsdrukker.

GUNNEMANN, J.P. 1986. Moral and Meaning. Microfilm dissertation, Yale University: New Haven.

GUTIERREZ, L.M 1990. Working with women of Color: an Empowerment Perspective. *Social work* 35: 149-155.

GUTIERREZ, L.M., PARSONS, R.J. & COX, E.O. 1998. *Empowerment in Social Work Practice: A sourcebook*. Pacific Grove, C.A: Brooks/Cole.

HAIG, B.D. *Grounded Theory as Scientific Method*. http://www.ed.uluc.edu/EPS/PES-Yearbook/95_docs/haig.html (2 Jul 2002).
HALL, R. 1982. *Organizations: Structure and Process*. 3rd edition. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

HANDY, C. 1997. *The hungry spirit. Beyond Capitalism - a quest for purpose in the modern world*. London: Hutchinson.

HARRISON, R. 1997. Why do firms need emotional intelligence.
People Management 3(1): 41 - 44.

HARTLEY, P. 2002. *Business communication*. London: Routledge.

HARVARD BUSINESS REVIEW. 1995. *Strategic management*. New York: John Wiley & sons.

HATTING, B. 2002. Power Intelligence. *Energising people and organisations and creating prosperity*. Pretoria: Kairos Books.

HEARN, G. 1969. *The General Systems Approach*. New York: Council of Social work education.

HELLRIEGEL, D & SLOCUM, J.W. 1996. *Management,* 7th edition. Cincinnati Ohio South-Western College Publishing.

HEPWORTH, D.H., & LARSEN, J.A. 1993. *Direct Social Work Practice* 4th edition. California: Brooks/Cole Publishing.

HEPWORTH, D.H., ROONEY, R.H. & LARSEN, J.A. 1997. *Direct Social Work Practice: Theory and Skills*, 5th edition. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole Publishing.

HERBERT, I. 1999. *Why this century will be a golden age for workers, the environment and developing countries*. Indianapolis: Hudson Institute, Brookings Institution Press.

HETTEMA, P.J. & KENRICK, C. 1989. *Personality and environment*: Assessment of Human adaptation. New York: J. Wiley.

HICKS, H.G. & GULLET, C.R 1981. *Management*. 4th edition. New York: MacGraw-Hill.

HILLARY, R. 2000. *Small and medium-sized enterprises and the environment*. Business imperatives. Sheffield: Greenleaf.

HODGKINSON, G.P. & SPARROW, P.R. 2002. *The competent organization: a psychological analysis of the strategic management process.* Philadelphia. P.A: Open university Press.

HOEHLER, G. 2000/1999. *Development in Africa*. Epos-Korrespondensie tot 20 Maart 2000.

HOERL, R. 1999. Using an effective business model for group practice management. *Healthcare Financial management.* 53(i11): 61-64

HOFFMAN, K.S & SALLEE, A.L. 1994. *Social work Practice: Bridges to change*. Boston: Allyn & Bacon.

HUDSON, C.G. 2000. At the edge of chaos: A New paradigm for social work? *Journal of Social work Education* 36(2): 215 - 232.

IFE, J. 2001. *Human Rights and Social Work: Towards Rights-Based Practice*. Cambridge: Cambridge university Press.

JACKSON, S.E. 1996. *Managing Social Service organizations*. In Jackson, S.E (ed) 1996. Creating tomorrows organizations: a handbook for future research in organizational behaviour. New York: J Wiley & sons.

JANSE VAN RENSBURG, S. 1996. *'n Handleiding vir die Maatskaplike werker in privaatpraktyk*. Ongepubliseerde Magister-skripsie. Departement Maatskaplike werk. Universiteit van die Vrystaat.

JARMAN-ROHDE, L., MCFALL, J., KOLAR, M & STROM, C. 1997. The changing context of social work practice: Implications and recommendations for Social Work. *Journal of Social Work Education* 33(1) 29 - 47.

JICK, T. 1993. *Managing change: Cases and concepts*. Burr Ridge: Irwin.

JOHNSON, J.J. & BUSBIN, J.W. 2000. The emotional component of strategic selling: Insights for competitive Advantage. *Global competitiveness*. Annual 8(i1) 330 - 336.

JOHNSON, V. 1986. *Intervention: How to help someone who doesn't want help*. Minneapolis: Johnson Institute Books.

JONES, G. 1991. *Starting up.* 2nd edition. London: Pitman printing.

KADUSHIN, A. 1959. *The Knowledge Base of Social Work*. New York: Columbia University Press.

KAST, F.E & ROSENZWEIG, J.E. 1985. *Organization and Management*. 4th edition. New York: McGraw Hill.

KAST, F.E & ROSENZWEIG, J.E. 1992. *Organization and Management*. 6th edition. New York: McGraw Hill.

KAUFMANN, P.J., WELSH, D.H.B & BUSHMARIN, N.V. 1995. Locus of control and entrepreneurship in the Russian Republic. *Management Review* 20(1) 43 - 57.

KETS DE VRIES, M.K. 2001. *The leadership mystique: a User's manual for the Human Enterprise*. London: Financial Times Prentice Hall.

KELLY, G., KELLY, D. & GAMBLE, A. 1997. *Stakeholder Capitalism*. Basingstoke: Macmillan.

KIRST-ASHMAN, K.K. & HULL, G.H. 1993. *Understanding Generalist Practice*. Chicago: Nelson-Hall.

KLANDT, H. 1993. *Entrepreneurship and Business Development*. Vermont: Ashgate Publishing Company.

KLANDT, H., CHELL, E. & FRESE, M. 2000. *Psychological approaches to Entrepreneurship*. Hove: Taylor & Francis Books Ltd..

KNIGHT, H.J. 2001. *Patent Strategy for researchers and research managers*. 2nd edition. New York: J. Wiley & sons.

KOOPMANS, T.C 1957. *Three Essays on the State of Economic Science*. New York: McGraw-Hill.

KROON, J. 1996. *Algemene Bestuur*. 3de Uitgawe. Pretoria: Kagiso.

KROON, J. 1996(b). *General Management*. 3de Uitgawe. Pretoria: Kagiso.

KRUEGER, R.A. 1998. *Moderating focus groups*: Focus group Kit 4. Thousand Oaks London: Sage.

LAKIN, M 1988. *Ethical issues in the Psychotherapies*. New York: Oxford University Press.

LEE, J. 1994. *The empowerment approach to social work practice*. New York: Columbia University Press.

LENSON, E.S 1994. *Succeeding in Private Practice*: a Business Guide for Psychotherapists. Thousand Oaks, Calif: SAGE.

LEVIN, A.M. 1983. *The private practice of Psychotherapy*. New York: Free Press London/Collier Macmillan.

LEIGHNINGER, R.D. 1977. Systems Theory in social work: A re-examination. *Journal of Education for Social work* 13: 44 - 49.

LEWIS, H. 1984. Ethical assessment. *Social Casework* 65: 203-211.

LIGHTMAN, R. 1990. The production of Human nature by means of Human nature. *Capitalism, Nature, Socialism* 4 : 13 - 51.

LINZER, N. 1999. *Resolving ethical dilemmas in social work practice*. Boston, Mass: Allyn & Bacon.

LOEWENBERG, F. & DOLGOFF, R. 1996. *Ethical decisions for social work practice*. 5th edition. New York: F.E Peacock.

LOMBARD, A., WYERS, M.L. & SCHOEMAN, J.H. 1991. *Gemeenskapswerk en Gemeenskapsontwikkeling. Perspektiewe op Mensontwikkeling*. Pretoria: Haum-Tersiêr.

LUTZ, W.A 1956. *Concepts and Principles underlying Social Work Practice*. New York: National association of Social Workers.

MACKEWN, J. 1997, *Developing gestalt counselling*. London: Sage Publishers.

McCARTHY, J.E 1991. *Essentials of marketing*. Homewood: Irwin.

McCUE, J.D 1991. *Private practice: a guide to getting started*. Boston: Little Brown.

MARSHALL, C & ROSSMAN, G.B. 1999. *Designing qualitative research*, 3rd edition. Thousand Oaks, London. Sage Publications.

MATTISON, M. 2000. Ethical Decision making: The person in the process. *Social work 45*(3): 201 - 211.

MEYER, R.G., LANDIS, E.R. & HAYS, J.R. 1988. *Law for the psychotherapists*. New York: Norton.

MEYER, W.F., MOORE, C & VILJOEN, H.G. 1989. *Personality theories - from Freud to Frankle.* Johannesburg: Lexicon Publishers.

MIDGLEY, J. 1981. *Professional imperialism. Social work in the third world*. London: Heinemann.

MILES, G. 1993. In search of ethical profits: insights from strategic management. *Journal of Business Ethics* 12(3): 219 - 226.

MINER, J.B. 1996. *The 4 routes to Entrepreneurial success*. San Francisco: Bernett-Koehler Publishers Inc.

MINER, J.B 1997. The expanded horizon for achieving entrepreneurial success. *Organizational Dynamics* 25(3): 54 - 68.

MONDY, R.W. 1990. *Instructor's resource manual to accompany Mondy, Sharlin, Holmes and Flippo, management concepts and practices.* 5th edition. Boston: Allyn and Bacon.

MORGAN, D.L. 1998. *Planning Focus Groups*. Focus Group Kit 2. Thousand Oaks, London: Sage.

MOUTON, J & MAIRAIS, H.C. 1990. *Basic concepts in the methodology of the Social Sciences*. Pretoria: Human Sciences Research Council.

MOUTON, J. 1996. *Understanding social research*. Pretoria: J.L van Schaik.

MOUTON, J. 2002. *Understanding social research*. 3rd impression. Pretoria: J.L van Schaik.

NADLER, L. 1982. *Designing Training Programs*. New York: Addison-Wesley Publishing Company.

NANUS, B. 1999. *Leaders who make a difference: essential strategies for meeting non-profit challenges.* San Francisco: Jossey-Bass.

NATIONAL ASSOCIATION OF SOCIAL WORKERS. 1996. *NASW Code of Ethics*. Washington. D.C: NASW.

NAVORSINGSDATABANK (NAVO), 2003. *HuidIge en afgehandelde navorsing in Suid-Afrika.* Magnet Online, Oasis Electronical Resources, www.unisa.ac.za/library/electronicalresearch (12 April 2003).

NIEUWENHUIZEN, L., LE ROUX, M & JACOBS, H. 2001. *Entrepreneurship and how to establish your own business.* Landsdown (South Africa): JUTA.

NORDSKOG, J.E. 1996. *Social Change*. New York: MacGraw-Hill Book Company.

NUWE WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Hersiene en Uitgebreide Uitgawe. Vaktaal Komitee vir Maatskaplike Werk, Pretoria: CTP Book Printers (PTY)LTD.

O'MELIA, M., & MILEY, K.K. 2002. *Pathways to Power: Readings in Contextual Social Work* Practice. Boston: Allyn & Bacon.

O'NEIL, M. 1992. Theoretical considerations regarding intervention in the area of poverty. *Social Work Practice* 3: 5 - 7.

PALANKAI, T. 1990. *The models of Socialism*. Special issue: Transition in Eastern Europe. World Futures. 29(1-2): 19 -34.

PASCALE, R.T., 1999. Surfing the edge of chaos. *Sloan Management Review*. 40(3) 83 - 99.

PANDIT, N.R. 1996. The creation of theory: A recent application of the Grounded theory method. *The qualitative Report* 2(4). http://www.nova.edu/sss.OR.QR2-4/pandit.html (2 Jul 2002).

PARTON, N. 1996. *Social Theory, Social Change and Social work*. New York: Routledge.

PASCARELLA, P. 1998. Only proper-selfishness will give us true success. *Management Review* 87(6): 52 - 55.

PATTON, M.Q. 1980. *Qualitative Evaluation Methods*. London: Sage Publications.

PATTON, M.Q. 2001. *Qualitative research and evaluation methods*. 3rd edition. Thousand Oaks, California: Sage Publication.

PAYNE, M. 1991. *Modern Social Work Theory: a Critical Introduction*. London: Macmillan Press.

PAYNE, M. 1997. *What is professional social work*. London: Venture Press.

PAYNE, M. 1997(b). *Modern Social Work Theory*. 2nd edition. Chicago: Luceym.

PERLIN, M.L. 1988. *The basis of medical malpractice*. New York: Hatherleigh.

PERLMUTTER, F.D & ADAMS, E. 1994. *From welfare to work: Corporate initiatives and welfare reform.* New York: Oxford University Press.

PERRY, R. 2003. Who wants to work with the poor and homeless? *Journal of Social work Education* 39(2) 321 - 341

PETERS, T. 1990. *Thriving on Chaos. Handbook for a management revolution*. 4th print 3rd ed. Suffolk: Richard Clay Ltd.

PIKE, C.K. 1996. Development and initial validation of the social work values inventory. *Research on Social work Practice*: 6(3): 337 - 352.

POTGIETER, M.C. 1998. *The Social Work Process*: *Development to empower people*. RSA: Prentice Hall.

PRAAG, M. 1996. *Determinants of successful entrepreneurship*. Amsterdam: Tinbergen Institute Research.

PRESSMAN, I. 1979. *Quantitative decision making for Business*. Englewood-Cliffs: Prentice Hall.

PRINSLOO, N. 2001. *Persoonlike gesprek oor die aanwending van Maatskaplike werkers in bemarkingsposte.* Menlo Park: Pretoria. 17 Julie 2001.

QUINN, R. 2003. *Becoming a master manager: a competency Framework*. New York: Wiley.

RAPOPORT, C. 1994. Charles Handy sees the Future. *Fortune* 31(130)9 : 155 - 160.

RACHMAN, D.J. & MESCON, M.H. 1989. *Business today* 3rd edition. New York: Random House.

REAMER, F. 1998. *Ethical Standards in Social work: A critical Review of the NASW code of ethics*. Washington, DC: NASW Press.

REID, W.J. & Epstein, l. 1972. *Task-Centred Casework*. New York: Columbia University Press.

REYNOLDS, C. 2002. *Persoonlike gesprek oor die gebruik van intervensienavorsing binne Maatskaplike werk.* Hugenote Kollege: Wellington. (12 Maart 2002).

ROBBINS, A. 1992. *Awaken the giant within: How to take immediate control of your mental, emotional, physical and financial destiny*. London: Simon & Schuster.

ROBERTS, R, & KYNASTON, D. 2001. The route of the stakeholders-capitalism. *New Statesman.* 17(130): 4555 - 4580.

ROBINSON, D.G. & ROBINSON, J.C. 1989. *Moving from training to performance; a practical guideline*. Boston: American society for Training and Development.

ROTHMAN, J. & THOMAS, E.J. 1994. *Intervention Research: Design and Development for Human Service.* New York: Haworth Press.

RSA (REPUBLIC OF SOUTH AFRICA) 2003. Standard Generating Body for the Bachelor of social work (B.SW) NQF Level 7 Government Cassette no 24362, 7 February 2003. Pretoria: Government Printers.

RSA (REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA) 2003. *Riglyne vir voorlopige belasting*. Suid-Afrikaanse Inkomstediens. 2003 Belastingjaar. Pretoria: Staatsdrukker.

RSA (REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA) 1997. *Witskrif vir Maatskaplike Welsyn*. Volume 368 Februarie 1997. Pretoria: Staatsdrukker.

RSA (REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA) 1978. *Wet op Maatskaplike Diensberoepe*. Wet nommer 110. Pretoria: Staatsdrukker.

RSA (REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA) 2002. *Riglyne vir voorlopige belasting IRP12* - Volume 39, 2003. Belastingjaar, Pretoria: Staatsdrukker.

SALOVEY, P. & MAYER, J.D. 1990. Emotional intelligence. *Imagination, Cognition and Personality*. 9: 185-211.

SCHEAFOR, B.W. HOREJSI, C.R., & HOREJSI, G.A. 1991. *Techniques and Guidelines for Social work Practice,* 3rd edition. Boston: Allyn & Bacon.

SCHEAFOR, B.W. HOREJSI, C.R., & HOREJSI, G.A. 2000. *Techniques and Guidelines for Social work Practice,* 5rd edition. Boston: Allyn & Bacon.

SCHOEMAN, J.H. 1980. *Die rolteorie*. In Grobbelaar, S.W & Schoeman, J.H (red) 1980. Benaderings in Maatskaplike werk. Pretoria.

SCHOEMAN, J.H. 2002. *Persoonlike gesprekke rondom die toepaslikheid van die Sisteemteorie met verwysing na die Chaos Teorie, binne Maatskaplike werk*. Gansbaai. (17 Augustus 2002).

SCHORR, J.E. 1998. *Purchasing in the 21st Century: a Guide to state-of-the-art techniques and strategies*. 2nd edition. New York: Wiley.

SCHUMPETER, J.A. 1942. *Capitalism, Socialism and Democracy*. New York: Harper.

SCHURINK, W.J. 1998. Participant observation. In De Vos, A.S. (red*), Research at grass roots: a primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

SHAPERO, A. 1975. *Managing professional People*: New York: Free Press.

SHAVER, L.S & SCOTT, J.P. 1991. *Measures of social psychological attitudes*, Volume one. San Diego, Calif: Academic Press.

SILVERMAN, D. 2001. *Interpreting Qualitative Data*. 2nd edition. London: SAGE publications.

SIPORIN, M. 1975. *An Introduction to Social Work Practice*. New York: Macmillan.

SIPORIN, M, 1980. Practice Theory and Vested Interest. *Social Service Review*. 52: 418-436.

SKYTTNER, L. 2001. *General Systems Theory: An Introduction*. New York: Macmillan.

SMIGLA, J.E. & PASTORIA, G. 2000. Emotional Intelligence: Some have it, others can learn. *The CPA Journal* 70(i6): 60 - 63.

SMIT, P.J., & CRONJE, G.J. DE J. 1997. *Management Principles: A contemporary Edition for Africa*, 2nd edition. Cape Town. Creda Press.

SMITH, A. 1957. *The wealth of nations*. New York: Appleton-Century Crofts.

SMITH, I. 2002. *Persoonlike gesprek rakende die huidige stand van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Maatskaplike werkers in Privaatpraktyk en Die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe*. Hatfield: Pretoria (17 Februarie 2002).

SMUTS, J.C 1926. *Holism and Evolution. The original Source of the Holistic Approach to life* In Sanford, H 1999. The original Source of the Holistic approach to life. Boston: Sierra Sunrise Publishers.

SOUFLEE, J.F 1993. A meta-theoretical framework for Social Work Practice. *Social Work* 38(3): 317 - 330.

SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SOCIAL SERVICES PROFESSIONS (SACSSP) 2003. Ethical Code for Social workers. Pretoria: SACSSP publication.

SOUTH AFRICAN SOCIAL WORKERS IN PRIVATE PRACTICE (SASWIPP) Resource book. 2003. CD-ROM Data Bank. 'n Nasionale Databank.

SOUTH AFRICAN SOCIAL WORKERS IN PRIVATE PRACTICE (SASWIPP), 1996. *Social work private practice in South Africa*. Johannesburg: SASWIPP Newsletter.

SOUTH AFRICAN SOCIAL WORKERS IN PRIVATE PRACTICE (SASWIPP), 2003. Fee structure for 2003. Johannesburg: SASWIPP member notices.

SPECT, H. & COURTNEY, M. 1994. *Unfaithful angels.* New York: Free Press.

SPECTOR, P.E. & O'CONNELL, D. 1994. *Industrial and Organizational psychology: Research and Practice.* New York: Wiley.

SPRUILL, N., KENNEDY, C. & KAPLAN, L. 2001. Community Development and Systems Thinking. *Theory and practice* 90(1): 105-120.

STATISTIEK SUID-AFRIKA, 2003. Sensus opnames vanaf die internet onttrek http://www.govonline.gov.za (9 Maart 2003)

STEINER, C & PERRY. P 1999. *Achieving emotional literacy*. London: Bloomsbury.

STEYNBERG, H.P. 1998. *Die invloed van selfbestuursgroepe op die effektiewe bestuur van diversiteit*. Ongepubliseerde M.Comm skripsie. Universiteit van Pretoria.

STOESZ, D. 2002. From Social Work to Human Services. *Journal of Sociology & Social Welfare* 29(4): 19 - 38.

STONER, J.A.F. 1986. *Management.* 3rd edition. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

STRAUSS, A.L. & CORBIN, J. 1998. *Basics of qualitative research techniques and procedures for developing grounded theory*. Thousand Oaks: Sage Publications.

STRAUSSFOGEL. D. 1997. World-Systems Theory: Toward a Heuristic and Pedagogic conceptual tool. *Economic Geography* 73(1): 118 - 131.

STRYDOM, H. 2002. *Ethical aspects of research in the social Sciences and Human Services professions* In De Vos, A.S. et al. 2002 Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human service professions. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

STRYDOM, H & DELPORT, C.S.L. 2002. *Information collection: document study and secondary analysis* In De Vos, et al. 2002. Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human services professions 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

STRYDOM, H. & VENTER, L. 2002. *Sampling and sampling methods* In De Vos, et al. 2002. Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human service professions. Pretoria: Van Schaik.

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR MAATSKAPLIKE DIENSBEROEPE (SCSSP) 2002. *Nuusbrief vir September*. 22(2) 1 - 20.

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR MAATSKAPLIKE DIENSBEROEPE (SCSSP) 2002 *Riglyne vir vergoeding, dienskontrakte en mensekragbestuur in die Maatskaplike Diensberoepe*. Pretoria.

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR MAATSKAPLIKE DIENSBEROEPE (SCSSP) *Geregistreerde lede soos opgeneem in die Nasionale Register.* Nasionale Databank soos op 29 September 2003. Pretoria.

SWART, H.J. 1993. *Werkloosheid en entrepreneurskap*. Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

TAWNEY, L. 1926. Religion and the Rise of Capitalism. Oxford: Oxford University Press.

TERRY, G.R & FRANKIN, S.G. 1982. *Principles of management*. Homewood: R.D Irwin.

TESCH, R. 1992. *Qualitative Research, Analysis, Types and Software Tools.* London: The Falmer Press.

THIERAUF, R.J. 1991. *Executive information systems: a Guide to senior management and MIS professionals*. New York: Quorum Books.

THISTLE, R. 1998. *Counselling and psychotherapy in private practice*. London: SAGE.

TOFFLER, A. 1971. *Future Shock*. London: Bantam Books.

TOFFLER, A 1981. *The third wave*. London: Pan Books with Macmillan.

TREWATHA, R.L & NEWPORT, M.G. 1995. *Management, 5th edition*. Plano: Business Publications.

TROPMAN, J.E. 1989. *Entrepreneurial systems for the 1990's: their creation, structure, and management.* New York: Quorum Books.

TSANG, A.K.T., & YAN, M. 2002. Chinese corpus, Western application: The Chinese strategy of engagement with Western social work discourse. *International social work* 44(4): 433 - 454.

TIMMONS, J.A. 1989. *The entrepreneurial mind.* Andover, Mass: Brick House Publishing company.

UNISA (UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA) 2003. *Jaarboek.* Pretoria: UNISA Drukkery.

UNISA (UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA) 2003. *Reglement. Deel 2.* Pretoria: UNISA Drukkery.

UNISA (UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA) 2003. *Undergraduate subjects and syllabuses Part 3 for the academic year 2004.* Pretoria: UNISA press.

VAN HEERDEN, M 2001. *Persoonlike gesprek rondom bestuursprosesse in Maatskaplike werk.* Pretoria: Universiteit van Pretoria (24 November 2001)

VAN WIJK, A.J. 2002. *Persoonlike gesprek rondom die toepaslike benadering in Maatskaplike werk opleiding.* Hugenote Kollege: Wellington. (16 Augustus 2002).

VAN RENSBURG. L.J. 1998. *Die ontwikkeling van 'n program vir interpersoonlike vaardighede.* Ongepubliseerde D.Phil proefskrif. Universiteit van die Vrystaat.

VAN ROOYEN, I.J.J. & COMBRINK, M.J. 1990. *Gevallewerk: 'n Integrerende benadering.* 2de uitgawe. Pretoria: Academia.

VAN ZYL. M. 2000. *Persoonlike gesprek rondom die karaktertrekke en persoonlike motiveerders van 'n eiendomsagent.* 12 Augustus 2000. Kerkstraat 42, Gansbaai

VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 2000. Odendal, F.F (Hoofredakteur) en medewerkers. Johannesburg: Perskor uitgewery

VON BERTALANFFY, L. 1955. *General Systems Theory: Foundations, Development, Applications.* New York: George Braziller.

VON BERTALANFFY, L. 1974. *General Systems Theory* In: La Violette, 1974. A Systems View of Man. Baulder: Westview Press.

WALZ, T. & RICHIE, H. 2000. Gandian Principles in Social Work Practice: Ethics revisited. *Social work* 45(3): 213 - 221.

WASSERMAN, M. 2003. *Persoonlike gesprek oor die hantering van nie-liniêre uitkomste in privaatpraktyk.* Hugenote Kollege: Wellington (21 Julie 2003).

WEBER, M. 1930. Extractions of "The rise of Capitalism and Protestant ethics." In Africana Documentary File, University of Stellenbosch Business School Library. Bellville

WESTHEAD, P. & WRIGHT, M. 2000. *Advances in Entrepreneurship*. Cheltenham: Edward Elgar Publishing.

WESTMINSTER DICTIONARY OF CHRISTIAN ETHICS. 1986. Childress, J.F (ed) Philadelphia: Westminster.

WEYERS, M.L. 1999. New light on community work and community development: a practical guide. English version, 2nd edition. Potchefstroom: Keurkopie

WOLFSON, E.R. 1999. The fee in Social Work: Ethical Dilemmas for Practitioners. *Social work* 44(3) 269- 273.

YAN, M.F. 1992. *Chinese Social work in the nineties:* Proceedings of the 1992 conference: Supplementary Issue of social work research. China Social workers association: Beijing 3 - 5.

YIN, R. 1989. *Case study Research. Design and Methods*. Revised edition. London: Sage.

YONTEF, G. 1993. *Awareness, Dialogue and Process*. New York: Gestalt Journal Press.

ZEELIE, J. & NIEUWENHUIZEN, C. 1998. *Entrepreneurial Skills*. Kenwyn: JUTA.

ZUBER-SKERRITT. O. 1991. *Action Research in higher education*. Brisbane: Centre for the advancement of learning and teaching (CALT) Griffith University Press.

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

BYLAAG 1.2

INGELIGTE TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN NAVORSING:

NAVORSER: Mev C.H.M Bloem

Posbus 1083

Wellington

7654

TITEL VAN NAVORSINGSPROJEK

'n Praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk.

AKADEMIESE DOEL VAN NAVORSING

Voltooiing van D.Phil. studie in Maatskaplike Werk

AKADEMIESE INSTELLING

Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk.

STUDIELEIER

Prof. C.S.L. Delport

NAVORSINGSDOEL VAN STUDIE

Die primêre doel van die studie is om 'n praktykmodel vir Maatskaplike werk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika te ontwikkel en die benuttingswaarde daarvan te evalueer.

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

PROSEDURES

Ek verstaan dat ek deel sal wees van 'n fokusgroep waar die benuttingswaarde van 'n ontwikkelde praktykmodel geëvalueer sal word. Hierdie fokusgroep sal van my vra om op 'n afgespreekte tyd en plek vir ongeveer drie ure deel te wees van 'n gesprek wat handel oor die onderwerp van studie. Ek verstaan ook dat die inhoud van hierdie gesprek op band opgeneem sal word vir navorsingsdoeleindes alleen.

RISIKO'S VERBONDE AAN DEELNAME

Daar is geen risiko's verbonde aan hierdie navorsingsprojek nie. Ek is egter bewus daarvan dat ek praktyktyd mag inboet weens my deelname aan die fokusgroep.

VOORDELE

Ek verstaan dat daar geen voordele spruit uit my deelname aan hierdie studie nie. Die resultate van die navorsing mag my egter help om insig in my eie privaatpraktykbestuur te bekom.

RESPONDENT SE REGTE

Ek mag ter enige tyd tydens die navorsingsprojek as respondent onttrek.

FINANSIËLE VERGOEDING

Deelname aan hierdie navorsing sal vir my geen finansiële vergoeding inhou nie. Ek kan ook nie aanspraak maak op enige vorm van finansiële bydraes nie.

VERTROULIKHEID

My identiteit sal slegs bekend wees aan die navorser en mede-fokusgroep lede wat onderneem om alle inligting vertroulik te hanteer. Ek verstaan dat daar nie in die resultate van die studie na my identiteit verwys sal word, of dit bekend gemaak sal word nie. My deelname aan die studie sal ook vertroulik bly. Ek onderneem ook om inligting wat deur mede-fokusgroeplede in die groep gedeel word, met vertroulikheid te hanteer en dit nie bekend te maak aan enige ander persoon, instansie of groep nie.

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Indien ek enige vrae rakende die studie het kan ek Mev Retha Bloem persoonlik kontak by (021) 873 2224 (na ure) of kantoorure (021) 864 1470

Ek verstaan alle aspekte in hierdie dokument en neem vrywillig deel in hierdie studie. Ek verstaan die doel, aard en omvang van die studie en sal 'n getekende kopie van hierdie dokument ontvang.

Geteken te: …… hierdie ……. dag van ……..

Respondent se handtekening: …….

Navorser se handtekening: …….

Bylaag 8.1

FOKUSGROEPLEDELYS
FOKUSGROEP EEN:
WELLINGTON

Naam en Van	Kontak besonderhede	Verwys deur	Taalvoorkeur	Afgehandel	
				Ja/nee	Datum

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Bylaag 8.2

(voorbeeld van 'n voltooide hulpmiddelkontrole lys vir fokusgroep 1: Hugenote Kollege, Wellington)

HULPMIDDELS BENODIG VIR SESSIE 1

WELLINGTON

Hulpmiddel	Persoon verantwoordelik	Datum	afgehandel
Tee, koffie en eetgoed	Retha	26/09/2003	✔
Blaaibord	Bossi	22/09/2003	✔
Ekstra uitdeelstukke	Retha	15/09/2003	✔
Verlengings-Koord	Celest	26/09/2003	✔
Papier vir deelnemers	Celest	22/09/2003	✔
Agtergronds-musiek	Retha	25/09/2003	✔
Skryfgoed en naametikette	Retha	25/09/2003	✔
Bandopnemer	Carlien	26/09/2003	✔
Ekstra batterye	Retha	25/09/2003	✔
Notas van fasiliteerder	Retha	22/09/2003	✔
Roetekaart	Celest	15/09/2003	✔
Dubbelprop vir C.D speler	Carlien	26/09/2003	✔

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Bylaag 8.3 a voorbeeld van 'n data-ontledingstabel wat gebruik is vir fokusgroepe (Hierdie tabel is op A3 grootte gebruik vir die oorspronklike ontledings)
Hoofkategorie: Die mees toepaslike beginsels in Maatskaplike werk privaatpraktyk

Fokusgroep: ……..

Plek en datum: ……..

Hoeveel lede teenwoordig ……..

Taalvoorkeur: …….

Tydsverloop van die fokusgroep: …….

Kategorie	Observasie																						Gevolgtrekking/ Samevatting of aanhaling vir verslag
Wat is die benuttingswaarde van:-	Stem saam				Stem nie saam			Tydsverloop				Nie-verbaal			Vaag en onduidelik				Onuit-gesproke				
Besigheidsbeginsels																							
Maatskaplike werk Beginsels																							
Entrepreneuriese beginsels																							

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Bylaag 8.3 b Observasies en kategorieë vir die gedrag van fokusgroeplede bydraend tot hoofkategorieë

FOKUSGROEP: .....
Plek en datum: .....
Hoeveelheid lede teenwoordig .....
Duur van groep .....

Stemtoon

• Frekwensie van groep	
• Volume van groep	
• Uitspraak	

Duurte

• Lengte van sinne	
• Bondigheid	

Inhoud

• Vooroordeel	
• Menings soos "ek glo"	
• Verskonings	
• self-verguising	
• humor	
• metafore	
• vloek of swetstaal	
• veralgemening	
• kragtaal en frustrasie	
• politieke uitsprake	

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

• naiewiteit	
• morele oordeel	

Stiltes

• Frekwensie	

Nie-verbale gedrag

• Gesigsuitdrukking	
➢ Oë	
• Handgebare	
• Liggaamshouding	
• Bede en voete	
• Benutting van ruimtes	
• Benutting van tafel	
• Benutting van meublement	
• Voorkoms ➢ Kleredrag ➢ Grimering ➢ Haarstyl	
• Bykomstighede	

Afleiding

• Fluistering	
• Bygeluide en marenismes	

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

• Verlaat die groep	
• Omgewingsgeluide	

Terugvoer

• Glimlag	
• Kopskud	
• Oogkontak met spreker	
• Vraestelling	
• Verbale beaming van stellings	
• Verbale kritiek van stellings	

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Bylaag 8.4

Gespreksgids vir fokusgroepbesprekings (Vrae tydens fokusgroepsessies)

Doel

Die primêre doel vir die studie is om 'n praktykmodel vir Maatskaplike werk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika te ontwikkel en die benutttingswaarde daarvan te evalueer

Die verpraktisering daarvan vind gestalte binne een van vier doelwitte wat van toepassing is binne die fokusgroepbesprekings. Hierdie doelwit is soos volg:

Om 'n ontwikkelde praktykmodel se benuttingswaarde deur middel van fokusgroepe te evalueer. Die ontwikkelde model word aan die hand van konsepte, beginsels, prosesse en elemente geëvalueer.

Teikengroep

Die teikengroep is privaatpraktisyns in Maatskaplike werk, wat in privaatpraktyk praktiseer. Dit wil sê, wat hierdie privaatpraktyk as primêre beroep beoefen. Die teikengroep word deur middel van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer, aangesien die steekproef van persone saamgestel word uit kenmerkende eienskappe, naamlik Maatskaplike werkers wat in privaatpraktyk funksioneer en bereid is om tyd aan 'n fokusgroep af te staan ten einde die benuttingswaarde van die voorgestelde model te evalueer.

Aspekte wat geëvalueer sal word

Evalueer die benuttingswaarde van *konsepte* vir 'n model vir privaatpraktykbestuur
1 Waarde en normsisteem in privaatpraktyk
2 Etiek in privaatpraktyk
3. Bemagtiging as komponent van privaatpraktyk

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Evalueer benuttingswaarde van *beginsels* vir 'n model vir privaatpraktykbestuur
1. Besigheidsbeginsels
2. Entrepreneuriese beginsels
3. Maatskaplike werk beginsels
Evalueer die benuttingswaarde van *prosesse* vir 'n model vir privaatpraktykbestuur
1. Entrepreneuriese prosesse
2. Bestuursprosesse
3. Maatskaplike werk prosesse
Evalueer die benuttingswaarde van *elemente* vir 'n model vir privaatpraktykbestuur
1. Interne elemente: Die Self./ emosionele intelligensie
2. Eksterne elemente: Verandering

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Bylaag 8.5 Voorbereidingstuk aan fokusgroeplede met meegaande dekbrief.

Posbus 1083
Wellington
7654
10 September 2003

Telefaks: (021) 873 2224

Beste .....

VOORBEREIDINGSTUK VIR DIE FOKUSGROEP OP 22 SEPTEMBER 2003

Soos reeds met jou telefonies afgespreek, stuur ek graag aan jou die voorbereidingswerk vir die fokusgroepbespreking op 22 September 2003. Saam met hierdie voorbereidingswerk is die ingeligte toestemmingsbrief ten einde by die etiese asekte van die navorsingsprojek uit te kom. Voltooi dit asseblief en bring dit die oggend saam. Skakel my gerus indien jy ongemak met enige aspekte in die verband het.

Vir volledigheidshalwe gee ek graag weer die adres, tyd en 'n roetekaart indien jy dit benodig.
Datum: 22 September 2003
Plek: Sentrum vir Spelterapie en Opleiding, Hugenote Kollege, Wellington
Tyd: 08:00 - 11:00

Die voorbereidingstuk sal aan jou 'n agtergrondskennis bied oor die voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk. Die doel van die fokusgroepbespreking is dus om insette vanuit jou as privaatpraktisyn te verkry ten einde die benuttingswaarde van hierdie model te evalueer.

Indien jy enige verdere vrae het oor aspekte wat steeds aan jou onduidelik is, kan jy my persoonlik kontak (telefonies) of epos by jjfbloem@iafrica.com

Jou bereidheid om deel te wees van hierdie navorsingsprojek word hoog op prys gestel.

Vriendelike groete

Retha Bloem
D.Phil. Student
Universiteit van Pretoria

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

'n Praktykmodel vir Privaatpraktykbestuur in Maatskaplike Werk

voorbereidingstuk

vir fokusgroepbespreking
10 September 2003
Fasiliteerder: Retha Bloem

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Inleidende gedagtes

- **hierdie fokusgroep is gerig op die evaluering van die benuttingswaarde van 'n praktykmodel wat ontwerp is vir Maatskaplike werkers in privaatpraktyk**
- **Jy is geselekteer om deel te wees van hierdie evalueringproses deels omdat jy self betrokke is in Maatskaplikewerk privaatpraktyk en omdat jy geregistreer is as lid van SAASWIPP.**
- **Komponente is geselekteer wat vanuit die literatuur (teorie) tuishoort in 'n proses van modelontwikkeling. Elk van hierdie komponente sal binne die fokusgroepe bespreek word en die benuttingswaarde daarvan in 'n model vir privaatpratkyk sal uiteindelik beoordeel word.**
- **Sommige komponente wat gestel word daag jou uit om daaroor te dink en dit te beredeneer. Vorm jou eie mening hieroor en kom bespreek dit in die groep.**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Wat word van jou verwag ter voorbereiding van die fokusgroepe?

- Lees rustig deur die stellings wat oor elk van die komponente gemaak word ten einde jou 'n agtergrondskennis oor die betekenis van elk te gee.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk

- Struktuur is in enige praktyk noodsaaklik.
- Daar bestaan 'n onderlinge verhouding en afhanklikheid tussen dele in 'n sisteem
- 'n Holistiese benadering is noodsaaklik wat impliseer dat die geheel meer is as die dele.
- **Die beginsel dat elke deel van 'n sisteem beïnvloed word deur elke ander deel herinner die praktisyn daaraan dat daar verskeie oorsake, maniere, oorwegings en redes is wat 'n invloed mag uitoefen op die sukses al dan nie van 'n Maatskaplike werker in privaatpraktyk.**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die mees toepaslike ***konsepte*** vir Privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk

- **'n Waardesisteem bied aan die privaatpraktisyn die oortuiging dat sy gedragswyse of bstaanseinddoel persoonlik of sosiaal verkieslik is.**
- **Die oorsprong van 'n waardesisteem spruit uit die waardesisteem wat geld binne die samelewing**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Waardes (vervolg)

- Privaatpraktyk behoort waardevry te wees
- Alle waardes wat voorgehou word in Maatskaplike werk hoef nie deur die individu ondersteun te word nie.
- Diensmotief vs winsmotief het met 'n persoonlike waardesisteem te make

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Hoe lyk 'n geïntegreerde waardesisteem vir privaatpraktykbestuur?

- **Erken die verkil in waardesisteme wat heers tussen alle beroepsvelde ter sprake**
- **vind 'n gemene deler vir Privaatpraktykbestuur**
- **Privaatpraktisyn moet sy eie waardesisteem herken en sensitief wees hoe implementering in privaaatpraktyk geskied.**
- **Waardesisteem vind gestalte binne 'n etiese kode**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Waardes moet toepaslik op die volgende gebiede wees:

- **Dienslewering**
- **Maatskaplike geregtigheid**
- **Respek en eiewaarde van die individu**
- **Menslike verhoudinge**
- **Integriteit**
- **Bevoedheid**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Versoenbaarheid tussen "wins" en "diens" as konsep

•Maatskaplikewerk waardes en -etiek fokus op 'n diensmotief, gesetel in 'n waardebasis eie aan Maatskaplike werk. Uitkoms: Bemagtig die individu emosioneel

•Maatskaplikewerk privaatpraktyk:
• Winsmotief word
met 'n sterk komponent sosiaal
verantwoordbare optrede gekombineer.

•Besigheidsetiek gefokus op 'n winsmotief wat uitsette teenoor insette opweeg.
•Uikoms: Bemagtig die individu finanseël

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Etiek in privaatpraktykbestuur

- **Bedryfsbestaan vir privaatpraktyk moet eties wees**
- **Besigheidsetiek: Bemagtig individu finansieël binne grense van sosiaal verantwoordbare gedrag**
- **Maatskaplikewerk etiek: Bemagtig individu emosioneel en funksioneel binne grense van Maatskaplike verantwoordbare gedrag**

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Bemagtiging as konsep

- Ten einde die proses van bemagtiging in privaatpraktyk te verstaan lees die volgende definisie noukeurig deur:

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

empowerment is a process of increasing personal, interpersonal and collective power which allows individuals. Families, groups and communities to maximise their quality of life."

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

University of Pretoria etd – Bloem, C H M (2006)

Die mees toepaslike ***beginsels*** vir Privaatpraktykbestuur in Maatskaplike Werk

- Die Maatskaplike werker in privaatpraktyk moet as persoon oor 'n stel beginsels beskik wat binne sy daaglikse funksionering geld. Dit verwys na lewensbeginsels
- Maatskaplike werk beskik oor 'n eie stel beginsels wat komponente van inherente menswaardigheid aan elke individu, verantwoordelikheid selfbeskikkingsreg en die geloof in menspotensiaal insluit.
- Bestuursbeginsels is ook noodsaaklik binne privaatpraktykbestuur
- Sosiale verantwoordelikheid maak deel uit van beginsels as komponent van Maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die mees toepaslike ***prosesse*** vir Privaatpraktykbestuur in Maatskaplike werk

- Interne Lokus van beheer is 'n persoonlike oortuiging dat jy persoonlik verantwoordelik is vir uitkomste en gebeurtenisse in jou lewe
- Omgewingsfaktore in privaatpraktyk dra by tot sukses in privaatpraktyk
- Dit is belangrik dat die Maatskaplike werker in privaatpraktyk 'n balans tussen selfbelang en altruïsme sal hê.
- Entrepreneurs word gemaak en nie gebore nie
- Ten einde suksesvol te wees moet die Maatskaplike werker in privaatpraktyk beskik oor spesifieke entrepreneuriese vaardighede.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Maatskaplikewerk prosesse

- tradisionele maatskaplikewerk hulpverleningsprosesse kan ook toegepas word in privaatpraktyk
- hulpverleningsprosesse in privaatpraktyk vind gestalte in gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com

Die mees toepaslike ***elemente*** vir Privaatpraktykbestuur

- Interne elemente in privaatpraktyk het met entrepreneuriese karaktertrekke en persoonlikheidstipes te make.
- Eksterne elemente kom vanuit die omgewing en moet deur die privaatpraktisyn bestuur word.

Document Produced by deskPDF Unregistered :: http://www.docudesk.com